# VRYLATING VAN DIE GEVANGENE:

# HISTORIESE ONTWIKKELING EN PENOLOGIESE PERSPEKTIEF

**deur**

**ROELF GERHARDUS PETRUS BOTHMA**

**voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad**

**MAGISTER ARTIUM**

**in die vak**

**PENOLOGIE**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: PROF C H CILLIERS**

**AUGUSTUS 1995**

*******************

**OPGEDRA AAN CATHARINA**

**Jou liefde, geduld, bystand**
**en geloof het die basis**
**gevorm vir my studies**
**en as my vrou het jy**
**geen oomblik getwyfel nie.**

## VOORWOORD

Hierdie studie is voltooi deur die genade van God wat aan my die insig, wilskrag, vermoë en toegewydheid verleen het om 'n beskeie bydrae te lewer tot die penologie en wil ek my opregte dank langs hierdie weg betuig aan:

* Professor C H Cilliers as studieleier vir stimulerende onderrig en begeleiding tydens die studie.

* Die Kommissaris van die Departement van Korrektiewe Dienste vir sy goedkeuring aan my om die studie te onderneem en die feit dat innovasie 'n realiteit in die Departement se missie is.

* Generaal-majoor P O' C Gillingham wat kosbare werkservaring gebied het.

* Luitenant-kolonel J Knoesen wat waardevolle inligtingsbronne voorsien het.

* Kaptein H D B de Villiers vir taalkundige versorging van die studie.

* Mevrou T A Burger Vakbibliotekaris: Sosiale Wetenskappe, Unisa, vir taalkundige versorging van die bibliografie.

* Alle ander offisiere en lede van die Departement van Korrektiewe Dienste en ander departemente wat 'n bydrae tot hierdie studie gelewer het.

* My vrou en my kinders wat my deur die jare met my studies onderskraag het en geloof en vertroue geopenbaar het.

* My Skepper, bo alles en almal, vir die verstandelike vermoë, liefde en seën wat ek van Hom ontvang het.

SOLI DEO GLORIA!

Roelf Bothma

# OPSOMMING

Hierdie navorsing is gerig op die vrylating van die gevangene en het ten doel om aan die hand van 'n literatuurstudie, die Suid-Afrikaanse vrylatingstelsel binne die korrektiewe sisteem, histories met die nodige penologiese perspektief te beskryf.

Aangesien bestaande Suid-Afrikaanse penologiese literatuur arm is aan inligting met betrekking tot die vrylating van die gevangene en meer spesifiek die vorme van vrylating, is verskeie bronne geïdentifiseer ten einde historisiteit saam te vat en kontemporêre beleid in die verband te bespreek.

Alhoewel 1910 as vertrekpunt geneem is, is die fokus in die grootste mate geplaas op ontwikkeling sedert 1962. Bepaalde aksies deur onder andere die Inrigtingskomitee en Paroolraad kulmineer in die vrylating van die gevangene en om dié rede het die navorser ook die samestelling, bevoegdhede en werksaamhede van vermelde liggame nagevors en beskryf.

## SUMMARY

This research is aimed at the release of the prisoner and the objective is to historically elucidate the release system within the South African correctional system on the basis of a literature study, with the necessary penological perspective.

Considering the fact that the existing literature on penology has hardly any information regarding the release of the prisoner and more specifically the different types of release, various sources have been identified in order to condense the historical information and to discuss contemporary policy in this regard.

Although 1910 was taken as the starting point, the focus has largely been placed on development since 1962. Specific actions by, inter alia, the Institutional Committee and the Parole Board culminate in the release of the prisoner and for this reason the compilation, the competencies and the activities of the mentioned bodies were also described by the researcher.

# INHOUDSOPGAWE


| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1. | DIE ONDERSOEK | 1 |
| 1.1 | Inleiding | 1 |
| 1.2 | Keuse van die ondersoek | 3 |
| 1.2.1 | Die noodsaaklikheid en wenslikheid van die ondersoek | 3 |
| 1.2.2 | Beskikbaarheid van die gegewens | 4 |
| 1.2.3 | Die belangstelling van die ondersoeker | 5 |
| 1.3 | Die doel van die ondersoek | 6 |
| 1.4 | Metodes van ondersoek | 7 |
| 1.5 | Begrensing van die ondersoek | 8 |
| 1.5.1 | Tydbegrensing | 9 |
| 1.5.2 | Geografiese begrensing | 9 |
| 1.6 | Begripsomskrywing | 9 |
| 1.7 | Probleme en gebreke verbonde aan die ondersoek | 12 |

| | | |
|---|---|---|
| 2 | VRYLATINGSBEHEERLIGGAME | 14 |
| 2.1 | Inleiding | 14 |
| 2.2 | Rade van toesig | 15 |
| 2.2.1 | Statutêre instelling | 15 |
| 2.2.2 | Samestelling van die rade | 16 |
| 2.2.3 | Werksaamhede, pligte en bevoegdhede | 18 |
| 2.3 | Gevangenisrade | 26 |
| 2.3.1 | Instelling van gevangenisrade | 26 |
| 2.3.2 | Samestelling van gevangenisrade | 29 |
| 2.3.3 | Werksaamhede, pligte en bevoegdhede van gevangenisrade | 30 |
| 2.3.3.1 | Assessering | 30 |
| 2.3.3.2 | Vergadering deur die gevangenisraad | 31 |
| 2.3.3.3 | Verslae en aanbevelings | 31 |
| 2.3.3.4 | Jurisdiksie oor gevangenes | 32 |
| 2.3.3.5 | Raadgevangenes | 32 |
| 2.3.3.6 | Klassifisering van gevangenes | 33 |

2.3.3.7 **Strafvermindering en voorwaardelike vrylating** 34

2.3.3.7.1 **Strafvermindering** 34

2.3.3.7.2 **Voorwaardelike vrylating** 36

2.3.3.8 **Aanstelling van gevangenisraad vir vrouegevangenes in die Kaapprovinsie** 38

2.3.3.9 **Inrigtingsrade** 39

2.3.3.10 **Desentralisering van gevangenisrade** 39

2.4 **Vrylatingsrade** 42

2.4.1 **Instelling** 42

2.4.2 **Werksaamhede en pligte** 44

2.5 **Die sentrale vrylatingsraad** 47

2.6 **Die vrylatingsadviesraad** 49

2.6.1 **Instelling** 49

2.6.2 **Samestelling** 50

2.6.3 **Werksaamhede en pligte** 51

2.7 **Die Nasionale Adviesraad oor Korrektiewe Dienste** 53

2.7.1 **Instelling** 53

| | | |
|---|---|---|
| 2.7.2 | **Bevoegdhede, werksaamhede en pligte** | **56** |
| 2.8 | **Paroolrade** | **57** |
| 2.8.1 | **Instelling** | **57** |
| 2.8.2 | **Bevoegdhede, werksaamhede en pligte van paroolrade** | **59** |
| 2.8.2.1 | **Aanbevelings deur die paroolraad** | **61** |
| 2.8.2.2 | **Teenwoordigheid van die gevangene** | **62** |
| 2.8.2.3 | **Oorweging vir uitplasing onder/omskepping van gevangenisstraf in korrektiewe toesig: Tydperk om te dien** | **64** |
| 2.8.2.4 | **Oorweging vir uitplasing op parool** | **66** |
| 2.9 | **Samevatting** | **70** |
| 3. | **AMNESTIE AAN GEVANGENES** | **73** |
| 3.1 | **Inleiding** | **73** |
| 3.2 | **Amnestie en spesiale afslag van vonnis (1910 - 1961)** | **74** |
| 3.2.1 | **Amnestie: 1910 - 1929** | **74** |
| 3.2.2 | **Amnestie: 1930 - 1939** | **75** |
| 3.2.3 | **Amnestie 1940 - 1950** | **79** |

| | | |
|---|---|---|
| 3.2.4 | Amnestie 1950 - 1960 | 87 |
| 3.3 | Amnestie in die Republiek van Suid-Afrika | 94 |
| 3.3.1 | Amnestie 1961 - 1970 | 94 |
| 3.3.2 | Amnestie 1980 - 1994 | 110 |
| 3.4 | Spesiale afslag van vonnis deur die Minister | 128 |
| 3.5 | Begenadiging van en vrywaring aan gevangenes met politieke oortredings in Suid-Afrika | 136 |
| 3.5.1 | Vrylating van politieke gevangenes sedert 2 Februarie 1990 | 139 |
| 3.5.2 | Omskrywing van kategorieë | 141 |
| 3.6 | Implikasies van amnestie | 145 |
| 3.6.1 | Voordele | 145 |
| 3.6.2 | Nadele | 146 |
| 3.7 | Samevatting | 149 |
| 4. | STRAFVERMINDERING | 152 |
| 4.1 | Inleiding | 152 |
| 4.2 | Die implementering van 'n puntestelsel in Transvaal: 1909 | 154 |

4.3 Strafvermindering ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) 155

4.4 Strafvermindering vanaf 1911 tot 1959 161

4.4.1 Strafvermindering aan eerste-oortreders: 1931 - 1941 162

4.4.2 Strafvermindering aan eerste-oortreders: 1941 - 1952 166

4.4.3 Toekenning van strafvermindering by boete vonnisse: 1937 167

4.4.4 Eenvormige toekenning van strafvermindering: 1945 167

4.4.5 Toekenning van strafvermindering: 1952 168

4.4.6 Strafvermindering 1953 - 1959 169

4.4.6.1 Nuwe strafverminderingstelsel: 1953 169

4.4.6.2 Geen strafvermindering op 'n vonnis van ontvlugting nie 170

4.4.6.3 Verbeuring van strafvermindering: Dros/ontvlug of 'n poging daartoe uit werkkolonie of verbeteringskool: 1956 171

4.4.6.4 Strafvermindering: Gevangenes met vonnisse van agt-en-twintig dae tot en met vier jaar 172

4.5 Strafvermindering: 1959 tot 1993 173

4.5.1 Die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) 173

4.5.2 Basis van strafvermindering: 1959 174

| | | |
|---|---|---|
| 4.5.3 | Geen strafvermindering aan sekere kategorieë gevangenes nie | 176 |
| 4.5.4 | Geen strafvermindering ten opsigte van vonnisse weens veediefstal | 177 |
| 4.5.5 | Vrylating op parool: Raadsaakgevangenes | 178 |
| 4.5.6 | Nuwe maatreëls: Toekenning van strafvermindering | 179 |
| 4.5.7 | Geen strafvermindering aan gevangenes gevonnis weens weiering om te getuig nie | 180 |
| 4.5.8 | Strafvermindering en parool: Valuta- oortreders | 181 |
| 4.5.9 | Toekenning en berekening van strafvermindering: Wysiging van Regulasies 119 en 131 | 182 |
| 4.6 | Samevatting | 183 |
| 5. | UITPLASING ONDER GEKONTROLEERDE OMSTANDIGHEDE | 187 |
| 5.1 | Korrektiewe toesig | 187 |
| 5.1.1 | Inleiding | 187 |
| 5.1.2 | Die ontwikkeling van korrektiewe toesig | 189 |
| 5.1.3 | Korrektiewe toesig as vonnis | 192 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.1.3.1 | Artikel 276(1)(h) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) | 192 |
| 5.1.3.2 | Artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) | 193 |
| 5.1.3.3 | Artikel 276A(3) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) | 194 |
| 5.1.3.4 | Artikel 287(4) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) | 195 |
| 5.1.4 | Toepassing van korrektiewe toesig | 196 |
| 5.1.4.1 | Oorwegingskriteria | 196 |
| 5.1.4.2 | Korrektiewe toesig voorwaardes | 198 |
| 5.1.4.3 | Verbreking van voorwaardes deur toesiggevalle | 202 |
| 5.2 | Onvoorwaardelike- en voorwaardelike vrylating | 203 |
| 5.2.1 | Inleiding | 203 |
| 5.2.2 | Die filosofie van parool | 204 |
| 5.2.3 | Funksie van 'n paroolstelsel | 205 |
| 5.2.4 | Voorwaardes gekoppel aan parool | 206 |
| 5.2.5 | Statutêre bepalings wat die uitplasing op parool van gevangenes gereël het tot 1993 | 207 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.6 | Statutêre bepalings met betrekking tot die uitplasings-/vrylatingsbeleid: 1993 | 211 |
| 5.2.7 | Agtergrond en norm van vrylating | 219 |
| 5.2.8 | Dagparool | 233 |
| 5.2.8.1 | Doel en funksie van die dagparoolstelsel | 234 |
| 5.2.8.2 | Status van die dagparolee en kategorieë gevangenes vir inskakeling onder dagparool | 234 |
| 5.2.8.3 | Kriteria vir oorweging van dagparool | 235 |
| 5.2.9 | Oorweging vir uitplasing op dagparool of parool deur die paroolraad | 236 |
| 5.2.10 | Parooltoesigkategorieë | 237 |
| 5.2.11 | Tydelike verlating van die gevangenis deur 'n gevangene | 244 |
| 5.2.11.1 | Inleiding | 244 |
| 5.2.11.2 | Statutêre bepaling | 244 |
| 5.2.11.3 | Toepassing | 246 |
| 5.2.11.4 | Kriteria | 246 |
| 5.2.11.5 | Faktore wat in ag geneem moet word | 247 |
| 5.2.11.6 | Omstandighede waarvoor die voorreg toegestaan kan word | 249 |

5.2.11.6.1 Menslikheidsverlof 249

5.2.11.6.2 Inskakeling by ontwikkelings- of terapeutiese programme 249

5.2.11.6.3 Uitbouing van familiebande (naweekverlof) 249

5.2.11.6.4 Voorbereiding vir ontslag en enige ander rede wat te doen het met die korrektiewe bemoeienis met 'n gevangene en wat gerig is op sy suksesvolle herinskakeling by die gemeenskap 250

5.2.11.6.5 Statistiek van toepassing op gevangenes wat die gevangenis tydelik verlaat het 251

5.2.12 Samevatting 252

6. INRIGTINGSKOMITEES 255

6.1 Inleiding 255

6.2 Instelling van inrigtingskomitees 255

6.3 Samestelling 256

6.4 Werksaamhede, pligte en bevoegdhede 258

6.5 Samevatting 270

7. SLOTBESKOUING 272

7.1 Inleiding 272

7.2 Bevindings en aanbevelings 273

| | | |
|---|---|---|
| 7.2.1 | **Korrektiewe toesig** | 273 |
| 7.2.2 | **Parooltoesig** | 274 |
| 7.2.3 | **Paroolraad** | 275 |
| 7.2.3.1 | **Samestelling van paroolrade** | 275 |
| 7.2.3.2 | **Penaliseringsfaktore** | 277 |
| 7.2.4 | **Oorweging vir uitplasing op parool** | 277 |
| 7.2.4.1 | **Penaliseringsfaktore** | 277 |
| 7.2.4.2 | **Diskresie deur paroolrade** | 278 |
| 7.2.4.3 | **Besluitneming met betrekking tot uitplasing op parool** | 282 |
| 7.2.5 | **Inrigtingskomitee: Werksaamhede** | 282 |
| **BIBLIOGRAFIE** | | 289 |
| **ADDENDUM A** | | 328 |
| **ADDENDUM B** | | 339 |

# HOOFSTUK 1

# DIE ONDERSOEK

## 1.1 INLEIDING

**Die vrylating van 'n gevangene moet met die grootste omsigtigheid oorweeg word en plaas 'n bepaalde verantwoordelikheid op enige korrektiewe stelsel aangesien die beskerming van die gemeenskap vanuit 'n penologiese raamwerk vooropgestel moet wees.**

**Daar moet by die oorweging van 'n gevangene se vrylating ook bepaal kan word of die oogmerke van straf, soos vergelding, afskrikking, rehabilitasie en beskerming van die gemeenskap versoenbaar is met sy vrylating.**

**Aangesien 'n korrektiewe owerheid in diens van die gemeenskap staan en 'n onlosmaaklike deel van die strafregsplegingstelsel vorm, kan die onverantwoordelike vrylating van gevangenes negatiewe gevolge vir die gemeenskap sowel as die strafregsplegingstelsel inhou.**

**Daar kan geargumenteer word dat 'n gevangene sy skuld ten volle aan die gemeenskap moet betaal en derhalwe sy volle vonnis soos deur die hof aan hom opgelê, moet uitdien. In dié verband sê die Departement van Korrektiewe Dienste in 'n Witskrif gedateer 11 Maart 1993 (1993:5)**

*"So 'n stelsel is egter onversoenbaar met die oogmerke van rehabilitasie en beskerming van die gemeenskap. Hierbenewens sal 'n stelsel waar elke gevangene elke dag van 'n vonnis in die gevangenis uitdien nie uit die staatskas finansierbaar wees nie."*

**Neser (1993:3) wys daarop dat die taak van die penoloog hoofsaaklik histories - evaluerend van aard is en om die rede en ten einde 'n bron te voorsien wat historiese en eietydse prosedures vanuit 'n penologiese belangehoek aanspreek, akkommodeer die ondersoek nie net vrylating en sy gemene delers nie, maar spreek dit beginsels, kennis,**

perspektiewe, feite en statistieke aan. Die voormelde is gerig op metodes en prosedures wat deur die korrektiewe sisteem in die Republiek van Suid-Afrika gevolg is ten einde die vrylating van oortreders te bewerkstellig.

Die afbakening van die studieveld is genoodsaak aangesien die studie sosiaal-histories van aard is met 'n gepaardgaande omvangryke ondersoekveld. Cilliers (1984:1) wys daarop dat die individuele ondersoeker nie by magte is om 'n vraagstuk in sy volle omvang en in al sy fasette te ontleed nie. Juis om die rede is afbakening van die gebied noodsaaklik ten einde praktiese uitvoerbaarheid van die taak te verseker.

Deur afbakening van die studieveld is die inhoud van die navorsingsverslag in 7 hoofstukke ingedeel. Die eerste hoofstuk hanteer onder andere die inleiding tot die studie, die keuse van die ondersoek, die doel van die ondersoek, metodes wat aangewend is, begrensing van die ondersoek en begripsomskrywings. Hierdie hoofstuk het ten doel om aan die leser met die eerste oogopslag 'n volledige beeld te verleen van die navorsingsprobleem wat aangespreek word en die wyse waarop navorsing uitgevoer is. Hierdie inligting kulmineer in die daaropvolgende hoofstukke en lei tot 'n slotbeskouing waarin navorsingsbevindings en aanbevelings saamgevat word.

Hoofstuk 2 handel oor die historiese ontwikkeling van vrylatingsbeheerliggame en word kontemporêre prosedures en metodes in dié verband ook aangespreek. Hoofstuk 3 bestaan uit 'n bespreking van die toepassing van amnestie waarvolgens gevangenes deur middel van 'n welwillendheidsgebaar en vergewensgesindheid van hul volle vonnis of 'n gedeelte daarvan, kwytgeskeld word. In die bespreking word 1910 as uitgangspunt gebruik en is die begenadiging van en vrywaring aan gevangenes met politieke oortredings, ook onder die loep geneem. In hoofstuk 4 geniet die toekenning van strafvermindering aan gevangenes aandag en word daar ook 'n uiteensetting gegee van die wyse waarop strafvermindering toegepas is. Hoofstuk 5 word gewy aan 'n bespreking van die uitplasing van gevangenes onder parool- of korrektiewe toesig. Die kriteria waarvolgens 'n gevangene vir uitplasing oorweeg word, word bespreek en is die bespreking daarop gerig om 'n geheelbeeld te bied van wat met korrektiewe- en parooltoesig bedoel word.

Aangesien die inrigtingskomitee instrumenteel verantwoordelik is vir die bestuur en uitvoering van aksies wat gerig is op die positiewe wysiging van 'n gevangene se insig, selfbeeld, waardes en norme, word die werksaamhede, pligte en bevoegdhede in hoofstuk 6 onder die loep geneem. Hoofstuk 7 akkommodeer 'n slotbeskouing deur die navorser waarin gevolgtrekkings en bevindings waartoe gekom is saamgevat word met aanbevelings gerig op die kontemporêre vrylatingsbeleid.

Die vrylatingsbeleid in Suid-Afrika is oor die jare heen gewysig ten einde aan bepaalde vereistes te voldoen en hou die vrylating van veral geharde misdadigers in 'n mindere of 'n meerdere mate spesifieke risiko's in en het die navorser gepoog om alle vorme van vrylating in die studie voor te hou. Die ondersoek was dus wyd en het die navorser gepoog om deur middel van 'n teoretiese uiteensetting die vrylating van gevangenes in perspektief te stel.

## 1.2 KEUSE VAN DIE ONDERSOEK

Daar word deur Cilliers (1984:3) daarop gewys dat die keuse van die ondersoek deur die volgende faktore beïnvloed word, naamlik:

- die noodsaaklikheid en wenslikheid van die ondersoek;
- die beskikbaarheid van gegewens; en
- die belangstelling van die navorser.

### 1.2.1 DIE NOODSAAKLIKHEID EN WENSLIKHEID VAN DIE ONDERSOEK

Die ondersoek word as noodsaaklik en wenslik beskou vanweë die feit dat die ondersoeker, gedurende sy studie ter verwerwing van 'n honneursgraad in penologie bevind het dat die penologie in die besonder arm is aan Suid-Afrikaanse literatuur.

Die ondersoek is dus daarop gerig om hierdie leemte in 'n mate te ondervang en meer spesifiek die fokus te plaas op die vrylatingsproses in Suid-Afrikaanse gevangenisse. Aangesien die vrylating van 'n gevangene voorafgegaan word deur aksies wat gerig is

op sy gedrag, aanpassing, behandeling en opleiding in die gevangenis en wat kulmineer in vrylating, is dit as noodsaaklik en wenslik beskou om ook in die verband penologiese perspektief te verleen. Primêr is die kern van die studie dus gesetel binne die wens om die vrylatingsproses binne penologiese verband te plaas en sekondêr om die bestaande penologiese literatuur uit te brei en aan te vul.

Die aktualiteit van die ondersoek is 'n bewese feit aangesien omstandighede voortdurend verander en die gemeenskap, vanweë die toename in misdaad, spesifieke eise ten opsigte van onder andere die vrylating van gevangenes stel. Internasionale ontwikkeling op die penologiese gebied dikteer ook die aanpassing van die vrylatingsbeleid in Suid-Afrika. Die voormelde konstateer dus dat beleid met betrekking tot die vrylating van gevangenes nie staties is nie en is beleid in die verband, by verskeie geleenthede aangepas en gewysig.

Die toepassingswaarde van die studie is daarin geleë dat daar nie penologiese literatuur ten opsigte van die vrylating van die gevangene deur die Suid-Afrikaanse korrektiewe sisteem beskikbaar is waarin 'n historiese en penologiese perspektief vergestalt is nie. Deur die studie poog die ondersoeker om die leemte wat in die verband bestaan, te ondervang en 'n bron beskikbaar te stel wat as motivering kan dien vir verdere navorsing.

### 1.2.2 BESKIKBAARHEID VAN DIE GEGEWENS

Cilliers (1984:4) sê dat die doel van wetenskapbeoefening is om kennis te vermeerder van die werklikheid en dat hierdie kennis tot beskikking van ander wetenskaplikes en persone wat die kennis in die praktyk kan toepas, gestel moet word. Mouton (1989:3) wys daarop dat dit 'n natuurlike strewe van die mens is om die werklikheid waarvan hy deel is, te probeer begryp en is uitsprake oor die werklikheid die belangrikste wyse waarop die mens sy ervaringe en belewinge vasgryp.

**Weens gebrek aan Suid-Afrikaanse literatuur wat die vrylating van die gevangene aanspreek, was die ondersoeker verplig om alle vorme van vrylating na te vors ten einde 'n geheelbeeld van hierdie werklikheid daar te stel. Waardevolle inligting is ingewin uit die argief van die Departement van Korrektiewe Dienste, die biblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika, inligting uit departementele lêers en onderhoudvoering met kundiges op die gebied van die vrylating van gevangenes.**

### 1.2.3 DIE BELANGSTELLING VAN DIE ONDERSOEKER

**Die Departement van Korrektiewe Dienste staan in diens van die gemeenskap, is dus onlosmaaklik daarvan en vorm deel van die strafregsplegingstelsel in penologiese verband.**

**Die ondersoeker se belangstelling in die penologie en meer spesifiek penitensiêre en gemeenskapspenologie is in die grootste mate die rede vir die keuse van die onderwerp.**

**Hiermee gepaardgaande staan die ondersoeker in diens van die Departement van Korrektiewe Dienste en was sy akademiese agtergrond op penologiese gebied, sy funksionele taak in die Departement as Adjunk-direkteur: Gevangenebeheer en die erkenning van die gevangene as mens met die beskerming en erkenning van sy menswaardigheid as uitgangspunt, die deurslaggewende faktor ten opsigte van die keuse van die onderwerp.**

**Dit is na die ondersoeker se mening 'n gevangene se reg om menswaardig behandel te word, tydens gevangesetting by gestruktureerde programme in te skakel en inrigtingsbehandeling te geniet wat sy opheffing ten doel het om suksesvol by die gemeenskap in te skakel. Reid (1981:308) wys daarop dat:** *"The real punishment of prisoners begins when they return to society."*

## 1.3 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

**Die ondersoek het ten doel om 'n navorsingsbron waarin 'n penologiese perspektief van toepassing op die Departement van Korrektiewe Dienste se vrylatingsbeleid saamgevat is, beskikbaar te stel. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die historiese perspektief in verband gebring word met kontemporêre beskouings in die verband.**

**Voorts is die studie daarop gerig om alle ingrypings wat in verband staan met, of voortvloei uit die vrylating van 'n gevangene, te beredeneer. In die verband word ook spesifieke aandag geskenk aan die Inrigtingskomitees, Paroolrade en die Nasionale Advies Raad oor Korrektiewe Dienste.**

**Aangesien die Inrigtingskomitee en Paroolraad instrumenteel is in die vrylating/ uitplasing van 'n gevangene is die doel ook om voormelde se werksaamhede, pligte en bevoegdhede na te gaan.**

**Die gedrag en aanpassing van 'n gevangene is onder andere een van die oorwegingsfaktore vir uitplasing/vrylating. Gedrag en aanpassing word weerspieël in die krediete wat 'n gevangene verdien en word dit ook as doelwit gestel om alle statutêre bepalings en voorskrifte van toepassing op die krediete- en dissipline stelsel na te gaan, te beredeneer en in belang van die penologie as vakwetenskap, alternatiewe toepassingsmoontlikhede en prosedures voor te hou.**

**Inaggenome die bepalings van die Grondwet, 1993 (Wet 200 van 1993) met die klem op Hoofstuk 3 waarin Fundamentele Regte aangespreek word, sowel as die nuwe vrylatings- en dissiplinebeleid, die krediete stelsel en Paroolraad wat beslag gevind het in die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste, 1993 (Wet 68 van 1993) en vanaf 1 Maart 1994 van krag is, is die doelstelling formeel gerig om:**

**(a) 'n historiese oorsig te verleen ten opsigte van vrylating in die algemeen waarby die relevansie van vrylating van die oortreder in berekening gebring word met die klem op ontwikkeling vanaf 1962 tot 1994;**

(b) die ontwikkeling van vrylatingsbeheerliggame en die korrektiewe toesigsisteem te beredeneer; en

(c) 'n evaluering te doen van die huidige vrylatingsbeleid waarin die toekenning van krediete onder andere vergestalt is, teenoor 'n vorige stelsel van strafvermindering.

## 1.4 METODES VAN ONDERSOEK

Die sosiaal - historiese metode is in die ondersoek gevolg ten einde 'n geheelbeeld te verleen ten opsigte van alle prosedures wat uitplasing/vrylating van 'n gevangene voorafgaan, met spesifieke verwysing na die kontemporêre uitplasingstelsel waarvolgens die oortreder hetsy onder korrektiewe toesig of parooltoesig uitgeplaas kan word.

Vir hierdie doel het die navorser hom beperk tot die vrylating van die gevangene in Suid-Afrika en is daar nie gepoog om die vrylatingstelsel in verband te bring met die internasionale prosedures en metodes nie.

Vorme van vrylating soos hieronder vermeld is aan analitiese navorsing onderwerp ten einde kousaliteit te bepaal en dit in verband te bring met die mees resente wetgewing en voorskriftelike bepalings:

- Amnestie
- Strafvermindering
- Spesiale afslag van vonnis
- Dagparool
- Parool
- Korrektiewe toesig
- Tydelike verlating van die gevangenis

Navorsingsmetodiek is in die grootste mate gedikteer deur die aard en die omvang van die navorsingsprobleem en is relevante literatuur bestudeer, geëvalueer, geïnterpreteer en deur sintetiese verwerking is oorsaaklike verklarings vir gebeure aangevoer.

Voorkeur is sover moontlik aan primêre bronne verleen deur 'n literatuurstudie van Hansard-verslae, regulasies, wetgewing, memoranda, jaarverslae, statistiek en ander dokumente van die Departement van Korrektiewe Dienste, te onderneem.

Voorts is die studie aangevul deur onderhoudvoering met kundiges in diens van die Departement van Korrektiewe Dienste op die gebied van vrylating, korrektiewe- en parooltoesig. Gesprekke is ook gevoer met kundiges wat reeds gepensioeneer is en alle inligting is aangeteken en geverifieer ten einde objektiwiteit in die ondersoek te verseker. Inligting wat ingewin is, is getoets aan die hand van beskikbare statistiek, wetgewing, voorskriftelike bepalings en gesprekvoering met ander kundiges en die studieleier.

Die ondersoek is hoofsaaklik dokumentêr van aard, maar is die inligting en kennis wat deur middel van die literatuurstudie en onderhoudvoering ingewin is, verbandhoudend ontleed en beredeneer en in 'n wetenskaplik-gefundeerde penologiese studie voorgehou.

## 1.5 BEGRENSING VAN DIE ONDERSOEK

Aangesien vrylating en meer spesifiek die voorbereidingsproses vir vrylating, deel vorm van 'n gevangene se aanhoudings- en behandelingsprogram en strek vanaf opname tot en met vrylating uit die gevangenis, is daar in historiese verband slegs op die vorme van vrylating sowel as vrylatingsbeheerliggame gefokus.

Die vraagstuk is besonder wyd en was dit as noodsaaklik beskou om die ondersoek te beperk en vir hierdie doel is die ondersoek afgebaken deur middel van 'n tyd- en geografiese begrensing wat die nodige perspektief in historiese en penologiese verband verleen.

### 1.5.1 TYDBEGRENSING

Die Uniale tydperk van toepassing op gevangenisse in vermelde verband word aangespreek en is 1910 as vertrekpunt geneem.

Aangesien Erasmus (1985) in haar MA-verhandeling 'n waardevolle en sinvolle bydrae tot penitensiêre penologie gelewer het en waarin die tydperk 1910 tot 1961 saamgevat is, is die klem in hierdie ondersoek vanuit 'n penologiese raamwerk in die grootste mate op die tydperk 1962 tot 1994 geplaas. Die ondersoeker het derhalwe ten opsigte van literatuur en beskrywing van die vorme van vrylating, 1994 as afsnydatum bepaal.

Voorts is die kontemporêre uitplasings-/vrylatingsbeleid wat kragtens die bepalings van die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste, 1993 (Wet 68 van 1993) sy beslag gevind het, nagevors en geboekstaaf.

Die ondersoeker het die studie ook beperk tot die gevonniste gevangene aangesien vrylating per se slegs toepassing vind op die gevonniste gevangene en nie op die ongevonniste gevangene nie.

### 1.5.2 GEOGRAFIESE BEGRENSING

Dit was ook noodsaaklik om die studie te beperk tot die vrylating van die gevangene in Suid-Afrika aangesien dit die huidige armoede aan Suid-Afrikaanse penitensiêre penologie kan verlig. 'n Vergelykende studie van vrylatingstelsels in ander lande is nie onderneem nie.

## 1.6 BEGRIPSOMSKRYWING

In navorsing moet duidelik onderskei word tussen die omskrywing van die soorte begrippe. Ten eerste is daar die bekende faktor en ten tweede die onbekende faktor en is daar gewoonlik twee soorte begrippe wat omskryf word, naamlik:

- nuwe begrippe: Dit is begrippe wat in die algemeen gesproke onbekend is in die volksmond.

- bekende begrippe: Dit is begrippe wat in die algemeen gebruik word en 'n bepaalde betekenis het. Dit is dan ook daardie begrippe wat die kern van die ondersoek vorm en omskrywing ter wille van duidelikheid regverdig.

Die begrippe wat vervolgens omskryf word is bekende begrippe in 'n korrektiewe sisteem, maar is nie in die algemeen gesproke bekend in die volksmond nie.

Ten einde kennis en insig met betrekking tot die vraagstuk wat bestudeer word te verseker, word die volgende begrippe toegelig:

- <u>Vrylating:</u> Die algemene indruk is dat 'n gevangene na vrylating nie meer 'n verpligting het in terme van die vonnis wat hom opgelê is nie en dat hy sy skuld ten volle aan die gemeenskap betaal het. Dit is egter nie die volle waarheid nie aangesien daar onderskei moet word tussen <u>onvoorwaardelike</u> en <u>voorwaardelike</u> vrylating.

* <u>Onvoorwaardelike vrylating</u> impliseer dat 'n gevangene na vrylating nie aan die nakoming van sekere voorwaardes onderwerp word nie. Hy het dus sy volle vonnis uitgedien en het geen verdere verpligting ten opsigte van die vonnis wat hom opgelê is nie.

* <u>Voorwaardelike vrylating</u> of uitplasing op parool kom daarop neer dat 'n gevangene voor sy vonnisverstrykingsdatum onder gekontroleerde omstandighede in die gemeenskap uitgeplaas word. Dit is dus 'n stelsel of prosedure wat 'n aanvang neem voor die vonnisverstrykingsdatum van 'n oortreder en waarvolgens hy gedurende institusionalisering sover moontlik doelmatig op 'n gestruktureerde en 'n wetenskaplik-gefundeerde wyse voorberei moet word vir sinvolle herinskakeling by die gemeenskap al-

**vorens die maksimum aanhoudingstydperk in die gevangenis bereik / voltooi is. Parool impliseer verder spesifieke voorwaardes waaraan die oortreder na uitplasing op parool moet voldoen, die toewysing van hom aan 'n geskikte en deurlopende monitering en die reg tot institusionalisering sou die gestelde voorwaardes negeer word.**

**Callison (1983:233) sê:** *"Parole is a reintegration program in which an offender is conditionally released under supervision of and with assistance by a parole officer. It is unlike probation, because the offender released on parole has served part of a term in a correctional institution. The release is contingent upon satisfactory behaviour. The state retains control of the parolee until he or she is dismissed from parole."*

**Carney (1979:307) sê:** *"Parole is a correctional device through which an offender is conditionally released from a correctional institution after serving less than the total sentence, and is subject to regulatory conditions and active supervision by a parole officer."*

**Die "Attorney General's Survey of Release Procedures," definieer parool, aldus Reid (1981:323) soos volg:** *"The release of an offender from a penal or correctional institution after he has served a portion of his sentence, under the continued custody of the state and under conditions that permit his reincarceration in the event of misbehaviour."*

- **Amnestie: Dit is 'n meganisme waarvolgens afslag van vonnis tydens spesifieke geleenthede of feesvierings aan gevangenes toegestaan word. Dit kom dus neer op 'n welwillendheidsgebaar en vergewensgesindheid.**

**Kirkpatrick (1993:39) omskryf amnestie as** *"an act of oblivion, passed after an exciting political period; a general overlooking or pardon [L from Gr. amnëstia, from amnëstos, forgotten (a - not, mna-omai, I remember)]"*

- **Gevangene/oortreder: Hierdie twee begrippe word as sinonieme gebruik aangesien die studie toepassing vind op daardie persone wat reeds skuldig bevind is aan 'n oortreding, in die verband 'n vonnis opgelê is en gevangenisstraf uitdien.**

- **Korrektiewe toesig:** Korrektiewe toesig is 'n gemeenskapsgebaseerde straf wat onder bepaalde voorwaardes in die gemeenskap, en nie in die gevangenis nie, uitgedien word.

- **Rehabilitasie van gevangenes:** Met rehabilitasie van gevangenes word bedoel die positiewe verandering/wysiging van waardes en norme, gedragspatrone, gesindheid en die heropvoeding van die gevangene op so 'n wyse dat die norme, waardes en gedragskodes in die gemeenskap eerbiedig sal word. Neser (1993:45) sê die oortreder se gesindheid en toekomstige gedragspatrone word positief verander.

- **Die Strafregsplegingstelsel:** Hierdie stelsel vind toepassing vanaf die arrestasie van vermeende oortreders tot en met die verhoor en gevangesetting.

- **Krediete:** Krediete word gemeet in dae (een krediet = een dag) en kan deur 'n gevangene verdien word indien sy gedrag en aanpassing in die gevangenis na wense is. Die beginsel van beloning vir goeie gedrag en bestraffing van negatiewe gedrag is dus deurslaggewend by die toekenning van krediete. Toegekende krediete vervroeg 'n gevangene se oorwegingsdatum vir uitplasing op parool, maar verkort nie die vonnis nie.

- **Vrylatingsbeheerliggame:** Vrylatingsbeheerliggame is statutêre liggame wat outonoom funksioneer en die vrylating van 'n gevangene op 'n individuele grondslag oorweeg.

## 1.7 PROBLEME EN GEBREKE VERBONDE AAN DIE ONDERSOEK

Die ondersoeker was nie vrygestel van probleme tydens die ondersoek nie. Ongeag daarvan was dit die ondersoeker se uitgangspunt en strewe om so objektief moontlik te wees met die interpretasie van gegewens, die besinning daaroor en die beredenering en verwerking daarvan.

Suid-Afrikaanse literatuur is arm aan inligting met betrekking tot die onderwerp en het die ondersoeker in die grootste mate gebruik gemaak van argiefstukke. Hierdie proses was tydrowend aangesien inligtingsbronne wyd verspreid was en in kronologiese verband verpak moes word.

'n Verdere probleem wat ondervind was is die feit dat jaarverslae van die Direkteur van Gevangenisse 'n gebrek getoon het aan belangrike inligting soos byvoorbeeld die aantal gevangenes wat by amnestie baat gevind het. Daar kan byvoorbeeld nie bepaal word welke aantal gevangenes by amnestie gedurende 1910 en 1925 baat gevind het nie.

Statistiek soos vervat in jaarverslae van die Direkteur/Kommissaris van Gevangenisse het verdere probleme meegebring aangesien statistiek nie die hele tydperk, en/of dieselfde tydperk dek nie. Vanaf 1910 tot 31 Desember 1954 het die jaarverslae kalenderjare gedek. 'n Beleidsverandering het egter vanaf 1955 ingetree wat meegebring het dat jaarverslae die tydperk van 1 Julie van elke jaar tot 30 Junie van die daaropvolgende jaar gedek het. 'n Verdere voorbeeld is 'n jaarverslag deur die Kommissaris van Korrektiewe Dienste wat gestrek het van 1 Julie 1991 tot 31 Desember 1992 - 'n tydperk van 18 maande word dus gedek.

Laastens was dit ongelukkig ook so dat kundiges op die gebied van die vrylating van die gevangene al oorlede is en het belangrike inligting wat nie in dokumentasie vervat is nie, vir die penologie verlore gegaan.

# HOOFSTUK 2

## VRYLATINGSBEHEERLIGGAME

### 2.1 INLEIDING

In die oorwegingsproses vir die vrylating van 'n gevangene is dit belangrik dat besluitneming objektief sal wees en moet nie net die gevangene nie, maar ook die gemeenskap se belange en die heersende eise met betrekking tot misdaad in aanmerking geneem word.

Besluitneming ten opsigte van 'n gevangene se vrylating moet dus verantwoordbaar teenoor die gemeenskap wees en moet elke individuele geval getoets word aan norme en standaarde sowel as eise wat deur die gemeenskap gestel word.

Die oorweging van 'n gevangene se vrylating noodsaak dat sy gedrag en aanpassing gedurende gevangesetting in aanmerking geneem sal word. Die verandering van die oortreder se insig, selfbeeld, gedrag, waardes en norme deur die daargestelde behandelingsprogramme in die gevangenis, is onder andere faktore wat in aanmerking geneem behoort te word. Deur sy deurlopende en positiewe inskakeling by aanhoudings- en behandelingsprogramme, moet in die evalueringsproses bevind kan word dat hy nie 'n verdere bedreiging vir die gemeenskap sal wees nie.

Die vrylating van 'n gevangene kan ook nie positief oorweeg word indien daar nie bewyse is dat hy aan die eise van die gemeenskap sal voldoen nie. Na die vrylating van 'n gevangene word hy onmiddellik blootgestel aan 'n veranderde politieke klimaat, tegnologiese ontwikkeling en verskeie sosiaal - maatskaplike ontwikkeling waarmee nie tred gehou is nie. Die gemeenskap het ook in die gevangene se afwesigheid weens gevangesetting, voortgegaan om homself te handhaaf en sy voortbestaan verseker deur die daarstelling, wysiging en opheffing van bepaalde strafsanksies. Gedragsnorme is dus op 'n deurlopende grondslag omskep en verhef tot regsnorme.

**In die besluitneming met betrekking tot die vrylating van 'n gevangene moet ook bepaal word of vrylating onder toesig en gekontroleerde omstandighede binne die raamwerk van monitering en begeleiding deur professionele personeel aangewese is.**

## 2.2 RADE VAN TOESIG

### 2.2.1 STATUTêRE INSTELLING

**Die rade van toesig is statutêre liggame wat oorspronklik kragtens die bepalings van artikel 48 van die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) deur die Goewerneur-generaal aangestel is. Die Goewerneur-generaal het ook bepaal welke pligte en bevoegdhede aan die rade opgedra moet word, sowel as die tydperk wat 'n lid van die raad daarop moet dien.**

**Hierdie rade het die Goewerneur-generaal geadviseer met betrekking tot die vrylating van gevangenes waarby vonnisvermindering ingesluit is. In dié verband het die rade een keer per jaar aan die Minister verslag gedoen ten opsigte van:**

- **elke gevangene wat 'n vonnis van langer as twee jaar gevangenisstraf uitdien;**
- **enige gevangene ten opsigte van wie die Minister 'n spesiale verslag verlang.**

**In dié verband sê Venter (1959:151) die volgende:**

*"Die rade van toesig is in die lewe geroep " voor doeltreffender behandeling van bandieten en gevangenen en tot betere voorlichten aangaande de voorwaarden waaronder afslag van straf toegestaan behoort te worden..... " Die taak van die raad is dan om een maal per jaar 'n skriftelike verslag aan die Minister voor te lê met besonderhede oor die agtergrond, vlyt en gedrag van elke gevangene wat die onbepaalde vonnis of 'n vonnis van meer as twee jaar gevangenisstraf opgelê is. Op advies van die gevangenisraad kan die Minister dan die loslating op parool of andersins van sodanige gevangene by die Goewerneur-generaal aanbeveel. "*

**Erasmus (1985:288) wys daarop dat die doel van die rade van toesig was om aanbevelings te doen met betrekking tot strafvermindering, vrylatings en die behandeling van sekere kategorieë gevangenes.**

### 2.2.2 SAMESTELLING VAN DIE RADE

**Volgens die bepalings van artikel 48 van die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) is die aanstelling van lede op die rade van toesig deur die Goewerneur-generaal gedoen en het hy ook die besoldiging van 'n nie-amptelike lid bepaal:**

*"......the Governor-General shall appoint boards of visitors to consist of such members, official and non-official, as he may deem fit, and shall prescribe their duties and periods of office. The non-official members of each board of visitors shall receive such remuneration as the Governor-General may determine."*

**Erasmus (1985:289) wys daarop dat daar drie rade van toesig deur die Goewerneur-generaal gedurende 1911 aangestel is naamlik in die:**

- **Transvaal. (gesetel te Pretoria)**
- **Kaapland. (gesetel te Kaaptad)**
- **Griekwaland-Wes, Oranje-Vrystaat en Natal. (gesetel te Kimberley)**

**'n Skrywe deur die Sekretaris van die Kommissie vir Administrasie onder verwysing 7903/21:** *"Constitution and scope of Prisons Boards",* **gedateer 21 Februarie 1923, waarby 'n memorandum deur 'n staatsdiensinspekteur aangeheg is, dui daarop dat die rade van toesig van drie jurisdiksie gebiede op daardie stadium steeds die volgende was:**

- **Transvaal**
- **Kaapland**
- **Griekwaland-Wes, Oranje-Vrystaat en Natal.**

**Slegs die rade van toesig van Transvaal en Griekwaland-Wes het oor die dienste van voltydse sekretarisse beskik terwyl die sekretaris van die Raad van Toesig van Kaapland in diens was van die Landdroshof te Kaapstad en op 'n deeltydse basis dienste verrig**

**het as sekretaris.**

**'n Behoefte aan die dienste van psigiaters om op die rade van toesig te dien, het gedurende 1926 by dr. Dunstan, die Kommissaris van Geestesgesondheid ontstaan en vervat die Direkteur van Gevangenisse hierdie behoefte op 23 Oktober 1926 in 'n memorandum aan die Sekretaris van die Departement van Justisie.**

**Minister J.B.M. Hertzog bevorder die aanstelling van psigiaters op die rade van toesig per Raadsminuut No. 971 gedateer 29 Maart 1927 na die Uitvoerende Raad. Die aanstelling van psigiaters op die rade van toesig het tot gevolg gehad dat spesifieke gevalle van geestesongesteldheid sowel as gevangenes met bepaalde psigopatologie hanteer is deur kundiges en nie deur onkundiges op die betrokke vakgebied, soos dit voorheen die geval was nie. Die aanstelling van psigiaters het ook meegebring dat daar objektief en op 'n verantwoordelike en kundige wyse verslag aan die Minister gedoen is met betrekking tot die vrylating van sodanige gevangenes.**

**Die tydperk van aanstelling op die raad van toesig is kragtens die bepalings van artikel 48 van die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911), deur die Goewerneur-generaal bepaal.**

**Dit het egter belangrik geword dat raadslede vir 'n vaste tydperk aangestel word en het Uitvoerende Raadsminuut No. 224 van 19 Januarie 1934 deur Minister Hertzog daartoe gelei dat raadslede ingevolge Goewermentskennisgewing No. 543 van 1913, soos volg aangestel is:**

*"Ieder lid van een Raad van Toesig sal zyn post, onderworpen aan het goedvinden van de Goeverneur-generaal, voor een tydperk van drie jaren bekleden."*

**Hierdie bepaling het dus nie die Goewerneur-generaal se bevoegdheid om raadslede aan te stel en af te dank ontneem nie en was sodanige aanstelling of afdanking steeds soos hy mag goedvind.**

### 2.2.3 WERKSAAMHEDE, PLIGTE EN BEVOEGDHEDE

**Die rade van toesig se werksaamhede en pligte is aldus Erasmus (1985:291) om:**

- **ten minste een keer per jaar aan die Minister skriftelik verslag te doen ten opsigte van elke gevangene met 'n vonnis van langer as twee jaar gevangenisstraf en sluit dit ook in enige gevangene ten opsigte van wie die Minister 'n spesiale verslag mag verlang, gevangenes wat tot gewoontemisdadigers verklaar is en gevangenes wat onbepaalde vonnisse uitdien. Die verslag moet die betrokke gevangene se verlede, gedrag en vlyt aanspreek;**
- **strafvermindering ten opsigte van sodanige gevangenes te oorweeg;**
- **aandag te skenk aan die doeltreffender behandeling van gevangenes.**

**Artikel 48(2) van die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) bepaal die volgende met betrekking tot die werksaamhede en pligte van die rade van toesig:**

*"Each board of visitors shall, at least once in every year, furnish to the Minister a report in writing containing detailed particulars relative to the history, conduct, and industry of -*

*(a) every convict detained in any convict prison on whom a sentence of over two years was imposed;*

*(b) every convict or prisoner detained in any prison or gaol with regard to whom a special report is required."*

**Hieruit is dit duidelik dat sodanige verslag volledig moet wees en moet dit ook inligting bevat met betrekking tot die betrokke gevangene se vorige veroordelings en vonnisse in die verband gedien. Die gevangene se gedrag in die algemeen in die gevangenis moet ook vermeld en bespreek word met spesifieke verwysing na gevangenisoortredings, inskakeling by behandelingsprogramme en ywer en vlyt wat geopenbaar word.**

Artikel 48(1) van die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) wys ook daarop dat rade van toesig ingestel is om effektiewer behandeling van gevangenes te verseker terwyl artikel 47 van genoemde Wet die rade van toesig verplig het om ook verslag te doen ten opsigte van gevangenes wat tot gewoontemisdadigers verklaar is.

Sodanige gevangene is nie vrygelaat nie alvorens die rade van toesig 'n verslag aan die Minister van Justisie voorsien het waarin aangedui word dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat die betrokke gevangene hom in die toekoms van die pleeg van misdaad sal weerhou en dat hy 'n nuttige en vlytige lewe na vrylating sal lei, of dat hy nie instaat sal wees tot verdere misdaadpleging nie.

Regulasie 528 uitgevaardig kragtens die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) plaas 'n verpligting op die bestuurder van 'n gevangenis om op 'n ses maandelikse grondslag aan die raad van toesig in detail verslag te doen ten opsigte van elke individuele gewoontemisdadiger se werk, ywer, vlyt en gedrag sowel as sy moontlikheid om te hervorm in 'n wetsgehoorsame burger. Die raad van toesig moes ook een keer per jaar op 'n individuele grondslag met sodanige gevangenes 'n onderhoud voer en verslag aan die Minister doen. Die voormelde was ook van toepassing op enige gevangene wat 'n onbepaalde vonnis uitgedien het.

Gevangenes wat onbepaalde vonnisse uitgedien het, is volgens Erasmus (1985:291) gedurende 1953/54, slegs in Transvaalse gevangenisse aangehou en was slegs die Transvaalse Raad met dié kategorie gevangenes gemoeid. Hierdie toestand het egter gedurende 1953/54 verander en het die Direkteur van Gevangenisse hom aldus Erasmus (1985:292) soos volg daaroor uitgelaat:

*"Aangesien dit tans die Departement se beleid is om onbepaalde straftyd gevangenes gesamentlik met dié wat tot bepaalde tydperke gevonnis is te desentraliseer, sal eersgenoemde voortaan by gekeurde inrigtings in ander provinsies saamgetrek word."*

Regulasie 510 en 511 uitgevaardig kragtens die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) het bepaal dat die raad van toesig aanbevelings kan

**maak met betrekking tot die strafvermindering wat aan 'n gevangene met 'n vonnis van langer as twee jaar gevangenisstraf toegeken moet word. Rade van toesig het dus nie 'n besluitnemingsbevoegdheid in die verband gehad nie, maar slegs 'n aanbevelingsfunksie. Erasmus (1985:293) wys daarop dat die bestuurder van 'n gevangenis ten opsigte van sodanige gevangenes op 'n jaarlikse grondslag verslae aan die raad van toesig moes voorlê. Die raad van toesig het ook die reg tot insae in sodanige gevangene se punteregister gehad en moes die register ten alle tye voorgelê word wanneer strafvermindering oorweeg is.**


**Die wyse waarop die rade van toesig gevangenes met onbepaalde vonnisse hanteer, het gedurende 1928 onder die spervuur van Regter van der Riet gekom in 'n berig in die *"Cape Times"* van 12 Oktober 1928 en het die Regter onder andere die volgende gesê:** *"What I feel is that it seems that the Prison Board does not appreciate the seriousness of the sentence, or the requirements of the law, as to the serious nature of the offence which the accused must have committed before he is liable to be so imprisoned. It appears to me that the indeterminate sentence is looked upon as a sort of bogy to scare the accused."*

**Hieruit is dit duidelik dat Regter van der Riet nie tevrede was met die tydperk wat 'n gevangene met 'n onbepaalde vonnis gedien het nie en dat die rade van toesig nie die bedoeling van die wetgewer met sodanige vonnis, begryp nie.**

**Die Voorsitter van die Raad van Toesig in die Kaapprovinsie, meneer H Tucker het in 'n memorandum gedateer 22 Oktober 1928, Regter van der Riet se mening onder die Direkteur van Gevangenisse se aandag gebring.**

**Volgens 'n inspeksieverslag deur die Staatsdienskommissie gedateer 3 Julie 1935, het die onderskeie rade van toesig die volgende funksies vanaf 1931 tot 1934 verrig:**

**RAAD VAN TOESIG: TRANSVAAL 1931 - 1932**




**(i)** **Gevangenes met effektiewe vonnisse**

**A - aanbevelings vir vrylating: bepaalde vonnisse**

**(ii)** **Gewoontemisdadigers**

**B - gevalle hanteer**

**C - aanbevelings vir vrylating**


**D - gevalle waarop gerapporteer is**

**E - onderhoud by opname**

**F - vrygelaat op proef**

**G - heropgeneem - nie voorwaardes nagekom nie.**

**RAAD VAN TOESIG: TRANSVAAL 1933 - 1934**




(i) **Gevangenes met effektiewe vonnisse**

A - aanbevelings vir vrylating: bepaalde vonnisse

(ii) **Gewoontemisdadigers**

B - gevalle hanteer

C - aanbevelings vir vrylating

D - gevalle waarop gerapporteer is

E - onderhoud by opname

F - vrygelaat op proef

G - heropgeneem - nie voorwaardes nagekom nie.

**Uit die voormelde kom die volgende na vore ten opsigte van die onderskeie jare:**


**1931:** 1 367 gevalle is hanteer waarvan 87% (1 193 gevangenes) gewoontemisdadigers was.

**1932:** 1 749 gevalle is hanteer waarvan 88% (1 536 gevangenes) gewoontemisdadigers was.

**1933:** 1 904 gevalle is hanteer waarvan 81% (1 551 gevangenes) gewoontemisdadigers was.

**1934:** 2 211 gevalle is hanteer waarvan 80% (1 768 gevangenes) gewoontemisdadigers was.


**RAAD VAN TOESIG: GRIEKWALAND-WES, ORANJE-VRYSTAAT EN NATAL 1931 - 1934**



| | | |
|---|---|---|
| **A** | **-** | **gewone gevalle hanteer.** |
| **B** | **-** | **aanbeveel vir vrylating.** |
| **C** | **-** | **heropnames.** |

**Vanaf 1931 tot 1934 het dié Raad van Toesig 7 170 gevangenes hanteer. Daar is gedurende 1931 in totaal 267 minder gevangenes hanteer as in die geval van 1934.**

**RAAD VAN TOESIG: KAAPPROVINSIE 1931 - 1932**




| | | |
|---|---|---|
| **A** | **-** | **aantal gevalle hanteer.** |
| **B** | **-** | **strafvermindering aanbeveel.** |
| **C** | **-** | **aanbevelings nie gunstig nie.** |

**Gelet op die inligting hierbo, is dit duidelik dat gewoontemisdadigers slegs deur die Transvaalse Raad van Toesig hanteer is en 'n hoër werkslading as in die geval van die ander rade meegebring het. In die vermelde inspeksieverslag is dit dan ook vermeld dat dié Raad as gevolg van sy hoë werkslading nie jaarliks verslag aan die Minister kan doen ten opsigte van daardie gevangenes waarvoor hulle verantwoordelik is nie en dat die kantoorakkommodasie vir die Raad, nie voldoende is nie.**

**Dit is egter insiggewend om daarop te let dat meneer Henning hierdie aspek in 'n vraag aan die Minister van Justisie, tydens 'n Volksraadsitting op 16 Augustus 1936, geopper het:**

*"VIII Mnr. Henning:- Die Minister van Justisie te vra:*

*(1) Watter fasiliteite daar beskikbaar is vir lede van rade van toesig ingevolge artikel agt-en-veertig (1) van Wet No. 13 van 1911 aangestel, om persoonlik in aanraking te kom met bandiete of gevangenes met die doel om die verslag op te stel wat deur artikel agt-en-veertig (2)(a) en (b) van genoemde Wet beoog en vereis word;*

*(2) of rade van toesig 'n jaarlikse verslag aan die Minister voorlê oor die algemene of spesiale toestande wat aangetref word in gevangenisse binne die gebied onder hulle toesig; en*

*(3) of lede van rade van toesig, ingestel ingevolge artikel agt-en-veertig (1) van Wet No. 13 van 1911, die reg het om die kwartiere (met inbegrip van kombuis en sanitasie-gemakke) vir bandiete en gevangenes wat tronkstraf ondergaan in gevangenisse binne die gebied onder hulle gesag, binne te tree en te ondersoek."*

**Die Minister van Justisie het ten opsigte van vraag (1) geantwoord dat elke gevangene wie se geval hanteer word, persoonlik voor die raad verskyn en dat fasiliteite voldoende is. Ten opsigte van vraag (2) het hy geantwoord dat dit nie 'n funksie van die raad is nie en vraag (3) het hy hanteer deur te sê dat daar in die verband geen voorsiening gemaak is in die Wet of die Regulasies nie.**

**Die Direkteur van Gevangenisse het voortdurend die rade van toesig skriftelik ingelig met betrekking tot wysigings van toepassing op die toekenning van strafvermindering en in die verband word verwys na die Direkteur se volgende skrywe:**

*"Toekenning van strafvermindering"* **onder verwysing 1/555/30 gedateer 23 Junie 1952 waarin aangedui is dat strafvermindering toegeken word:**

- **Een-kwart van vonnis aan eerste oortreders**
- **Een-agste van vonnis aan residiviste in die algemeen**
- **Een-twaalfde van vonnis aan residiviste wat gevonnis is weens diefstal, huisbraak met die doel om te steel en diefstal, rowery en gevangenes wat reeds drie of meer vorige veroordelings het.**

**Die rade van toesig soos aangestel kragtens artikel 48 van Wet 13 van 1911, het aldus Erasmus (1985:288) onder genoemde Wet soms wysigings ondergaan:**

*"Hierdie wet het gefunksioneer tot en met die aanname van Wet 8 van 1959 - dit wil sê 48 jaar, toe dit wettiglik verminder is in gevangenisrade......"*

## 2.3 GEVANGENISRADE

### 2.3.1 INSTELLING VAN GEVANGENISRADE

**Die instelling van gevangenisrade en meer spesifiek, 'n Sentrale Gevangenisraad vir die Unie van Suid-Afrika het reeds op 19 Augustus 1952 aandag geniet in 'n skrywe deur die Direkteur van die Staatsdienskommissie. In hierdie skrywe onder verwysing 39/525 word aansoek gedoen vir die aanstelling van 'n voorsitter vir die raad met 'n salarisskaal van £1 300 x 50 - 1 500. Die Staatsdienskommissie het op 6 Desember 1952 hierdie aanbeveling per skrywe 4/19/1 goedgekeur en in 'n skrywe onder dieselfde verwysing gedateer 12 Junie 1953 is die skepping van 'n pos van Voorsitter: Sentrale Gevangenisraad met ingang van 1 Augustus 1953, goedgekeur.**

**Voortspruitend hieruit is meneer D.J. Louw as Voorsitter en meneer W. Thom as Sekretaris van die Sentrale Gevangenisraad aangestel en maak die Direkteur hierdie aanstelling per Omsendbrief 12/54 gedateer 20 Maart 1954 bekend.**

**Dit het dus meegebring dat die onderskeie rade se werksaamhede deur die Sentrale Gevangenisraad gekoördineer is en het die Raad voorgesit by alle raadsvergaderings.**

**Die doel was om op 'n eenvormige wyse aanbevelings aan die Minister van Justisie te doen met betrekking tot die vermindering van vonnisse en behandeling van gevangenes wat vonnisse van meer as twee jaar gevangenisstraf uitdien (Erasmus 1985:303).**

**'n Opgawe is vervolgens van alle raadsake in aanhouding gemaak en in 'n memorandum onder verwysing 1/524/30 gedateer 28 April 1956 dui die Assistent-direkteur van Gevangenisse die volgende aan:**

**Aantal Raadsake - 12 126 wat die volgende insluit:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **-** | **Blanke onbepaalde vonnisse** | **-** | **210** |
| **-** | **Blankes bo twee jaar gevangenisstraf** | **-** | **487** |
| **-** | **Nie-Blanke onbepaalde vonnisse** | **-** | **4 050** |
| **-** | **Nie-Blankes bo twee jaar gevangenisstraf** | **-** | **7 379** |

**In Provinsiale verband het die posisie ten opsigte van raadsake soos volg daarna uitgesien:**

| | | |
|---|---|---|
| **Transvaal** | **-** | **5 662** |
| **Natal en OVS** | **-** | **2 354** |
| **Kaap** | **-** | **4 110** |

**Gedurende die tydperk 1 Mei 1955 tot 30 April 1956 is die volgende aantal gevangenes deur die Raad oorweeg:**

| | | |
|---|---|---|
| **Blankes met vonnisse van langer as twee jaar** | **-** | **293** |
| **Blankes met onbepaalde vonnisse** | **-** | **15** |
| **Nie-Blankes met vonnisse van langer as twee jaar** | **-** | **5 037** |
| **Nie-Blankes met onbepaalde vonnisse** | **-** | **1 605** |

**Op 1 September 1959, in 'n skrywe 1/924/30, het die Kommissaris van Gevangenisse die daarstelling en werksaamhede van gevangenisrade uiteengesit. Die volgende gevangenisrade is ingestel:**

**(a) <u>Sentrale Gevangenisraad:</u> Pretoria**

**(b) <u>Transvaalse Gevangenisraad: Pretoria</u>**

**Bestaande uit: GevangeniskommandementePretoria, Johannesburg, Leeuwkop, Zonderwater, Boksburg, Bethal, Witbank en Barberton.**

**(c) <u>Kaapse Gevangenisraad: Kaapstad</u>**

**Bestaande uit: Gevangeniskommandemente Kaapstad, Worcester, Oos-Londen en Port Elizabeth.**

**(d) <u>Oranje-Vrystaatse Gevangenisraad: Kroonstad</u>**

**Bestaande uit: Gevangeniskommandemente Kroonstad, Bloemfontein en Goedemoed.**

**(e) <u>Natalse Gevangenisraad: Durban</u>**

**Bestaande uit: Gevangeniskommandement Durban.**

**(f) <u>Gevangenisraad oor Voortrekkerhoogteboerderykolonie:</u> Pretoria**

**(g) <u>Gevangenisraad oor Barbertonboerderykolonie:</u> Barberton.**

**Die vestiging van hierdie gevangenisrade sluit nou aan by die Lansdownkommissie se aanbevelings (1947:113) waarin die behoud van rade voorgestel is:**

*"Die Kommissie is van mening dat hierdie rade behou moet word; dat hulle "kwyt-skeldingsrade" genoem moet word; en dat hulle funksies uitgebrei moet word en wel op die wyse hierna aangedui. Die personeel van hierdie rade is natuurlik van groot belang. As hulle behou word, behoort verseker te word dat die lede persone is wat, uit die aard van hul ondervinding, uitgebreide kennis het........"*

**Hierdie gevangenisrade is deur die Minister aangestel kragtens artikel 5 van die Wet op Gevangenisse, 1959, (Wet 8 van 1959).**

### 2.3.2 SAMESTELLING VAN GEVANGENISRADE

Die Minister het ingevolge die bepalings van artikel 5 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) die bevoegdheid gehad om gevangenisrade in te stel en het dit by hom berus om te bepaal waar gevangenisrade gesetel moet word. Die Minister het ook bepaal welke aantal gevangenisrade ingestel moet word.

Hierdie gevangenisrade het bestaan uit soveel offisiere as amptelike lede en soveel nie-amptelike lede wat die Minister mag bepaal. Die Minister het ook die voorsitter van elke gevangenisraad aangestel en bepaal artikel 5 van genoemde Wet dat die voorsitter 'n offisier van die Gevangenisdepartement moet wees. 'n Nie-amptelike lid kon dus nie as voorsitter aangestel word nie.

Die lede van die gevangenisrade is aangestel weens hulle rypheid, ervaring, sosiale agtergrond, akademiese opleiding, algemene kennis van plaaslike en algemene toestande wat die sosiologiese en ekonomiese kenmerke daarvan insluit. (Erasmus (1985:304)

Die Minister het ook die ampstermyn van 'n lid van die gevangenisraad daargestel en bepaal artikel 5(4) van Wet 8 van 1959 die volgende met betrekking tot die besoldiging van nie-amptelike lede van die raad:

*"(4) Die nie-amptelike lede van 'n gevangenisraad ontvang sodanige besoldiging as wat die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, bepaal."*

Gevangenisregulasie 126(2) uitgevaardig kragtens die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) bepaal dat die Kommissaris een of meer amptelike lede as ondervoorsitter van 'n gevangenisraad kan aanwys en moet sodanige ondervoorsitter as voorsitter in die afwesigheid van die voorsitter wat deur die Minister aangestel is, waarneem. Indien die ondervoorsitter as voorsitter waarneem, het hy dus dieselfde bevoegdhede as die voorsitter.

### 2.3.3 WERKSAAMHEDE, PLIGTE EN BEVOEGDHEDE VAN GEVANGENISRADE

#### 2.3.3.1 ASSESSERING

Gevangenisregulasie 127 (1959) spreek die werksaamhede van gevangenisrade aan en bepaal dat 'n onderhoud met 'n gevonniste gevangene so spoedig moontlik na opname deur die gevangenisraad gevoer moet word. Hierdie bepaling kom dus daarop neer dat sodanige gevangenes individueel voor die gevangenisraad moet verskyn.

Tydens onderhoudvoering met die gevangene het die volgende aksies hom voorgedoen:

- Die gevangene is gemaan om goeie gedrag te openbaar vir die duur van sy gevangesetting.

- Die implikasies van sy vonnis, die dissipline-, behandelings- en opleidingsprogramme is aan hom verduidelik en is sy inskakeling by die programme beklemtoon.

- 'n Verslag is deur die gevangenisraad opgestel met die doel om ten opsigte van elke sodanige gevangene 'n aanbeveling aan die Kommissaris te maak met betrekking tot klassifikasie, veiligebewaring, behandeling en opleiding.

- Die gevangene het ook die geleentheid gekry om sy vrese, probleme en behoeftes te ventileer en op hierdie wyse het die gevangenisraad meer en belangrike inligting ten opsigte van die gevangene ingewin.

Hierdie metode het dus meegebring dat 'n gevangene meer vertroud geraak het met sy omgewing, prosedures in die gevangenis, die implikasie van sy vonnis en reëls wat in die gevangenis geld. Die gevangenisraad het op sy beurt die geleentheid benut om 'n studie van die gevangene te maak met die doel om op 'n verantwoordelike en objektiewe wyse verslag te doen.

### 2.3.3.2 VERGADERING DEUR DIE GEVANGENISRAAD

Die reël en hou van vergaderings deur 'n gevangenisraad word bepaal deur regulasie 128 (1959) en kan een of meer vergaderings onder voorsitterskap van die voorsitter of ondervoorsitter byeengeroep word. Die Kommissaris bepaal hoe dikwels 'n vergadering binne die regsgebied van 'n gevangenisraad moet plaasvind.

'n Kworum by 'n vergadering word geag te wees die voorsitter of ondervoorsitter, tesame met minstens een ander lid van die gevangenisraad en moet die voorsitter of ondervoorsitter 'n agenda vir doeleindes van 'n vergadering opstel. Ten opsigte van sodanige vergadering is 'n notule gehou en is alle beslissings ook genotuleer.

### 2.3.3.3 VERSLAE EN AANBEVELINGS

Artikel 61 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) bepaal dat 'n gevangenisraad verslae aan die Kommissaris moet voorlê oor onder andere, die gedrag, opleiding, aanleg en vlyt van elke gevangene wat binne die bevoegdheid van 'n gevangenisraad hanteer word. Hierdie verslae moet *"...... op sodanige tye en met sodanige tussenpose (welke tussenpose nie langer as een jaar mag wees nie) as wat die Kommissaris bepaal of wanneer hy deur die Kommissaris aangesê word om dit te doen"*, voorgelê word.

Regulasie 129(10) bepaal dat die volgende ten opsigte van die betrokke gevangene by sodanige verslag ingesluit moet word:

(a) aanpassing by inrigtingsbehandeling en sy mede gevangenes;

(b) samewerking en vordering by opleiding; en

(c) gedrag en moontlike rehabilitasie.

Die volgende aanbevelings moet ook kragtens artikel 61 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959), gedoen word.

die opleiding en behandeling wat op die betrokke gevangene toegepas word;

- die vrylating van die gevangene;
- die tydperk waarvoor, die toesig waaronder en die voorwaardes waarop die gevangene op proef vrygelaat kan word;
- die afslag van gedeelte van vonnis;
- enige ander inligting wat in 'n spesiale verslag verlang mag word.

**2.3.3.4 JURISDIKSIE OOR GEVANGENES**

Ingevolge die bepalings van artikel 61 van die Wet op Gevangenisse het die gevangenisraad jurisdiksie oor gevangenes:

(i) wat 'n vonnis van gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding opgelê is;

(ii) wat 'n vonnis van gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad opgelê is;

(iii) wat 'n vonnis van gevangenisstraf van twee jaar of meer opgelê is;

(iv) wat lewenslange gevangenisstraf opgelê is;

(v) wat ingevolge die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945) verklaar is 'n ledige persoon te wees;

(vi) wat tot gewoontemisdadiger verklaar is; of

(vii) ten aansien van wie 'n spesiale verslag deur die Kommissaris verlang word.

**2.3.3.5 RAADGEVANGENES**

Gevangenes vermeld in paragraaf 2.3.3.4 hierbo is raadsake of raadgevangenes, maar het die Kommissaris in Omsendbrief 57 van 1960 gedateer 13 Julie 1960 en onder verwysing 1/924/30 bepaal dat 'n gevangene nie meer as 'n raadsaak beskou word nie indien sy vonnis by hersiening of appél tot onder twee jaar gevangenisstraf verminder word. Sodanige gevangene ontvang dan strafvermindering wat op 'n gevangene met 'n vonnis van minder as twee jaar van toepassing is.

Vir doeleindes van strafvermindering is 'n gevangene wat 'n raadsaak is en ten opsigte van wie 'n gedeeltelike boete betaal is wat sy oorblywende vonnis op minder as twee jaar gevangenisstraf te staan gebring het, steeds as 'n raadsaak beskou. Dit is gedoen om

te verhoed dat sodanige gevangenes wat in staat is om 'n gedeeltelike boete te betaal, ten opsigte van strafvermindering bevoordeel word.

Boete is ook op die volle onverstreke deel van 'n gevangene wat 'n raadsaak is, se vonnis bereken indien strafvermindering nog nie bepaal is deur 'n gevangenisraad en sodanige strafvermindering nie effektief geraak het nie. Strafvermindering kon slegs deur 'n gevangenisraad bepaal word nadat 'n gevangene die helfte van sy vonnis uitgedien het.

**2.3.3.6 KLASSIFISERING VAN GEVANGENES**

Klassifisering van gevangenes moet volgens die Kommissaris se Omsendbrief No. 57 van 1960 gedoen word deur 'n ontleding van elke individuele geval te maak. Persoonlike faktore, die gevangene se misdaadgeskiedenis en die aard en omvang van sy misdaad is dus van belang.

Raadsake moes dus op grond van hul misdaadgeskiedenis en misdaadneigings asook hul karakters en geestelike disposisie in groepe ingedeel word. Na hierdie indeling kon gevangenes ooreenkomstig hul gedrag en aanpassing op 'n progressiewe basis deur die gevangenisraad bevorder word tot 'n hoër groep, of in die geval van negatiewe gedrag tot 'n laer groep degradeer word. Hierdie op - of degradering is deur die voorsitter van die gevangenisraad gedoen sonder enige tussenkoms van die Kommissaris.

Die klassifikasie van gevangenes is in A-, B-, C- of D-groepe gedoen.

(i) D-Groep: Dit is gevangenes wat se misdaadgeskiedenis van misdade soos roof, verkragting of geweldpleging getuig, of die een of ander waaghalsige ontvlugting. Dit het ook ingesluit 'n gevangene wat hom gedurende 'n vorige gevangesetting skuldig gemaak het aan onreëlmatighede soos deelname aan bendes, messtekery en opstokery. Dit is dus die tipe gevangene wat nie sal huiwer om geweld in 'n gevangenis te pleeg, of te ontvlug om misdaad in die gemeenskap te hervat nie.

Die doel van D-groepklassifikasie was dus daarop gerig om absolute veiligebewaking van hierdie kategorie gevangenes te verseker, die afskrikwaarde van gevangenisstraf tuis te bring en die gemeenskap optimaal te beskerm.

(ii) __C-Groep:__ Dit is 'n gevangene wat nog nie vertrou kan word om in 'n hoër groep geplaas te word nie, ongeag daarvan dat hy die beste onder die swakstes is. Gevangenes wat ook nie sal huiwer om te ontvlug nie, is in hierdie groep geplaas en is streng veiligebewaking noodsaaklik.

(iii) __B-Groep:__ Gevangenes wat hulle skuldig gemaak het aan misdade teen die eiendom in die gemeenskap en nie teen die persoon nie, is in hierdie groep geplaas. Misdade was dus oor die algemeen ekonomies van aard en is ontvlugting in die algemeen gesproke nie een van die doelwitte van die gevangenes nie. Dit was dan ook hierdie groep gevangenes wat vertrou is om buite die gevangenis onder bewaking te werk.

(iv) __A-Groep:__ Dit was gevangenes wat reeds deur ywer, vlyt en goeie gedrag en die nodige aanleg gekeur is om intensiewe opleiding te ontvang of diegene wat die proses van opleiding met sukses voltooi het. Hierdie groep gevangenes het ook in die algemeen gratifikasie ontvang.

Voorregte ten opsigte van die onderskeie groepe het ook verskil en is dit te begrype dat gevangenes in die A-groep die meeste voorregte geniet het.

## 2.3.3.7 STRAFVERMINDERING EN VOORWAARDELIKE VRYLATING

### 2.3.3.7.1 STRAFVERMINDERING

In sy Omsendbrief No. 57 van 1960 gedateer 13 Julie 1960 wys die Kommissaris op die volgende wat dien as basis vir die toekenning van strafvermindering deur gevangenisrade aan gevangenes met bepaalde vonnisse van 2 jaar en langer:

- een-derde van die totale vonnis aan gevangenes wat as eerste-oortreders geklassifiseer is en voor 1 Januarie 1958 gevonnis is;
- een-kwart van die totale vonnis aan eerste oortreders wat sedert 1 Januarie 1958 gevonnis is; en
- een-agste van die totale vonnis aan residiviste.

Vermelde omsendbrief het ook 'n residivis omskryf as 'n persoon wat, nadat hy gevonnis was tot:

(i) 'n gesamentlike vonnis van gevangenisstraf van meer as 123 dae met of sonder die keuse van 'n boete, ongeag of die boete betaal is of nie; of

(ii) 'n boete van meer as £50 (sonder gevangenisstraf); of

(iii) 'n tydperk van aanhouding in 'n boerderykolonie, werkkolonie of verbeteringsgestig, daarna gevonnis word tot aanhouding in 'n gevangenis of boerderykolonie vir 'n tydperk van meer as 123 dae, met of sonder die keuse van 'n boete.

Geen veroordeling soos hierbo vermeld is egter by die bepaling van residivisme in aanmerking geneem indien 'n tydperk van 10 jaar verloop het tussen die datum waarop die lopende vonnis opgelê is en:

(i) die datum waarop die laaste voorafgaande vonnis soos hierbo genoem sonder strafvermindering verstryk het; of

(ii) indien daar ten opsigte van die voorafgaande vonnis soos hierbo vermeld 'n keuse van 'n boete gestel was, en die boete betaal is, die datum waarop die boete betaal is; of

(iii) as daar slegs 'n boete van meer as £50 opgelê was, die datum waarop die vonnis opgelê is.

Hierdie metode in die bepaling van residivisme is gevolg ten einde te verhoed dat persone wat vir geringe oortredings, byvoorbeeld onder andere verkeersordonansies, paswette, ensovoorts, gevonnis was, as residiviste geklassifiseer word.

Die toekenning van strafvermindering aan gevangenes met vonnisse van twee jaar en langer is gesanksioneer deur regulasie 131(1) (1958) en bepaal dat die Kommissaris, op aanbeveling van 'n gevangenisraad, goedkeuring kan verleen vir die toekenning van strafvermindering van hoogstens een-derde van die totale gevangenisstraf van twee jaar of meer.

**2.3.3.7.2 VOORWAARDELIKE VRYLATING**

Artikel 67 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) magtig die Kommissaris om nadat hy deur die Goewerneur-generaal of die Minister gemagtig is om 'n gevangene op proef vry te laat, sodanige gevangene vry te laat op die voorwaardes wat deur die Goewerneur-generaal of Minister gestel mag word. Die Kommissaris kan egter met die magtiging van die Minister sodanige voorwaardes wysig of kanselleer.

Indien 'n gevangene na vrylating op proef nie die gestelde voorwaardes nakom nie, kan die Kommissaris hom weer in 'n gevangenis laat opneem en aanhou asof hy nie vrygelaat is nie. Tensy die Minister anders bepaal, moet die tydperk van aanhouding gelyk wees aan die onverstreke deel van die vonnis.

Die vrylating van gevangenes op parool met bepaalde vonnisse op aanbeveling deur 'n gevangenisraad, kan ingevolge die bepalings van artikel 63 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) deur die Kommissaris goedgekeur word en wys Erasmus (1985:307) daarop dat 'n gevangenisraad sodanige aanbeveling kan maak indien hy oortuig is dat parool die rehabilitasie van 'n gevangene sal bevorder.

Die Kommissaris vestig in sy Omsendbrief 57 van 1960 gedateer 13 Julie 1960 gevangenisrade se aandag daarop dat aanbevelings vir vrylating op parool van gevangenes wat onbepaalde vonnisse uitdien, op die volgende grondslag gedoen moet word:

(i) Lewenslange gevangenisstraf: Nadat die gevangene minstens tien jaar van sy vonnis gedien het of nadat hy die vonnis uitgedien het wat deur die Uitvoerende Raad as die minimumtydperk gestel is.

(ii) Gewoontemisdadigers:

- Nadat hy minstens sewe jaar van sy vonnis uitgedien het, indien hy voor 1 September 1959 tot gewoontemisdadiger verklaar is.
- Nadat hy minstens nege jaar van sy vonnis uitgedien het, indien hy op of na 1 September 1959 tot gewoontemisdadiger verklaar is.

(iii) Gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad: Nadat hy minstens vyf jaar van sy vonnis uitgedien het.

(iv) Gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding: Nadat hy minstens twee jaar van sy vonnis uitgedien het.

By aanbeveling vir die vrylating van 'n gevangene op parool is die aard en erns van die oortreding waaraan die gevangene skuldig bevind is, in aanmerking geneem en is aanbevelings vir vrylating op parool van gevangenes wat weens veediefstal, besit, kweek van en handel in dagga, roof of 'n oortreding van die Ontugwet, skuldig bevind is, slegs in uitsonderlike gevalle goedgekeur.

Die volgende paroolvoorwaardes is onder andere by paroolvrylating gestel:

- Die plasing onder toesig by 'n bepaalde persoon, liggaam of organisasie vir 'n bepaalde tyd.
- Die inwoning by 'n bepaalde plek en persoon.
- Die beoefening van 'n bepaalde beroep en dat verandering in betrekking slegs met die Kommissaris se goedkeuring mag plaasvind.
- Beperking op die assosiasie met persone van 'n swak karakter.
- Beperking op die besoek van ongewenste plekke.
- Gereelde verbinding met die toesighoudende beampte.
- Weerhouding van die pleeg van misdaad.
- Beperking tot 'n bepaalde geografiese gebied.
- Onderhouding van sy gesin.
- Die nakoming van alle wettige bevele deur sy werkgewer en dat hy sy pligte tot die beste van sy vermoë sal nakom.

- Hergevangesetting indien enige voorwaardes verbreek word vir die tydperk van die onverstreke deel van sy vonnis.

Die Kommissaris wys in sy Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1963 tot 30 Junie 1966 (1967:8) daarop dat: *"Vrylating op parool beteken die vrylating van die gevangene onder toesig op sekere voorwaardes nadat hy 'n deel van sy vonnis uitgedien het."*

### 2.3.3.8 AANSTELLING VAN GEVANGENISRAAD VIR VROUEGEVANGENES IN DIE KAAPPROVINSIE

Die Minister het op 11 Mei 1962 'n gevangenisraad vir vroue in die Kaapprovinsie goedgekeur nadat die Kommissaris 'n aanbeveling in die verband op 10 Mei 1962 in 'n memorandum onder verwysing G3/1/62, aan die Minister gemaak het.

Aangesien dit die eerste gevangenisraad is wat slegs vrouegevangenes hanteer het word dit as noodsaaklik beskou om die lede se name te vermeld en is die raad soos volg saamgestel:

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | luitenant-kolonel P C du Toit |
| Amptelike lid: | mevrou J Terblanche |
| Nie-amptelike lid: | mevrou E Steinberg |
| Nie-amptelike lid: | mevrou (dr) Lambrechts. |

Die Raad was belas met alle aangeleenthede met betrekking tot vrouegevangenes van alle rasse in die Kaapprovinsie.

Buiten die funksie wat kragtens die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) aan die Raad opgedra is, moes die Raad in opdrag van die Minister, die Kommissaris adviseer met betrekking tot die behandeling en huisvesting van vrouegevangenes in Kaapland.

### 2.3.3.9 INRIGTINGSRADE

Die Kommissaris het in sy Omsendbrief No. 57 van 1960 gedateer 13 Julie 1960 aan voorsitters van gevangenisrade opdrag gegee om by elke gevangenis, in oorleg met die Bevelvoerende Offisier, 'n inrigtingsraad in te stel. Hierdie inrigtingsraad moet bestaan uit die hoof van die gevangenis en lede werksaam in die gevangenis. Indien daar offisiere by die gevangenis beskikbaar is, moet een van die offisiere optree as voorsitter van die inrigtingsraad - ook genoem die inrigtingskomitee. Indien daar nie 'n offisier beskikbaar is nie, moet die hoof van die gevangenis as voorsitter optree.

Die inrigtingskomitee moet die gevangenisraad adviseer met betrekking tot die aard van die opleiding wat 'n gevangene ondergaan het asook sy vlyt, gedrag en aanpassing en enigiets wat tot die raad se aandag gebring behoort te word.

Erasmus (1985:310) wys daarop dat die Kommissaris in sy Verslag van Gevangenisse gedurende 1963 melding gemaak het van inrigtingskomitees en die noodsaaklikheid van die skakeling deur die komitees met gevangenisrade.

### 2.3.3.10 DESENTRALISERING VAN GEVANGENISRADE

Die Kommissaris van Gevangenisse het gedurende 1970 bevind dat die bedryf van bestaande gevangenisrade nie koste effektief is nie en het die Minister in die verband geadviseer in 'n memorandum onder verwysing 1/9/1 gedateer 30 Januarie 1970.

Die probleem het ontstaan as gevolg van:

- die lang afstande wat deur gevangenisrade afgelê moes word na inrigtings waar raadsake aangehou is;
- die feit dat slegs die Transvaalse gevangenisraad oor 'n voltydse voorsitter beskik het en alle ander gevangenisrade is bestuur onder die voorsitterskap van bevelvoerende offisiere. Die aard en omvang van bevelvoerende offisiere se pligte en verantwoordelikhede het meegebring dat dit nie vir hulle moontlik was om, veral waar daar 'n groot saamtrek

van raadgevalle was, ook op rade te dien nie. Dit het meegebring dat nie-amptelike lede in die grootste mate die werk moes verrig het.

Tot op daardie stadium het inrigtingskomitees aanbevelings aan die Kommissaris voorgelê met betrekking tot raadsake se heraanpassing en groepering, opleiding, ander behandeling, die toekenning van gratifikasie, oorplasings en die aanstelling van monitors. 'n Toewysingskomitee het weer op sy beurt, aanbevelings van die observasie - sentrum ontvang met betrekking tot die observasieproses waaraan 'n raadgeval onderwerp is.

Hierdie funksie was in die verlede deur gevangenisrade hanteer en was gevangenisrade slegs paroolrade wat gemoeid is met die vrylating van gevangenes. Die groot getalle gevangenes wat hanteer moes word het tot gevolg gehad dat hierdie paroolraad (gevangenisrade) nie vertroud kon raak met die omstandighede van elke geval nie. Hulle was dus aangewese op inligting wat deur inrigtingskomitees verstrek is en het die praktyk bewys dat inrigtingskomitees beter in staat was om 'n aanbeveling vir vrylating ten opsigte van 'n gevangene te maak, aangesien hulle noue kontak met gevangenes gehad het en is daar ten minste drie keer per jaar onderhoude met gevangenes wat as raadsake geklassifiseer is, gevoer in teenwoordigheid van lede wat deurlopend met sodanige gevangene in aanraking was.

Gevangenisrade kan 'n gevangene hoogstens een keer per jaar sien en was sodanige onderhoud baie oppervlakkig. Die Kommissaris was van mening dat die gevangenisraad, toewysingskomitee en inrigtingskomitee in een liggaam gekombineer behoort te word.

Dit sal dus meebring dat die gevangenisraad in totaliteit gemoeid sal wees met 'n gevangene se behandelingsprogram en sal kontinuïteit in die verband ook verseker word.

Die Kommissaris was ook van mening dat die toekenning van gratifikasie aan gevangenes en kontrole daaroor onmiddellik na vrylating, die verkryging van geskikte werk en verblyf vir vrygelate gevangenes en verdere opvolging om te verseker dat

paroolvoorwaardes wel nagekom word, nie die nodige aandag geniet wat dit verdien nie. Voorts was hy van mening dat die voorgestelde rade meer aandag daaraan sal kan skenk.

Desentralisering van rade na verskeie ander gevangenisse is op 18 September 1970 in 'n skrywe onder verwysing 1/9/1 deur die Kommissaris aan alle streekkommissarisse en ander belanghebbendes bekend gemaak. Die bestaande gevangenisrade, toewysings- en inrigtingskomitees is ook in een liggaam gekombineer.

'n Gevangenisraad was in terme van sy werksaamhede 'n selfstandige en outonome liggaam wat onder Gevangenishoofkantoor ingedeel is.

Op 14 Desember 1979 het die Minister die herindeling en ontbinding van die Transvaalse Gevangenisraad goedgekeur nadat die Kommissaris hom op 11 Desember 1979 per memorandum onder verwysing 1/9/1, in die verband geadviseer het.

Op daardie stadium was die Transvaalse Gevangenisraad te Nigel gesetel en het die volgende kommandemente bedien:

(i) Modderbee
(ii) Pietersburg en
(iii) Pretoria (slegs Nie-Blankes)

Die Minister het goedgekeur dat die Transvaalse Gevangenisraad ontbind en soos volg by ander gevangenisrade ingedeel word:

(i) Modderbee by Groenpuntgevangenisraad;
(ii) Pietersburg by Baviaanspoortgevangenisraad; en
(iii) Pretoria (Nie-Blankes) by die Pretoria (Blanke) Gevangenisraad.

Aldus die Kommissaris het die herindeling en ontbinding van die Transvaalse Gevangenisraad die volgende voordele ingehou:

(a) Beperking ten opsigte van Staatsmotorvervoer;
(b) 'n Meer eweredige verspreiding van werkslading;

(c) Die vermindering van een amptelike raadslid van die Groenpuntse Gevangenisraad;

(d) Groter doeltreffendheid oor die algemeen.

## 2.4 VRYLATINGSRADE

### 2.4.1 INSTELLING

Die instelling van Vrylatingsrade het wetlike beslag verkry deur die Wysigingswet op Gevangenisse, 1980 (Wet 22 van 1980).

Vrylatingsrade is ingestel in die plek van gevangenisrade en is die Minister gesanksioneer deur artikel 5 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) om een of meer rade aan te stel wat as vrylatingsrade bekend staan. Die Minister stel dus die lede van sodanige raad aan en:

- beklee 'n lid sy amp vir die tydperk wat die Minister bepaal.
- kan so 'n lid weer op die vrylatingsraad aangestel word na verstryking van die tydperk waarvoor hy aangestel was.
- kan die Minister te eniger tyd die ampstermyn van 'n lid van 'n vrylatingsraad beëindig.
- bestaan 'n vrylatingsraad uit soveel offisiere as amptelike lede en soveel nie-amptelike lede as wat die Minister mag bepaal. Die Minister het ook die reg voorbehou om 'n vrylatingsraad uit slegs amptelike lede of nie-amptelike lede saam te stel.
- die Minister wys van tyd tot tyd 'n voorsitter vir die vrylatingsraad aan.
- die besoldiging van nie-amptelike lede word deur die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

Uit die voormelde is dit duidelik dat die Minister, indien hy so sou besluit, slegs een vrylatingsraad kan aanstel wat alle gevangenisse bedien. Die Minister is ook nie beperk tot die aanstelling van slegs 'n amptelike lid (offisier) as voorsitter nie (ten opsigte van gevangenisrade kon hy slegs 'n amptelike lid (offisier) as voorsitter aanstel) en kan 'n

**nie-amptelike lid as voorsitter van 'n vrylatingsraad aangestel word.**

**Die Kommissaris meld in sy Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1979 tot 30 Junie 1980 (1980:48) die volgende met betrekking tot die instelling van Vrylatingsrade:**
*"Voor die wysiging van artikels van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959), soos gewysig deur Wet No. 22 van 1980, was Gevangenisrade die instellings wat benewens opleiding en behandeling van die gevangene, ook direk gemoeid was met die vrylatingsaspek.*

*Gedagtig egter aan die bepalings van artikel 2(2)(b) van die Wet wat gaan oor die behandeling van die gevangene en weens die besef dat 'n dinamiese stelsel voortdurend deur navorsing en besinning oor byvoorbeeld paroolsuksesse en - mislukkings periodiek aangepas en uitgebou moet word sodat die grootste mate van doeltreffendheid nagestreef word, is die bestaande Gevangenisrade vervang deur Vrylatingsrade."*

**Die Kommissaris het voorts op 16 Junie 1980 per Algemene Rondskrywe No. 48 van 1980 die volgende vrylatingsrade ingestel:**

**(a) <u>Pretoria Vrylatingsraad: Setel - Gevangenishoofkwartier</u>**

**Hierdie vrylatingsraad se regsgebied het die volgende behels:**

**1. Baviaanspoort**
**2. Barberton**
**3. Pretoria**
**4. Witbank**
**5. Zonderwater**
**6. Alle vrylatingsaangeleenthede rakende alle Blanke raadgevangenes in die Republiek van Suid-Afrika**

**(b) <u>Allandale Vrylatingsraad: Setel - Allandale</u>**

**Hierdie vrylatingsraad se regsgebied het die volgende behels:**

**1. Allandale**
**2. Pollsmoor**
**3. Robbeneiland**
**4. Victor Verster**

**(c) <u>Bethal Vrylatingsraad: Setel - Standerton</u>**

**Hierdie vrylatingsraad se regsgebied het die volgende behels:**

**1. Bethal**
**2. Groenpunt**
**3. Modderbee**

(d) **Brandvlei Vrylatingsraad: Setel - Brandvlei**

Hierdie vrylatingsraad se regsgebied het die volgende behels.

1. Brandvlei
2. George
3. Worcester

(e) **Kroonstad Vrylatingsraad: Setel - Kroonstad**

Hierdie vrylatingsraad se regsgebied het die volgende behels:

1. Bloemfontein
2. Klerksdorp
3. Kroonstad
4. Kimberley

(f) **Leeuwkop Vrylatingsraad: Setel - Leeuwkop**

Hierdie vrylatingsraad se regsgebied het die volgende behels:

1. Leeuwkop
2. Johannesburg

(g) **Oos-Londen Vrylatingsraad: Setel - Oos-Londen**

Hierdie vrylatingsraad se regsgebied het die volgende behels:

1. Goedemoed
2. Middelburg (KP)
3. Oos-Londen
4. Port Elizabeth

(h) **Pietermaritzburg Vrylatingsraad: Setel - Pietermaritzburg**

Hierdie vrylatingsraad se regsgebied het die volgende behels:

1. Durban
2. Ladysmith
3. Pietermaritzburg
4. Waterval

(i) **Kandaspunt Vrylatingsraad: Setel - Kandaspunt**

Hierdie vrylatingsraad se regsgebied het die volgende behels:

1. Kandaspunt.

### 2.4.2 WERKSAAMHEDE EN PLIGTE

Die werksaamhede en pligte van 'n vrylatingsraad is bepaal deur die Wysigingswet op Gevangenisse, 1980 (Wet 22 van 1980) en daarvolgens, soos vervat in artikel 61A van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959), moet 'n vrylatingsraad op sodanige tye as wat die Kommissaris mag bepaal, aanbevelings doen ten opsigte van die vrylating van 'n gevangene òf op proef, òf op parool, of by die verstryking van sy vonnis.

**Die Kommissaris stel dit in sy Jaarverslag 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1981 (1981:48) dat dit die vrylatingsraad se taak is om aanbevelings te doen met betrekking tot die vrylating van 'n gevangene, dit wil sê voorwaardelik of onvoorwaardelik.**

*"Indien voorwaardelik, is dit die Vrylatingsraad se taak om te besluit oor die voorwaardes waarop, die tydperke waarvoor en die toesig waaronder sodanige gevangenes vrygelaat word."*

**Die vrylatingsraad is ook statutêr verplig om aanbevelings te doen met betrekking tot die toekenning en verbeuring van strafvermindering.**

**Dit is insiggewend om daarop te let dat die vrylatingsraad verslag gelewer het op aanbevelings deur die inrigtingskomitee. Die inrigtingskomitee is statutêr gevestig deur die Wysigingswet op Gevangenisse, 1980 (Wet 22 van 1980) en daarvolgens was inrigtingskomitees verplig om feitelike verslae voor te lê oor 'n gevangene se gedrag, aanpassing, opleiding, algemene behandeling en misdaadgeskiedenis soos vervat in artikel 61 van die Wet op Gevangenisse wat soos volg bepaal:**

*"61. **Werksaamhede en pligte van inrigtingskomitees.** - 'n Inrigtingskomitee moet met behoorlike inagneming van enige opmerkings wat ten tye van die oplegging van vonnis deur die betrokke hof gemaak is en op sodanige tye en met sodanige tussenpose (welke tussenpose nie langer as ses maande mag wees nie) as wat die Kommissaris bepaal of wanneer hy anders deur die Kommissaris of vrylatingsraad aangesê word -*

*(a) aanbevelings doen aangaande die opleiding en behandeling wat op 'n gevangene bedoel in paragraaf (b) toegepas moet word;*

*(b) verslae in die voorgeskrewe vorm aan die Kommissaris en die vrylatingsraad voorlê oor, onder andere, die gedrag, aanpassing, opleiding, aanleg, vlyt fisiese en geestesgesondheidstoestand en die moontlikheid van terugval in misdaad van elke gevangene wat aangehou word in die gevangenis ten opsigte waarvan hy ingestel is en-*

(i) *op wie 'n vonnis van gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding opgelê is;*

(ii) *op wie 'n vonnis van gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad opgelê is;*

(iii) *op wie 'n vonnis van gevangenisstraf van twee jaar of langer opgelê is;*

(iv) *op wie lewenslange gevangenisstraf opgelê is;*

(v) *wat tot gewoontemisdadiger verklaar is; of*

(vi) *ten aansien van wie 'n spesiale verslag deur die Kommissaris verlang word; en*

(c) *die ander werksaamhede en pligte verrig wat van tyd tot tyd deur die Kommissaris bepaal word."*

**Die Kommissaris sê in sy Jaarverslag 1 Julie 1979 tot 30 Junie 1980 (1980:48):**
*"Dit is op grond van hierdie verslae oor, of profiele van gevangenes wat die Vrylatingsraad sy aanbevelings maak.*
*'n Verdere voordeel van die veranderde beleid is dat daar op 'n ander vlak, maar steeds binne die konteks van die behandelingsprogram, 'n nuwe dimensie geskep is wat 'n groter meelewendheid en betrokkenheid bewerkstellig het deur die dissipline personeel wat in ander stelsels as "custodial staff" bekend staan, by die behandeling van die gevangene betrek word."*

**Ingevolge die bepalings van artikel 5A van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) word 'n inrigtingskomitee deur die Kommissaris ingestel en gelet daarop dat die Minister vrylatingsrade instel, is dit duidelik dat dit verskillende liggame met verskillende werksaamhede en pligte is.**

**Vrylatingsrade was dus nie gemoeid met die behandeling en opleiding van gevangenes nie en het slegs na aanleiding van verslae deur inrigtingskomitees, aanbevelings gedoen met betrekking tot die vrylating van 'n gevangene.**

## 2.5 DIE SENTRALE VRYLATINGSRAAD

Die Kommissaris wys in sy Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1981 (1981:21) daarop dat daar met die oog op groter doeltreffendheid besluit is om vrylatingsrade tot 'n Sentrale Vrylatingsraad te konsolideer wat deur die onderskeie inrigtingskomitees bygestaan sal word.

Die regsgebied van die Sentrale Vrylatingsraad het dus die hele Republiek van Suid-Afrika behels en was by Gevangenishoofkwartier te Pretoria gesetel. Die Kommissaris sê in die verband (1981:21) *"Elke gevangenis in die Republiek van Suid-Afrika waar langtermyngevangenes aangehou word, het 'n inrigtingskomitee wat deur middel van spesifieke inligting, vakkundige verslae en/of enige ander aanverwante besonderhede die Sentrale Vrylatingsraad in staat stel om aan die Kommissaris van Gevangenisse of aan die Minister van Justisie aanbevelings te doen oor die voorwaardelike of onvoorwaardelike vrylating van 'n gevangene."*

Ongeag van die daarstelling van 'n Sentrale Vrylatingsraad, het die Kommissaris die Kandaspunt Vrylatingsraad behou (1981:21) met die doel om administratiewe reëlings te vergemaklik met die moontlike latere oorname van die gevangenisfunksie deur KwaZulu.

Die werksaamhede en pligte van die Sentrale Vrylatingsraad was dieselfde as die van die vrylatingsrade en het die Minister slegs sy bevoegdheid ingevolge die bepalings van artikel 5 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) uitgeoefen deur slegs een vrylatingsraad in te stel:
*"Die Minister stel een of meer rade aan, wat as vrylatingsrade bekend staan..."*

In die Jaarverslag van die Kommissaris vir die tydperk 1 Julie 1982 tot 30 Junie 1983 (1983:27) word daarop gewys dat die Sentrale Vrylatingsraad gedurende die verslagjaar 19 674 gevalle oorweeg het en die Kandaspunt Vrylatingsraad 584 gevalle. Van al die gevalle wat oorweeg is, is onderskeidelik 7 619 en 101 vir voorwaardelike vrylating aanbeveel, terwyl onderskeidelik 9 104 en 392 gevalle vir onvoorwaardelike vrylating

**aanbeveel is. In sy Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1985 tot 30 Junie 1986 (1986:67) wys die Kommissaris daarop dat die Sentrale Vrylatingsraad gedurende die tydperk 23 745 gevalle hanteer het. Uit hierdie aantal is 9 345 gevangenes vir voorwaardelike en 14 400 vir onvoorwaardelike vrylating aanbeveel.**

**Volgens die Jaarverslag van die Kommissaris (1987:9) is 26 893 gevalle gedurende die tydperk 1 Julie 1986 tot 30 Junie 1987 hanteer, waarvan 8 745 vir voorwaardelike vrylating aanbeveel is. Die Vrylatingsraad se werksaamhede vir die tydperk 1 Julie 1987 tot 30 Junie 1988 het volgens die Kommissaris se Jaarverslag (1988:70) meegebring dat die Vrylatingsraad 29 542 gevalle hanteer het waarvan 11 115 vir voorwaardelike en 18 427 vir onvoorwaardelike vrylating aanbeveel is.**

**Vir die tydperk 1 Julie 1988 tot 30 Junie 1989 wys die Kommissaris in sy Jaarverslag (1989:7) daarop dat die Sentrale Vrylatingsraad 21 590 gevalle met vonnisse van langer as twee jaar gevangenisstraf hanteer het. Van hulle is 7 572 vir voorwaardelike en 14 018 vir onvoorwaardelike vrylating aanbeveel. Vir die tydperk 1 Julie 1989 tot 30 Junie 1990 het die Sentrale Vrylatingsraad, aldus die Kommissaris se Jaarverslag (1990:8), 23 199 gevalle hanteer en is 8 424 vir voorwaardelike en 14 775 vir onvoorwaardelike vrylating aanbeveel.**

**Die Sentrale Vrylatingsraad se bevoegdhede is volgens die Kommissaris se Jaarverslag vir die tydperk 1 Januarie 1993 tot 31 Desember 1993 (1994:9) geleidelik aan inrigtingskomitees opgedra in afwagting op die nuwe vrylatingsbeleid se implementering op 1 Maart 1994. Volgens die nuwe vrylatingsbeleid sal die rol van die Sentrale Vrylatingsraad deur paroolrade oorgeneem word. Die Sentrale Vrylatingsraad is na 'n tydperk van 13 jaar en 5 maande op 30 November 1993 finaal uitfaseer.**

## 2.6 DIE VRYLATINGSADVIESRAAD

### 2.6.1 INSTELLING

**Die instelling van 'n Vrylatingsadviesraad het voortgespruit uit die Viljoenkommissie se ondersoek na die Strafstelsel van die Republiek van Suid-Afrika (1976:161) waarvolgens die Kommissie onder andere die volgende aanbeveel het:**

*"Om die tekortkominge in ons paroolstelsel uit die weg te ruim te wete gebrek aan koördinasie tussen die gevangenisrade en die regbank, moet 'n tweevoudige remedie aangewend word:*

*(a) die paroolstelsel moet gesentraliseer word deur die daarstelling van een paroolraad vir die hele Republiek om die ingewikkelder sake te hanteer, om 'n eenvormige beleid te formuleer wat deur gevangenisrade in die minder ernstige gevalle gevolg moet word, en oor die algemeen, om aan hierdie rade leiding te gee.*

*(b) die regbank moet verteenwoordig wees op die sentrale paroolraad sodat volkome koördinasie tussen gevangenisrade en die regbank teweeggebring kan word."*

**Die Kommissaris meld in sy Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1981 tot 30 Junie 1982 (1982:67) dat die Viljoenkommissie onder andere aanbeveel het dat 'n gesentraliseerde of nasionale paroolraad met 'n Regter van die Hooggeregshof as voorsitter, tot stand gebring moet word om vrylating op parool te oorweeg en om die owerhede daaroor van raad te bedien in die volgende gevalle:**

**(a) waar gevangenisstraf van meer as nege jaar opgelê is;**

**(b) waar die gevangene tot 'n gewoontemisdadiger verklaar is en die onbepaalde vonnis uitdien;**

**(c) waar die Minister die aanbeveling van die paroolraad benodig. Alle ander paroolgevalle wat deur die gevangenisraad hanteer word.**

## 2.6.2 SAMESTELLING

Die Vrylatingsadviesraad het wetlik sy beslag gevind deur die Wysigingswet op Gevangenisse, 1982 (Wet 65 van 1982) en daarvolgens bestaan die Raad uit:

(a) 'n regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika;

(b) 'n landdros van 'n streekafdeling;

(c) 'n prokureur-generaal of 'n adjunk-prokureur-generaal;

(d) 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie met of bo die rang van brigadier;

(e) 'n lid van die Gevangenisdiens met of bo die rang van brigadier;

(f) 'n lid van die Vrylatingsraad; en

(g) twee ander persone wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie en wat na die oordeel van die Staatspresident besondere kennis of ondervinding het van aangeleenthede wat met die werksaamhede en pligte van die vrylatingsraad in verband staan.

Aldus die Kommissaris se Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1982 tot 30 Junie 1983 (1983:27) is die Vrylatingsadviesraad op 2 Julie 1982 amptelik deur die Minister ingestel en is Appélregter G. Viljoen aangewys as die eerste voorsitter, met Regter M.E. Kumleben as sekundus. Die Vrylatingsadviesraad het verder bestaan uit:

- Landdros W.F. Krugel, met landdros C.P.J. Steytler as sekundus.
- Advokaat D.J. Rossouw, SC (Prokureur-generaal), met dr. J.A. van S d'Oliveira as sekundus.
- Brigadier S.H. Schutte van die Suid-Afrikaanse Polisie, met brigadier I. van der Vyver as sekundus. Brigadier Schutte het egter as lid bedank en brigadier I. van Niekerk is in sy plek aangestel.
- Brigadier C.C. Faber van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens, met brigadier J.D. Griesel as sekundus.
- Brigadier M.B. Bosman, voorsitter van die Sentrale Vrylatingsraad, met luitenant-kolonel R.A.H. Swemmer as sekundus.
- Professor P.J. van der Walt, Hoof van die Departement Kriminologie van die Universiteit van Suid-Afrika.

- Professor H.K. Crause, Hoof van die Departement Sosiologie aan die Universiteit van Port Elizabeth.
- Luitenant-kolonel Swemmer is as sekretaris aangewys.

Die bogenoemde dui dus daarop dat senior akademici, die Suid-Afrikaanse Polisie en die Gevangenisdiens op die Vrylatingsadviesraad gedien het. Die gemeenskap se betrokkenheid is ook beklemtoon deur die aanstelling van twee persone wat nie heeltyds in diens van die Staat is nie.

Artikel 5B van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) maak dan ook voorsiening vir die aanstelling van lede van die Vrylatingsadviesraad deur die hoogste gesag, naamlik die Staatspresident. Die Staatspresident bepaal ook die tydperk wat so 'n persoon sy amp moet beklee en wys 'n plaasvervanger vir elke lid van die Raad aan. Die voorsitter van die Raad moet 'n regter van die Hooggeregshof wees en die vise-voorsitter, 'n landdros van 'n streekafdeling.

### 2.6.3 WERKSAAMHEDE EN PLIGTE

Die werksaamhede en pligte van die Vrylatingsadviesraad is vervat in artikel 61B van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) en moet die Raad die Minister adviseer aangaande:

(a) die algemene beleid wat gevolg behoort te word in verband met die vrylating van gevangenes;

(b) die grondslag waarop strafvermindering aan verskillende kategorieë gevangenes verleen behoort te word;

(c) enige aanbeveling wat in 'n besondere geval deur die Vrylatingsraad gedoen is;

(d) enige ander aangeleentheid wat die Minister na die Vrylatingsadviesraad verwys.

Uit die samestelling en werksaamhede van die Vrylatingsadviesraad is dit duidelik dat koördinasie tussen die Regbank en gevangenisowerhede gevestig is en 'n konsekwente vrylatingsbeleid tot sy reg kom. Die Vrylatingsadviesraad het dus die bevoegdheid om by die Minister aan te beveel dat byvoorbeeld strafvermindering aan gevangenes, afgeskaf word en was advies aan die Minister verteenwoordigend van die Regsprekende Gesag, die Suid-Afrikaanse Polisie, die Sentrale Vrylatingsraad, die Gevangenisdiens en van persone met besondere wetenskaplike kennis van die etiologie van misdaad, predisponerende faktore tot misdaadpleging, die misdaadbegrip en die misdadiger in die algemeen.

Advies aan die Minister het dus nie net die opheffing van die gevangene ten doel gehad nie, maar ook die beskerming van die gemeenskap aangesien enige besluitneming met betrekking tot 'n gevangene se vrylating, aan die gemeenskap verantwoordbaar moet wees.

Volgens die Kommissaris se Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1982 tot 30 Junie 1983 (1983:27) het die Vrylatingsadviesraad sy eerste taakopdrag van die Minister ontvang en is dié Raad versoek om die Minister te adviseer met betrekking tot:

- Die voorwaardelike vrylating (parool) van korttermyngevangenes in die vonnisgroep met vonnisse van ses maande gevangenisstraf en minder.
- Of sekere oortredings uitgesluit behoort te word by die oorweging van voorwaardelike vrylating.
- Die voorwaardelike vrylating (parool) van geweldsoortreders, met die klem op gevangenes wat ter dood veroordeel is en wie se vonnisse deur die Uitvoerende Raad versag is, hetsy tot lewenslange gevangenisstraf of lewenslange gevangenisstraf hersienbaar na 'n bepaalde aantal jare of tot 'n bepaalde vonnis.

Vyf vergaderings was gedurende die verslagjaar deur die Vrylatingsadviesraad gehou waartydens aandag aan die bovermelde taakopdrag gegee is. Aanbevelings oor individuele gevalle wat na die Vrylatingsadviesraad verwys is, is ook gedoen.

In sy Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1987 tot 30 Junie 1988 (1988:74) wys die Kommissaris slegs daarop dat die Vrylatingsadviesraad gedurende die betrokke verslagjaar een-en-dertig individuele gevalle vir vrylating oorweeg en 'n aanbeveling in die verband aan die Minister gemaak het. Die Minister is ook nege keer deur die Vrylatingsadviesraad met betrekking tot beleidsaspekte geadviseer.

Vir die tydperk 1 Julie 1988 tot 30 Junie 1989 het die Vrylatingsadviesraad 41 individuele gevalle oorweeg en aanbevelings daaromtrent aan die Minister gedoen, aldus die Kommissaris se Jaarverslag (1989:7). Die Minister is ook deur die Raad oor vier aspekte ten opsigte van die vrylatingsbeleid geadviseer. Volgens die Kommissaris se Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1989 tot 30 Junie 1990 (1990:9) het die Vrylatingsadviesraad 70 gevalle hanteer en aanbevelings in die verband aan die Minister gemaak.

Die Kommissaris wys in sy Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1990 tot 30 Junie 1991 (1991:6) daarop dat die Vrylatingsadviesraad die betrokke verslagjaar by vier geleenthede vergader het en is 63 individuele gevalle hanteer. Daar word ook in die vooruitsig gestel om die Vrylatingsadviesraad uit te bou tot 'n raad met meer bevoegdhede en groter gemeenskapsbetrokkenheid en kundigheid in die vorm van 'n Nasionale Adviesraad oor Korrektiewe Dienste. Die Kommissaris meld (1991:6) dat dit die plek sal inneem van die Vrylatingsadviesraad, maar sal daar nie met enige van die Vrylatingsadviesraad se bevoegdhede mee weggedoen word nie en sal die Nasionale Adviesraad hierdie bevoegdhede behou, meer bevoegdhede bykry en uit meer lede bestaan.

## 2.7 DIE NASIONALE ADVIESRAAD OOR KORREKTIEWE DIENSTE

### 2.7.1 INSTELLING

Die Kommissaris meld in sy Witskrif: *"DIE UITBREIDING VAN DIE MISSIE VAN DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE EN DIE INSTELLING VAN KORREKTIEWE TOESIG AS 'N ALTERNATIEWE VONNISOPSIE"* van 6 Mei 1991

(1991:20) dat daar beoog word om 'n Nasionale Adviesraad oor Korrektiewe Dienste in die plek van die huidige Vrylatingsadviesraad in te stel. Geen bevoegdheid van die bestaande Vrylatingsadviesraad sal weggeneem word nie, maar in effek sal meer bevoegdhede en 'n meer uitgebreide samestelling van die Nasionale Adviesraad bewerkstellig word.

Die Nasionale Adviesraad oor Korrektiewe Dienste sal die Minister adviseer oor beleidsake soos onder andere die vrylatingsbeleid, korrektiewe toesig, inkomstegenerering, effektiewe bestuur of enige aangeleentheid wat in belang van doeltreffendheid nodig mag wees. Die voormelde word ook bevestig in die Kommissaris se Jaarverslag (1991:6) en sal die Raad steeds onder die voorsitterskap van 'n regter van die Hooggeregshof funksioneer. Die samestelling van die Raad sal egter voorsiening maak vir die aanstelling of koöptering van kundige persone uit enige spesialisveld wat nodig mag wees om momentum aan enige bepaalde saak te gee.

Die Nasionale Adviesraad oor Korrektiewe Dienste het statutêr beslag gevind in artikel 5B van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) en bestaan die Raad uit:

(a) 'n regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika;

(b) 'n landdros van 'n streekafdeling;

(c) 'n prokureur-generaal of 'n adjunk-prokureur-generaal;

(d) 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie met of bo die rang van 'n brigadier;

(e) 'n lid van die Departement met of bo die rang van brigadier;

(f) 'n amptenaar van 'n maatskaplike welsynsowerheid wat die rang van direkteur of 'n gelykstaande of hoër rang beklee en wat deur die Minister van Nasionale Gesondheid aangewys is;

(g) twee of meer persone wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie en wat na die oordeel van die Minister besondere kennis of ondervinding het van die aangeleenthede wat met die bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die Departement in verband staan; en

(h) een of meer persone deur die Minister aangewys vir enige spesiale doel wat as lede in bepaalde gevalle of in die algemeen gekoöpteer kan word.

Die aanstelling van lede op die Nasionale Adviesraad word deur die Minister gedoen en bepaal hy ook die tydperk wat 'n lid sy amp moet beklee. Die Minister wys ook ten opsigte van elke lid van die Raad 'n plaasvervanger aan en word 'n regter van die Hooggeregshof as voorsitter aangewys. Die ondervoorsitter word deur die Minister uit die res van die raadslede aangewys.

Die Kommissaris maak in sy Jaarverslag vir die tydperk 1 Januarie 1993 tot 31 Desember 1993 (1994:7) bekend dat die Nasionale Adviesraad oor Korrektiewe Dienste onder die voorsitterskap van Appélregter M.E. Kumleben staan en dat die ander lede van die Raad op 31 Desember 1993 die volgende was:

- Regter J.J. Basson (Noord-Kaapse Afdeling);
- Menere W.A. du Plessis en J.A. Venter (Streekhofpresidente);
- Advokaat D.J. Rossouw SC (Prokureur-generaal: Kaap);
- Dr J.A. van S. D'Oliveira SC (Prokureur-generaal: Transvaal);
- Generaal-majoors C.P.J. Serfontein en W Grove (Suid-Afrikaanse Polisie);
- Generaal-majoors G.J. Fourie en F.P. Booysen en brigadier G.J. Jonker (Korrektiewe Dienste);
- Meneer J.T.W. Wolmarans (Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling);
- Professor H.L. Crause (Afgetree);
- Professor J.J. Neser (Unisa);
- Professor M.M. Katz (Witwatersrand);
- Meneer J.J. Fourie (President: S A Landbou-Unie); en
- Dr E Lategan en mevrou G.N. Sibeko (Nimro).

Uit die samestelling van die raad is dit duidelik dat die Minister deur persone wat uit eie reg kundiges is op sy gebied, geadviseer word. Die bestuur van 'n korrektiewe sisteem word dus ondersteun deur koördinering tussen die Regbank, Korrektiewe Dienste, die Suid-Afrikaanse Polisie, Gesondheidsdienste, penologiese en kriminologiese kundigheid sowel as kundigheid op die gedragswetenskaplike gebied.

## 2.7.2 BEVOEGDHEDE, WERKSAAMHEDE EN PLIGTE

Die bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die Nasionale Adviesraad is vergestalt in artikel 61B van die Wet op Korrektiewe Dienste, (Wet 8 van 1959) en wys die Kommissaris in sy Jaarverslag (1994:8) vir die tydperk 1 Januarie 1993 tot 31 Desember 1993, daarop dat die Nasionale Adviesraad kan uit eie beweging maar moet, wanneer hy deur die Minister aangesê word, die Minister adviseer betreffende:

- die algemene beleid wat gevolg behoort te word ten opsigte van
    - korrektiewe toesig en aangeleenthede wat daarmee in verband staan;
    - die aanhouding en behandeling van gevangenes;
    - die uitplasing van gevangenes op parool;
    - die vrylating van gevangenes;
    - die plasing van gevangenes op dagparool;
    - die doeltreffende en mees koste-effektiewe bestuur van die Departement;
- die vrylating of die uitplasing van 'n gevangene op parool of op dagparool, die plasing van 'n gevangene onder korrektiewe toesig of die omskepping in korrektiewe toesig van 'n gevangene se vonnis, indien 'n besondere geval aan die Minister voorgelê is;
- die herinskakeling van gevangenes en toesiggevalle by die gemeenskap;
- die opname van gevangenes wat op parool uitgeplaas is, vrygelate gevangenes en toesiggevalle in die arbeidsmag;
- die generering van inkomste deur die Departement; en
- enige ander aangeleentheid wat in belang is van die doeltreffende bedryf van die Departement.

Die Nasionale Adviesraad het ook vir die jaar 1993 by vier geleenthede (1994:8) vergader en is die Minister geadviseer ten opsigte van die volgende beleidsaspekte:

- Beleid oor die uitplasing, onder bepaalde voorwaardes ten opsigte van gevangenes wat weens veediefstal gevonnis is.
- Aanhouding van kinders (onder 18 jaar oud).

- 'n Standpunt ten opsigte van die voorstelle oor 'n Handves van Fundamentele Regte.
- Privatisering van gevangenisse, uitkontraktering van sekere gevangenisfunksies en die bedryf van gemeenskapgebaseerde aanhoudingsentrums.

**Gelet op die werksaamhede, pligte en bevoegdhede van die Nasionale Adviesraad, is dit duidelik dat die Raad nie net op versoek nie, maar ook uit eie beweging die Minister oor die totale spektrum van die Departement se aktiwiteite kan adviseer. Die raad is ook meer verteenwoordigend van die gemeenskap en is daar inspraak op alle terreine van die Departement van Korrektiewe Dienste. Die Nasionale Adviesraad se werksaamhede, pligte en bevoegdhede is dus nie net in belang van die gemeenskap nie, maar ook in belang van die regsplegingstelsel en die gevangenesbevolking in die algemeen, met die effektiewe bestuur van gevangenisse as uitgangspunt.**

## 2.8 PAROOLRADE

### 2.8.1 INSTELLING

**Paroolrade is ingestel in die plek van die Sentrale Vrylatingsraad en wys die Kommissaris in sy Jaarverslag (1994:9) vir die tydperk 1 Januarie 1993 tot 31 Desember 1993 daarop dat die Sentrale Vrylatingsraad se funksies deur paroolrade oorgeneem sal word sodra die nuwe vrylatingsbeleid op 1 Maart 1994 geïmplementeer word.**

**Die Kommissaris meld ook in die Departement van Korrektiewe Dienste se Witskrif oor: *"DIE WYSIGING VAN DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE SE VRYLATINGSBELEID EN 'N VOORGESTELDE NUWE DISSIPLINESTELSEL VIR GEVANGENES"* van 11 Maart 1993 (1993:7), dat die bedoeling is om by elke gevangenis of 'n groep gevangenisse 'n paroolraad in te stel.**

Die paroolraad sal hoofsaaklik toegespits wees op die maak van aanbevelings betreffende die parolering of omskepping van gevangenisstraf in korrektiewe toesig van individuele gevangenes.

Aangesien die gemeenskap 'n direkte belang by hierdie aanbevelings het, is dit aangewese dat daar gemeenskapsverteenwoordiging op die paroolraad sal wees.

Die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste, 1993 (Wet 68 van 1993), soos afgekondig in Staatskoerant 14880 gedateer 25 Junie 1993, het wetlike beslag aan paroolrade verleen en bepaal artikel 5C van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) dat die Kommissaris een of meer rade wat as paroolrade bekend staan, aanstel.

'n Paroolraad bestaan ook uit die getal lede wat die Kommissaris mag bepaal en kan dit uit lede sowel as nie-lede van die Departement saamgestel word. Ten opsigte van hierdie lede:

- word een as voorsitter deur die Kommissaris aangewys.
- moet minstens een, ten opsigte van die gevangene wat voor die paroolraad verskyn, ook 'n lid wees van die inrigtingskomitee by die gevangenis waar die gevangene aangehou word.
- Die Kommissaris bepaal ook die tydperk wat 'n lid van die paroolraad sy amp moet beklee en kan 'n lid van die paroolraad, wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, die vergoeding en toelaes ontvang wat die Kommissaris mag bepaal.

Dit is insiggewend om daarop te let dat 'n lid van 'n korrektiewe raad 'n vergadering van 'n paroolraad, by die gevangenis waarby so 'n korrektiewe raad aangestel is, mag bywoon. Die lid van die korrektiewe raad het egter geen stemreg tydens die vergadering nie.

Paroolrade is vervolgens in die verskillende departementele streke ingestel

(ADDENDUM A)

## 2.8.2 BEVOEGDHEDE, WERKSAAMHEDE EN PLIGTE VAN PAROOLRADE

**Paroolrade is outonome liggame wat se werksaamhede gerig is op die verantwoordelike oorweging van en aanbevelings met betrekking tot die uitplasing van gevangenes onder korrektiewe toesig/op dagparool/parool en in bepaalde gevalle, die vrylating van gevangenes op hul vonnisverstrykingsdatum.**

**Die Kommissaris stel dit dan ook in sy Witskrif van 11 Maart 1993 (1993:7) dat paroolrade hoofsaaklik toegespits sal wees op die maak van aanbevelings met betrekking tot die parolering of omskepping van gevangenisstraf in korrektiewe toesig van individuele gevalle.**

**Alle gevangenes sal in beginsel kwalifiseer om <u>oorweeg te word</u> vir parolering na die voltooiing van <u>helfte</u> van hul opgelegde vonnis.**

**Die paroolraad se bevoegdhede, werksaamhede en pligte is gesanksioneer deur die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste, 1993 (Wet 68 van 1993) en bepaal artikel 63 van die Wet op Korrektiewe Dienste die volgende in die verband:**

- **Artikel 63: Hierdie artikel spreek die bevoegdhede, werksaamhede en pligte van paroolrade aan en bepaal dat 'n paroolraad ten opsigte van elke gevangene wat 'n onbepaalde vonnis of 'n vonnis van langer as ses maande gevangenisstraf uitdien:**

"*(a)* *'n verslag aan die Kommissaris of aan die Minister, na gelang van die geval, voorlê oor, onder andere, die gedrag, aanpassing, opleiding, aanleg, vlyt en fisiese en geestestoestand van sodanige gevangene en die moontlikheid van sy terugval in misdaad;*

*(b)* *tesame met die verslag oor elke gevangene wat ingevolge paragraaf (a) voorgelê is, aanbevelings aan die Kommissaris doen betreffende-*

*(i)* *die plasing van sodanige gevangene onder korrektiewe toesig*

*uit hoofde van 'n vonnis in artikel 276(1)(i) of 278(4)(a) van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), beoog of uit hoofde van die omskepping van sodanige gevangene se vonnis in korrektiewe toesig kragtens artikel 276(A)(3)(e)(ii) of 287(4)(b) van genoemde Wet en die tydperk waarvoor en die voorwaardes waarop sodanige gevangene aldus aan korrektiewe toesig onderwerp kan word: Met dien verstande dat vir die doeleindes van sodanige aanbevelings 'n gevangene se vrylatingsdatum beoog in artikel 276A(3)(a)(ii) van die Strafproseswet, 1977, geag word die vroegste datum te wees waarop die gevangene ingevolge hierdie Wet oorweeg kan word vir uitplasing op parool of die datum waarop die gevangene vrygelaat kan word by verstryking van sy vonnis, watter datum ook al eerste kom; of; en*

*(ii) die uitplasing van sodanige gevangene op parool ingevolge artikel 65 of op dagparool ingevolge artikel 92A en die tydperk waarvoor, die toesig waaronder en die voorwaardes waarop sodanige gevangene aldus uitgeplaas behoort te word; en*

*(c) die ander bevoegdhede uitoefen en die ander werksaamhede en* ***pligte verrig wat by regulasies voorgeskryf word.***

*(2) 'n Paroolraad moet ingevolge artikel 286B van die Strafproseswet, 1977 ten opsigte van elke gevangene wat 'n onbepaalde vonnis uitdien na verklaring tot 'n gevaarlike persoon, met inagneming van die aard van die misdaad en enige opmerkings wat ten tye van die oplegging van vonnis deur die betrokke hof gemaak is indien dit tot die Departement se beskikking gestel is, op die datum deur die hof bepaal 'n verslag aan die hof voorlê oor, onder andere, die gedrag, aanpassing, opleiding, aanleg, vlyt en fisiese- en geestestoestand van sodanige gevangene en die moontlikheid van sy terugval in misdaad."*

### 2.8.2.1 AANBEVELINGS DEUR DIE PAROOLRAAD

Uit die voormelde is dit duidelik dat die paroolraad 'n aanbevelingsfunksie aan die Minister en die Kommissaris het ten opsigte van gevangenes met vonnisse van langer as ses maande gevangenisstraf of wat onbepaalde vonnisse uitdien. Hierdie statutêre bepaling bring dan ook mee dat raadgevalle, gevangenes is met vonnisse van ses maande en langer gevangenisstraf sowel as gevangenes met onbepaalde vonnisse, terwyl 'n raadgeval voor 1 Maart 1994 beskou was as 'n gevangene met 'n vonnis van twee jaar en langer gevangenisstraf.

Uit die samestelling van paroolrade is dit ook duidelik dat verteenwoordiging deur die gemeenskap op die raad gevestig is en dat die gemeenskap daardeur seggenskap verkry met betrekking tot die uitplasing van 'n gevangene op parool of onder korrektiewe toesig. Aanbevelings is dus nou nie meer eensydig deur lede van die Departement van Korrektiewe Dienste nie, maar word hierdie risiko in oorleg met die gemeenskap bestuur. Die paroolraad se aanbeveling moet dus nie net in die belang van die gevangene wees nie, maar moet optimale beskerming van die gemeenskap ten doel gestel word.

Korrektiewe Dienste Order B VI(1)(d) bepaal dat die paroolraad ook deur 'n gedelegeerde getaak kan word om 'n spesifieke geval te oorweeg en 'n aanbeveling te maak oor die uitplasing van sodanige gevangene onder korrektiewe toesig, op dagparool, of parool, of vrylating by verstryking van sy vonnis.

Die paroolraad moet ook spesifiek aandag skenk aan opmerkings wat deur die vonnisoplegger gemaak is tydens vonnisoplegging en is die paroolraad verplig om in die verband die hofrekord van vonnisuitsprake ten opsigte van alle gevangenes met vonnisse van langer as vyf (5) jaar gevangenisstraf te bekom. Tydens oorweging van 'n gevangene met 'n vonnis van langer as vyf (5) jaar gevangenisstraf is die bestudering van die vonnisuitspraak van besondere belang aangesien die paroolraad daardeur 'n aanduiding kan kry met betrekking tot die doel en rede vir die opgelegde vonnis. Spesifieke risiko faktore kan ook geïdentifiseer word wat die paroolraad se aanbeveling

op 'n verantwoordelike grondslag kan laat geskied.

Die paroolraad moet homself dus deeglik vergewis van die inhoudelike van verslae deur die inrigtingskomitee, ander instansies of vakkundiges. Die paroolraad is in die grootste mate aangewese op inligting wat deur die inrigtingskomitee aan hom voorgelê word en moet op grond daarvan aanbevelings tot die gedelegeerde rig Korrektiewe Dienste Order B IV (1)(d), aangaande:

- die plasing van 'n gevangene onder korrektiewe toesig;
- die omskepping van vonnisse van gevangenisstraf in korrektiewe toesig;
- die uitplasing van gevangenes op dagparool of parool;
- die tydperk waarvoor, die toesig waaronder en die voorwaardes waarop sodanige gevangene uitgeplaas kan word;
- die vrylating van gevangenes by die verstryking van hul totale vonnis;
- die lewering van insette met betrekking tot vertoë vir die uitplasing of vrylating van 'n gevangene.

Die noodsaaklikheid van volledige verslae word ook deur die bepalings van Korrektiewe Dienste Order B VI(1)(c)(iv) beklemtoon en waarvolgens die voorsitter moet verseker dat die inligting en aanbevelings deur vakkundiges volledig en korrek is, aangesien dit die enigste bron is waarvolgens die gedelegeerde kan beslis ten opsigte van die uitplasing of vrylating van 'n gevangene.

### 2.8.2.2 TEENWOORDIGHEID VAN DIE GEVANGENE

Met die instelling van die Sentrale Vrylatingsraad op 30 Junie 1981 was 'n gevangene sedert vermelde datum tot 28 Februarie 1994, nie teenwoordig wanneer hy vir uitplasing of vrylating oorweeg is nie. Die vestiging van paroolrade het egter 'n drastiese verandering meegebring en bepaal Korrektiewe Dienste Order VI(1)(d)(vii) dat 'n gevangene fisies teenwoordig moet wees tydens die hantering van sy geval deur die paroolraad.

Dit bring dus mee dat die betrokke gevangene bewus raak van die aard, erns en omvang van sy misdaad sowel as enige leemtes in sy gedrag en aanpassing in die gevangenis. 'n Oop gesprek tussen die gevangene en die paroolraad vind plaas waartydens die gevangene sowel as die paroolraad se mening aandag geniet. Die gevangene is dus bewus van die paroolraad se aanbeveling aan die gedelegeerde en kan hy steunstelsels in die gemeenskap bevestig indien hy aanbeveel sou word vir uitplasing onder korrektiewe toesig of op parool.

In die verband bepaal Korrektiewe Dienste Order VI(1)(c)(i) dat alle aansoeke deur gevangenes vir uitplasing op parool aan die gemeenskapsherinskakelingslid, deur die voorsitter van die paroolraad voorsien moet word vir verifiëring van inligting van toepassing op steunstelsels. Dit impliseer dus dat 'n gevangene by die paroolraad aansoek kan doen vir uitplasing op parool.

Die feit dat 'n gevangene fisies voor die paroolraad verskyn vir oorweging, kan meebring dat gevangenes vertroue openbaar teenoor die uitplasings- en vrylatingsbeleid van die Departement aangesien hy nou ook die geleentheid gebied word om aangehoor te word.

Die feit dat 'n gevangene voor die paroolraad verskyn impliseer egter nie die goedkeuring van die gevangene se uitplasing onder korrektiewe toesig of op parool nie, aangesien die paroolraad hom slegs <u>oorweeg</u> en 'n <u>aanbeveling</u> in die verband aan die gedelegeerde maak. Die gedelegeerde beslis oor die wenslikheid van die uitplasing van die gevangene onder korrektiewe toesig of op parool.

Nadat die paroolraad 'n aanbeveling met betrekking tot die uitplasing van 'n gevangene onder korrektiewe toesig of op parool aan die gedelegeerde gemaak het en die gedelegeerde 'n beslissing in die verband geneem het, moet die voorsitter van die paroolraad ingevolge die bepalings van Korrektiewe Dienste Order VI(1)(c)(i) die betrokke gevangene weer voor die paroolraad laat verskyn. Tydens hierdie sitting moet die beslissing van die gedelegeerde aan die gevangene voorgehou word. Hieruit is dit duidelik dat die paroolraad tydens die oorweging van 'n gevangene nie valse verwagtings

**by hom moet skep nie. Die paroolraad se integriteit moet ten alle tye bo verdenking wees en juis daarom is 'n oop en eerlike gesprek met die gevangene tydens die oorweging van sy geval, noodsaaklik.**

**Carney (1974:318) sê in die verband:**
*"Appearing before the parole board is emotionally very difficult for the prisoner, and being a member of a parole board is a challenge to conscience and capabilities of the board member. Few responsibilities in life are more serious than the responsibility of the balancing of the needs of society against the needs of the prisoner and his family. The board must recognize the individuality of the inmate, and yet must benefit from correctional wisdom about criminality, recidivism, and criminal typology. It must be just, humane, wise and considerate."*

### 2.8.2.3 OORWEGING VIR UITPLASING ONDER/OMSKEPPING VAN GEVANGENISSTRAF IN KORREKTIEWE TOESIG: TYDPERK OM TE DIEN

**Die paroolraad moet ingevolge die bepalings van Korrektiewe Dienste Order VI(1A)(4) die volgende gevalle oorweeg vir uitplasing onder korrektiewe toesig op die wyse wat hieronder aangedui word teenoor die betrokke artikel van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977):**

- ***"Artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977)***
- *1/6 van die effektiewe vonnis(se) nadat amnestie en spesiale afslag van vonnis, wat toegeken is, daarvan afgetrek is;*
- *1/6 van die effektiewe vonnis(se) wat in terme van artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet, 1977 opgelê is, nadat amnestie en spesiale afslag van vonnis, wat toegeken is, waar van toepassing, daarvan afgetrek is, in gevalle waar vonnis(se) van gevangenisstraf van 5 jaar en minder met die keuse van 'n boete saam met vonnisse van gevangenisstraf opgelê ingevolge artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet, 1977 uitgedien word; en*
- *1/4 van die effektiewe vonnis, nadat amnestie en spesiale afslag wat toegeken is, waar van toepassing, daarvan afgetrek is, in gevalle waar:*

* *vonnis(se) van gewone gevangenisstraf van 5 jaar en minder samelopend al dan nie, saam met vonnis(se) opgelê ingevolge artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet, 1977 uitgedien word.*
* *behoudens die bepalings van Artikel 276A(3)(a)(ii) van die Strafproseswet, 1977 saamgelees met Art 63(b)(i) van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 vonnis(se) van gevangenisstraf langer as 5 jaar met die keuse van 'n boete saam met vonnisse van gevangenisstraf opgelê ingevolge artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet, 1977, uitgedien word.*

- ***Artikel 287(4)(a) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977)***
- *So spoedig moontlik na opname in die gevangenis indien daar statutêr geen beperking op die plasing onder korrektiewe toesig deur die hof geplaas is nie;*
- *1/6 van die effektiewe vonnis opgelê ingevolge artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet, 1977 nadat amnestie en spesiale afslag van vonnis, indien van toepassing, daarvan afgetrek is en saam met 'n vonnis van 5 jaar en minder gevangenisstraf met die keuse van 'n boete, opgelê is; en*
- *1/4 van die effektiewe vonnis van gewone gevangenisstraf van 5 jaar en minder nadat amnestie en spesiale afslag van vonnis, indien van toepassing, afgetrek is en saam met 'n vonnis van gevangenisstraf van 5 jaar en minder met die keuse van 'n boete opgelê is.*
- ***Artikels 276A(3)/287(4)(b) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977)***
- *1/4 behoudens die bepalings van artikel 276A(3)(a)(ii) van die Strafproseswet, 1977 saamgelees met artikel 63(b)(i) van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) van die effektiewe vonnis nadat amnestie en spesiale afslag van vonnis, indien van toepassing afgetrek is."*

**Die Paroolraadhandleiding Korrektiewe Dienste Order VI(1A) maak ook daarvoor voorsiening dat penaliseringsfaktore teen 'n gevangene in werking gestel kan word en is dit 'n bepaalde tydperk wat by die oorwegingsdatum gevoeg kan word om 'n geskikte datum te bepaal waarop plasing onder/omskepping van vonnis in korrektiewe toesig behoort te geskied. Die volgende is faktore wat 'n rol kan speel en penalisering meebring soos hieronder aangedui:**

- Indien 'n gevangene se oorwegingstydperk 1 jaar (1/6 of 1/4) is, moet hy vir elke vorige veroordeling teen hom aangeteken, gepenaliseer word met ± 1 maand.
- Indien 'n gevangene se rekord getuig van nie-nakoming van opgeskorte of uitgestelde vonnisse, ontvlugtings, drostings of voorwaarde verbreking van korrektiewe toesig, parool of borg, moet die gevangene vir elk van sodanige verbreking of oortreding met ± 6 maande gepenaliseer word.
- Ten opsigte van gevangenisoortredings moet die oorwegingstydperk van 1/6 en 1/4 met ± 3 maande verleng vir elke gevangenisoortreding waarvoor gevangenisstraf opgelê is.
- In die geval van dissiplinêre oortredings wat formele hantering deur die inrigtingskomitee vereis het, kan oorweeg word om die gevangene met ± 1 maand per dissiplinêre oortreding te penaliseer.

## 2.8.2.4 OORWEGING VIR UITPLASING OP PAROOL

(i) <u>Perspektiefstelling:</u>

Die onderskeid tussen uitplasing en vrylating word soos volg in Korrektiewe Dienste Order VI (1A(11) voorgehou:

- Uitplasing = uitplasing op dagparool of parool
- Vrylating = die vrylating van 'n gevangene by die verstryking van sy vonnis.

(ii) <u>Gevangenes wat nie op parool uitgeplaas mag word nie:</u>

Die Departement van Korrektiewe Dienste se beleid ingevolge Korrektiewe Dienste Order VI(1A)(12) is dat die volgende gevangenes nie op parool uitgeplaas mag word nie:

- Gevangenes gevonnis tot periodieke gevangenisstraf;
- Gevangenes wie se deportasie ter sprake is, maar nog nie gefinaliseer is nie;
- Gevangenes met verdere aanklagte; en
- Vonnisskuldenaars.

**Dit impliseer dus dat 'n paroolraad nie sodanige gevangenes vir uitplasing op parool mag aanbeveel nie. Alle ander gevangenes, ongeag van die tipe misdaad wat gepleeg is of lengte van vonnis, kan deur die paroolraad vir uitplasing op parool aanbeveel word. Die aard en omvang van die misdaad sowel as die lengte van vonnis sal egter die tydperk van parool en die graad van toesig bepaal en wissel toesig van maksimum tot medium toesig.**

**(iii) <u>Bepaling van 'n realistiese parooldatum:</u>**

**Ten einde die paroolraad in staat te stel om 'n realistiese parooldatum te bepaal, wys die Paroolraadhandleiding Korrektiewe Dienste Order VI(1A) daarop dat toegekende krediete nie as die enigste maatstaf moet dien in die oorwegingsproses nie. Die toekenning van krediete word volledig bespreek in Hoofstuk 6, maar in kort kom dit daarop neer dat strafvermindering vanaf 1 Maart 1994 kragtens die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste, 1993 (Wet 68 van 1993) nie meer aan gevangenes toegeken word nie. 'n Gevangene kan wel krediete verdien deur onder andere die reëls in die gevangenis na te kom en aktief deel te neem aan aksies wat gerig is op sy behandeling, opleiding en rehabilitasie. Artikel 65(4) van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959), bepaal dat 'n gevangene met 'n bepaalde vonnis by die bereiking van die helfte van sy vonnis vir uitplasing op parool oorweeg moet word. Hierdie datum kan egter met toegekende krediete vervroeg word. (Krediete word in terme van dae bereken)**

**In die geval van onbepaalde vonnisse word gevangenes soos volg deur die paroolraad oorweeg in terme van tydperk van aanhouding:**

- **gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding se oorwegingstydperk word bepaal op 'n tydperk van twee jaar, minus krediete;**
- **gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad se oorwegingstydperk word bepaal op 'n tydperk van 5 jaar minus krediete;**

- gewoontemisdadigers se oorwegingstydperk, vir doeleindes van die toekenning van krediete word gestel op 10 jaar en 6 maande met die voorbehoud dat die wetlike minimum aanhoudingstydperk minstens sewe (7) jaar moet wees;
- gevangenes gevonnis tot lewenslange gevangenisstraf word na die voltooiïng van 20 jaar oorweeg en in verdienstelike gevalle kan krediete dié datum vervroeg.

(iv) Parooltydperk

Die parooltydperk strek in die geval van bepaalde vonnisse, volgens die Paroolraadhandleiding (KDOB VI(1A)), vanaf die datum van uitplasing op parool, tot en met die datum waarop die vonnis met inagneming van amnestie en spesiale afslag van vonnis, verstryk.

Gevangenes met vonnisse van gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding en gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad word op parool geplaas tot op die datum waarop die maksimum aanhoudingstydperk, vier (4) en agt (8) jaar onderskeidelik verstryk. Amnestie en spesiale afslag van vonnis verminder die betrokke tydperk.

- Gevangenes wat tot gewoontemisdadigers verklaar is word op parool geplaas vir 'n tydperk van drie jaar ongeag of amnestie of spesiale afslag van vonnis toegeken is.
- In die geval van 'n gevangene wat tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis is, word die paroolddatum deur die Minister bepaal nadat die Nasionale Adviesraad hom in die verband geadviseer het en strek die parooltydperk tot die datum van die afsterwe van sodanige gevangene.

Die voormelde dien as riglyn vir die paroolraad en is onder andere die aard van die misdaad, misdaadagtergrond en reaksie op behandeling, mediese-, sielkundige en psigiatriese oorwegings, faktore wat in aanmerking deur die paroolraad geneem word tydens die oorweging vir uitplasing onder korrektiewe toesig of parool. Hierdie faktore

het dus ook 'n bepaalde invloed op die aanbeveling deur die paroolraad aan die gedelegeerde.

Die oorweging van elke individuele geval sluit 'n gedetaileerde ondersoek na inligting wat van diverse bronne afkomstig is in en wat 'n aanduiding bied van die gevangene se misdaadprognose en watter sukses met hom buite die gevangenis bereik kan word. Die risiko wat die gevangene vir die gemeenskap inhou is nie die enigste faktor wat deur die paroolraad oorweeg moet word nie, maar moet daar ook bepaal word of die gevangene by straf gebaat het deur optimale voordeel op 'n positiewe grondslag uit gevangesetting te verkry en dat die elemente van straf by hom tuisgebring is. Die gevangene, sowel as inligting van toepassing op die tydperk van sy gevangesetting, moet getuig van sy verandering van insig en selfbeeld met 'n behoefte om die norme en waardes in die gemeenskap te eerbiedig en aan gemeenskapseise te voldoen.

(v) **Penaliseringsfaktore in die oorweging vir die uitplasing op parool:**

Nie net die gevangene se misdaadgeskiedenis, gedrag en aanpassing en huidige misdaad met vonnis, speel 'n rol in die oorwegingsproses nie, maar word spesifieke penaliseringsfaktore deur die Paroolraadhandleiding (KDOB VI(1A)) aan die paroolraad voorgehou.

In die geval waar medepligtiges by die pleeg van die misdaad betrokke was, word die gevangene vir ± 1 maand gepenaliseer vir elke medepligtige afhangende van die erns van die misdaad.

In die geval waar 'n gevangene 'n vonnis van langer as 5 jaar gevangenisstraf of 'n onbepaalde vonnis uitdien, moet hy ten opsigte van elke vorige paroolbreuk vir minstens 6 maande gepenaliseer word.

Die paroolraad kan ook die aanhoudingstydperk voor uitplasing verleng met ± 3 maande vir elke kriminele oortreding wat tydens gevangesetting gepleeg is en waarvoor gevangenisstraf opgelê is.

**Ongeag daarvan dat die krediete wat 'n gevangene gedurende 'n oorsigtydperk kan verdien, verminder kan word vir dissiplinêre oortredings wat begaan is, kan sy uitplasing met ± 1 maand penalisering vir 'n ernstige oortreding vertraag word.**

**Die voormelde kom dus daarop neer dat die paroolraad nie net 'n aanbevelingsbevoegdheid het nie, maar ook 'n besluitnemingsbevoegdheid waarvolgens 'n gevangene gepenaliseer kan word.**

## 2.9 SAMEVATTING

**Vrylatingsbeheerliggame in die Suid-Afrikaanse korrektiewe bestel is reeds sedert die vroegste jare daarop gerig om tydens die oorweging van 'n gevangene vir vrylating, nie net faktore wat 'n gevangene se vordering en aanpassing in die gevangenis konstateer in aanmerking te neem nie, maar om ook die risiko wat sodanige vrylating vir die gemeenskap mag inhou, te verreken.**

**Die rade van toesig is deur die bepalings van die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) daargestel en het hierdie rade onder andere die Goewerneur-generaal geadviseer met betrekking tot die vrylating van gevangenes.**

**Rade van toesig is gedurende 1954 vervang deur gevangenisrade en 'n Sentrale Gevangenisraad wat primêr ten doel gehad het om op 'n eenvormige wyse aanbevelings aan die Minister van Justisie te doen met betrekking tot die vermindering van vonnisse en behandeling van gevangenes met vonnisse van twee jaar en langer gevangenisstraf.**

**Op 13 Julie 1960 is inrigtingsrade (inrigtingskomitees) in die lewe geroep wat die gevangenisraad geadviseer het met betrekking tot die aard van die opleiding wat 'n gevangene ondergaan het asook sy vlyt, gedrag en aanpassing en enige ander aangeleentheid wat vir die gevangenisraad van belang mag wees. Die bedryf van gevangenisrade was egter nie koste effektief nie en is gevangenisrade op so 'n wyse gedesentraliseer dat alle gevangenisse met die minimum finansiële uitgawes in terme van**

vervoer en mensekrag, bedien kan word.

Gevangenisrade is deur die Wysigingswet op Gevangenisse, 1980 (Wet 22 van 1980) deur vrylatingsrade vervang. Vrylatingsrade was nie net gemoeid met die opleiding, behandeling en vrylating van gevangenes nie, maar het ook in die geval van voorwaardelike vrylating besluit oor die voorwaardes waarop, die tydperk waarvoor en die toesig waaronder 'n gevangene vrygelaat moet word. Aanbevelings deur die inrigtingskomitee was vir die vrylatingsraad rigtinggewend ten opsigte van sy verslag wat aan die Minister gelewer is.

Gedurende 1980 is vrylatingsrade tot 'n Sentrale Vrylatingsraad gekonsolideer met 'n regsgebied wat die hele Republiek van Suid-Afrika ingesluit het. Die Sentrale Vrylatingsraad is deur inrigtingskomitees geadviseer met betrekking tot gevangenes se aanpassing, gedrag, opleiding, behandeling, strafvermindering en vrylating.

Op grond van die Viljoenkommissie se ondersoek na die Strafstelsel in die Republiek van Suid-Afrika en na aanleiding van voorstelle deur die kommissie is die Vrylatingsadviesraad ingestel. Die Vrylatingsadviesraad het die Minister geadviseer ten opsigte van:

- die algemene beleid wat gevolg behoort te word in verband met die vrylating van gevangenes;
- die grondslag waarop strafvermindering verleen behoort te word;
- enige aanbeveling wat in 'n besondere geval deur die Vrylatingsraad gedoen is;
- enige ander aangeleentheid wat die Minister na die Vrylatingsadviesraad verwys.

Die Vrylatingsadviesraad is deur die Nasionale Adviesraad oor Korrektiewe Dienste wat statutêr sy beslag gevind het in artikel 5B van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959), vervang. Die Nasionale Adviesraad oor Korrektiewe Dienste adviseer die Minister oor onder andere beleidsake soos die vrylatingsbeleid, korrektiewe toesig, inkomstegenerering, effektiewe bestuur van 'n korrektiewe sisteem en enige ander

**aangeleentheid wat in belang van doeltreffendheid nodig mag wees.**

**Die nuwe vrylatingsbeleid wat vanaf 1 Maart 1994 van krag is, het tot gevolg gehad dat die Sentrale Vrylatingsraad deur paroolrade vervang is. Die primêre taak van paroolrade is om aanbevelings te maak betreffende die uitplasing van gevangenes op parool of die omskepping van gevangenisstraf in korrektiewe toesig. Die voordeel van paroolrade is onder andere die feit dat 'n gevangene fisies voor die paroolraad verskyn wanneer sy uitplasing of vrylating oorweeg word.**

# HOOFSTUK 3

# AMNESTIE AAN GEVANGENES

## 3.1 INLEIDING

Amnestie is 'n direkte ingryping op die vonnisoplegger se vonnis en deur middel van amnestie word gevangenes hetsy van 'n gedeelte of ten volle van hul opgelegde vonnis kwytskelding verleen. Hierdie kwytskelding bring 'n direkte vermindering van vonnis mee. Dit is te begrype dat amnestie nie op alle gevangenes van toepassing gemaak kan word nie aangesien dit teenoor die gemeenskap verantwoordbaar moet wees. Die gemeenskap se afkeur in sekere misdade soos moord, roof, verkragting en ander seksuele misdrywe moet deeglik verreken word in die oorweging van die toekenning van amnestie. Die toekenning van amnestie moet dus as uitgangspunt die beskerming van die gemeenskap ten doel stel. Die gemeenskapsgevoel en sin vir regverdigheid moet derhalwe bevredig word. Morele- en billikheidsoorwegings behoort die basis in die toekenning van amnestie te vorm ten einde nie die harmonie in die gemeenskap te versteur nie. Amnestie is dus 'n *"ex-gratia"* gebaar van die staat met ander woorde 'n gebaar van goedgesindheid, welwillendheid en meelewing.

Voorts moet die bedoeling van die wetgewer en vonnisoplegger deeglik verreken word by die verlening van amnestie aangesien die vonnisoplegger bepaalde oogmerke met die oplegging van 'n vonnis ten doel het. Die belangrikste oogmerk met die oplegging van 'n vonnis van gevangenisstraf deur die vonnisoplegger is die verwydering van die oortreder uit die gemeenskap aangesien hy nie die geldende regsnorme van die gemeenskap eerbiedig het nie en deur middel van institusionalisering in 'n korrektiewe sisteem opgeneem moet word.

## 3.2 AMNESTIE EN SPESIALE AFSLAG VAN VONNIS (1910 - 1961)

### 3.2.1 AMNESTIE: 1910 - 1929

Artikel 49 van die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) bepaal dat die Goewerneur-generaal magtiging kan verleen vir die vrylating van enige gevangene:

*"If at any time it appear to him expedient, the Governor-General may order the release, either immediately or on probation for such period and on such conditions as to supervision or otherwise as he may determine, of any convicted prisoner ........"*

Vermelde wetgewing was dan ook van krag tot en met 1959 toe die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) geproklameer is en wys Erasmus (1985:281) dan ook daarop dat ooreenkomstig die bepalings van artikel 72 van die Wet op Gevangenisse, (Wet 8 van 1959) geen bepaling van hierdie Wet aan Haar Majesteit se Koninklike prerogatief vir begenadiging afbreuk doen nie. Die koninklike prerogatief van begenadiging is aan die Goewerneur-generaal oorgedra en kon hy amnestie by verskillende geleenthede toestaan.

Met verwysing na artikel 49 van die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) soos hierbo vermeld, is dit duidelik dat die verwysing na amnestie gesetel is in *"or otherwise"* aangesien voorwaardelike en onvoorwaardelike vrylating eksplisiet in die artikel vermeld word en nie amnestie per se nie.

Gedurende die Uniale tydperk is verskeie amnesties toegestaan en het Uniewording gedurende 1910 die eerste amnestie ingelei. Hierdie amnestie is opgevolg deur 'n amnestie wat gedurende 1925 toegestaan en aan die hand van *"Circular Minute P.D. 47/R280"* gedateer 18 April 1925 deur die Direkteur van Gevangenisse aan superintendente in bevel by die onderskeie gevangenisse in die Unie van Suid-Afrika gekommunikeer is.

**Op 30 Mei 1928 vind 'n amnestie toepassing vanweë die ingebruikneming van die nuwe landsvlag. Die Direkteur van Gevangenisse rig op 16 Mei 1928 'n Algemene Omsendbrief** *"Coming into force of the Flag Bill and Hoisting of the new National Flag: Grant of Special Remission of Sentence to Prisoners on 30th May, 1928."* **onder verwysing P.D. 47/U.250, aan alle landdroste en superintendente waarin vermeld word dat die Goewerneur-generaal twee (2) maande spesiale afslag van vonnis aan alle gevangenes wat op 30 Mei 1928 in gevangenisse of boerderykolonies aangehou word, verleen het. Hierdie spesiale afslag van vonnis was egter nie van toepassing op:** *"prisoners sentenced to imprisonment with hard labour for life, or to the indeterminate sentence, or to inebriates in Inebriate Reformatories, inmates of Juvenile and Juvenile Adult Reformatories, or to natives sentenced under the Native Urban Act."*

**Die Direkteur van Gevangenisse stel dit dan ook in sy skrywe dat dié skrywe as magtiging dien vir die toestaan van spesiale afslag van vonnis en die vrylating van gevangenes wat na die toekenning van spesiale afslag van vonnis, kwalifiseer om vrygelaat te word.**

### 3.2.2 AMNESTIE: 1930 - 1939

**Gedurende 1934 bring Prins George 'n besoek aan die Unie van Suid-Afrika en in 'n skrywe onder verwysing C.T. 164 gedateer 21 Februarie 1934 erken die Sekretaris van Justisie ontvangs van 'n skrywe deur die Hoë Kommissaris waarin drie maande spesiale afslag van vonnis aan gevangenes bekragtig word. Gevangenes wat egter by hierdie amnestie uitgesluit word is gevangenes wat skuldig bevind is aan die volgende misdade:**

- **Geweldsoortredings soos**
    - **moord;**
    - **verkragting;**
    - **strafbare manslag;**
    - **onsedelike aanranding;**
    - **aanranding met die doel om ernstige liggaamlike leed te berokken; en**

- roof.

Gevangenes wat lewenslange- en onbepaalde vonnisse uitdien is ook uitgesluit.

Generaal J. B. M. Hertzog versoek op 22 Februarie 1935 per Uitvoerende Raadsminuut 'n drie maande spesiale afslag van vonnis aan gevangenes op grond van Koning George V se vyf-en-twintigste herdenking van sy kroning. Hierdie amnestie was van krag op die oggend van 6 Mei 1935 en is gevangenes wat skuldig bevind is aan die volgende misdade, daarby uitgesluit:

- Aanranding gewoon;
- Onsedelike aanranding;
- Aanranding met die doel om ernstige liggaamlike leed te berokken;
- 'n Oortreding van artikel 2(1) van die Wet op Meisjes en Geestelik Gekrenkte Vrouwen Beschermings, 1916 (Wet 3 van 1916);
- Strafbare manslag;
- Stamgevegte;
- Bloedskande;
- Moord en poging tot moord;
- Verkragting en poging tot verkragting;
- Roof en poging tot roof; en
- Sodomie.

Ook ten opsigte van hierdie amnestie is gevangenes met lewenslange gevangenisstraf en onbepaalde vonnisse, uitgesluit. Generaal J. B. M. Hertzog meld ook in sy skrywe *"and inmates of Inebriate Reformatories shall not participate in this amnesty."*

Op 26 April 1935 rig die Direkteur van Gevangenisse 'n skrywe *"Special Remission of Sentence"* onder verwysing P.D. 47/B aan die Landdros Bethal, waarin hy hom meedeel dat gevangenes wat aan boere uitverhuur is en nie aan die bovermelde misdade skuldig bevind is nie, ook by die toekenning van amnestie ingesluit is.

**Op 6 Januarie 1937 rig die Sekretaris van die Eerste Minister (meneer van der Walt) 'n memorandum** *"Kroningsfeestelikhede in die Unie"* **aan die Sekretaris van Justisie waarin 'n uittreksel uit 'n memorandum wat deur die Kabinet oorweeg is, vir oorweging aan die Minister van Justisie voorgehou word:**

*"Remission of Sentences. If approved in principle, details could be worked out by the Prisons Department. In this connection it might be of interest to know that in 1911 no general remission of sentences was granted as such a remission had been granted on the occasion of Union. It might be considered that on this occasion no general remission could be justified in view of the fact that with the King's Jubilee a general remission of sentence was granted."*

**Ongeag van die voormelde standpunt wat die toekenning van spesiale afslag van vonnis op grond van die kroning van Koning George VI as nie geregverdig beskou nie, maak generaal J. C. Smuts dit in 'n ministeriële minuut bekend dat die Goewerneur-generaal, as 'n daad van barmhartigheid, totale afslag van vonnis aan eerste oortreders wat 'n vonnis van drie maande of minder uitdien, toegestaan het. Hierdie amnestie was van toepassing op sodanige gevangenes wat hulle op 1 Mei 1937 in die gevangenis bevind en in 'n skrywe** *"Coronation Remission"* **gedateer 30 April 1937** *"(Circular General No. 9 of 1937)"* **gee die Direkteur van Gevangenisse aan superintendente en landdroste opdrag dat die betrokke gevangenes op 12 Mei 1937 vrygelaat moet word.**

**Ten einde te verseker dat gevangenes wat in polisieselle aangehou word en aan die gestelde vereistes voldoen ook by die amnestie sal baat, rig die Direkteur van Gevangenisse op 3 Mei 1937 'n skrywe onder verwysing 1/555/30 aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie waarin hy hom die volgende meedeel:**

*"CORONATION REMISSION, 1937*

*I have the honour to forward herewith, for your information, twelve copies of a Circular General No. 9 of 1937 of the 30th ultimo, addressed to Superintendents and Magistrates in charge of Prisons and Gaols, in regard to the special remission of sentence to be granted on*

*the 12th May, 1937, to all sentenced first offenders who are on the 1st May, 1937, undergoing a sentence of imprisonment of three months or less. It is presumed that you will deal with the question of releases from Police Lock-ups."*

**'n Memorandum onder verwysing 1/555/30** *"State of Prisoners released on 12 th May, 1937, with Coronation Remission"* **gedateer 1 Junie 1937 wys daarop dat die volgende aantal gevangenes by die amnestie baat gevind het:**

| | MANLIK | | | VROULIK | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| PROVINSIE | BLANK | SWART EN KLEURLING | ASIATE | BLANK | SWART EN KLEURLING | ASIATE | TOTAAL |
| KAAP | 3 | 437 | 1 | - | 68 | - | 509 |
| OVS | 2 | 84 | - | - | 14 | - | 100 |
| NATAL | 3 | 583 | 3 | - | 86 | - | 675 |
| TVL | 16 | 927 | 1 | 1 | 138 | - | 1 083 |
| TOTAAL | 24 | 2 031 | 5 | 1 | 306 | - | 2 367 |

**Ten opsigte van 2 367 gevangenes wat by die amnestie baat gevind het, verteenwoordig:**
**Blanke manlike gevangenes 1,01%;**
**Swart en Kleurling manlike gevangenes 85,8%;**
**Asiatiese manlike gevangenes 0,2%;**
**Blanke vroulike gevangenes 0,04%;**
**Swart en Kleurling vroulike gevangenes 12,93%.**

**Die Voortrekkereeufeesviering het 'n verdere amnestie tot gevolg gehad en op 28 November 1938 meld generaal J.B.M. Hertzog in 'n Uitvoerende Raadsminuut No. 3211 dat die Goewerneur-generaal as 'n spesiale bewys van begenadiging die toekenning van algehele afslag van vonnis met ingang van 15 Desember 1938 ten opsigte van alle eerste oortreders wat op 1 Desember 1938 'n totale oorspronklike vonnis van drie maande gevangenisstraf of minder dien, goedgekeur het.**

In 'n Algemene Omsendbrief No. 8 van 1938 gedateer 1 Desember 1938 kommunikeer die Waarnemende Direkteur van Gevangenisse die vermelde besluit deur die Goewerneur-generaal aan *"alle Superintendente en Magistrate in bevel van Gevangenisse en Tronke"* met die versoek dat *"aan almal wat ontslaan word, moet geleentheid gegee word om met hul familiebetrekkings of vriende in verbinding te tree sodat hulle by ontslag nie onversorgd gelaat is nie."* Hierdie opdrag getuig van die hoë premie wat die Gevangenisdiens reeds op daardie stadium op die suksesvolle herintegrasie van die oortreder in die gemeenskap geplaas het.

Volgens 'n memorandum *"Amnestie Voortrekkereeufeesviering"* onder verwysing 1/555/30 en gedateer 26 Januarie 1939 het die volgende aantal gevangenes by die toekenning van die amnestie baat gevind:

| | MANLIK | | VROULIK | | |
|---|---|---|---|---|---|
| PROVINSIE | BLANK | SWART, KLEURLINGE EN ASIATE | BLANK | SWART, KLEURLINGE EN ASIATE | TOTAAL |
| KAAP | 3 | 523 | - | 46 | 572 |
| OVS | 1 | 50 | - | 8 | 59 |
| NATAL | 4 | 444 | - | 74 | 522 |
| TVL | 12 | 585 | - | 123 | 720 |
| TOTAAL | 20 | 1 602 | - | 251 | 1 873 |

Uit 'n totaal van 1 873 het gevangenes soos volg by die amnestie gebaat:

| | |
|---|---|
| Blanke mans | 1,067% |
| Swart, Kleurling en Asiatiese mans | 85,53% |
| Swart, Kleurling en Asiatiese vrouens | 13,4% |

### 3.2.3 AMNESTIE 1940 - 1950

Vanweë die oorbevolking van gevangenisse staan die Goewerneur-generaal as 'n bewys van meelewing en welwillendheid 'n algehele kwytskelding van vonnis toe aan alle gevonniste gevangenes wat op 14 Desember 1942 vonnisse van gevangenisstraf van 3 maande of minder uitdien ten opsigte van:

"(a) *Wanbetaling van Belasting;*
(b) *Oortreding van Paswette;*
(c) *Oortreding van Munisipale bywette;*
(d) *Ander minderwaardige oortredings wat nie misdadig van aard is nie."*

**Wat die minderwaardige oortredings waarna in (d) hierbo verwys word betref,** *"sal die remissie die loslating van gevangenes wat weens die besit van Naturelle drank veroordeel is, insluit, maar sal diegene wat vir alle ander drankoortredings, geringe aanrandings en minderwaardige diefstalle veroordeel is, uitsluit."* **'n Totaal van 3 734 gevangenes is vrygelaat.**

**Gedurende 1943 rig generaal J. C. Smuts 'n Uitvoerende Raadsminuut 579 aan die Uitvoerende Raad van die regering waarin hy dit onder die aandag bring dat enkele bestuurders van gevangenisse die instruksies van toepassing op die 1942 amnestie verkeerd vertolk het. Dit het tot gevolg gehad dat 'n aantal gevangenes wat nie by die amnestie baat moes gevind het nie, foutiewelik vrygelaat is.**

**Generaal J. C. Smuts se aanbeveling aan die Goewerneur-generaal was:**

*"A schedule containing particulars of the prisoners concerned is attached and in order to regularize the position as the errors appear to have been bona fide, it is recommended that His Excellency may be pleased to approve of the prisoners shown thereon, being regarded as falling within the provisions of the special amnesty and of their having been released from Gaol on the date indicated on the schedule."*

**Die betrokke naamlys toon dat 41 gevangenes foutiewelik by die 1942 amnestie gebaat het en op 25 Maart 1943 keur die Uitvoerende Raad die vrylating van die betrokke gevangenes goed, asof hulle by die 1942 amnestie ingesluit was.**

**Op 14 Januarie 1944 rig die Departement van Justisie 'n skrywe aan die Direkteur van Gevangenisse waarin voorgestel word dat oorweging geskenk moet word aan 'n aanbeveling vir amnestie aan alle gevangenes met vonnisse tot en met drie maande**

**gevangenisstraf.**

**Die waarnemende Direkteur van Gevangenisse rig op 19 Januarie 1944 'n skrywe aan die Minister van Justisie waarin daar onder sy aandag gebring word dat die gemiddelde aantal gevangenes in bewaring die kommerwekkende syfer van 24 400 bereik het en dat oorbevolking in verskeie gevangenisse voorkom. Voorts word voorgestel dat alle gevangenes wat vonnisse tot en met drie jaar gevangenisstraf uitdien, op 'n datum waarop besluit mag word, vrygelaat word.**

**Op 25 Januarie 1944 rig generaal J. C. Smuts 'n Uitvoerende Raadsminuut aan die Uitvoerende Raad waarin amnestie aan alle gevangenes wat vonnisse tot en met drie jaar gevangenisstraf uitdien, met ingang van 26 Januarie 1944 aanbeveel word. Gevangenes wat egter vonnisse uitdien weens Vloot- en Militêre oortredings word uitgesluit.**

**Op dieselfde dag (25 Januarie 1944) word amnestie soos voorgestel, goedgekeur.**

**Op 25 Januarie 1944 rig die waarnemende Direkteur van Gevangenisse 'n telegram:** *"Special remission of sentence to prisoners with original sentences up to and including three months"* **waarin die volgende onder die aandag van superintendente en landdroste in bevel van gevangenisse, gebring word:**

*"Officer administering the government has approved release on twenty sixth January 1944 of all prisoners in custody serving original sentences up to and including three months imprisonment stop.*

*This order will not apply in the case of prisoners hired out under the provisions circular general 14 of 1934 stop. Services of temporary warders should be terminated wherever possible.*

*Following further instructions now apply namely military and naval units sentenced by military and naval courts are excluded from amnesty and should not be released."*

**In 'n memorandum** *"Releases from Prison: Amnesty 26.1.44"* **gedateer 11 Februarie 1944 meld die Direkteur van Gevangenisse dat 8 266 gevangenes by die amnestie op 26 Januarie 1944, baat gevind het. Bevolkingsgroepe het soos volg daarby gebaat:**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| *"(a)* | *Blanke mans* | *182* | - | *vrouens* | *19* |
| *(b)* | *Swart mans* | *5 589* | - | *vrouens* | *247* |
| *(c)* | *Kleuring mans* | *1 080* | - | *vrouens* | *1 102* |
| *(d)* | *Asiatiese mans* | *45* | - | *vrouens* | *2."* |

**Op 5 Mei 1945 rig Minister J. H. Hofmeyr 'n Uitvoerende Raadsminuut aan die Uitvoerende Raad waarin voorgestel word dat amnestie aan gevangenes toegestaan word op die dag waarop vyandigheid tussen die Geallieerde magte en Duitsland gestaak is, ooreenkomstig die Minister van Justisie se verslag.**

**Die Minister van Justisie se verslag is op 5 Mei 1945 opgestel en onderteken deur Minister C. F. Steyn, waarin die volgende voorgehou word:**

*"<u>REPORT REMISSION OF SENTENCES: CESSATION OF HOSTILITIES</u>*

*As has been done on previous occasions of historic significance, it is desired to mark the cessation of hostilities with Germany by granting to certain prisoners confined in prisons and gaols and inmates detained in farm colonies established under the provisions of the Prisons Act, No. 13 of 1911, the remission of the whole or portion of the remainder of their sentences or periods of detention respectively.*

*I accordingly recommend that His Excellency the Officer Administering the Government may be pleased to approve of the grant of THREE MONTHS remission to all prisoners serving sentences in prisons and gaols, with the exception of those serving sentences of imprisonment for life or the indeterminate sentence, and to all inmates detained in a farm colony on the day when it is officially announced that hostilities with Germany have ceased, and that all prisoners and inmates who are, by virtue of such remission, entitled to immediate release, be released as far as possible on the morning of the day after the day on which such announcement is made."*

**Op 5 Mei 1945 keur die Uitvoerende Raad die amnestie soos voorgestel, goed.**

**Dit is insiggewend om daarop te let dat die Direkteur van Gevangenisse reeds op 4 Mei 1945 (voordat die Uitvoerende Raad amnestie goedgekeur het) onder verwysing 1/13/45 'n Algemene Omsendbrief aan alle superintendente en landdroste in bevel van gevangenisse gerig het waarin die goedkeuring van amnestie gekommunikeer is:**

*"GRANT OF SPECIAL REMISSION OF SENTENCE TO PRISONERS ON CESSATION OF HOSTILITIES WITH GERMANY.*

*1. I beg to inform you that with a view to marking the cessation of hostilities with Germany, His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased, as a special act of clemency, to approve of the grant of three months special remission to all sentenced prisoners in custody in Union Prisons, Gaols and Lock-ups at unlock on the morning of the day following that on which the official announcement is made by the Acting Prime Minister of the Union that hostilities with Germany have ceased.*

*2. This special remission is not to apply to prisoners sentenced to imprisonment with hard labour for life, or to the indeterminate sentence, or to natives sentenced to Farm Colony detention under the Natives (Urban Areas) Act, No. 21 of 1920, or to prisoners hired out in terms of Prisons Circular-General No. 14 of 1934."*

**Op 5 Mei 1945 rig die Direkteur van Gevangenisse onder verwysing 1/13/45 'n skrywe aan die Rade van Toesig: Transvaal, Griekwaland-Wes, O.V.S., Natal en die Kaap Provinsie waarin paragraaf 2 van sy skrywe van 4 Mei 1945 soos hierbo vermeld, gewysig moet word:**

***"Grant of Special Remission of Sentence to Prisoners on Cessation of Hostilities with Germany.***

*I beg to forward herewith, for your Board's information, a copy of confidential minute No. 1/13/45 issued by this Department to all Superintendents and Magistrates on the 4th instant*

*dealing with the abovementioned matter.*

*I may say that it has since been decided that the amnesty should also be applied to farm colony inmates, hence the deletion of a portion of paragraph 2 of the minute cited."*

**Die Minister van Justisie, C. F. Steyn, rig op 15 Augustus 1945 'n skrywe aan generaal J C Smuts waarin drie maande amnestie aan alle gevangenes toegestaan word op grond van die staking van vyandigheid in die wêreldoorlog:**

*"__REMISSION OF SENTENCE: CESSATION OF HOSTILITIES__*
*As has been done on previous occasions of historic significance, it is desired to mark the cessation of hostilities in the world war by granting to certain prisoners confined in prisons and gaols and inmates detained in farm colonies established under the provisions of the Prisons Act, No. 13 of 1911, the remission of the whole or portion of the remainder of their sentences or periods of detention respectively.*

*I accordingly recommend that His Excellency the Officer Administering the Government may be pleased to approve of the grant of THREE MONTHS remission to all prisoners serving sentences in prisons and gaols, with the exception of those serving sentences of imprisonment for life or the indeterminate sentence, and to all inmates detained in a farm colony, with effect from the 15th August, 1945, and that all prisoners and inmates who are, by virtue of such remission, entitled to immediate release, be released as soon as possible."*

**Hierdie verslag deur die Minister van Justisie word aan die hand van 'n Uitvoerende Raadsminuut gedateer 15 Augustus 1945, deur generaal J. C. Smuts aan die Uitvoerende Raad voorgelê en op 15 Augustus 1945 word amnestie soos voorgestel** *"byvoorbaat goedgekeur in afwagting van die volgende vergadering van die Uitvoerende Raad."*

**Op 15 Augustus 1945 rig die Direkteur van Gevangenisse 'n telegram aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie en alle superintendente en landdroste in bevel van gevangenisse waarin die volgende vermeld word:**

*"G. 452. To mark cessation of hostilities His Excellency the Officer Administering the Government has approved as a special act of clemency of three months special remission of sentence to all sentenced prisoners and farm colony inmates in custody at unlock on the fifteenth instant. This telegram constitutes your authority for (a) the immediate release of all sentenced prisoners convicted up to and including the fourteenth instant whose sentences have three months or less to run and (b) the grant of three months special remission to all other prisoners sentenced on or before the fourteenth. In all other respects the terms of Prisons Confidential Minute No. 1/13/45 of the 4th May, 1945 apply to this amnesty and should be acted upon accordingly."*

**Hierdie telegram word deur die Direkteur van Gevangenisse aan die betrokkenes opgevolg per Algemene Omsendbrief 1/13/45 gedateer 20 Augustus 1945 waarin die telegram verbatum bevestig word en opdrag gegee word dat eerste oortreders wie se vonnisse vanweë die amnestie verminder het tot tussen vier (4) weke en ses maande, die normale strafvermindering toegeken moet word by voltooiing van die helfte van hul vonnisse, onderhewig aan goeie gedrag.**

**Regulasie 506 soos uitgevaardig kragtens die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) het voorsiening gemaak dat gevangenes met vonnisse van ses maande tot en met twee jaar gevangenisstraf, strafvermindering tot 'n maksimum van een-kwart (1/4) van hul vonnisse kan verdien afhangende van hul gedrag.**

**Op 25 Augustus 1945 rig die Sekretaris van Basoetoland onder verwysing 1374 'n skrywe aan die Direkteur van Gevangenisse, Pretoria, waarin die volgende vervat word:**

*"I am directed by the Acting Resident Commissioner to inform you that as on the occasion of the cessation of hostilities with Germany, the High Commissioner has approved a further special three months remission of sentence to all prisoners, except those serving Life or Indeterminate sentences, sentenced in Basutoland and serving their sentences in Union Gaols."*

**'n Skrywe onder verwysing 973 gedateer 27 Augustus 1945 word deur die Direkteur van Gevangenisse ontvang vanaf die Hoë Kommissaris, Swaziland, waarin drie maande spesiale afslag van vonnis aan alle gevangenes wat bewys van Swazilandse burgerskap kan lewer en in gevangenisse in die Unie van Suid-Afrika aangehou word, toegestaan is. Gevangenes wat egter lewenslange gevangenisstraf of onbepaalde vonnisse uitdien word nie by die amnestie ingesluit nie.**

**Ten opsigte van die amnestie wat deur Basoetoland sowel as Swaziland afgekondig is, bepaal die Direkteur van Gevangenisse in 'n skrywe** *"Amnesty to Prisoners"* **onder verwysing 1/13/45 gedateer 3 September 1945 die volgende:**

*"The prisoners concerned will not, of course, be eligible for Union V. J. day remission in addition to the remission granted by the High Commissioner of Basutoland / Swaziland."*

**Gedurende 1947 word 'n koninklike besoek aan die Unie van Suid-Afrika gebring en ter viering van die geleentheid word op 12 Februarie 1947 per Algemene Omsendbrief 1/29/47 'n amnestie met ingang van 21 Februarie 1947, op die volgende wyse bekend gemaak:**

*"OCCASION OF THE ROYAL VISIT*

*(a) A special remission of one-quarter of the sentence in the case of all prisoners, and inmates detained on farm colonies who, on the 21st February, 1947 are serving determinate sentences.*

*(b) In the case of a prisoner serving a Life sentence on the 21st February, 1947, a special remission of one-quarter of the determinate period to which such sentence is commuted, such remission only to be credited if and when the sentence is commuted.*

*(c) A request to the Board of Visitors for Convict Prisons in the Transvaal to consider at least six months before the normal date of consideration, the cases of all habitual criminals serving the indeterminate sentence, who have served for a period of five years or more."*

### 3.2.4 AMNESTIE 1950 - 1960

'n Belangrike aspek om op te let is die feit dat die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) gedurende 1959 vervang is deur die wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959).

Artikel 66 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) bepaal dat die Staatspresident magtiging kan verleen vir die uitplasing van enige gevangene op parool of sy vrylating of afslag van 'n gedeelte van sy vonnis.

Indien die uitplasing op parool of vrylating van 'n gevangene soos hierbo vermeld, geregverdig of dringend is, kan die Minister magtiging verleen vir die onmiddellike uitplasing op parool of vrylating van die betrokke gevangene, onderhewig aan enige voorwaardes wat die Minister mag bepaal, in afwagting van die goedkeuring deur die Staatspresident.

In terme van die bevoegdhede en werksaamhede van die President bepaal artikel 82(1)(k) van die Grondwet, 1993 (Wet 200 van 1993) die volgende ten opsigte van die toekenning van amnestie aan oortreders:

*"(k) om oortreders te begenadig of aan hulle grasie te verleen, òf onvoorwaardelik òf op die voorwaardes wat hy of sy goedvind, en om boetes, strawwe en verbeurings kwyt te skeld."*

Dit is egter ook belangrik om op die bepalings van artikel 67 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) te let waarvolgens die Minister op aanbeveling van die Nasionale Adviesraad oor Korrektiewe Dienste die datum van uitplasing op parool van enige gevangene of groep gevangenes kan vervroeg en sodanige uitplasing op parool onderhewig is aan die voorwaardes wat die Minister mag bepaal. Die sanksie soos vervat in vermelde artikel word deur die Minister benut wanneer hy oortuig is dat die algemene gevangenisbevolking of die bevolking van 'n spesifieke gevangenis, sodanige afmetings aangeneem het dat die veiligheid, menswaardigheid en fisiese versorging van gevangenes nadelig geraak word.

**Die Unie-Feesjaar gedurende 1960 het 'n verdere amnestie aan gevangenes meegebring en het dit voortgespruit uit 'n memorandum onder verwysing C.T. 4/60 deur die Kommissaris van Gevangenisse op 28 Maart 1960 aan die Minister van Justisie.**

**Die Kommissaris van Gevangenisse het in sy memorandum dit onder die aandag van die Minister gebring dat amnestie van tyd tot tyd in alle dele van die wêreld aan gevangenes tydens feestelikhede of by een of ander gebeurlikheid verleen word en is die Unie ook geen uitsondering nie.**

**Voorts het die Kommissaris dit ook aan die Minister gestel dat daar op twee geleenthede by staking van vyandelikhede in die jongste wêreldoorlog asook tydens die besoek van wyle Koning George VI in 1947, amnestie aan elke gevangene verleen is ongeag van die aard van sy oortreding of gedrag en ongeag of hy 'n geharde of gevaarlike misdadiger was.**

*"As gevolg van hierdie absolute onoordeelkundige en uiters liberale wyse waarop die vorige regering amnestie verleen het en die ongunstige kritiek wat dit uitgelok het, het u voorganger besluit om voorstelle van soortgelyke aard nie gunstig te oorweeg nie.*

*Mits dit so oordeelkundig toegepas word dat openbare mening nie daarteen in opstand kom nie, is my persoonlike mening dat so 'n toegewing van owerheidsweë 'n goeie uitwerking mag hê maar dan moet dit hoofsaaklik beperk word tot daardie groep gevangenes wat kort tydperke van gevangenisstraf vir tegniese of ander minder ernstige oortredings ondergaan en wat se vrylating terselfdertyd groot verligting in oorbevolkingstoestande sal meebring en tweedens tot eerste oortreders met vonnisse van een jaar nie te bowegaande nie."*

**Die Kommissaris het voorts die volgende kategorieë van gevangenes aan die Minister voorgehou:**

*"(a) Dat alle gevangenes, eerste-oortreders en residiviste, wat voor of op 30 Mei 1960 tot gevangenisstraf van tot en met een maand gevonnis is op 30 Mei 1960 onvoorwaardelik vrygelaat word ongeag of die vonnis 'n boetevonnis*

*insluit en ongeag of gedeeltelike boete betaal is of nie;*

(b) *dat aan alle gevangenes, eerste-oortreders en residiviste, wat voor of op 30 Mei 1960 vonnisse van langer as een maand tot en met ses maande gevangenisstraf opgelê is 30 dae afslag van vonnis verleen word, bo en behalwe die normale strafvermindering wat volgens regulasie aan hierdie kategorie toegeken kan word. Waar die vonnis boetes insluit, moet die amnestie **pro rata** ook op die boete van toepassing wees;*

(c) *dat aan alle **eerste oortreders** wat op of voor 30 Mei 1960 vonnisse van langer as ses maande tot onder twee jaar gevangenisstraf opgelê is 60 dae afslag van vonnis verleen word, bo en behalwe die normale strafvermindering wat volgens regulasie aan die kategorie toegeken kan word. Waar die vonnis 'n boete insluit moet die amnestie **pro rata** ook op die boetevonnis van toepassing wees.*

(d) *Dit word besef dat daar onvermydelik dié groep gevangenes sal wees wat uit die aard van die saak as grensgevalle en derhalwe as die "ongelukkiges" beskou moet word, tewete diegene met vonnisse van gevangenisstraf van 'n paar dae tot sowat drie maande langer as twee jaar. Die kategorie twee jaar en langer val egter onder beheer van die gevangenisrade en alhoewel hier nie 'n vaste prosedure neergelê kan word nie word dit nogtans aanbeveel dat gevangenisrade gemagtig word om aan sodanige grensgevalle, wat egter beperk moet word tot **slegs eerste-oortreders** wat op of voor 30 Mei 1960 vonnisse van langer as twee jaar tot en met twee jaar en drie maande gevangenisstraf opgelê is, 60 dae afslag van vonnis te verleen, bo en behalwe die normale strafvermindering wat gevangenisrade binne die perke van die regulasie, soos bepaal in artikel 63 van Wet No. 8 van 1959, aan dié kategorie mag toeken. Waar die vonnis 'n boetevonnis insluit moet die amnestie **pro rata** ook op die boetevonnis van toepassing wees.*

*Gevalle vir oorweging word beperk tot gevangenes met vonnisse van nie langer nie as twee jaar en drie maande gevangenisstraf omdat dit mynsinsiens alle verdienstelike eerste-oortreder grensgevalle behoort te dek.*

*5. Dit moet beklemtoon word dat sodanige amnestie soos hier aanbeveel, geweldige verligting in die tans oorbevolkte toestand in die gevangenisse tot gevolg sal hê.*

*6. Dit word verder aanbeveel dat gevangenes van die verskillende kategorieë hierbo genoem wat gedurende hulle huidige gevangenistermyn uit gevangenisbewaring ontvlug het of gepoog het om te ontvlug, sowel as gevangenes met vonnisse van op tot en met vier maande wat op parool vrygelaat is, uitgesluit word van die voordele van amnestie".*

**Hierdie voorstelle deur die Kommissaris is deur die Minister goedgekeur en is soos volg op 4 Mei 1960 onder handtekening van Ministers H. F. Verwoerd en C. R. Swart in 'n Uitvoerende Raadsminuut No. 1105, vervat:**

*"MINISTERS het die eer om aan te beveel dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal mag behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 69(1) van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet No. 8 van 1959), goed te keur dat-*

*(a) alle gevangenes wat voor of op 30 Mei 1960 tot en met een maand gevangenisstraf gevonnis, met of sonder die keuse van 'n boete, op 30 Mei 1960 onvoorwaardelik vrygelaat word;*

*(b) aan alle gevangenes wat op 30 Mei 1960 'n vonnis van gevangenisstraf van langer as een maand tot en met ses maande ondergaan, met of sonder die keuse van 'n boete, 30 dae afslag van vonnis verleen word, bo en behalwe die gewone strafvermindering wat aan sodanige gevangenes toegeken is;*

*(c) aan alle gevangenes wat eerste-oortreders is en op 30 Mei 1960 'n vonnis van gevangenisstraf van langer as ses maande tot onder twee jaar ondergaan, met of sonder die keuse van 'n boete, 60 dae afslag van vonnis verleen word, bo en behalwe die gewone strafvermindering wat aan sodanige gevangenes toegeken is;*

*(d)* *die bedrag van boete wat as 'n keuse gestel word by die oplegging van 'n vonnis, op 'n pro rata basis, verminder word waar afslag van vonnis aan 'n gevangene onder paragrawe (b) en (c) toegeken word; en*

*(e)* *die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) nie van toepassing is nie op 'n gevangene wat gedurende die loop van die vonnis wat hy besig is om te ondergaan, uit bewaring ontvlug of gepoog het om te ontvlug, of op 'n gevangene met 'n vonnis van gevangenisstraf van op tot en met vier maande wat op parool vrygelaat is, of op 'n gevangene wat ingevolge 'n bepaling van die Wet op Openbare Veiligheid, 1953 (Wet No. 3 van 1953) of die Noodtoestand-regulasies afgekondig by Proklamasie No. 91 van 30 Maart 1960 en die Noodtoestand-regulasies afgekondig by Proklamasie No. 93 van 1 April 1960 asook die Noodtoestand-regulasies afgekondig by Proklamasie No. 124 van 11 April 1960, soos gewysig, of die Wet op Openbare Byeenkomste, 1956 (Wet No. 17 van 1956) of weens Openbare Geweld of weens 'n oortreding wat saamgelees is met die bepalings van die Strafwysigingswet, 1953 (Wet No. 8 van 1953), tot gevangenisstraf gevonnis is."*

**Op 5 Mei 1960 keur die Uitvoerende Raad die voorgestelde amnestie goed en in Omsendbrief No. 37 van 1960 kommunikeer die Kommissaris die goegekeurde amnestie aan alle hoofde en bevelvoerende offisiere in bevel van gevangenisse in die Unie van Suid-Afrika:**

*"SPESIALE AFSLAG VAN VONNIS MET UNIE-FEESJAAR*

*1.* *Met die oog op die viering van die vyftigjarige bestaan van die Unie het dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om goed te keur dat 'n sekere groep gevangenes op 30 Mei 1960 vrygelaat word en dat spesiale afslag van vonnis aan ander groepe gevangenes op daardie dag verleen word.*

2. *Die basis waarop hierdie vrylatings en verlening van afslag van vonnis geskied, word hieronder uiteengesit en bevelvoerende offisiere en hoofde van gevangenisse word hiermee gemagtig om-*

(a) ***alle gevangenes** wat voor of op 30 Mei 1960 tot en met een maand (31 dae) gevangenisstraf gevonnis is, met of sonder die keuse van 'n boete, op daardie dag (30.5.60) onvoorwaardelik vry te laat;*

(b) *aan **alle gevangenes** wat op 30 Mei 1960 'n vonnis van gevangenisstraf van langer as een maand of 31 dae tot en met ses maande of 184 dae uitdien, met of sonder die keuse van 'n boete, 30 dae afslag van vonnis op daardie dag (30.5.60) te verleen; en*

(c) *aan alle gevangenes wat as eerste-oortreders na aanleiding van die bepalings van paragraaf 8 van hierdie omsendbrief geklassifiseer word en op 30 Mei 1960 'n vonnis van gevangenisstraf van langer as ses maande of 184 dae tot onder twee jaar of 731 dae uitdien, met of sonder die keuse van 'n boete, 60 dae afslag van vonnis op daardie dag (30.5.60) te verleen.*

3. *Die bepalings van paragraaf (2) is op alle gestrafte gevangenes in die betrokke groepe van toepassing, insluitende gevangenes met verdere aanklagtes, wat op 30 Mei 1960 in gevangenisse, polisieselle of -opsluitplekke, sielsieke inrigtings, siviele hospitale en gevangenes aangehou ingevolge die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), in bewaring is.*

4. *Die spesiale afslag van vonnis word verleen bo en behalwe gewone afslag van vonnis wat kragtens die bepalings van omsendbriewe No's. 45 van 1959 en 28 van 1960 toegeken word asook enige afslag van vonnis wat andersins toegeken word.*

5. *As hierdie afslag van vonnis 'n gevangene se datum van vrylating op of voor 31 Mei 1960 te staan bring, moet so 'n gevangene op 30 Mei 1960 vrygelaat word.*

6. *'n Vonnis wat uit slegs maande of jare of jare en maande bestaan moet nie na dae herlei word om te bepaal in watter groep die gevangene vir die doeleindes van verlening van afslag van vonnis ressorteer nie. Slegs waar 'n aantal dae 'n deel van 'n vonnis vorm moet van hierdie prosedure gebruik gemaak word.*

7. *Die bedrag aan boete wat as 'n keuse by die oplegging van 'n vonnis gestel is moet, net soos in die geval van gewone strafvermindering, op 'n **pro rata** basis verminder word waar afslag van vonnis onder paragraaf 2(b) en (c) verleen word.*

8. *Vir die doeleindes van hierdie omsendbrief is 'n residivis 'n gevangene wat gevonnis is tot -*

   *(a) 'n gesamentlike vonnis van gevangenisstraf van meer as 123 dae, met of sonder die keuse van 'n boete, ongeag of die boete of 'n gedeelte daarvan betaal is of nie; of*

   *(b) slegs 'n boete van meer as £50 (d.i. sonder gevangenisstraf); of*

   *(c) 'n tydperk van aanhouding in 'n boerderykolonie, werkkolonie of verbeteringshuis,*

   *daarna gevonnis word tot aanhouding in 'n gevangenis of boerderykolonie vir 'n tydperk van meer as 123 dae, met of sonder die keuse van 'n boete: Met dien verstande dat geen vonnis soos hierbo omskrywe by die bepaling van residivisme in aanmerking geneem word nie indien 'n tydperk van tien jaar verloop het tussen die datum waarop die lopende vonnis opgelê is en-*

   *(d) die datum waarop die laaste voorafgaande vonnis sonder strafvermindering verstryk het; of*

   *(e) as daar by die voorafgaande vonnis 'n keuse van 'n boete gestel is, die datum waarop die boete betaal is; of*

   *(f) as daar slegs 'n boete van meer as £50 opgelê was, die datum waarop die vonnis opgelê is.*

9. *Die bepalings van paragrawe 2(a), (b) en (c) is nie van toepassing nie op 'n gevangene wat -*

(a) *gedurende die loop van die vonnis wat hy besig is om te ondergaan, uit bewaring ontvlug of gepoog het om te ontvlug;*

(b) *'n vonnis van gevangenisstraf van op tot en met vier maande ondergaan en ingevolge die bepalings van omsendbrief No. 73 van 1959 op parool vrygelaat is; en*

(c) *ingevolge 'n bepaling van die Wet op Openbare Veiligheid, 1953 (Wet No. 3 van 1953) of die Noodtoestand-regulasies afgekondig by Proklamasie No. 91 van 30 Maart 1960 en die Noodtoestand-regulasies afgekondig by Proklamasie No. 93 van 1 April 1960 asook die Noodtoestand-regulasies afgekondig by Proklamasie No. 124 van 11 April 1960, soos gewysig, of die Wet op Openbare Byeenkomste, 1956 (Wet No. 17 van 1956) of weens Openbare Geweld of weens 'n oortreding wat saamgelees is met die bepalings van die Strafwysigingswet, 1953 (Wet No. 8 van 1953), tot gevangenisstraf gevonnis is."*

## 3.3 AMNESTIE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

### 3.3.1 AMNESTIE 1961 - 1970

**Op 31 Mei 1961 is 'n Republikeinse Staatsvorm (Republiekwording) aanvaar en is dit voorafgegaan deur 'n Uitvoerende Raadsminuut No 434 onderteken deur Ministers C. R. Swart en P. O. Sauer op 9 Maart 1961 waarin amnestie aan gevangenes aanbeveel word. Die versoek was dat daar goedgekeur word dat:**

"(a) *alle gevangenes wat voor of op 30 Mei 1961 tot en met drie maande gevangenisstraf gevonnis is, met of sonder die keuse van 'n boete, gedurende die tydperk 25 tot 30 Mei 1961 onvoorwaardelik vrygelaat word;*

(b) *aan alle gevangenes wat voor of op 30 Mei 1961 gevonnis is tot gevangenisstraf van langer as drie maande en minder as twee jaar, met of sonder die keuse van 'n boete, een-kwart spesiale afslag van vonnis verleen*

*word, bo en behalwe die gewone strafvermindering wat aan sodanige gevangenes toegeken word en dat die van hulle wat tot en met 31 Mei 1961 vir vrylating kwalifiseer gedurende die tydperk 15 tot 30 Mei 1961 vrygelaat word;*

*(c)* *aan alle gevangenes wat voor of op 30 Mei 1961 gevonnis is tot gevangenisstraf van twee jaar tot en met drie jaar, met of sonder die keuse van 'n boete, en voorheen nie aan 'n misdryf skuldig bevind is nie, een-kwart spesiale afslag van vonnis verleen word bo en behalwe die gewone strafvermindering wat normaalweg op aanbeveling van gevangenisrade aan sodanige gevangenes toegeken word, en dat die van hulle wat vir vrylating tot en met 31 Mei 1961 kwalifiseer, gedurende die tydperk 1 tot 30 Mei 1961 vrygelaat word; en*

*(d)* *die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) nie van toepassing is nie op 'n gevangene wat -*

*(i)* *gedurende die loop van die vonnis wat hy besig is om te ondergaan, uit bewaring ontvlug het;*

*(ii)* *kragtens die voorbehoudsbepaling van regulasie 130 van die regulasies opgestel vir die beheer van die Departement van Gevangenisse, soos afgekondig in Buitengewone Staatskoerant No. 6275 van 28 Augustus 1959, op parool vrygelaat is nie;*

*(iii)* *tot gevangenisstraf met of sonder die keuse van 'n boete gevonnis is kragtens die bepalings van die Wet op Openbare Veiligheid, 1953 (Wet No. 3 van 1953), of die Noodtoestand-regulasies afgekondig by Proklamasie No. 91 van 30 Maart 1960 en die Noodtoestand-regulasies afgekondig by Proklamasie No. 93 van 1 April 1960 asook die Noodtoestand-regulasies afgekondig by Proklamasie, of die Wet op Openbare Byeenkomste, 1956 (Wet No. 17 van 1956), of weens Openbare Geweld of weens 'n oortreding wat saamgelees is met die bepalings van die Strafwysigingswet, 1953 (Wet No. 8 van 1953)."*

**Op 10 Maart 1961 keur die Uitvoerende Raad die aanbevelings goed en op 10 Maart 1961 kommunikeer die Kommissaris van Gevangenisse die goedgekeurde amnestie per**

Omsendbrief 32/61 aan alle bevelvoerende offisiere en voorsitters van gevangenisrade. Die Kommissaris bepaal die volgende ten opsigte van die verskillende kategorieë gevangenes:

(i) <u>VONNISGROEP OP TOT EN MET DRIE MAANDE GEVANGENISSTRAF</u>

Dit sluit in alle gevangenes wat voor of op 30 Mei 1961 tot gevangenisstraf van op tot en met drie maande of hoogstens 92 dae met of sonder die keuse van 'n boete gevonnis is, moet gedurende die tydperk 25 tot 30 Mei 1961 onvoorwaardelik vrygelaat word. Gevangenes in die kategorie wat op die aand van 24 Mei 1961 in bewaring is moet in eweredige getalle op 25, 26 en 27 Mei 1961 vrygelaat word. Gevangenes wat tussen 25 en 30 Mei 1961 opgeneem word, moet op 29 en 30 Mei 1961 vrygelaat word.

Die rede vir hierdie metode van vrylating was om te voorkom dat groot getalle gevangenes gelyktydig en veral onmiddellik voor 'n feesdag in vryheid gestel word.

(ii) <u>VONNISGROEP MET GEVANGENISSTRAF VAN LANGER AS DRIE MAANDE EN MINDER AS TWEE JAAR</u>

Sodanige gevangenes wat voor of op 30 Mei 1961 gevonnis is tot gevangenisstraf van langer as drie maande of 92 dae en minder as twee jaar of 731 dae, met of sonder die keuse van 'n boete, moet een-kwart spesiale afslag van vonnis toegeken word ongeag van die gewone strafvermindering wat voorskriftelik aan hulle toegeken word.

Dit is dus belangrik om te let op die bepalings van Regulasie 131 uitgevaardig kragtens die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) waarvolgens 'n gevangene wat 'n vonnis van twee jaar of meer uitdien, hoogstens een-derde gewone strafvermindering gedurende 1961 op sy totale vonnis kon ontvang het.

**Gevangenes in vermelde kategorie wat vir vrylating tot en met 31 Mei 1961 gekwalifiseer het, moet in eweredige getalle gedurende die tydperk 15 tot 30 Mei 1961 vrygelaat word en wel op die datums 15, 18, 22 en 24 Mei 1961. Die gevangenes wat vir vrylating vanaf 25 tot 30 Mei 1961 kwalifiseer, moet op die datums waarop hulle vir vrylating kwalifiseer, vrygelaat word.**

**(iii) VONNISGROEP MET GEVANGENISSTRAF VAN TWEE JAAR OP TOT EN MET DRIE JAAR**

**Aan sodanige gevangenes wat nie voorheen aan 'n misdryf skuldig bevind is nie en wat voor of op 30 Mei 1961 gevonnis is tot gevangenisstraf van twee jaar of 731 dae op tot en met drie jaar of 1 096 dae, met of sonder die keuse van 'n boete, moet een-kwart spesiale afslag van vonnis verleen word, ongeag van die gewone strafvermindering wat verdien is of verdien kan word.**

**Gevangenes in hierdie groep moet gedurende die tydperk 1 tot 30 Mei 1961 ontslaan word en bepaal die Kommissaris verder dat diegene wat voor 15 Mei 1961 kwalifiseer vir vrylating, moet in min of meer eweredige getalle op 1, 8 en 13 Mei 1961 vrygelaat word. Daardie gevangenes wat vir vrylating vanaf 15 tot 31 Mei 1961 kwalifiseer moet op die datum waarop hulle vir vrylating kwalifiseer, ontslaan word.**

**Die bepalings van toepassing op die onderskeie kategorieë soos hierbo vermeld, was ook van toepassing op gevangenes met verdere aanklagtes, sowel as gevangenes wat in polisieselle,** *"(inrigtings vir sielsiekes en siviele hospitale in bewaring is asook gevangenes aangehou ingevolge die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945.))"* **aangehou is.**

**Op 12 April 1961 word daar 'n dringende teleksboodskap aan die Kommissaris versend waarin die volgende bekend gemaak is:**

*"Die Minister het vandag in die Volksraad aangekondig dat die volgende klasse gevangenes uitgesluit is uit die bepalings van die voorgestelde amnestie:*

(A) *Diegene wat voor 31 Mei 1961 op parool vrygelaat word.*

(B) *Diegene wat uit bewaring ontvlug het.*

(C) *Diegene wat skuldig bevind is aan oortredings van die Ontug, Daggabeheer, Openbare Veiligheid, Veediefstal en die Wette op Openbare Byeenkomste asook die Proklamasies afgekondig ooreenkomstig daardie wette.*

(D) *Diegene wat vonnisse van meer as drie jaar dien."*

**Hierdie boodskap aan die Kommissaris het hom daartoe gedwing om sy Omsendbrief No. 32 van 1961 aan te pas en is die volgende aan bevelvoerende offisiere en hoofde van gevangenisse onder verwysing 1/1/44 op 13 April 1961 gekommunikeer:**

"6(a) *Die bepalings van paragraaf drie is nie van toepassing nie op 'n gevangene wat-*

(i) *gedurende die loop van die vonnis wat hy besig is om te ondergaan, uit bewaring ontvlug het;*

(ii) *'n vonnis van gevangenisstraf van op tot en met vier maande ondergaan en ingevolge die bepalings van omsendbrief No. 73 van 1959 op parool vrygelaat is;*

(iii) *'n vonnis ondergaan weens 'n oortreding van die Ontugwet, Daggawette of vir Veediefstal; en*

(iv) *ingevolge 'n bepaling van die Wet op Openbare Veiligheid, 1953 (Wet No. 3 van 1953) of die Noodtoestand-regulasies afgekondig by Proklamasie No.91 van 30 Maart 1960 en die Noodtoestand-regulasies afgekondig by Proklamasie No. 93 van 1 April 1960 asook die Noodtoestand-regulasies afgekondig by Proklamasie No. 124 van 11 April 1960, soos gewysig, of die Wet op Openbare Byeenkomste, 1956 (Wet No. 17 van 1956) of weens Openbare Geweld of weens 'n oortreding wat saamgelees is met bepalings van die Strafwysigingswet, 1953 (Wet No. 8 van 1953) tot gevangenisstraf gevonnis is.*

(b) *Nieteenstaande die bepalings van sub-paragraaf (a) kan amnestie in verdienstelike gevalle aan gevangenes wat gedurende die loop van hulle vonnis ontvlug het of onder die Ontugwet, Daggabeheermaatreëls*

*of weens Veediefstal gevonnis is - sub-paragraaf a(i) en a(ii) hierbo - deur die Kommissaris toegestaan word. Hierdie bepaling geld ten opsigte van nie-raadsake sowel as die raadsake soos in paragraaf 3 omskryf."*

**Die Republiek se vyfjarige bestaan het 'n verdere amnestie aan gevangenes ingelei en in 'n Uitvoerende Raadsminuut No 830 gedateer 4 Mei 1966 beveel Minister H. F. Verwoerd die volgende amnestie deur die Staatspresident aan, naamlik dat;**

*"(a) alle gevangenes wat tot gevangenisstraf van tot en met vier maande, met of sonder die keuse van 'n boete, gevonnis is, insluitende periodieke gevangenisstraf, gedurende die tydperk 6 Junie tot 15 Junie 1966 onvoorwaardelik vrygelaat word;*

*(b) aan alle gevangenes wat gevonnis is tot gevangenisstraf van langer as vier maande en minder as twee jaar, een-kwart spesiale afslag van vonnis verleen word, bo en behalwe een-kwart of een-derde gewone strafvermindering wat aan sodanige gevangenes toegeken word, en dat diegene wat tot en met 31 Mei 1966 hiervolgens vir vrylating kwalifiseer, gedurende die tydperk 6 Junie tot 15 Julie 1966 onvoorwaardelik vrygelaat word;*

*(c) een-kwart spesiale afslag van vonnis, bo en behalwe die afslag van vonnis wat normaalweg op aanbeveling van gevangenisrade toegeken word, verleen word aan gevangenes wat gevonnis is en wat -*

*(i) bepaalde vonnisse van twee jaar en langer uitdien;*

*(ii) gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding ondergaan, bereken op die minimumduur van twee jaar van hierdie vonnis;*

*(iii) gevangenisstraf vir voorkoming van misdaad ondergaan, bereken op die minimumduur van vyf jaar van hierdie vonnis;*

*(iv) tot gewoontemisdadigers verklaar is, bereken op die minimumduur van sewe jaar ten opsigte van diegene wat voor 1 September 1959 gevonnis is en nege jaar in die geval van diegene wat op of na gemelde datum gevonnis is; en*

*(v) tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis is, bereken op twintig jaar of*

*op enige korter of langer tydperk wat vir oorweging van vrylating bepaal is;*

*(d)* *gevangenes wat kragtens paragraaf (c) tot en met 31 Mei 1966 vir vrylating kwalifiseer, gedurende die tydperk 6 Junie tot 15 Julie 1966, na gelang van die geval, onvoorwaardelik, of op proef of op parool vrygelaat word;*

*(e)* *die bepalings van die voorafgaande paragrawe van toepassing sal wees op alle gevangenes in die betrokke groepe wat voor of op 30 Mei 1966 gevonnis is en wat op 31 Mei 1966 in gevangenisse in bewaring is, insluitende diegene met verdere aanklagtes, gestrafte gevangenes wat op gemelde datum in polisieselle en -opsluitplekke, sielsieke inrigtings en siviele hospitale verkeer en persone wat op daardie datum ingevolge die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945) as gestraftes in bewaring is:*

*Met dien verstande dat alle persone wat voor of op 30 Mei 1966 tot periodieke gevangenisstraf gevonnis is, kragtens paragraaf (a) onvoorwaardelik vrygelaat word, ongeag of hulle op 31 Mei 1966 in bewaring is al dan nie:*

*Met dien verstande ook dat dit nie van toepassing is nie op 'n gevangene wat -*

*(i)* *gedurende die loop van die vonnis wat hy besig is om te ondergaan, uit bewaring ontvlug het;*

*(ii)* *'n vonnis van gevangenisstraf ondergaan het en voor 31 Mei 1966 op proef of parool vrygelaat was;*

*(iii)* *'n vonnis ondergaan weens 'n oortreding van die Ontugwet, Daggawette of vir Veediefstal;*

*(iv)* *weens roof met verswarende omstandighede gevonnis is; en*

*(v)* *gevonnis is weens 'n oortreding van -*

*(aa)* *die Wet op Onderdrukking van Kommunisme (No. 44 van 1950);*

*(bb)* *die Wet op Openbare Veiligheid (No. 3 van 1953);*

*(cc)* *die Regswysigingswet, 1962 (No. 76 van 1962)(Sabotasie);*

*(dd)* *die Wet op Oproerige Byeenkomste (No. 17 van 1956);*

*(ee)* *openbare geweldpleging;*

*(ff)* *die bepalings van enige Wet wat saamgelees word met die Strafwysigingswet (No. 8 van 1953);*

*(gg)* *Noodtoestand-regulasies wat kragtens die Wet op Openbare Veiligheid (No. 3 van 1953) opgestel is;*

*(hh)* *enige regulasie wat kragtens bogenoemde wette uitgevaardig is; en*

*(ii)* *enige bepaling wat daarop gemik is om die gesag en veiligheid van die Staat te verseker:*

*Met die verstande voorts dat bedoelde spesiale afslag in verdienstelike gevalle aan gevangenes wat gedurende die loop van hulle vonnis ontvlug het of onder die Ontugwet, Daggawette of weens veediefstal of roof met verswarende omstandighede gevonnis is, met die goedkeuring van die Kommissaris van Gevangenisse toegestaan kan word."*

**Hierdie aanbevelings deur die Ministers word op 4 Mei 1966 deur die Uitvoerende Raad goedgekeur en die Kommissaris rig op 25 April 1966 'n Omsendbrief, No. B2 van 1966:** *"SPESIALE STRAFVERSAGTING AAN GEVANGENES"* **onder verwysing 1/1/44 aan alle Bevelvoerende Offisiere, Voorsitters van Gevangenisrade en Hoofde van Gevangenisse, waarin die goedkeuring van die voorgestelde amnestie bekend gemaak word. Die Kommissaris se omsendbrief dateer voor die datum van goedkeuring deur die Uitvoerende Raad en kan dit aanvaar word dat hierdie omsendbrief opgestel is in afwagting van die goedkeuring deur die Uitvoerende Raad en is uitgestuur nadat goedkeuring verleen is.**

**Amnestie is op die volgende basis aan gevangenes verleen:**

*"(a)* *Die onvoorwaardelike vrylating van alle gevangenes wat 'n vonnis of totale vonnisse van tot en met vier maande, met of sonder die keuse van 'n boete, opgelê is, insluitende alle vonnisse van periodieke gevangenisstraf.*

*(b)* *Een-kwart spesiale afslag van vonnis, bo en behalwe die een-kwart of een-derde normale strafvermindering wat volgens regulasie toegeken word, aan alle gevangenes wat gevonnis is tot 'n vonnis of totale vonnisse van langer as vier maande en minder as twee jaar, met of sonder die keuse van 'n boete.*

(c) *Een-kwart spesiale strafversagting, bo en behalwe die afslag van vonnis wat gevangenisrade gewoonlik aanbeveel, aan gevangenes wat -*

(i) *'n vonnis of totale vonnisse van twee jaar en langer uitdien met of sonder die keuse van 'n boete;*

(ii) *gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding ondergaan, bereken op die minimumduur van twee jaar van hierdie soort vonnis, d.i. ses maande, om afgetrek te word van die datum van vrylating wat op aanbeveling van 'n Gevangenisraad in elke besondere geval normaalweg goedgekeur word;*

(ii) *gevangenisstraf vir die voorkoming van misdaad ondergaan, bereken op die minimumduur van vyf jaar van hierdie soort vonnis, d.i. een jaar en drie maande, om afgetrek te word van die datum van vrylating wat op aanbeveling van 'n Gevangenisraad in elke besondere geval normaalweg goedgekeur word;*

(iv) *tot gewoontemisdadigers verklaar is, bereken op die minimumduur van sewe jaar ten opsigte van diegene wat voor 1 September 1959 gevonnis is en nege jaar ten opsigte van diegene wat op en na 1 September 1959 gevonnis is. Die tydperk sal, onderskeidelik, een jaar en nege maande en twee jaar en drie maande wees en moet afgetrek word van die datum van vrylating wat op aanbeveling van 'n Gevangenisraad in elke besondere geval normaalweg goedgekeur word; en*

(v) *tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis is, bereken op 20 jaar of enige korter of langer tydperk wat deur die Uitvoerende Raad vir oorweging van vrylating bepaal is.*

*Waar 'n aanduiding nie deur die Uitvoerende Raad gegee is nie, word 'n lewenslange vonnis vir die doeleindes van spesiale afslag as twintig jaar beskou en sal sodanige gevangenes se vrylating oorweeg word na aftrekking van een-kwart daarvan, d.w.s. op 'n basis van vyftien jaar en moet aanbevelings vir vrylating op parool of proef met inagneming van vonnisversagting vir goeie gedrag en ander faktore, gemaak word.*

*In gevalle waar wel 'n aanduiding gegee is, moet vrylating oorweeg word na aftrekking van een-kwart spesiale afslag van die betrokke tydperk met inagneming van gedrag, aanpassing en ander faktore.*

***L.W.*** *Met inagneming van paragraaf 3(b), moet die spesiale vonnisversagting ook ten opsigte van vonnisse opgelê vir oortredings en misdrywe gepleeg terwyl in bewaring, toegeken word.*

*3.* *Die bepalings van die voorafgaande paragraaf sal -*

*(a)* *slegs van toepassing wees op alle gevangenes in die betrokke groepe wat voor of op 31 Mei 1966 gevonnis is en wat op 31 Mei 1966 in gevangenisse in bewaring is, insluitende diegene met verdere aanklagtes, gestrafte gevangenes wat op gemelde datum in polisieselle, en -opsluitplekke, sielsieke inrigtings en siviele hospitale verkeer en persone wat op daardie datum ingevolge die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945) as gestraftes in bewaring is:*

*Met dien verstande dat alle persone wat voor of op 30 Mei 1966 tot periodieke gevangenisstraf gevonnis is, kragtens paragraaf 2 onvoorwaardelike vrygelaat moet word, ongeag of hulle op 31 Mei 1966 in bewaring is of nie. Periodieke straftyers wat nie op 31 Mei 1966 in bewaring is nie, moet skriftelik verwittig word dat spesiale afslag van vonnis aan hulle toegeken is en hulle hul nie verder vir gevangesetting hoef aan te meld nie. Diegene wat hulle na 31 Mei 1966 vir die eerste keer vir gevangesetting aanmeld maar op of voor 30 Mei 1966 gevonnis is, kwalifiseer ook vir hierdie spesiale afslag: Met dien verstande ook dat 'n gevangene met 'n verdere aanklag(te) nie vrygelaat mag word nie tensy 'n lasbrief tot invryheidstelling t.o.v. die verdere aanklag(te) ontvang word nie;*

*(b)* *nie van toepassing wees nie op 'n gevangene wat -*

*(i)* *gedurende die loop van die vonnis wat hy besig is om te*

*ondergaan, uit bewaring ontvlug of gepoog het om te ontvlug;*

(ii) *'n vonnis van gevangenisstraf ondergaan het en voor 31 Mei 1966 op proef of parool vrygelaat is, d.i. diegene wat op gemelde datum op proef of parool buite gevangenisse is;*

(iii) *'n vonnis ondergaan weens 'n oortreding van die Ontugwet, (No. 23 van 1957), Daggawette of vir veediefstal;*

(iv) *weens roof met verswarende omstandighede gevonnis is; en*

(v) *gevonnis is weens 'n oortreding van -*

(aa) *die Wet op Onderdrukking van Kommunisme (No. 44 van 1950);*

(bb) *die Wet op Openbare Veiligheid (No. 3 van 1953);*

(cc) *die Regswysigingswet, 1962 (No. 76 van 1962)(Sabotasie);*

(dd) *die Wet op Oproerige Byeenkomste (No. 17 van 1956);*

(ee) *openbare geweldpleging (slegs oortredings gemik teen die veiligheid van die Staat);*

(ff) *die bepalings van enige Wet wat saamgelees word met die Strafwysigingswet (No. 8 van 1953);*

(gg) *Noodtoestand-regulasies wat kragtens die Wet op Openbare Veiligheid (No. 3 van 1953) opgestel is;*

(hh) *enige regulasie wat kragtens bogenoemde wette uitgevaardig is; en*

(ii) *enige bepaling wat daarop gemik is om die gesag en veiligheid van die Staat te verseker:*

*Met dien verstande dat indien 'n gevangene benewens een of meer van gemelde vonnisse ook 'n vonnis(se) vir 'n ander oortreding(s) uitdien, spesiale afslag op laasgenoemde vonnis(se) toegeken moet word:*

*Met dien verstande ook dat bedoelde spesiale afslag in verdienstelike gevalle met die goedkeuring van die Kommissaris toegestaan kan word aan gevangenes wat-*

(i) *gedurende die loop van hul vonnisse ontvlug of gepoog het om te ontvlug; en*

(ii) *onder die Ontugwet, Daggawette of weens veediefstal of roof met verswarende omstandighede gevonnis is."*

**Ongeag daarvan dat belangrike politieke gebeure en nasionale feesvierings gepaardgaan met die toekenning van amnestie aan gevangenes, het die Minister van Justisie en Gevangenisse, meneer Pelser, aldus die** *"Rand Daily Mail"* **van 3 April 1968 dit bekend gemaak dat geen amnestie vir gevangenes in die vooruitsig gestel word weens die inhuldiging van die Staatspresident nie. Die navorser kon in sy literatuurstudie geen dokumentêre bewys deur die Gevangenisdiens en die Departement van Justisie opspoor waarvolgens amnestie op grond van die inhuldiging van die Staatspresident, aan gevangenes toegeken is nie.**

**Op 1 April 1971 word Uitvoerende Raadsminuut No. 531 aan die Staatspresident gerig waarin spesiale afslag van vonnis aan gevangenes met die oog op die Republiek-feesvieringe (10-jarige bestaan van die Republiek van Suid-Afrika) met ingang van 1 Junie 1971 aanbeveel word en wel op die volgende grondslag:**

*"ses (6) maande aan suiwer eerste-oortreders;*

*en*

*drie (3) maande aan ander gevangenes.*

1. *Behoudens die uitsondering in paragraaf 2 vermeld, sal spesiale afslag van vonnis van toepassing gemaak word op:*

   (a) *alle gevangenes wat voor 31 Mei 1971 gevonnis is en op daardie dag in gevangenisse, polisieselle en - opsluitplekke, inrigtings vir geestesgekrenktes en siviele en ander hospitale aangehou word;*

   (b) *alle gevangenes wat voor 31 Mei 1971 gevonnis is en hulle na hierdie datum vir die eerste keer aanmeld vir uitdiening van vonnis;*

   (c) *alle gevangenes wat voor 31 Mei 1971 ingevolge die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945) as*

*gestraftes in bewaring is; en*

(d) *alle persone wat voor 31 Mei 1971 tot periodieke gevangenisstraf gevonnis is, ongeag of hulle op 31 Mei 1971 in bewaring is of nie, maar wat op hierdie stadium nog nie die volle vonnis uitgedien het nie. (Twintig uur periodieke gevangenisstraf sal gelyk wees aan een dag gevangenisstraf).*

2. *Spesiale afslag van vonnis sal nie van toepassing wees nie op 'n gevangene wat:*

(a) *voor 31 Mei 1971 op proef of parool vrygelaat is;*

(b) *gedurende die loop van die vonnis(se) wat hy besig is om uit te dien, uit bewaring ontvlug het of gepoog of saamgesweer het om te ontvlug of wat 'n ander gevangene aangehits of hulp verleen het om te ontvlug;*

(c) *gevonnis is weens:*

(i) *moord met of sonder versagtende omstandighede;*

(ii) *menseroof;*

(iii) *kinderdiefstal;*

(iv) *ontvoering met die doel om 'n losprys te eis;*

(v) *verkragting;*

(vi) *die bestuur van 'n voertuig terwyl onder die invloed van sterk drank of ander narkotiese middels;*

(vii) *roof (slegs ten opsigte van vonnisse van twee jaar of langer sonder 'n alternatiewe boete);*

(viii) *openbare geweldpleging (slegs oortredings gemik teen die veiligheid van die Staat); en*

(ix) *veediefstal.*

(d) *gevonnis is weens 'n oortreding van die bepalings van:*

(i) *die Ontugwet, 1957 (Wet 23 van 1957);*

(ii) *artikels 61 en 65 ter van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928);*

(iii) *die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet 44 van 1950);*

(iv) *die Wet op Openbare Veiligheid, (Wet 3 van 1953) en die*

*Noodregulasies daarkragtens uitgevaardig;*

(v) *artikel 21 van die Algemene Regswysigingswet, 1962 (Wet 76 van 1962);*

(vi) *die Wet op Oproerige Byeenkomste, 1956 (Wet 17 van 1956);*

(vii) *die Wet op Terrorisme, 1967 (Wet 83 van 1967);*

(viii) *enige Wet wat saamgelees word met die Strafregswysigingswet, 1953 (Wet 8 van 1953);*

(ix) *enige regulasie wat kragtens enige van bogenoemde wette uitgevaardig is;*

(x) *enige wetsvoorskrif wat daarop gemik is om die gesag en veiligheid van die Staat te verseker; en*

(xi) *artikel 84 van die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet 73 van 1964).*

**Die Uitvoerende Raad keur op 1 April 1971 die voorgestelde amnestie goed en op Dinsdag 4 Mei 1971 reik die Departement van Inligting op versoek van die Ministerie van Gevangenisse 'n persverklaring uit:**

*"PERSVERKLARING DEUR SY EDELE P.C. PELSER, MINISTER VAN GEVANGENISSE:*

*Sy Edele P.C. Pelser, Minister van Gevangenisse kondig aan dat dit die Staatspresident behaag het om met die oog op die Republiekfees vanjaar goed te keur dat spesiale afslag van vonnis aan sekere kategorieë van gevonniste gevangenes toegeken word. Hierdie afslag van vonnis sal op die volgende basis toegeken word:-*

*Ses maande aan eerste oortreders;*

*en*

*Drie maande aan residiviste; en is van toepassing op:*

(a) *alle gevangenes wat voor 31 Mei 1971 gevonnis is en op daardie dag in gevangenisse, polisieselle en - opsluitplekke, inrigtings vir geestesgekrenktes en siviele en ander hospitale aangehou word;*

(b) *alle gevangenes wat voor 31 Mei 1971 gevonnis is en hulle na hierdie datum vir die eerste keer aanmeld vir uitdiening van vonnis;*

(c) *alle gevangenes wat voor 31 Mei 1971 ingevolge die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945) as gestraftes in bewaring is; en*

(d) *alle persone wat voor 31 Mei 1971 tot periodieke gevangenisstraf gevonnis is, ongeag of hulle op 31 Mei 1971 in bewaring is of nie, maar wat op hierdie stadium nog nie die volle vonnis uitgedien het nie. (Twintig uur periodieke gevangenisstraf sal gelyk wees aan een dag gevangenisstraf).*

2. *Spesiale afslag van vonnis sal nie van toepassing wees nie op 'n gevangene wat:*

(a) *voor 31 Mei 1971 op proef of parool vrygelaat is;*

(b) *gedurende die loop van die vonnis(se) wat hy besig is om uit te dien, uit bewaring ontvlug het of gepoog of saamgesweer het om te ontvlug of wat 'n ander gevangene aangehits of hulp verleen het om te ontvlug;*

(c) *gevonnis is weens:*

- (i) *moord met of sonder versagtende omstandighede;*
- (ii) *menseroof;*
- (iii) *kinderdiefstal;*
- (iv) *ontvoering met die doel om 'n losprys te eis;*
- (v) *verkragting;*
- (vi) *die bestuur van 'n voertuig terwyl onder die invloed van sterk drank of ander narkotiese middels;*
- (vii) *roof (slegs ten opsigte van vonnisse van twee jaar of langer sonder 'n alternatiewe boete);*
- (viii) *openbare geweldpleging (slegs oortredings gemik teen die veiligheid van die Staat); en*
- (ix) *veediefstal.*

(d) *gevonnis is weens 'n oortreding van die bepalings van:*

- (i) *die Ontugwet, 1957 (Wet 23 van 1957);*
- (ii) *artikels 61 en 65 ter van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928);*

*(iii) die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet 44 van 1950);*

*(iv) die Wet op Openbare Veiligheid, (Wet 3 van 1953) en die Noodregulasies daarkragtens uitgevaardig;*

*(v) artikel 21 van die Algemene Regswysigingswet, 1962 (Wet 76 van 1962);*

*(vi) die Wet op Oproerige Byeenkomste, 1956 (Wet 17 van 1956);*

*(vii) die Wet op Terrorisme, 1967 (Wet 83 van 1967);*

*(viii) enige Wet wat saamgelees word met die Strafregswysigingswet, 1953 (Wet 8 van 1953);*

*(ix) enige regulasie wat kragtens enige van bogenoemde wette uitgevaardig is;*

*(x) enige wetsvoorskrif wat daarop gemik is om die gesag en veiligheid van die Staat te verseker; en*

*(xi) artikel 84 van die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet 73 van 1964).*

*Indien 'n gevangene wat 'n vonnis vir enige van die misdrywe genoem in paragraaf 2 ook 'n vonnis(se) vir enige ander misdryf uitdien, sal spesiale afslag van vonnis op laasgenoemde vonnis(se) toegeken word."*

**Die bepalings in die persverklaring deur Minister Pelser is deur die Kommissaris van Gevangenisse by wyse van 'n Algemene Omsendbrief *"SPESIALE AFSLAG VAN VONNIS"* onder verwysing 1/8/11 en gedateer 15 April 1971, onder alle bevelvoerende offisiere, inspekteurs van gevangenisse, voorsitters van gevangenisrade en hoofde van gevangenisse se aandag gebring vir uitvoering.**

**Die Kommissaris van Gevangenisse rig op 8 April 1975 'n memorandum aan die Minister van Gevangenisse onder verwysing 1/8/B oor 1/8/11 waarin hy dit onder die aandag van Minister Kruger bring dat die pers navraag gedoen het met betrekking tot die moontlikheid vir die verlening van amnestie aan gevangenes wat op 21 April 1975 (die dag waarop dr. Diederichs as Staatspresident ingehuldig sal word) in bewaring in 'n gevangenis mag wees en gevangenisstraf uitdien.**

**Voorts beveel die Kommissaris nie die toekenning van amnestie op grond van die Staatspresident se inhuldiging aan nie. Op dieselfde datum (8 April 1975) keur Minister Kruger die Kommissaris se aanbeveling goed.**

**'n Verdere memorandum word deur die Kommissaris onder verwysing 1/8/B oor 1/8/11 op 14 April 1975 aan Minister Kruger gerig waarin die toekenning van amnestie sedert Republiekwording aangespreek word naamlik:**

| | | |
|---|---|---|
| **1961** | **-** | **Republiekwording.** |
| **1966** | **-** | **5 jarige bestaan van die Republiek van Suid-Afrika.** |
| **1971** | **-** | **10 jarige bestaan van die Republiek van Suid-Afrika.** |

**Die Kommissaris meld voorts:**
*"Dit is duidelik dat amnestie nie verleen is vir die inhuldiging/ampsaanvaarding van 'n Staatspresident nie."*

**Op 16 April 1975 bring Minister Kruger die volgende nota ten opsigte van die Kommissaris se opmerking hierbo vermeld aan:**

*"Kabinet besluit geen amnestie met Presidentsinhuldiging nie."* **Hieruit is dit duidelik dat geen amnestie gedurende 1968 tot 1975 toegeken is weens die inhuldiging van die Staatspresident nie.**

## 3.3.2 AMNESTIE 1980 - 1994

**Die 20-jarige Republiekfees op 31 Mei 1981 het ook 'n amnestie aan gevonniste gevangenes tot gevolg gehad en het sy beslag gevind in 'n Kabinetsmemorandum gedateer 14 April 1981 en Uitvoerende Raadsminuut No. 0573 wat deur Eerste Minister P. W. Botha op 8 Mei 1981 aan Staatspresident M. Viljoen voorgehou is.**

**Minister P.W. Botha beveel in die Uitvoerende Raadsminuut aan dat die Staatspresident, met die oog op Republiekfeesvieringe en kragtens die bevoegdheid aan hom verleen kragtens artikel 69(1) van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959), afslag van vonnis met ingang van 2 Junie 1981 aan gevonniste gevangenes wat op 31 Mei 1981 in aanhouding is, op die volgende grondslag verleen:**

**(a) Die onvoorwaardelike vrylating van alle gevangenes wat voor of op 1 Mei 1981 tot gevangenisstraf van tot en met 4 maande, met of sonder die keuse van 'n boete gevonnis word. Die volgende gevangenes word egter hierby uitgesluit:**

- **gevangenes wat voor 31 Mei 1981 op proef of parool vrygelaat is;**
- **Oortredings gemik teen die veiligheid of gesag van die Staat of poging om sodanige oortreding te pleeg, dit wil sê, alle gevangenes wat bekend staan as sekerheidsgevangenes;**
- **gevangenes wat in aanhouding is as vonnisskuldenaars ingevolge artikels 65F en 109(4) van die Landdroshowewet, No. 32 van 1944;**
- **gevangenes wat geestesongesteld geraak het en vir solank as wat hulle as geestesongesteldes behandeling ontvang; en**
- **'n gevangene wat as 'n psigopaat gesertifiseer is en vir solank as wat hy nog nie gedesertifiseer is nie.**

**(b) Een-kwart afslag van vonnis tot 'n maksimum van drie jaar, aan alle ander gevonniste gevangenes, bo en behalwe die normale strafvermindering wat volgens regulasie op die vonnis toegeken word in die geval van gevangenes wat bepaalde vonnisse dien en vir die toekenning van strafvermindering kwalifiseer. Die uitsluiting van gevangenes soos vermeld in *"(a)"* hierbo is ook in die verband van toepassing sowel as ten opsigte van die volgende:**

- **Behalwe in gevalle waar die <u>oorblywende gedeelte</u> van die vonnis wat nog gedien moet word, by inwerkingtreding van die afslag, ses**

(6) maande en minder beloop, sal dit ook nie van toepassing wees nie op 'n gevangene wat gevonnis is weens:

- roof, waarby enige wapen betrokke was en ook in daardie gevalle waar daar bewys gelewer word dat hulle bendelede was en/of in bendeverband opgetree het; of waar vonnisse van meer as vyf (5) jaar gevangenisstraf is;
- geweld teen die liggaam van ander persone waar vonnisse van meer as vyf (5) jaar gevangenisstraf opgelê is; en
- huisbraak en diefstal, (waarby ingesluit is: huisbraak, of huisbraak met die doel om te steel of huisbraak met 'n doel aan die aanklaer onbekend); en waar vonnisse van agt (8) jaar of langer opgelê is.

Die Uitvoerende Raadsminuut het ook ander vonniskategorieë geakkommodeer en was die volgende beginsels van toepassing:

- Gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding: In die geval is die vonnis gereken op 2 jaar en is dit die minimumaanhoudingstydperk soos bepaal deur artikel 39 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959). Indien so 'n gevangene benewens die gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding ook bepaalde vonnisse uitdien, word een-kwart afslag op die effektiewe vonnis toegeken, tot 'n maksimum van drie jaar.

- Gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad: Die vonnis word gereken as vyf (5) jaar en sou die gevangene benewens die voormelde vonnis ook bepaalde vonnisse uitdien, word een -kwart afslag van vonnis toegeken op die effektiewe vonnis, tot 'n maksimum van drie jaar.

- Gewoontemisdadiger: Die vonnis word gereken op sewe jaar.

- In die geval waar die Uitvoerende Raad 'n vonnis van 'n terdoodveroordeelde versag het na lewenslange gevangenisstraf, word die tydperk waarna die vonnis hersien moet word, as die vonnis bereken.

- <u>Lewenslange gevangenisstraf:</u> Vir doeleindes van die afslag van vonnis word hierdie vonnis as langer as twaalf jaar gereken.

Die voormelde is ook van toepassing op die volgende kategorieë gevonniste gevangenes:

- alle persone wat voor 31 Mei 1981 gevonnis is en op daardie dag in polisieselle en polisie-opsluitplekke, staats psigiatriese hospitale vir geestesongesteldes en siviele en ander hospitale aangehou word;
- alle persone wat voor 31 Mei 1981 gevonnis is en hulle na dié datum vir die eerste keer aanmeld vir uitdiening van vonnis;
- alle gevangenes wat op 31 Mei 1981 ingevolge die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, (Wet No. 25 van 1945) in Boerderykolonies in bewaring is; en
- alle persone wat voor 31 Mei 1981 tot periodieke gevangenisstraf gevonnis is, ongeag of hulle op 31 Mei 1981 in bewaring is of nie, maar wat op hierdie datum nog nie die volle vonnis uitgedien het nie.

Die Uitvoerende Raadsminuut soos hierbo uiteengesit word op 8 Mei 1981 deur die Uitvoerende Raad goedgekeur en kommunikeer die Kommissaris van Gevangenisse die goedgekeurde amnestie aan alle streekkommissarisse en ander belanghebbendes per Algemene Rondskrywe 35 van 1981 *"AFSLAG VAN VONNIS AAN GEVONNISTE GEVANGENES: REPUBLIEKFEES 1981"* gedateer 8 Mei 1981.

Oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenisse is nie ongewoon nie en het die Kommissaris van Gevangenisse in sy Jaarverslag van 1 Julie 1983 tot 30 Junie 1984 (1984:73) daarop gewys dat daar in vergelyking met die vorige verslagjaar 'n styging in die daaglikse gemiddelde getal gevangenes was (107 174) teenoor 101 302 die vorige verslagjaar. Hierdie tendens kan toegeskryf word aan die feit dat die getal

langtermyngevangenes in bewaring op 30 Junie 1984 met 6,57% in vergelyking met die vorige jaar toegeneem het.

Inaggenome die voormelde beveel die Kommissaris in sy memorandum 1/8/B van 6 Maart 1986 ses (6) maande amnestie aan met die oog op die feesvierings tydens die 25ste bestaansjaar van die Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1986.

Minister Coetzee keur op 13 Maart 1986 die Kommissaris se aanbevelings goed en op 22 April 1986 onderteken Staatspresident P.W. Botha 'n Staatspresidentsminuut Nommer 0443 wat die toekenning van ses maande amnestie aan gevonniste gevangenes bekragtig. Die toegestane amnestie is met ingang van 1 Mei 1986 van krag op alle gevonniste gevangenes wat voor of op 31 Mei 1986 gevonnis is en in aanhouding is of sal wees. Die amnestie is ook van toepassing op:

- persone wat voor 31 Mei 1986 gevonnis is en op daardie dag in polisieselle en polisie-opsluitplekke, staatspsigiatriese hospitale vir geestesongesteldes en siviele en ander hospitale aangehou word;
- persone wat voor 31 Mei 1986 gevonnis is en na die datum vir die eerste keer aanmeld vir uitdiening van vonnis;
- alle gevangenes wat op 31 Mei 1986 ingevolge die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, (Wet No. 25 van 1945) in Boerderykolonies in bewaring is; en
- persone wat voor 31 Mei 1986 tot periodieke gevangenisstraf gevonnis is.

Die amnestie was egter nie van toepassing op enige gevangene wat:

(a) op proef of parool vrygelaat is voor 31 Mei 1986;

(b) 'n vonnis uitdien weens:
  - weiering om te getuig;
  - oortredings gemik teen die veiligheid of die gesag van die Staat. Dit kom dus daarop neer dat geen sekerheidsgevangene by die amnestie gebaat het nie.

- oortredings wat verband hou met openbare geweld en word klipgooi en brandstigting daarby ingesluit.

(c) in aanhouding is as vonnisskuldenaar;

(d) geestesongesteld geraak het en vir solank as wat hy as 'n geestesongestelde behandeling ontvang; en

(e) as 'n psigopaat gesertifiseer is en vir solank as wat hy nog nie gedesertifiseer is nie.

Die Staatspresidentsminuut maak ook daarvoor voorsiening dat spesifieke ander kategorieë gevangenes by die amnestie uitgesluit is. Hierdie uitsluiting spreek van die morele verantwoordelikheid wat die Regering sowel as die Gevangenisdiens teenoor die gemeenskap het en waardeur optimale beskerming van die gemeenskap beoog word. Die volgende kategorieë gevangenes het slegs in aanmerking vir die amnestie gekom indien die oorblywende gedeelte van die vonnis wat nog gedien moet word, ses (6) maande en minder beloop het:

(i) roof waarby enige vuurwapen betrokke was en waar vonnisse van meer as vyf (5) jaar gevangenisstraf opgelê is;

(ii) geweld teen die liggaam van 'n ander persoon waar vonnisse van meer as vyf (5) jaar gevangenisstraf opgelê is;

(iii) verkragting, waar vonnisse van meer as vyf (5) jaar gevangenisstraf opgelê is; en

(iv) huisbraak en diefstal, waarby ingesluit is: huisbraak, of diefstal met die doel om te steel of huisbraak met 'n doel aan die aanklaer onbekend; en waar vonnisse van agt (8) jaar of langer opgelê is.

Ten einde uitvoering te verleen aan die Staatspresident se bekragtiging van amnestie, kommunikeer die Kommissaris van Gevangenisse die goedgekeurde amnestie op 24 April 1986 onder verwysing 1/8/11 (Algemene Rondskrywe 25/86) aan alle streekkommis sarisse, bevelvoerende offisiere en ander belanghebbendes, in 'n skrywe *"TOEKENNING*

***VAN AFSLAG VAN VONNIS AAN GEVONNISTE GEVANGENES TER HERDENKING VAN DIE 25-JARIGE BESTAANSJAAR VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA"*** **en in totaal het 48 979 gevangenes by hierdie amnestie baat gevind.**

**Die herdenking van die vyf-en-sewentigste bestaansjaar van die Suid-Afrikaanse Weermag op 1 Julie 1987 het 'n verdere behoefte aan die toekenning van amnestie laat ontstaan. Dit het voortgespruit uit 'n versoek deur die Minister van Verdediging, generaal M A de M Malan aan die Minister van Justisie, aldus memorandum 1/8/B gedateer 14 Augustus 1987 deur die Kommissaris van Gevangenisse, luitenant-generaal W.H. Willemse aan Minister Coetzee, Minister van Justisie.**

**Die Minister van Verdediging het versoek dat met die oog op die herdenking van die vyf-en-sewentigste bestaansjaar van die Suid-Afrikaanse Weermag daar by die Staatspresident aanbeveel word dat grasie aan sekere oortreders verleen word kragtens die bepalings van artikel 6(3)(d) van die Grondwet, 1983 (Wet 110 van 1983), waarvolgens die Staatspresident kwytskelding van 'n gedeelte of 'n volle vonnis kan verleen.**

**Die voorstel deur die Minister van Verdediging was dat een (1) jaar grasie verleen word aan uitsluitlik persone wat ten tye van hul oortredings of vonnis lede van die Staande Mag of Burgermag, Reserwe of 'n Kommando wat by enige deel van die Suid-Afrikaanse Weermag (insluitende die SWA gebiedsmag) diens of pligte verrig of opleiding ondergaan het.**

**Op 1 September 1987 keur Staatspresident P.W. Botha een jaar afslag van vonnis deur middel van Staatspresidentsminuut No. 575 goed aan gevangenes wat ten tye van hul oortredings of vonnis lede was van die Staande Mag of Burgermag, Reserwe of 'n Kommando wat by enige deel van die Suid-Afrikaanse Weermag (insluitende die SWA gebiedsmag) diens of pligte verrig of opleiding ondergaan het en wat op 1 Julie 1987 besig was om gevangenisstraf in 'n Suid-Afrikaanse of Suidwes-Afrikaanse gevangenis uit te dien. Voorts sluit die Staatspresident ook by sy bekragtiging van amnestie sodanige persone in wat op 1 Julie 1987 tot gevangenisstraf gevonnis was en buite die**

gevangenis verkeer het weens vrylating onder borgtog in afwagting van appélbeslissings, ongeag of sodanige vonnis in 'n hof in die RSA of SWA opgelê is.

Die volgende persone is egter by die toekenning van een jaar spesiale afslag van vonnis uitgesluit:

- persone wat ten tye van hul oortredings vorige burgerlike veroordelings gehad het;
- persone wat ontvlug het of gepoog het om te ontvlug.

Persone wat weens die volgende misdrywe gevonnis is, is ook uitgesluit;

- misdrywe vermeld in Bylae 2 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982 (Wet 74 van 1982);
- misdrywe ingevolge die Wet op Amptelike Geheime, 1956 (Wet 16 van 1956), of die Wet op Beveiliging van Inligting, 1982 (Wet 84 van 1982);
- misdrywe ingevolge die Wet op Oproerige Byeenkomste, 1956 (Wet 17 van 1956);
- misdrywe ingevolge regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op Openbare Veiligheid, 1953 (Wet 3 van 1953);
- misdrywe ingevolge artikel 118 of artikel 126A(1)(a) of (2)(a) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957).

Op 11 September 1987 rig die Kommissaris skrywe 1/8/11 oor 1/8/B aan alle bevelvoerende offisiere waarin die goedgekeurde amnestie bevestig word en het 44 gevangenes by die amnestie gebaat.

Gelet op die amnestie wat verleen is, is dit duidelik dat ongeag van byvoorbeeld seksuele- en aggressiewe misdrywe en die vonnislengte, het sodanige gevangenes by die amnestie baat gevind terwyl daar met vorige amnesties in 'n mindere of meerdere mate penaliseringsfaktore in die verband ingebou was.

Die Staatspresident keur per Staatspresidentsminuut 721 goed dat met die oog op die feesgety in Desember 1987 afslag van vonnis van drie (3) maande aan gevonniste

gevangenes toegestaan word, maar is die amnestie nie op sekere kategorieë gevangenes van toepassing nie en sluit dit gevangenes uit wat:

(a) Voor 1 Desember 1987 op proef of parool vrygelaat is;

(b) gevonnis is weens:

- (i) weier om te getuig;
- (ii) oortredings gemik teen die veiligheid of gesag van die Staat of 'n poging daartoe;
- (iii) oortredings wat verband hou met die onluste op daardie stadium (openbare geweld);
- (iv) veediefstal.

(c) in aanhouding is as 'n vonnisskuldenaar;

(d) geestesongesteld geraak het en vir solank as wat hy as 'n geestesongestelde behandeling ontvang het;

(e) as 'n psigopaat gesertifiseer is en vir solank as wat hy nog nie gedesertifiseer is nie;

(f) reeds by hierdie drie (3) maande afslag van vonnis gebaat het.

Die amnestie was ook nie van toepassing op gevangenes wat vonnisse uitdien weens die volgende misdade buiten in die geval waar die oorblywende gedeelte van die vonnis wat nog gedien moet word, drie (3) maande en minder beloop:

- roof waarby enige vuurwapen betrokke was, waar vonnisse van meer as vyf (5) jaar gevangenisstraf opgelê is;
- geweld teen die liggaam van 'n ander persoon (roof en verkragting uitgesluit) waar vonnisse van meer as vyf (5) jaar gevangenisstraf opgelê is;
- verkragting, waar vonnisse van meer as vyf (5) jaar gevangenisstraf opgelê is; en
- huisbraak en diefstal, waarby ingesluit is: huisbraak, of huisbraak met die doel om te steel of huisbraak met 'n doel aan die aanklaer onbekend; en waar vonnisse van agt (8) jaar gevangenisstraf of langer opgelê is.

Die Kommissaris rig op 6 November 1987 'n skrywe aan streekkommissarisse en ander

belanghebbendes onder verwysing 1/8/11 oor 1/8/B waarin uitvoering aan die goedgekeurde amnestie versoek word. In totaal het 30 343 gevangenes by hierdie amnestie baat gevind.

'n Verdere amnestie in 'n gees van welwillendheid word op 3 Desember 1990 deur die Kommissaris van Gevangenisse in 'n skrywe *"TOEKENNING VAN AFSLAG VAN VONNIS AAN GEVONNISTE GEVANGENES: 10 DESEMBER 1990"* onder verwysing 1/8/11 oor 1/8/B bekend gemaak wat op 28 November 1990 deur die Kabinet per Kabinetsmemorandum *"Spesiale afslag van vonnis aan gevangenes"* goedgekeur is.

Hierdie amnestie maak voorsiening vir ses (6) maande afslag van vonnis aan gevonniste gevangenes en kwalifiseer die volgende gevangenes daarvoor:

(i) Alle gevonniste gevangenes wat voor of op 10 Desember 1990 in die Republiek van Suid-Afrika gevonnis is tot gevangenisstraf en wat op 10 Desember 1990 in die gevangenis in aanhouding verkeer.

(ii) Sodanige gevangenes wat in polisieselle en polisie-opsluitplekke, staatspsigiatriese hospitale vir geestesongesteldes, insluitende 'n hospitaalgevangenis vir psigopate en siviele en ander hospitale aangehou word.

(iii) Alle sodanige persone wat voor of op 10 Desember 1990 gevonnis is, maar op borg hangende die uitslag van appél vrygelaat is en hulself later aanmeld vir uitdiening van hul vonnis.

(iv) Alle persone wat tot periodieke gevangenisstraf gevonnis is.

(v) Alle gevangenes wat gevonnis is weens roof. In die verband is daar egter 'n voorbehoud gestel naamlik dat dit nie roof met 'n vuurwapen mag wees nie (insluitende speelgoed- of nagemaakte vuurwapens, bomme of nagemaakte bomme) - tot en met 'n vonnis van vyf (5) jaar gevangenisstraf.

(vi) Alle sodanige gevangenes wat as psigopate gesertifiseer is, sodra hulle gedesertifiseer word.

(vii) Alle sodanige gevangenes wat voor of op 10 Desember 1990 geestesongesteld geraak het, sodra hulle herstel het.

**(viii)** **Gevangenes wat paroolbreuk uitgedien het, het wel vir die toekenning van amnestie gekwalifiseer op die balans dae wat gedien staan te word.**

**Die voormelde misdrywe het ook ingesluit pogings en aanhitsing daartoe.**

**Soos in die geval van verskeie vorige amnesties is bepaalde kategorieë gevangenes by die toekenning van amnestie uitgesluit en is dit van toepassing op persone wat:**

- **voor 10 Desember 1990 op proef of parool vrygelaat is;**
- **voor 10 Desember 1990 ontvlug het en steeds op 10 Desember 1990 op vrye voet verkeer;**
- **gevonnis is tot gevangenisstraf weens onsedelike aanranding of sodomie gepleeg met 'n kind;**
- **in aanhouding is as 'n vonnisskuldenaar;**
- **tot gevangenisstraf gevonnis is en daarna geestesongesteld geraak het en vir solank as wat hy as 'n geestesongestelde behandeling ontvang;**
- **tot gevangenisstraf gevonnis is en daartydens of daarna as 'n psigopaat gesertifiseer is en vir solank as wat hy nog nie gedesertifiseer is nie.**
- **gevangenes wat reeds by hierdie ses maande amnestie gebaat het;**
- **menseroof;**
- **roof waarby 'n vuurwapen betrokke was ingesluit speelgoed- of nagemaakte vuurwapens, bomme of nagemaakte bomme ongeag die vonnislengte;**
- **roof waar 'n vonnis van langer as vyf (5) jaar opgelê is;**
- **moord**
- **strafbare manslag waarvoor 'n vonnis van langer as vyf jaar gevangenisstraf opgelê is;**
- **verkragting;**
- **huisbraak, huisbraak en diefstal en huisbraak gekoppel met enige ander misdryf, waar 'n vonnis van langer as vyf (5) jaar gevangenisstraf opgelê is;**
- **handel in afhanklikheidsvormende middels uitgesonderd dagga.**

**'n Gevangene wat 'n samelopende vonnis uitgedien het weens misdrywe wat nie uitgesluit is by die amnestie nie, het wel op daardie vonnis amnestie ontvang ongeag daarvan of die ander samelopende vonnis by die toekenning van amnestie uitgesluit is.**

**In die geval van gevangenes met onbepaalde vonnislengtes soos:**

- **lewenslange gevangenisstraf**
- **gewoontemisdadigers**
- **korrektiewe opleiding**
- **voorkoming van misdaad**

**is die minimumaanhoudingstydperke met die afslag van vonnis verminder. Dit impliseer slegs dat sodanige gevangene op 'n vroeër datum vir vrylating <u>oorweeg</u> word en bring die amnestie nie sy onmiddellike vrylating mee nie.**

**Die Kommissaris het ook bepaal dat gevangenes in beheerbare groepe vrygelaat moet word en dat daar ten opsigte van gevangenes wat <u>voorwaardelik</u> vrygelaat word 'n voorwaarde gestel moet word dat hulle binne een maand na vrylating 'n geskikte betrekking moet bekom. In totaal het 30 179 gevangenes by die toekenning van amnestie gebaat.**

**Amnestie van ses maande afslag van vonnis word deur die Kommissaris van Gevangenisse per skrywe 1/8/11 oor 1/8/B: *"TOEKENNING VAN AFSLAG VAN VONNIS AAN GEVONNISTE GEVANGENES: 30 APRIL 1991"*, gedateer 26 April 1991 aan streekkommissarisse en bevelvoerende offisiere, gekommunikeer.**

**Die kwalifisering stem ooreen met die wat toepassing gevind het tydens die amnestie op 10 Desember 1990, maar is die penaliseringsvereistes in 'n groot mate verlig. Die amnestie was van krag met ingang van 30 April 1991 en was die afslag van vonnis nie van toepassing op enige gevangene/persone wat:**

"- *voor 30 April 1991 op proef of parool vrygelaat is/word;*
- *voor 30 April 1991 ontvlug het/ontvlug en steeds op 30 April 1991 onwettig op vrye voet is;*

- *gevonnis is tot gevangenisstraf weens onsedelike aanranding en/of sodomie gepleeg op 'n kind; (minder as agtien jaar oud), waar 'n vonnis van langer as vyf (5) jaar gevangenisstraf opgelê is;*
- *in aanhouding is as 'n vonnisskuldenaar ingevolge artikels 65F en 109(4) van die Landdroshowewet, 1944 (Wet no 32 van 1944);*
- *tot gevangenisstraf gevonnis is en daarna geestesongesteld geraak het en vir solank as wat hy as 'n geestesongestelde behandeling ontvang;*
- *tot gevangenisstraf gevonnis is en daartydens of daarna as 'n psigopaat gesertifiseer is en vir solank as wat hy nog nie gedesertifiseer is nie.*
- *gevangenes wat reeds by hierdie 6 maande amnestie gebaat het;*
- *menseroof waar 'n vonnis van van langer as vyf (5) jaar gevangenisstraf opgelê is;*
- *roof waar 'n vonnis van langer as 5 jaar gevangenisstraf opgelê is;*
- *moord waar 'n vonnis van langer as vyf (5) jaar gevangenisstraf opgelê is;*
- *strafbare manslag waarvoor 'n vonnis van langer as 5 jaar gevangenisstraf opgelê is;*
- *verkragting waar 'n vonnis van langer as vyf (5) jaar gevangenisstraf opgelê is;*
- *handel in afhanklikheidsvormende middels uitgesonderd dagga, waar 'n vonnis van langer as vyf (5) jaar gevangenisstraf opgelê is;*
- *Andersins begunstig is deur die vrylatingsproses in terme van die Pretoria-Minuut."*

**Uit die voormelde is dit duidelik dat die volgende kategorieë gevangenes wat nie tydens die amnestie op 10 Desember 1990 baat gevind het nie, wel by hierdie amnestie ingesluit is met 'n voorbehoudsbepaling ten opsigte van die vonnislengte:**

- **gevangenes gevonnis tot gevangenisstraf weens onsedelike aanranding en/of sodomie gepleeg op 'n kind;**
- **menseroof;**
- **verkragting; en**
- **handel in afhanklikheidsvormende middels uitgesonderd dagga.**

In totaal het 25 467 gevangenes by hierdie amnestie gebaat.

Aan eerste oortreders is daar met ingang van 1 Julie 1991 een-derde (1/3) afslag van vonnis toegeken ooreenkomstig die Kommissaris van Korrektiewe Dienste se skrywe 1/8/11 oor 1/8/B van 2 Julie 1991, nadat die amnestie deur die Staatspresident per Staatspresidentsminuut 805 gedateer 20 September 1991 goedgekeur is. Die kwalifiseringsvereistes was weer eens dieselfde as in die geval van die amnestie op 10 Desember 1990. Slegs die volgende persone het nie vir die toekenning van die amnestie gekwalifiseer nie:

- Enige persoon/gevangene wat:
  * voor 1 Julie 1991 op proef of parool vrygelaat is/word;
  * voor 1 Julie 1991 ontvlug het en steeds op 1 Julie 1991 onwettig op vrye voet is;
  * gevonnis is tot gevangenisstraf weens onsedelike aanranding en/of sodomie gepleeg op 'n kind sowel as kindermishandeling en kindermolestering;
  * gevonnis is tot gevangenisstraf weens verkragting asook ander seksuele oortredings;
  * in aanhouding is as 'n vonnisskuldenaar;
  * geestesongesteld is en vir solank as wat hy as 'n geestesongestelde in 'n psigiatriese hospitaal behandeling ontvang;
  * as 'n psigopaat gesertifiseer is en vir solank as wat hy nog nie gedesertifiseer is nie.

Hierdie amnestie het dus gevangenes wat eerste oortreders was en onder andere vonnisse uitgedien het weens roof en moord, ook geakkommodeer en het 9 247 gevangenes by die amnestie baat gevind.

Die jaar 1994 het 'n einde gebring aan regering deur die Nasionale Party in Suid-Afrika. Sedert 1961, het die Nasionale Party in Suid-Afrika regeer en het die swartgemeenskap vir die eerste keer in die geskiedenis gedurende 1994 stemreg verkry. Dit het tot gevolg gehad dat meneer N R Mandela op 10 Mei 1994 as President van die Regering van

**Nasionale Eenheid van Suid-Afrika ingehuldig is.**

**Op 14 Mei 1994 rig die Kommissaris van Korrektiewe Dienste 'n memorandum onder verwysing 1/8/11 oor 1/8/B:** *"Six (6) months special remission of sentence: 10 May 1994: Sentenced Prisoners."* **aan die Minister van Korrektiewe Dienste waarin ses (6) maande amnestie aan alle gevonniste gevangenes aanbeveel word, met ingang van 17 Mei 1994. Daar word egter aanbeveel dat die amnestie nie van toepassing sal wees op:**

"- *an offender who is in detention as a judgement debtor in terms of section 65F and 109(4) of the Magistrates Act, 1944 (Act No. 32 of 1944); and*

- *an offender who is mentally disturbed and for as long as he is mentally disturbed and receiving treatment in a psychiatric hospital, provided that this special remission of sentence will be applicable to the person as soon as he is admitted to prison."*

**Die Minister van Korrektiewe Dienste gaan op 30 Mei 1994 in beginsel akkoord met die Kommissaris se aanbeveling en nadat President Mandela die voorgestelde amnestie goedgekeur het, rig die Kommissaris op 13 Junie 1994 'n skrywe:** *"Re: Granting of six (6) months special remission of sentence: Sentenced prisoners/probationers (correctional supervision)/day parolees/parolees."* **onder verwysing 1/8/11 aan alle streekkommissarisse waarin die goedkeuring van ses (6) maande amnestie aan gevangenes gekommunikeer word.**

**Hierdie amnestie is deur die President goedgekeur ingevolge die bepalings van artikel 82(1)(k) van die Grondwet (Wet 200 van 1993) waarvolgens die President gesanksioneer word om oortreders te begenadig op die voorwaardes wat hy mag goedvind en om boetes, strawwe en verbeurings kwyt te skeld.**

**In die Kommissaris se skrywe soos hierbo vermeld, is die volgende kategorieë gevangenes egter by die amnestie uitgesluit:**

- persone in aanhouding as vonnisskuldenaars ingevolge artikel 65F en 109(4) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944)
- gevangenes wat geestesongesteld geraak het en vir solank as wat hulle as geestesongesteldes behandeling in 'n psigiatriese hospitaal ontvang. Sodra sodanige gevangene egter herstel, moet die amnestie toegeken word.
- gevangenes wat reeds by die ses maande amnestie gebaat het.
- 'n gevangene, toesiggeval, dagparolee/parolee wat ontvlug/gedros het en op 10 Mei 1994 steeds buite bewaring is.

Dit is insiggewend om daarop te let dat alle ander gevangenes, ongeag van hul vonnis(se) of misdade, by dié amnestie gebaat het indien hulle voor of op 10 Mei 1994 tot gevangenisstraf gevonnis en en op genoemde datum in bewaring is.

Voorts is die volgende ook ingesluit:

- persone wat voor of op 10 Mei 1994 gevonnis is, maar op borg hangende die uitslag van appél vrygelaat is en hulself later aanmeld vir die uitdiening van vonnis.
- persone gevonnis tot korrektiewe toesig kragtens artikel 276(1)(h) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977).
- persone wat se vonnis(se) kragtens artikel 276A(3)(e)(ii) of 2874(b) van die Strafproseswet, 1977 in korrektiewe toesig omskep is of wat kragtens artikel 276(1)(i) of artikel 287(4)(a) van die Strafproseswet, 1977 daaronder geplaas is.
- gevangenes uitgeplaas op dagparool/parool ingevolge die bepalings van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959).
- alle gevonniste gevangenes wat in polisieselle en polisie - opsluitplekke aangehou word (buiten die gevangenes wat hierbo uitgesluit word.)

In totaal het 21 511 gevangenes gedurende die tydperk 17 Junie 1994 tot September 1994 by hierdie amnestie gebaat.

Die Minister van Korrektiewe Dienste, dr. S. Mzimela, rig op 24 Junie 1994 'n skrywe

**(Special Remission of Sentence 1/8/11) aan President Mandela waarin hy die volgende aanspreek:**

- **Amnestie aan gevangenes en die vraagstuk met betrekking tot kinders in gevangenisse wat deur die President in sy inhuldigingstoespraak voorgehou is;**
- **'n Vergadering wat deur die Minister van Korrektiewe Dienste, die Minister van Veiligheid en Sekuriteit, die Minister van Justisie, die Minister van Welsyn en senior amptenare van die onderskeie departemente belê is en waartydens verdere amnestie aan bepaalde kategorieë gevangenes bespreek is. Daar is toe besluit om die volgende kategorieë gevangenes aan te beveel vir kwytskelding van die oorblywende deel van hul vonnisse:**
    - **alle persone onder die ouderdom van agtien (18) jaar wat in aanhouding was/in aanhouding sou gewees het op 10 Mei 1994, buiten daardie gevangenes wat ontvlug het en steeds op vrye voet verkeer;**
    - **alle moeders in gevangenisse op 10 Mei 1994 met kinders onder die ouderdom van twaalf (12) jaar;**
    - **alle gestremde persone in aanhouding in 'n gevangenis op 10 Mei 1994 en wat as 'n gestremde persoon deur die distriksgeneesheer gesertifiseer word.**

- **Daar is egter tydens die vergadering tussen die onderskeie departemente besluit dat die aard en erns van die misdryf wat gepleeg is, ook in aanmerking geneem moet word en beveel die Minister aan dat persone wat aan die volgende misdrywe (of poging daartoe), skuldig bevind is, nie by die amnestie ingesluit word nie.**
    - **moord;**
    - **strafbare manslag;**
    - **roof met verswarende omstandighede;**
    - **aanranding met die doel om ernstige liggaamlike leed te berokken;**

* kindermishandeling;
* verkragting:
* enige ander misdryf van 'n seksuele aard; en
* handel in afhanklikheidsvormende middels.

Op 27 Junie 1994, te Kaapstad, keur die President die Minister se aanbevelings goed per Presidentsminuut No. 0017 en op 18 Julie 1994 maak die Kommissaris in 'n skrywe: *"Re: Granting of special remission of sentence: Certain categories of sentenced prisoners: 10 May 1994"*, die goedgekeurde amnestie aan streekkommissarisse bekend. Gevangenes het soos volg by die amnestie gebaat:

| | | | |
|---|---|---|---|
| - | Kinders onder die ouderdom van 18 jaar | - | 137 |
| - | Moeders met kinders onder die ouderdom van 12 jaar | - | 404 |
| - | Gestremde persone | - | 41 |

Die Kommissaris van die Departement van Korrektiewe Dienste rig op 14 Oktober 1994 'n memorandum: *"Re: Granting of special remission of sentence: Aged prisoners."* onder verwysing 1/8/11, waarin die Minister se aandag gevestig word op sy toespraak op 23 September 1994 tydens 'n sitting van die Senaat en waarvolgens 'n verdere amnestie vir senior burgers in aanhouding in gevangenisse, in die vooruitsig gestel is.

In hierdie memorandum word aanbeveel dat kwytskelding van die oorblywende deel van vonnis verleen word aan persone van 60 jaar of ouer wat voor of op 10 Mei 1994 tot gevangenisstraf gevonnis is en op 10 Mei 1994 in aanhouding was of sou wees.

Persone wat voor of op 10 Mei 1994 op dagparool, parool of onder korrektiewe toesig geplaas is, word by die aanbeveling ingesluit. Persone wat egter aan die volgende misdrywe, of 'n poging daartoe, skuldig bevind is, word uitgesluit:

* moord;
* strafbare manslag;
* roof met verswarende omstandighede;
* aanranding met die opset om ernstig te beseer;
* kindermishandeling;

* verkragting;
* enige ander seksuele misdaad; en
* handel in/of kweek van afhanklikheidsvormende midddels (sluit dagga in).

Die volgende persone is ook by die amnestie uitgesluit.

* Persone in aanhouding as vonnisskuldenaars ingevolge artikels 65F en 109(4) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944)
* Gevangenes wat geestesongesteld is en op 10 Mei 1994 in aanhouding was, solank as wat hulle geestesongesteld is en in 'n psigiatriese hospitaal behandeling ontvang. Sodra so 'n gevangene egter in 'n gevangenis of in 'n stelsel van gemeenskapskorreksies heropgeneem word, is die spesiale afslag van vonnis van toepassing.
* 'n gevangene wat voor of op 10 Mei 1994 ontvlug het en op 10 Mei 1994 steeds buite bewaring is.

Op 24 Oktober 1994 keur die Minister van Korrektiewe Dienste die Kommissaris se aanbevelings goed en die President bekragtig op 9 November 1994 deur middel van Presidentsminuut No 0204 die voorgestelde amnestie. Ten einde uitvoering te verleen aan die President se bekragtiging van amnestie maak die Kommissaris op 15 November 1994 per skrywe: *"Toekenning van spesiale afslag van vonnis: Sekere kategorieë gevonniste gevangenes: 10 Mei 1994"* onder verwysing 1/8/11 , die goedgekeurde amnestie aan streekkommissarisse bekend.

## 3.4 SPESIALE AFSLAG VAN VONNIS DEUR DIE MINISTER

Gedurende 1961 het oorbevolking van gevangenisse in die Pretoriase en Witwatersrandse gevangenisse sodanige afmetings aangeneem dat die Kommissaris, generaal V.R. Verster op 20 Oktober 1961 sy kommer in 'n memorandum: *"Oorbevolking van gevangenisse: Witwatersrand en Pretoria"*, onder verwysing 1/277/31, teenoor die Minister van Justisie uitgespreek het. Beskikbare akkommodasie teenoor die gevangenisbevolking op 19 Oktober 1961 het soos volg daar uitgesien:

| *GEVANGENIS* | *SELAKKOMMODASIE* | *IN BEWARING OP 19.10.1961* |
|---|---|---|
| *JOHANNESBURG* | *1 003* | *1 683* |
| *KRUGERSDORP* | *340* | *891* |
| *GERMISTON* | *179* | *355* |
| *CINDERELLA* | *687* | *1 274* |
| *BOKSBURG* | *242* | *326* |
| *LEEUWKOP* | *1 038* | *2 228* |
| *PRETORIA* | *638* | *1 849* |
| *VOORTREKKERHOOGTE* | *276* | *430* |
| *MODDERBEE* | *2 481* | *5 077* |
| *TOTAAL* | *6 884* | *14 113* |

**Hieruit is dit duidelik dat die gevangenisse soos volg beset was:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Johannesburg** | **-** | **167,8%** | **-** | **67,8% oorbeset** |
| **Krugersdorp** | **-** | **262%** | **-** | **162% oorbeset** |
| **Germiston** | **-** | **198,3%** | **-** | **98,3% oorbeset** |
| **Cinderella** | **-** | **185,4%** | **_** | **85,4% oorbeset** |
| **Leeuwkop** | **-** | **214,6%** | **-** | **114,6% oorbeset** |
| **Pretoria** | **-** | **289,8%** | **-** | **189,8% oorbeset** |
| **Voortrekkerhoogte** | **-** | **155,79%** | **-** | **55,79% oorbeset** |
| **Modderbee** | **-** | **204,63%** | **-** | **104,63% oorbeset** |

**Die Kommissaris wys daarop dat die verskynsel van oorbevolking van gevangenisse hom regdeur die Republiek voordoen en plekke waar die posisie uiters kritiek is, is onder andere Durban, Port Elizabeth en Kaapstad. Voorts vestig die Kommissaris die Minister se aandag daarop dat die brandpunt tans Modderbeegevangenis is waar korttermyngevangenes in hul duisende opgeneem word. Modderbeegevangenis is 'n ou mynkampong wat deur die Staat opgekoop is om verligting by die oorbevolkte Johannesburggevangenis te bring. Die aandag van die Minister word ook daarop gevestig dat essensiële dienste ter bevordering van gesondheid en higiëne soos water- en elektriesekragvoorsiening asook die spoelriolering te Modderbeegevangenis nie aan die groot aantal gevangenes se behoeftes voldoen nie.**

**Die Kommissaris beveel vervolgens by die Minister die onmiddellike vrylating op proef van al die gevangenes in Modderbeegevangenis met vonnisse van op tot en met twee maande gevangenisstraf aan ingevolge die bepalings van artikel 69(2) van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959).**

**Op 27 Oktober 1961 keur die Kabinet die Kommissaris se aanbeveling goed en het die Kommissaris die volgende nota op sy memorandum aangebring:** *"Die Kabinet het goedgekeur dat die tipe gevangene in hierdie memorandum na verwys, te Modderbee en enige ander inrigting waar oorbevolking mag ontstaan volgens goeddunke van die Kommissaris vrygelaat kan word te enige tyd wanneer dit nodig mag blyk te wees."*

**Op 27 Mei 1962 rig die Kommissaris 'n skrywe:** *"Oorbevolking: Modderbeegevangenis"* **onder verwysing 1/620/30 aan die Bevelvoerende Offisier, Modderbee, waarin meegedeel word dat die Minister van Justisie goedgekeur het dat alle gevangenes in bewaring in Modderbeegevangenis, wat voor en op 19 Mei 1962 tot en met een maand of 31 dae gevangenisstraf gevonnis is, vrygelaat moet word gedurende die tydperk 17.5.1962 tot en met 24.5.1962, behalwe diegene wat gevonnis is weens versuim om munisipale huishuur te betaal.**

**Op 16 Augustus 1976 rig die Kommissaris 'n memorandum:** *"Afslag van vonnis en vrylating van sekere kategorieë gevangenes"* **onder verwysing 1/8/B, aan die Minister, waarin aanbeveel word dat goedkeuring verleen word vir die vrylating van gevangenes wat voor of op 31 Maart 1977 die verminderde tydperk soos teenoor die onderskeie kategorieë soos hieronder aangedui, sal voltooi:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **(a)** | **Gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding** | **-** | **na voltooiing van een jaar en ses maande van hul vonnisse in stede van twee jaar soos deur die Wet op Gevangenisse, 1959 bepaal.** |
| **(b)** | **Gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad** | **-** | **na voltooiing van drie jaar en nege maande van hul vonnisse in stede van vyf jaar soos deur artikel 39(c) van Wet 8 van 1959, bepaal.** |

(c) Tot gewoontemisdadiger verklaar - na voltooiing van sewe jaar van hul vonnisse in stede van nege jaar soos deur artikel 38 van Wet 8 van 1959, bepaal.

Hierdie aanbeveling deur die Kommissaris is op 18 Augustus 1976 deur die Staatspresident per Minuut van die Uitvoerende Raad Nommer 1050, goedgekeur.

Op 5 April 1984 rig die Kommissaris van Gevangenisse onder verwysing 1/8/B 'n skrywe: *"Vrylating van sekere kategorieë gevangenes"* aan alle streekkommissarisse en bevelvoerende offisiere waarin daar bekend gemaak word dat bo en behalwe die geldige vrylatingsbeleid, die vrylating van gevangenes soos volg goedgekeur is:

(i) Die vervroeging met een maand van die vrylatingsdatum van alle gevangenes wat se voorwaardelike vrylating (parool/proef) reeds goedgekeur is en /of tot 30 April 1984 goedgekeur word.

(ii) Die voorwaardelike vrylating na voltooiing van een derde (1/3) van die vonnistermyn, met deeglike inagneming van die aard van vonnis, lengte van vonnis(se), vorige veroordelings, gedrag, aanpassing en prognose as 'n eenmalige geleentheid ten opsigte van alle gevangenes wat tot 30 April 1984 daarvoor kwalifiseer.

Die voormelde bepalings het egter die volgende kategorieë gevangenes uitgesluit:

- Sekerheidsgevangenes (oortredings teen die veiligheid van die Staat);
- gevangenes gevonnis weens weiering om te getuig;
- roof van finansiële instellings;
- alle ander gevalle van roof waar die oortreder enige vorige veroordeling(s) van enige aard het, of waar 'n effektiewe vonnis(se) van langer as vyf (5) jaar weens roof opgelê is;
- aanranding met die opset om ernstig te beseer waarvoor 'n effektiewe vonnis van langer as drie (3) jaar opgelê is;
- verkragting en onsedelike aanranding;

- huisbraak en diefstal, waarby ingesluit is, huisbraak, of huisbraak met die doel om te steel of huisbraak met 'n doel aan die aanklaer onbekend of enige ander kombinasie van misdrywe met huisbraak en waar vonnisse van vyf (5) jaar of langer opgelê is;
- handeldryf in dwelmmiddels;
- bestuur onder die invloed van drank

**Gevangenes wat vir hierdie spesiale afslag van vonnis gekwalifiseer het mag nie voor 16 April 1984 vrygelaat word nie en alle gevangenes wat voor 15 April 1984 vrygelaat sou word, is uitgesluit en moes soos aanvanklik goedgekeur, vrygelaat word.**

**Die voormelde vrylatings het sy oorsprong gevind in 'n Kabinetsmemorandum wat op 27 April 1984 deur die Kabinet goedgekeur is en het 7 956 gevangenes hierby gebaat.**

**Op 15 Mei 1984 versoek die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie per skrywe C6/106(10)(k) die Kommissaris van Gevangenisse dat die spesiale voorwaardelike vrylatingskonsessies nie moet geld vir rowers, huisbrekers en motordiewe waar vonnisse van twee jaar en langer opgelê is nie.**

**Hierdie voorstel deur die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie word in 'n memorandum:** *"Kabinetsmemorandum: Vrylating van gevangenes: Oorbevolkingsmaatreëls"* **gedateer 6 Julie 1984, onder verwysing 1/8/B deur die Kommissaris van Gevangenisse aan die Minister voorgehou en merk die Kommissaris onder andere soos volg op:**
*"Ek meen dat die Kommissaris van Polisie se voorstelle billik is en beoog om sy skrywe te beantwoord soos per meegaande konsep indien u met die beginsel akkoord gaan."*

**Op 24 Julie 1984 keur Minister Coetzee die beginsel en konsepskrywe deur die Kommissaris goed en meld die Kommissaris in sy skrywe:** *"Kabinetsmemorandum: Vrylating van gevangenes: Oorbevolkingsmaatreëls"* **op 30 Julie 1984, onder verwysing 1/8/B, aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie die volgende:**
*"Ek beoog dus om u voorstelle te akkommodeer sou dit nodig wees om die goedgekeurde spesiale maatreëls by verdere geleenthede gedurende die res van die jaar toe te pas."*

**Uit die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie se skrywe kan duidelik afgelei word dat daar kommer bestaan met betrekking tot die vrylating van rowers, huisbrekers en motordiewe en dat daar 'n toename in die tipe misdade is.**

**Gedurende 1985 keur die Kabinet op aanbeveling van die Kommissaris 'n verdere spesiale afslag van vonnis aan gevangenes goed en kommunikeer die Kommissaris hierdie goedkeuring op 7 Januarie 1985 per skrywe:** *"Voorwaardelike vrylating van gevangenes"* **onder verwysing 1/8/B (Algemene Rondskrywe 1/85) aan alle streek-kommissarisse en bevelvoerende offisiere.**

**Die Kabinetsmemorandum het slegs goedkeuring verleen vir die vervroeging met een (1) maand van die voorwaardelike vrylatingsdatum van alle gevangenes, ongeag van die vonnis wat opgelê is, wie se voorwaardelike vrylating reeds goedgekeur is of tot en met 31 Januarie 1985, goedgekeur sal word.**

**Die vergunning het ook net gegeld ten opsigte van gevangenes wat op 31 Januarie 1985 nog in die gevangenis sal wees en mag geen gevangene voor 1 Februarie 1985 vrygelaat word nie. In totaal het 10 185 gevangenes by hierdie maatreël gebaat.**

**Die voormelde dui dus daarop dat ongeag van vonnis en misdaad, 'n gevangene by die vergunning gebaat het indien sy voorwaardelike vrylating reeds goedgekeur is. Die feit dat sodanige vrylating voorwaardelik geskied het spreek ook van die hoë premie wat die Gevangenisdiens op daardie stadium op onder andere die beskerming van die gemeenskap geplaas het aangesien so 'n gevangene onder toesig vrygelaat word.**

**Op 20 Februarie 1985 is 'n verdere vergunning per skrywe:** *"Voorwaardelike vrylating van gevangenes"* **onder verwysing 1/8/B (Algemene Rondskrywe 13/85), verleen. Weer eens is goedkeuring deur die Kabinet verleen vir die vervroeging van die voorwaardelike vrylatingsdatum van een (1) maand van gevangenes wat se vrylating reeds goedgekeur is, of tot en met 31 Maart 1985 goedgekeur sal word. Geen sodanige gevangene mag egter voor 1 April 1985 vrygelaat word nie. Daar het 9 075 gevangenes by hierdie toegewing baat gevind.**

**Op 23 November 1989 rig die Kommissaris 'n skrywe:** *"Voorwaardelike Vrylating van Gevangenes"* **onder verwysing 1/8/B aan alle streekkommissarisse en bevelvoerende offisiere waarin vermeld word dat die Kabinet goedgekeur het dat die vrylatingsdatum van gevangenes wie se voorwaardelike vrylating reeds goedgekeur is, met twee (2) maande vervroeg kan word.**

**Hierdie vergunning het voortgespruit uit Kabinetsmemorandum gedateer 6 November 1989 en was slegs van toepassing op gevangenes wat op 1 Desember 1989 nog in die gevangenis in aanhouding is. Daar het in totaal 8 920 gevangenes by hierdie vergunning gebaat.**

**Oorbevolking in gevangenisse gedurende 1990 het genoodsaak dat maatreëls ingestel word ten einde hierdie probleem die hoof te bied. In 'n Kabinetsmemorandum:** *"Vrylating van Gevangenes"* **gedateer 30 Maart 1990 is die volgende vermeld:**
*"Die Kabinet keur goed dat, in die geval van ekonomies-verwante en ander nie-gewelddadige misdade wat in 1989 hiervoor in aanmerking gekom het, dieselfde maatreël getref word as in 1989, en dat sekere gevangenes reeds drie maande voor die goedgekeurde vrylatingsdatum vrygelaat kan word".* **Op daardie stadium het die gevangenisbevolking op 109 000 te staan gekom, teenoor die plafon van 105 000 waarvoor begroot is.**

**Op 17 April 1990 kommunikeer die Kommissaris in 'n skrywe:** *"Voorwaardelike vrylating van gevangenes"* **onder verwysing 1/8/B die Kabinet se goedkeuring aan streekkommissarisse en bevelvoerende offisiere waarin aangedui is dat alle gevangenes se voorwaardelike vrylatingsdatum wat reeds tot en met 30 Maart 1990 goedgekeur is, met drie (3) maande vervroeg kan word. Hierdie toegewing was slegs op gevangenes wat vir ekonomies verwante en ander nie-gewelddadige misdade gevonnis is, van toepassing. In totaal het 3 903 gevangenes by hierdie vergunning gebaat.**

**Op 3 September 1992 dien die Kommissaris 'n Kabinetsmemorandum:** *"Toename in die gevangenisbevolking"* **onder verwysing 1/2/3/1 in waarin kommer uitgespreek word oor die steeds groeiende gevangenisbevolking. Daar word ook aanbeveel dat** *"bursting"* **by een geleentheid en wel op 15 Oktober 1992, toegestaan word.**

**Die Staatspresident keur per Staatspresidentsminuut No. 761 gedateer 9 Desember 1992 goed dat reeds goedgekeurde datums vir voorwaardelike of onvoorwaardelike vrylating vervroeg kan word soos hieronder uiteengesit:**

| VONNISKATEGORIE | EERSTE OORTREDERS | MET VORIGE VEROORDELINGS |
|---|---|---|
| 0-6 maande gevangenisstraf | 1 maand | 15 dae |
| >6 maande tot 2 jaar gevangenisstraf | 2 maande | 1 maand |
| >2 jaar tot en met 3 jaar gevangenisstraf | 3 maande | 2 maande |
| >3 jaar tot en met 4 jaar gevangenisstraf | 4 maande | 3 maande |
| >4 jaar tot en met 5 jaar gevangenisstraf | 5 maande | 4 maande |
| >5 jaar tot en met 6 jaar gevangenisstraf | 6 maande | 5 maande |
| >6 jaar tot en met 7 jaar gevangenisstraf | 7 maande | 6 maande |
| >7 jaar tot en met 8 jaar gevangenisstraf | 8 maande | 7 maande |
| >8 jaar tot en met 9 jaar gevangenisstraf | 9 maande | 8 maande |
| >9 jaar gevangenisstraf | 10 maande | 9 maande |
| Gewoontemisdadigers | 7 maande | 7 maande |

**Die volgende kategorieë gevangenes word uitgesluit van die vervroeging van hul vrylatingsdatum:**

- **gevangenes gevonnis tot lewenslange gevangenisstraf;**
- **gevangenes gevonnis tot periodieke gevangenisstraf;**
- **vonnisskuldenaars;**
- **molestering van kinders waarvan seksuele aanranding en/of aanranding met die doel om ernstig te beseer, 'n element is;**
- **verkragting asook poging tot verkragting;**
- **gewapende roof en roof met 'n voorwerp wat soos 'n wapen lyk en ook 'n poging tot so 'n misdaad;**
- **moord of poging tot moord;**
- **onwettige besit of handel in vuurwapens en ammunisie;**
- **handeldryf in gevaarlike of verbode afhanlikheidsvormende stowwe; en**
- **Strafbare manslag waar 'n gevaarlike wapen betrokke is.**

Daar is ook bepaal dat geen gevangene vrygelaat mag word alvorens die minimum vonnis ooreenkomstig beleid, nie uitgedien is nie en mag geen gevangene wat by die vergunning baat, voor 18 Januarie 1993 vrygelaat word nie.

Hierdie goedkeuring is op 22 Desember 1992 deur die Kommissaris per skrywe: *"Vervroeging van goedgekeurde vrylatingsdatums"* onder verwysing 1/8/B aan streekkommissarisse en bevelvoerders gekommunikeer en het 10 936 gevangenes daarby gebaat.

Uit die voormelde aangeleenthede waartydens *"bursting"* toegepas is, is dit duidelik dat die Departement van Korrektiewe Dienste bepaalde strafoogmerke in belang van die regspleging, die gemeenskap en die gevangene vanuit 'n Kriminologiese en Penologiese raamwerk geakkommodeer het.

In die verband word spesifiek verwys na die uitsluiting van sekere kategorieë gevangenes by die vergunning, byvoorbeeld gevangenes gevonnis weens gewelds- en seksuele oortredings. Die beskerming van die gemeenskap is dus as doelwit gestel.

Voorts was dit slegs op gevangenes wat reeds oor 'n goedgekeurde vrylatingsdatum beskik, van toepassing gemaak. Die elemente van straf soos rehabilitasie en afskrikking is dus reeds in die grootste mate tuisgebring en het sodanige gevangene deur sy gedrag en aanpassing in die gevangenis hom reeds bewys wat meegebring het dat sy vrylatingsdatum goedgekeur is.

## 3.5 BEGENADIGING VAN EN VRYWARING AAN GEVANGENES MET POLITIEKE OORTREDINGS IN SUID-AFRIKA

Die vrywaring van en begenadiging aan gevangenes wat hulle aan politieke oortredings skuldig gemaak het, het sy beslag gevind in die *"Groote Schuur Minuut"* wat op 4 Mei 1990 te Kaapstad opgestel is. Hierdie Minuut bevat 'n ooreenkoms tussen die ANC en die Regering waarin hulle verbind word tot 'n oplossing vir die bestaande klimaat van geweld en intimidasie sowel as 'n verbintenis tot stabiele en vreedsame onderhandeling.

**Die Groote Schuur Minuut het voortgespruit uit die Staatspresident se toespraak tydens die opening van die Parlement op 2 Februarie 1990 en die daaropvolgende vrylating van bepaalde hoë profiel sekerheidsgevangenes.**

**In die Groote Schuur Minuut is tot die volgende ooreengekom:**

*"1.* *The establishment of a working group to make recommendations on a definition of political offences in the South African situation; to discuss in this regard time scales; and to advise on norms and mechanisms for dealing with the release of political prisoners and the granting of immunity in respect of political offences to those inside and outside South Africa. All persons who may be effected will be considered. The working group will bear in mind experiences in Namibia and elsewhere. The working group will aim to complete work before 21st May 1990. It is understood that the South African Government, in its discretion may consult other political parties and movements and other relevant bodies. The proceedings of the working group will be confidential. In the meantime the following offences will receive attention immediately:*

*(a)* *The leaving of the country without a valid document.*

*(b)* *Any offences related merely to organisations which were previously prohibited.*

*2.* *In addition to the arrangements mentioned in paragraph 1, temporary immunity from prosecution for political offences committed before today, will be considered on an urgent basis for members of the National Executive Committee and selected other members of the ANC from outside the country to enable them to return and help with the establishment and management of political activities, to assist in bringing violence to an end and to take part in peaceful political negotiations.*

*3.* *The government undertakes to review existing security legislation to bring it in line with the new dynamic situation developing in South Africa in order to ensure normal and free political activities.*

4. *The government reiterates its commitment to work towards the lifting of the state of emergency. In this context, the ANC will exert itself to fulfill the objectives contained in the preamble.*
5. *Efficient channels of communication between the government and the ANC will be established in order to curb violence and intimidation from whatever quarter effectively.*
6. *The government and the ANC agree that the objectives contained in this minute should be achieved as early as possible."*

**Die *"Pretoria Minuut"* (1990:1) bevestig weer eens die Regering en die ANC (African National Congress) se verbintenis tot die Groote Schuur Minuut en spreek vrywaring aan politieke gevangenes aan met 'n afhandelingsdatum van nie later as die einde van 1990, as doelwit.**

**Die voormelde ooreenkomste moet te begrype op die een of ander stadium in wetgewing kulmineer en word onder andere die volgende aspekte op 7 November 1990 in Goewermentskennisgewing No 12834 (1990: 1-6) gepubliseer:**

- **Riglyne vir die definiëring van politieke oortredings in Suid-Afrika.**
- **Proses om begenadiging en vrywaring te verleen.**

**(a) RIGLYNE VIR DEFINIëRING VAN POLITIEKE OORTREDINGS IN SUID-AFRIKA**

**Die volgende riglyne in Goewermentskennisgewing 12834 (1990:3) word voorgehou:**

**(i) Die motief van die oortreder. Aspekte hier van belang is of die oortreding 'n politieke motief gehad het en of dit gepleeg is weens 'n persoonlike motief.**

**(ii) Die omstandighede waarbinne die oortreding gepleeg is - of die oortreding gepleeg is in die loop of as deel van 'n politieke opstand of oproer, of in reaksie daarop.**

(iii) Die aard van die politieke oogmerk (byvoorbeeld om 'n beleidsverandering af te dwing of om die politieke teenstander omver te gooi of te vernietig).

(iv) Die regs- en feitelike aard van die oortreding, insluitende die erns daarvan.

(v) Die doel en die oogmerk van die politieke oortreding - was dit byvoorbeeld gerig teen 'n politieke teenstander of sy eiendom; of is dit gepleeg in die veronderstelling dat 'n spesifieke oogmerk, staats of andersins, gedien is.

(vi) Die verband tussen die oortreding en die politieke oogmerk wat nagestreef is.


(vii) Die vraag of die daad gepleeg is in die uitvoering van 'n opdrag of met die goedkeuring van die betrokke organisasie of liggaam.

(b) PROSES OM BEGENADIGING EN VRYWARING TE VERLEEN

Die riglyne hierbo vermeld sal vrywaring of begenadiging bepaal en aldus Goewermentskennisgewing 12834 (1990:4) sal aansoek slegs oorweeg word ten opsigte van politieke oortredings wat voor 12:00 op 8 Oktober 1990 gepleeg is.

## 3.5.1 VRYLATING VAN POLITIEKE GEVANGENES SEDERT 2 FEBRUARIE 1990

Op versoek van Regter Heath van die Ciskeise Hooggeregshof op 13 Januarie 1995 voorsien die Kommissaris van Korrektiewe Dienste op 18 Januarie 1995 aan hom statistiek in 'n skrywe "Vraelys aangevra deur Regter Heath", met betrekking tot die aantal politieke gevangenes wat sedert 2 Februarie 1990 vrygelaat is. Hierdie statistiek word hieronder saamgevat in 'n grafiese formaat met 'n beskrywing van elke kategorie.




| | | |
|---|---|---|
| **A*** | **-** | **Gevangenes aan wie vrywaring verleen is na die Staatspresident se toespraak in die Parlement en die ontbanning van sekere organisasies.** |
| **A** | **-** | **Gevangenes wat hul vonnisse uitgedien het en in terme van die normale vrylatingsbeleid vrygelaat is.** |
| **B** | **-** | **Gevangenes deur middel van 'n administratiewe ingryping vrygelaat. Strafvermindering tot 'n maksimum van twee jaar agt maande het hier 'n rol gespeel.** |
| **C** | **-** | **Gevangenes deur werkgroep hanteer.** |
| **D** | **-** | **Gevangenes vrygelaat op borg en op geneeskundige gronde.** |
| **E** | **-** | **Gevangenes vrygelaat kragtens die bepalings van Goewermentskennisgewing 13202 gedateer 24 April 1991.** |
| **F** | **-** | **Amnestie: Julie 1991 aan eerste oortreders.** |
| **G** | **-** | **Gevangenes vrygelaat ingevolge artikel 69(1) van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959, soos gewysig (Wet 8 van 1959) nadat die *"Record of Understanding"* deur die Regering en die ANC** |

onderteken is.

H - Gevangenes vrygelaat kragtens die bepalings van die Wet op Verdere Vrywaring, 1992 (Wet No. 151 van 1992) - Geïdentifiseer deur die Komitee.

I - Gevangenes vrygelaat kragtens die bepalings van die Wet op Verdere Vrywaring, 1992 (Wet No. 151 van 1992).

TOTAAL: In totaal is 1 698 *"politieke"* gevangenes vrygelaat.

### 3.5.2 OMSKRYWING VAN KATEGORIEë

**KATEGORIE A***

Tydens die opening van die Parlement op 2 Februarie 1990, het die Staatspresident die ontbanning van die *"African National Congress"* die *"Pan Africanist Congress"* en die S.A. Kommuniste Party sowel as ander ondergeskikte partye bekend gemaak. Dit het die onmiddellike vrylating van persone tot gevolg gehad wat aan die partye behoort het en oortredings gepleeg het vanweë verbintenis met sodanige partye.

**KATEGORIE A**

Voor die Staatspresident se toespraak op 2 Februarie 1990 was sekerheidsgevangenes geregtig op die oorweging van die toekenning van strafvermindering. Na die toespraak deur die Staatspresident is strafvermindering soos in die algemeen van toepassing op gevangenes, ook op sekerheidsgevangenes van toepassing gemaak. Hierdie wysiging het onder andere meegebring dat die volgende maatreëls toepassing gevind het op sekerheidsgevangenes:

- Uitplasing op parool;
- Die toekenning van strafvermindering;
  - 1/3 aan eerste-oortreders
  - 1/4 aan residiviste.
- Die toekenning van volledige of gedeeltelike strafvermindering;
- Die toekenning van amnestie waar van toepassing.

**KATEGORIE B**

**Ingevolge die Groote Schuur Minuut is 'n werkgroep saamgestel om onder andere aanbevelings te maak met betrekking tot die definisie van politieke oortredings in Suid-Afrika en te adviseer ten opsigte van die vrylating van politieke gevangenes.**

**As gevolg van hierdie prosedure is verskeie sekerheidsgevangenes vrygelaat vanweë die toekenning van 1/3 of 1/4 strafvermindering op hul vonnisse en 'n maksimum van twee maande spesiale afslag van vonnis.**

**Ingevolge die Pretoria Minuut van 6 Augustus 1990 is daar besluit om voort te gaan met die vrylating van gevangenes wat skuldig bevind en gevonnis is weens politieke oortredings wat voor 8 Oktober 1990 gepleeg was. Daar is ook besluit om 'n maksimum van een jaar spesiale afslag van vonnis toe te ken en is dit later vermeerder tot twee jaar en agt maande.**

**KATEGORIE C**

**Die werkgroep wat tot stand gebring is het die Wet op Vrywaring, 1990 (Wet 35 van 1990) saamgestel en gevangenes wat van mening was dat hul oortredings binne die bestek van die riglyne vir politieke misdade resorteer en derhalwe kwalifiseer vir vrylating/vrywaring, het op die voorgeskrewe wyse in die verband aansoek gedoen. Hierdie aansoeke is deur 'n raadplegende komitee wat uit Regters saamgestel is, hanteer.**

**KATEGORIE D**

**Enkele gevangenes is op geneeskundige gronde en borg hangende appél vrygelaat. Daardie gevangenes wat op borg vrygelaat is, is nie weer in die gevangenis opgeneem nie vanweë vrywaring wat verleen is.**

**KATEGORIE E**

**Op 24 April 1991 staan die Staatspresident vrywaring toe ingevolge artikel 2(2) van die Wet op Vrywaring, 1990 (Wet 35 van 1990) aan enige persoon wat voor 12:00 op 8 Oktober 1990 enige van die ondervermelde misdade gepleeg het met 'n politieke motief,**

**maar met dié voorbehoud dat insoverre dit van toepassing is op die dade vermeld in paragrawe (iii) en (iv) hieronder, geen persoon as gevolg daarvan beseer of gedood is nie:**

*"(i)* *'n Byeenkoms, nadat dit kragtens artikel 46(1)(i) of (3), saamgelees met artikel 57(1), van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982 (Wet No. 74 van 1982), verbied is, belê het, die bywoning daarvan aangemoedig het, daarby voorgesit het, dit op enige wyse bekendgemaak of geadverteer het, of dit bygewoon het of gepoog of gedreig het om enige sodanige handeling te verrig.*

*(ii)* *'n Byeenkoms in stryd met 'n voorwaarde vervat in 'n lasgewing wat kragtens artikel 46(1)(ii), saamgelees met artikel 57 (2), van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982 (Wet No. 74 van 1982), uitgereik is, gehou het, of 'n byeenkoms wat aldus gehou is, bygewoon het, of 'n byeenkoms waarop so 'n lasgewing betrekking gehad het, bygewoon het waar sodanige bywoning in stryd was met so 'n voorwaarde of gepoog of gedreig het om enige sodanige handeling te verrig.*

*(iii)* *Enige brand gestig het of openbare geweld gepleeg het of 'n ander persoon se saak opsetlik beskadig het of gepoog of gedreig het om enige sodanige handeling te verrig.*

*(iv)* *Enigiemand in stryd met die bepalings van artikel 1 (a) of (b) van die Wet op Intimidasie, 1982 (Wet No. 72 van 1982), geïntimideer het of gepoog of gedreig het om so 'n persoon te intimideer.*

*(v)* *Enige handeling verrig het, of gepoog of saamgesweer het om 'n handeling te verrig, wat hoogverraad uitmaak of kan uitmaak, of wat in stryd met die bepalings van artikels 13 (1)(a)(iv) of (v), saamgelees met artikels 56(1)(a) en 54 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982 (Wet No. 74 van 1982), is of kan wees, behalwe as sodanige handeling ook moord, strafbare manslag, verkragting, onsedelike aanranding, roof, bedrog of aanranding waar 'n gevaarlike wond toegedien is, uitmaak.*

*(vi)* *Enige handeling verrig het wat poging tot moord uitmaak of kan uitmaak, mits 'n gevaarlike wond nie as gevolg daarvan aan enige persoon toegedien is nie.*

*(vii)* *In stryd met die bepalings van artikels 2 en 32 van die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969 (Wet No. 75 van 1969), in besit van 'n wapen was.*

(viii) *In stryd met die bepalings van artikel 36 van die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969 (Wet No. 75 van 1969), in besit van ammunisie was.*

(ix) *In stryd met die bepalings van artikel 1(1) van die Wet op Ontplofbare Stowwe, 1956 (Wet No. 26 van 1956), 'n ongemagtigde stof gehou, geberg of in besit daarvan was.*

(x) *In stryd met die bepalings van artikel 1 van die Wet op Betreding, 1959 (Wet No. 6 van 1959), sonder die toestemming van die wettige okkupeerder van grond of 'n gebou of deel van 'n gebou of van die eienaar van of die persoon wat toesig het oor grond, of 'n gebou of deel van 'n gebou wat nie deur iemand wettiglik geokkupeer word nie, sodanige grond betree het of daarop was, of sodanige gebou of deel van 'n gebou binnegegaan of daarin was."*

**KATEGORIE F**

**Op 1 Julie 1991 het die Staatspresident die volgende in 'n verklaring voorgehou:**

*"The second announcement deals with a general special remission of sentence for the broad spectrum of prisoners. The release programme which had followed upon the Groote Schuur and Pretoria Minutes benefitted only a specific category of prisoners. This brought about an imbalance, and a more even-handed approach is called for.*

*I have therefore decided to grant a one third remission of sentence to all sentenced first offenders who were serving sentences on 1 July 1991. This remission will, however, not apply to persons serving life sentences, sentences for sexual offences, child abuse and molestation and a few other exceptions."*

**KATEGORIE G**

**Die Regering en die ANC bereik op 26 September 1992 'n ooreenkoms in die** *"Record of Understanding"* **waarvolgens 'n verdere kategorie gevangenes wat misdade met 'n politieke motief voor of op 12:00 op 8 Oktober 1990 gepleeg het, en wie se vrylating by sal dra tot rekonsiliasie en vreedsame oplossings, vrygelaat word.**

**Ten einde die vrylatingsproses te bespoedig is 'n komitee bestaande uit lede van die Departemente Justisie en Korrektiewe Dienste asook die Suid-Afrikaanse Polisie sowel as die ANC saamgestel.**

**KATEGORIE H**

Voortspruitend uit die *"Record of Understanding"* is die Wet op Verdere Vrywaring, 1992 (Wet 151 van 1992) opgestel wat voorsiening gemaak het dat enige persoon van enige politieke affiliasie aansoek kan doen om vrywaring indien 'n misdaad met 'n politieke motief gepleeg is voor of op 12:00 op 8 Oktober 1990 en die vrylating van so 'n persoon sal bydra tot rekonsiliasie en vreedsame oplossings in Suid-Afrika.

**KATEGORIE I**

Die Wet op Verdere Vrywaring, 1992 (Wet 151 van 1992) is ook van toepassing op hierdie kategorie.

## 3.6 IMPLIKASIES VAN AMNESTIE

Vanweë die feit dat amnestie gedeeltelike of ten volle kwytskelding van vonnis meebring, het dit bepaalde implikasies en word die voor- en nadele van amnestie vervolgens bespreek.

### 3.6.1 VOORDELE

- Soos reeds in hierdie studie aangedui baat 'n spesifieke aantal gevangenes by amnestie en bring onmiddellike vrylating vir sommiges mee. Vrylating bring te begrype 'n daling in die gevangenisbevolking mee, met 'n gevolglike verligting van die oorbevolkingsprobleem.

- Amnestie bring ook 'n direkte finansiële besparing vir die korrektiewe bestel mee aangesien die per kapita koste ten opsigte van die vrygelate gevangenes nie meer 'n faktor is nie. (Die daaglikse aanhoudingskoste per oortreder vir die 94/95 boekjaar het vir die Departement Korrektiewe Dienste op R44,00 te staan gekom).

- Vir die gevangene hou amnestie voordeel in aangesien sy vonnis verkort word en hy gouer met sy gesin kan herenig.

- Sommige gevangenes wat by amnestie baat vind openbaar 'n positiewe gesindheid teenoor die regering van die dag wat so 'n amnestie goedkeur.

- Amnestie het ook tot gevolg dat die enkel ouergesin opgehef word en kan die vrygelatene weer sy ouerlike rol vervul.

- Amnestie is gegewe en kan nie na die toekenning daarvan, ontneem word nie.

- Indien drukgroepe amnestie bepleit en dit slaag, hou dit die voordeel in dat drukgroepe in hul doel geslaag het.

- 'n Verdere voordeel is die feit dat amnestie in sommige gevalle nie op alle gevangenes van toepassing is nie. Die uitsluiting van gewelds- en seksuele misdade verlaag die risiko wat die vrylating van sodanige gevangenes vir die gemeenskap inhou.

**3.6.2 NADELE**

- Amnestie het tot gevolg dat 'n voorvrylatingsprogram nie tot sy reg kom nie. Gevangenes wat byvoorbeeld langtermyn vonnisse uitgedien het, word op die dag van vrylating onmiddellik blootgestel aan 'n veranderde politieke klimaat, tegnologiese ontwikkeling, eise deur die samelewing, ekonomiese realiteite en verskeie sosiaal- maatskaplike aspekte waarmee nie tred gehou is gedurende sy tydperk van institusionalisering nie. Die gemeenskap het ook in die gevangene se afwesigheid voortgegaan om hom te handhaaf en sy voortbestaan te verseker deur die daarstelling, wysiging en opheffing van bepaalde strafsanksies. Gedragsnorme is dus op 'n deurlopende grondslag omskep en verhef tot regsnorme. Inaggenome die

voormelde, is dit duidelik dat die gevangene se vrylating op grond van amnestie, in 'n groot mate met angs, verwarring en onsekerheid gepaardgaaan.

- Amnestie bring ook mee dat die oogmerke van straf nie sy doel dien nie. Met oplegging van 'n vonnis het die vonnisoplegger vergelding ten doel. Die oortreder is weens sy misdaad dit aan die gemeenskap verskuldig om sy skuld te betaal vir sy daad of dade. Die vonnistydperk is dus die tydperk wat hy moet boet vir sy misdaad. Amnestie verkort hierdie vergeldingstydperk en gaan die afskrikwaarde van straf vir potensiële oortreders in 'n groot mate ook verlore.

Gevangesetting het ook ten doel om die oortreder uit die gemeenskap te verwyder en sodoende die gemeenskap te beskerm. Kwytskelding van 'n gedeelte van 'n vonnis of die volle vonnis wat deur die hof opgelê is, is nie in lyn met hierdie oogmerk van straf nie aangesien die oortreder voor die bestemde tyd tot die gemeenskap hertoegelaat word. Amnestie word ook nie in alle gevalle selektief toegeken nie, met die gevolg dat geharde misdadigers vrygelaat word en bepaalde risiko's vir die gemeenskap inhou.

Amnestie het ook tot gevolg dat die rehabilitasieproses van sommige gevangenes onderbreek word alvorens die verlangde resultate bereik is. In so 'n geval het dit tot gevolg dat die individu se insig, selfbeeld, waardes en opheffing ten einde sy suksesvolle herintegrasie in die gemeenskap te bewerkstellig, nie positief beïnvloed word nie.

- Amnestie is 'n direkte administratiewe inmenging met die vonnisoplegger se vonnis aangesien die vonnis verkort of ten volle kwytgeskel word.

- 'n Verdere realiteit is daarin geleë dat amnestie tot gevolg het dat sommige gevangenes se familie nie gereed is om hulle te ontvang nie. Direk na gevangesetting tree daar 'n vervreemding tussen die gevangene, sy gesin en die gemeenskap in en moet die een ouer die rol van albei ouers

vervul. Skielike vrylating van die gevangene het tot gevolg dat die betrokke ouer hom/haar moet losmaak van die ander ouerlike rol en kan verdere vervreemdingsrealiteite hom voordoen.

- Opeenvolgende amnesties maak 'n klug van die strafregsplegingstelsel aangesien die opgelegde vonnis by herhaling verkort word. Dit bring dus kritiek mee deur die:
  - Polisie
  - Slagoffer
  - Howe
  - Regslui

- Werkloosheid in Suid-Afrika is 'n bekende verskynsel en het amnestie tot gevolg dat verskeie gevangenes by vrylating 'n bykomende las vir die staat en hul familie is.

- Amnestie het 'n massavrylating tot gevolg en kan Gemeenskapskorreksiekantore nie die groot aantal gevangenes hanteer nie. In die proses kom monitering en toesig oor die vrygelatene nie ten volle tot sy reg nie.

- Die ontydige vrylating van gevangenes deur middel van amnestie, plaas ook 'n addisionele las op organisasies soos NIMRO wat met die herinskakeling van gevangenes in die gemeenskap gemoeid is.

- 'n Verdere nadeel van amnestie is die feit dat dit nie in alle gevalle op alle gevangenes van toepassing is nie. Dit kan aanleiding gee tot onrus en oproer in gevangenisse.

## 3.7 SAMEVATTING

Amnestie vind toepassing tydens spesifieke geleenthede of feesvierings en is 'n meganisme waarvolgens afslag van vonnis, hetsy in geheel of gedeeltelik, aan gevangenes toegeken word.

Die toekenning van amnestie is nie net tot Suid-Afrika beperk nie, maar kom wêreldwyd voor en kan 'n gevangene in die Republiek van Suid-Afrika òf onvoorwaardelik òf voorwaardelik op dié voorwaardes wat die Staaspresident mag goedvind, op amnestie vrygelaat word.

Reeds sedert die vroegste jare is dit beleid om bepaalde kategorieë gevangenes by die toekenning van amnestie uit te sluit en is dit byvoorbeeld gevangenes wat:

- onbepaalde vonnisse dien;
- wat vonnisse dien weens gewelds- of seksuele oortredings;
- lewenslange gevangenisstraf uitdien.

Die uitsluiting van sekere gevangenes by die toekenning van amnestie is daarop gerig om die optimale beskerming van die gemeenskap te verseker en in die oorweging van amnestie word die gemeenskapsgevoel en sin vir regverdigheid verreken.

Sedert 1910 tot 1994 is die volgende amnestie toegestaan:

**AMNESTIE**

| | | |
|---|---|---|
| 1910: | AMNESTIE | UNIEWORDING |
| 1925: | AMNESTIE | TOEKENNING AAN SEKERE GEVALLE |
| 1928: | AMNESTIE | VLAGWET: INGEBRUIKNEMING VAN NUWE LANDSVLAG |
| 1934: | AMNESTIE | PRINS GEORGE SE BESOEK |
| 1935: | AMNESTIE | KONING GEORGE V JUBILEUM |
| 1937: | AMNESTIE | KONING GEORGE VI SE KRONING |
| 1938: | AMNESTIE | VOORTREKKEREEUFEES |
| 1942: | AMNESTIE | SPESIALE BEWYS VAN BEGENADIGING (OORBEVOLKING) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1943: | AMNESTIE | | SPESIALE BEGENADIGING (FOUTIEWE VRYLATINGS REG TE STEL) |
| 1944: | SPESIALE AMNESTIE | | OORBEVOLKING |
| 1945: | AMNESTIE | | STAAK MET VYANDIGHEID TEEN DUITSLAND |
| 1945: | AMNESTIE | | AAN BASOETOELANDSE BURGERS IN UNIE |
| 1945: | AMNESTIE | | AAN SWAZILANDSE BURGERS IN DIE UNIE |
| 1947: | AMNESTIE | | KONINKLIKE BESOEK AAN DIE UNIE |
| 1960: | AMNESTIE | 30 DAE<br>60 DAE | UNIEFEESVIERING |
| 1961: | AMNESTIE | 1/4 | REPUBLIEK - 31 MEI 1961 |
| 1966: | AMNESTIE | 1/4 | REPUBLIEKFEES - 5 JARIGE BESTAAN |
| 1971: | AMNESTIE | 6 MAANDE<br>3 MAANDE | REPUBLIEKFEES - 10 JARIGE BESTAAN |
| 1981: | AMNESTIE | 1/4 TOT<br>3 JAAR | REPUBLIEKFEES - 20 JARIGE BESTAAN |
| 1986: | AMNESTIE | 6 MAANDE | REPUBLIEKFEES - 25 JARIGE BESTAAN |
| 1987: | AMNESTIE | 1 JAAR | WEERMAGLEDE - 75 JARIGE BESTAAN VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG |
| 1987: | AMNESTIE | 3 MAANDE | WELWILLENDHEID KERSGETY |
| 1990: | AMNESTIE | 6 MAANDE | GEES VAN WELWILLENDHEID RONDOM DIE KERSGETY |
| 1991: | AMNESTIE | 6 MAANDE | GEES VAN WELWILLENDHEID |
| 1991: | AMNESTIE | 1/3 | 1/3 AAN EERSTE OORTREDERS |
| 1994: | AMNESTIE | 6 MAANDE | NUWE STAATSPRESIDENT EN WELWILLEND-HEID |
| 1994: | AMNESTIE | TOTALE VRY-WARING | JEUGDIGES, VROUENS MET KINDERS GESTREMDES: STAATSPRESIDENT: WELWILLENDHEID |
| 1994: | AMNESTIE | TOTALE VRY-WARING | BEJAARDE GEVANGENES - STAATS-PRESIDENT: WELWILLENDHEID |

Ongeag van amnestie wat aan gevangenes toegestaan kan word is die Minister ook gesanksioneer om die goedgekeurde datum van uitplasing op parool van enige gevangene of groep gevangenes te vervroeg. Die uitplasing van sodanige gevangenes geskied op die voorwaardes wat die Minister mag bepaal.

Die Minister kan hierdie prosedure toepas *("bursting")* wanneer hy oortuig is dat die bevolking van 'n spesifieke gevangenis of die algemene gevangenisbevolking, het sodanige afmetings aangeneem dat die veiligheid, menswaardigheid en fisiese versorging van gevangenes nadelig geraak word.

**Op politieke gebied is daar sedert 1990 tot 1994 meganismes in werking gestel om vrywaring van en begenadiging aan gevangenes met politieke oortredings in Suid-Afrika te bewerkstellig.**

**Ongeag van sodanige gevangenes se misdaad en tydperk van vonnis is vrywaring verleen ooreenkomstig 'n bepaalde kriteria.**

**Amnestie het soos reeds vermeld, tot gevolg dat 'n gevangene van hetsy sy volle vonnis van gevangenisstraf of ten opsigte van 'n gedeelte daarvan kwytskelding verleen word. Deur die toekenning van amnestie word die tydperk van die toepassing van leed (gevangenisstraf) soos deur die vonnisoplegger bepaal is, dus onderbreek.**

**Die kwytskelding van 'n gevangene van sy volle vonnis het dus tot gevolg dat hervorming van die oortreder met die oog op sy suksesvolle herintegrasie in die gemeenskap en die daarmee gepaardgaande voorkoming van die herverval in misdaad, nie tot sy reg kom nie.**

**Die vrylating van gevangenes, hetsy deur middel van amnestie of algehele vrywaring is dus 'n berekende risiko wat bestuur moet word en is die gemeenskap se betrokkenheid in die herintegrasie van die gevangene in die gemeenskap, van onskatbare waarde. Die gemeenskap moet dus 'n gesindheid van vergewing en aanvaarding teenoor die vrygelate gevangene openbaar ten einde sy aanpassing in die gemeenskap positief te bewerkstellig.**

# HOOFSTUK 4
# STRAFVERMINDERING

## 4.1 INLEIDING

**Die toekenning van strafvermindering is 'n direkte ingryping op die vonnisoplegger se vonnis wat 'n verkorting van die opgelegde vonnis meebring. Hierdie ingryping word administratief gereël en is strafvermindering 'n verskynsel wat in verskeie wêrelddele voorkom.**

**Strafvermindering is sedert 1911 deur die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) gereël en het onder andere 'n puntestelsel bepaal of strafvermindering aan 'n gevangene toegeken sal word. In die verband wys Erasmus (1985:293) op die volgende:**

*"Gevangenes wat vonnisse van twee jaar en langer uitgedien het, het vir strafvermindering in aanmerking gekom, en dit moes deur die rade van toesig behandel word. Die bestuurder van die gevangenis moes jaarliks die gevangenes wat gevangenisstraf van langer as twee jaar uitgedien het sien, en 'n verslag aan die rade van toesig voorlê (regulasie 510 (1911)). Die rade van toesig kon te eniger tyd insae in die punteregister en ander registers kry en dit moes in alle gevalle waar strafvermindering oorweeg word, voorgelê word (regulasie 504 (1911))"*

**Strafvermindering was in Suid-Afrikaanse gevangenisse van krag tot en met 28 Februarie 1994 waarna dit deur 'n stelsel van krediete wat 'n gevangene op meriete kan verdien, vervang is. Die krediete stelsel word volledig bespreek in Hoofstuk 6.**

**Gevangenes kon voor 28 Februarie 1994 strafvermindering verdien op grond van goeie gedrag. Dit impliseer dat die gevangene positiewe bewys moes lewer van sy aanpassing in die gevangenis en die nakoming van die reëls wat in die gevangenis geld.**

**Strafvermindering dien dus as motivering vir goeie gedrag, maar word eers effektief op die datum waarop die vonnis met inagneming van strafvermindering, verstryk. Ongeag hiervan is strafvermindering direk na die opname van 'n gevangene op sy lasbrief bereken.**

**Ten einde 'n gevonniste gevangene te motiveer tot goeie gedrag en aanpassing in die gevangenis, is hy so spoedig moontlik na opname in die gevangenis en maandeliks daarna georiënteer met betrekking tot die toekenning van strafvermindering, die verbeuring van toegekende strafvermindering sowel as die hertoekenning daarvan in buitengewone omstandighede asook die voorwaardes daaraan verbonde.**

**Verskeie skrywers het die regverdiging van die toekenning van strafvermindering aan gevangenes beredeneer en word hieronder van die skrywers se menings weergegee:**

**Steyn (1961:138) wys op die volgende ten opsigte van strafvermindering:**
*"Die toekenning van strafvermindering het tot gevolg dat die vrylatingsdatum, bereken vanaf die datum waarop die totale vonnis sou verstryk, vervroeg word met 'n periode gelykstaande aan die tydperk of aantal dae toegestane strafvermindering. Omdat strafvermindering nie as 'n reg geëis kan word nie maar by wyse van voorbeeldige gedrag verdien moet word, is dit 'n aansporing tot goeie gedrag. In praktyk word die strafvermindering tentatief by opneming van 'n gevangene bereken. Die strafvermindering kan egter deur wangedrag verbeur word....."*

**Viljoen (1976:153) is van mening dat die toekenning van strafvermindering geregverdig is en 'n heilsame uitwerking op gevangenes het:** *"Die voorskrifte wat strafvermindering reël blyk toereikend te wees en in ooreenstemming met die praktyke toegepas in die meeste Westerse lande. Die Kommissie sien geen rede waarom die praktyk verander hoef te word nie. Dit is 'n beginsel wat taamlik universeel toegepas word en wat 'n heilsame uitwerking op gevangenes het en hulle aanmoedig om hulself goed te gedra en om gevangenisreëls en -regulasies na te kom. Dit het 'n gesonde uitwerking op hul algemene gedrag en bevorder dissipline en ordelikheid. Dit val binne die algemene skema om gevangenes op so 'n wyse te behandel dat dit kan lei tot hul hervorming en rehabilitasie."*

**Die toekenning van strafvermindering vestig dus 'n bewuswording by 'n gevangene en skep bepaalde verwagtings en in die verband wys van Zyl Smit (1992:354) op die volgende uitspraak deur die** *"European Court of Human Rights":*

*"The Court, for its part, does not find that the distinction between privilege and right is of great assistance to it for the present purpose; what is more important is that the practice of granting remission - whereby a prisoner will be set free on the estimated date for release given to him at the outset of his sentence unless remission has been forfeited in disciplinary proceedings - creates in him a legitimate expectation that he will recover his liberty before the end of his term of imprisonment."*

## 4.2 DIE IMPLEMENTERING VAN 'N PUNTESTELSEL IN TRANSVAAL: 1909

**Reeds op 20 September 1909 is 'n puntestelsel gevestig waarvolgens 'n gevangene se algemene gedrag en werksywer bepaal is. Hierdie puntestelsel het dus in werking getree voor die proklamering van die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) en was slegs in Transvaal van toepassing. Die Direkteur van Gevangenisse het op 20 September 1909 deur middel van Omsendbrief No. 54 van 1909:** *"MARK SYSTEM"* **die puntestelsel bekend gemaak:**

*"I have the honour to inform you that a system of marks, as an index to good conduct, good work and good mental or moral progress, is being introduced, with effect from the 1st October next, applicable to all convicts/prisoners of all races and sexes with sentences of six months and over. This also applies to such sentences a part of which may already have been served by the 1st October."*

**'n Spesifieke vorm vir die toekenning van punte is ook ontwerp (PD 109 en 110) en het die toekenning van punte of punte wat deur 'n gevangene verdien word, 'n direkte invloed op die toekenning van strafvermindering aangesien 'n gevangene se gedrag en werksywer bepalend was ten opsigte van die toekenning of verbeuring van strafvermindering.**

## 4.3 STRAFVERMINDERING OOREENKOMSTIG DIE BEPALINGS VAN DIE WET OP GEVANGENISSEN EN VERBETERGESTICHTEN, 1911 (WET 13 VAN 1911)

Die Regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) en meer spesifiek regulasies 492 tot 512, het die toekenning van strafvermindering aan gevangenes ooreenkomstig, onder andere, 'n puntestelsel aangespreek.

Regulasie 492 het bepaal dat 'n puntestelsel bygehou moet word waarvolgens punte aan 'n gevangene met 'n vonnis van ses (6) maande en langer, toegeken moet word. Hieruit is dit duidelik dat 'n gevangene met 'n vonnis van minder as ses maande gevangenisstraf by die bepaling uitgesluit was.

Regulasie 493 het daarvoor voorsiening gemaak dat sodanige gevangene drie punte per dag deur vlyt, ywer en goeie gedrag kan verdien. Een punt kan vir vlyt, een punt vir goeie gedrag en een punt vir vordering op skool of morele (sedelike) vordering, verdien word.

Regulasie 494 het bepaal dat die toegekende punte daagliks op 'n puntestaat aangeteken en sodanige aantekening deur die beampte wat die punte toegeken het, onderteken moet word. Waar prakties uitvoerbaar moet elke punt wat gedurende die dag verdien word, nie deur dieselfde beampte toegeken word nie. In twyfelagtige gevalle moet die opperbewaarder geraadpleeg word. Hierdie metode blyk ingestel te gewees het om die subjektiewe toekenning van punte te voorkom.

Regulasie 495 het 'n verpligting op die bestuurder van die gevangenis geplaas om persoonlik toe te sien dat puntetoekenning daagliks op 'n regverdige grondslag geskied. Voorts kon die Direkteur van Gevangenisse of die bestuurder op enige stadium punte wat weerhou was, toeken.

Regulasie 496 het omskryf deur wie punte toegeken moet word en het bepaal dat die lid in bevel van die afdeling waar die gevangene aangehou word, punte vir algemene gedrag moet toeken. Indien 'n gevangene onder die direkte toesig van 'n ambagsman werksaam is, moet sodanige ambagsman punte in die verband toeken. Sou dit nie die geval wees nie en 'n gevangene is aan 'n werkspan toegewys, moet die lid in bevel van die span punte toeken met betrekking tot die ywer van die gevangene. Indien die gevangene bepaalde opvoedkundige klasse (skool) bywoon, moet punte deur die lid in bevel van die skool toegeken word. Waar moontlik, moet die geestelike werker punte toeken ten opsigte van die gevangene se morele (godsdienstige) vordering. Indien 'n gevangene in die gevangenishospitaal aangehou word, word punte deur die lid in bevel van die hospitaal toegeken.

Regulasie 497 het bepaal dat 'n addisionele punt vir werkywer toegeken kan word indien daar nie skoolfasiliteite bestaan of 'n geestelike werker se dienste nie beskikbaar is nie. Op Sondae, wanneer geen werk verrig word nie, kan 'n gevangene 'n addisionele punt vir algemene gedrag verdien. In die geval waar daar geen werksgeleenthede, skoolfasiliteite of 'n geestelike werker beskikbaar is nie, kan drie punte vir algemene gedrag toegeken word, maar op geen stadium mag meer as drie punte per dag toegeken word nie.

Punte is volgens die bepalings van regulasie 398 slegs ten opsigte van die eerste 30 dae van 'n maand toegeken. Geen punte word ten opsigte van die een-en-dertigste dag van enige maand toegeken nie. In Februarie, wat nie 30 dae bevat nie, moet punte op so 'n wyse toegeken word dat 30 dae in terme van puntetoekenning verantwoord word. Dit moet gedoen word deur die gemiddelde aantal punte wat gedurende die maand verdien is, by die toegekende punte te tel.

Regulasie 499 het die toekenning van addisionele punte aangespreek en het bepaal dat 'n gevangene wat besonder verdienstelik opgetree het tot 'n maksimum van 500 punte met die goedkeuring van die Direkteur kan verdien.

**In die geval waar 'n gevangene hom aan 'n oortreding skuldig gemaak het, het regulasie 500 bepaal dat die betrokke gevangene al die punte van toepassing op die dag van die oortreding, verbeur en indien die oortreding op die 31ste van 'n maand gepleeg is, verbeur hy al die punte wat op die dertigste van die betrokke maand toegeken is. Sou 'n gevangene hom aan 'n ernstige oortreding skuldig maak, kan die Direkteur hom tot en met een duisend reeds verdiende punte laat verbeur en ook in groep verlaag.**

**Regulasie 501 het bepaal dat gevangenes wat straf ondergaan of straf in die gevangenis afwag, op die voorgeskrewe wyse punte kan verdien, tensy deur die hof anders gelas. Die voormelde het betrekking gehad op gevonniste gevangenes wat hulle aan 'n oortreding in die gevangenis skuldig gemaak het en onderwerp word aan die tugstelsel in die gevangenis.**

**'n Punteregister moes kragtens regulasie 502 ten opsigte van elke gevangene bygehou word waarin punte daagliks verantwoord moet word ooreenkomstig die punte wat op die punteblad aan 'n gevangene toegeken is of wat hy verbeur het.**

**Punte wat gedurende 'n maand deur 'n gevangene verdien is, moes kragtens regulasie 503 op die eerste dag van die daaropvolgende maand, in totaal op die gevangene se identiteitskaart aangeteken word.**

**Regulasie 504 het voorsiening gemaak dat die punteregister ten alle tye tot die beskikking van die rade van toesig gestel moet word en moet dit in alle gevalle waar strafvermindering deur die rade van toesig oorweeg word, voorgelê word.**

**Regulasie 505 het bepaal dat 'n gevangene met 'n vonnis van langer as twee jaar gevangenisstraf, in die algemeen nie strafvermindering ontvang alvorens die rade van toesig 'n aanbeveling in die verband aan die Goewerneur-generaal gemaak het nie en die Goewerneur-generaal sodanige strafvermindering ten opsigte van die gevangene se vrylating, hetsy op proef of opname in 'n boerderykolonie of andersins, goedgekeur het nie.**

**Aan 'n gevangene met 'n vonnis van ses maande tot en met twee jaar gevangenisstraf kon die Minister, kragtens die bepalings van regulasie 506, een-kwart (1/4) strafvermindering van vonnis toeken. Die voorwaardes waaronder sodanige strafvermindering toegeken word, berus ook by die Minister. Die Direkteur moet egter verseker wees van positiewe gedrag en werksywer deur die gevangene en kan hy enige spesifieke geval van beoogde vrylating aan die Minister voorlê vir voorlegging aan die Goewerneur-generaal. Die Goewerneur-generaal kan enige voorwaarde wat hy mag goeddink bepaal ten opsigte van die gevangene se vrylating op proef of verblyf in 'n boerderykolonie.**

**Regulasie 507 het bepaal dat strafvermindering in die algemeen nie toegeken word aan 'n gevangene wat 'n vonnis van minder as ses maande gevangenisstraf uitdien nie. In buitengewone omstandighede kan die Direkteur 'n besondere geval aan die Minister voorlê vir oorweging deur die Goewerneur-generaal.**

**Vir elke gevangenisoortreding het 'n gevangene veertien dae (14 dae) van die strafvermindering wat aan hom toegeken kan word, verbeur, en het regulasie 508 bepaal dat dit nie van toepassing is op oortredings waar die gevangene gewaarsku of berispe is nie. Gevangenisregulasie 421 het die volgende ten opsigte van gevangenisoortredings bepaal:**

*"421. (1) A convict or arrested person shall be guilty of an offence against prison discipline if he-*

*(1)* *at any time after admission refuses to allow himself to be medically examined or vaccinated, to be photographed or measured, or to have his finger impressions taken, or wilfully obstructs any person whose duty it is to medically examine, vaccinate, photograph, or measure him, or take his finger impressions;*

*(2)* *gives false replies to any questions put to him regarding his past life or antecedents, or any other matter upon which information is required for purposes of prison records or statistics, or refuses to give replies to such questions;*

*(3)* *wilfully disobeys any lawful order;*

(4) *treats with disrespect any officer or servant of the prison, or any visitor, official or non-official, or any person employed in connection with the prison or works;*

(5) *is idle, careless, negligent at work, or refuses to work;*

(6) *swears, curses, or uses any abusive, insolent, threatening, or other improper language;*

(7) *is indecent in language, act, or gesture;*

(8) *commits a minor assault upon another convict;*

(9) *converses or holds intercourse with another convict at unauthorized times;*

(10) *sings, whistles, or makes any unnecessary noise or gives any unnecessary trouble;*

(11) *leaves his cell or other appointed location or his place of work without permission;*

(12) *in any way disfigures or damages any part of the prison or any article to which he may have access;*

(13) *has in his cell or possession any article he is not allowed to have;*

(14) *gives to or receives from any convict any article whatever without leave;*

(15) *in any other way offends against good order and discipline;*

(16) *uses language tending to cause discontent, excitement, or insubordination among his fellow-convicts, or enters into or belongs to any combination of convicts for any purpose not authorized;*

(17) *makes false, frivolous, or malicious reports or complaints;*

(18) *commits any nuisance, neglects his duties, fails to keep himself clean or to wash or mend his clothes, or fails or neglects to keep clean and tidy any cell or other place in violation of any order which has been given him;*

(19) *absents himself from or refuses or fails to attend divine service, school, lecture, or parade, or mishaves himself when present at any such place;*

(20) *evades work by any means;*

(21) *malingers by feigning any malady whatever;*

(22) *commits any act with the intention of endangering his life or injuring his health or interfering with his work;*

(23) *wilfully loses, destroys, alters, defaces, or exchanges any identification card*

*issued to him;*

(24) *procures or receives any article whatever in an unauthorized manner or commits any act of petty theft;*

(25) *holds any communication by any means, or of any kind, or on any subject, with any person with whom such communication is not authorized, or converses with a visitor in a language not authorized;*

(26) *contravenes the provisions of any regulations framed under the Act, or any amendment thereof;*

(27) *violates any departmental rule or superintendent's order which has been duly posted in the prison;*

(28) *otherwise conducts himself to the prejudice of good order and discipline;*

(29) *attempts to do any of the foregoing things."*

**Indien 'n gevangene hom aan 'n oortreding skuldig maak nadat sy aanbeveling vir strafvermindering ingedien is, kon die Direkteur van Gevangenisse kragtens regulasie 509 hom veertien dae strafvermindering ten opsigte van elke oortreding laat verbeur of die verbeuring van alle strafvermindering aanbeveel.**

**Kragtens regulasie 110 moet die bestuurder van die gevangenis (superintendent) ten minste een keer per jaar ten opsigte van elke gevangene wat 'n vonnis van langer as twee jaar gevangenisstraf uitdien, aan die raad van toesig sodanige gevangene se beskrywingsregister, punteregister tesame met 'n verslag waarin opmerkings en voorstelle voorgehou word, voorlê. Buiten in die geval van 'n onbepaalde vonnis moet elke geval na die voltooiing van een (1) jaar gevangenisstraf, voorgelê word. In die geval van 'n gevangene wat 'n vonnis van ses maande gevangenisstraf, maar nie meer as twee jaar gevangenisstraf uitdien, moet die geval aan die Direkteur voorgelê word sodra sodanige gevangene die helfte van sy vonnis voltooi het.**

**Regulasie 511 bepaal dat strafvermindering nie met tussenpose of by verskillende geleenthede toegeken word nie en kan geen gevangene strafvermindering as 'n reg beskou nie.**

**Ooreenkomstig die bepalings van regulasie 512 moet, wanneer residiviste aanbeveel word vir die toekenning van strafvermindering soos van toepassing op eerste-oortreders, 'n aanbeveling gemaak word dat 'n deel van die strafvermindering in 'n boerderykolonie uitgedien moet word.**

## 4.4 STRAFVERMINDERING VANAF 1911 TOT 1959

**Die toekenning van strafvermindering word vervolgens beredeneer vir die tydperk 1911 tot 1959 aangesien die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959), die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) vervang het en deel hierdie bespreking met strafvermindering soos dit tussen die vermelde wetgewings voorgekom het.**

**Strafvermindering sedert 1911 het neergekom op een-kwart (1/4) aan eerste oortreders en een-twaalfde (1/12) aan residiviste wat toegeken kan word. Op 12 Januarie 1916 rig die Voorsitter van die Raad van Toesig, Transvaal, 'n skrywe aan die Minister:** *"re: Native Convicts"* **waarin hy die volgende vermeld:**

*"Then with regard to remission, the practice is 1/4 to first offenders, 1/12 to recidivists. The Board suggests that where the previous convictions are trifling, and do not show a criminal character that the Board can recommend 1/6 remission for good behaviour."*

**Die Direkteur van Gevangenisse beantwoord gedurende Januarie 1916 dié skrywe namens die Minister en deel die Voorsitter van die Transvaalse Raad van Toesig mee dat die Minister van mening is dat 'n aanbeveling met betrekking tot 1/6 strafvermindering nie 'n outomatiese beginsel moet wees nie, maar dat hy tog nie ongeneë sal wees om 'n aanbeveling vir die toekenning van 1/6 strafvermindering te oorweeg nie.**

### 4.4.1 STRAFVERMINDERING AAN EERSTE-OORTREDERS: 1931 - 1941

Op 28 Maart 1931 en onder handtekening van Minister J B M Hertzog is 'n Uitvoerende Raadsminuut No. 119 aan die Goewerneur-generaal voorgelê waarin goedkeuring verlang word vir die toekenning van een-kwart (1/4) strafvermindering aan eerste oortreders met vonnisse van een maand tot onder ses maande gevangenisstraf, op die voorwaarde dat drie dae strafvermindering verbeur sal word vir oortredings waar die uitspraak 'n berisping of waarskuwing was en die verbeuring van veertien dae strafvermindering in die geval van 'n gevangenisoortreding waarvoor enige ander vonnis opgelê is.

Goedkeuring in die verband is op 1 April 1931 deur die Goewerneur-generaal aan die hand van Uitvoerende Raadsminuut 51/8907 verleen en deur die Direkteur van Gevangenisse in Omsendbrief P.D.47/X.175: *"Grant of remission of Sentence to First Offenders undergoing Sentences of from one month to under six months"*, gekommunikeer en is die volgende as voorbeeld ten opsigte van strafvermindering voorgehou:

| | | |
|---|---|---|
| 1 maand gevangenisstraf | - | 7 dae |
| 6 weke gevangenisstraf | - | 10 dae |
| 2 maande gevangenisstraf | - | 15 dae |
| 3 maande gevangenisstraf | - | 22 dae |
| 4 maande gevangenisstraf | - | 30 dae |
| 5 maande gevangenisstraf | - | 37 dae |

Die omsendbrief deur die Direkteur van Gevangenisse het ook as magtiging vir bestuurders en landdroste in bevel van gevangenisse gedien om strafvermindering aan dié kategorie gevangenes toe te ken en was die bepalings slegs van toepassing op eerste-oortreders wat gedurende die maande April tot Junie 1931 as eerste-oortreders geklassifiseer is.

**Op 22 Junie 1931 is die tydperk hierbo vermeld, per Uitvoerende Raadsminuut 232 tot en met 31 Maart 1932 verleng. Die voorbehoud was egter dat sodanige gevangene die helfte van sy vonnis moet dien alvorens strafvermindering toegeken mag word. Hierdie aspek is deur die Direkteur van Gevangenisse beklemtoon in 'n skrywe:** *"Strafvermindering"* **gedateer 4 Mei 1938 aan 'n magistraat van Cofimvaba:** *"...... wens ek u mee te deel dat elke eerste-oortreder met 'n vonnis vanaf 28 dae tot minder as 6 maande in aanmerking kom vir afslag van 1/4 op sy vonnis sodra hy die helfte van sy straftyd uitgedien het."*

**Strafvermindering aan swart gevangenes met vonnisse wat nie een maand oorskry nie en uitverhuur word is gedurende 1931 ontneem en het dit voortgespruit uit 'n Uitvoerende Raadsminuut No. 60 gedateer 1 Maart 1932, onderteken deur Minister J.B.M. Hertzog.**

**In die Uitvoerende Raadsminuut word voorgestel dat sodanige gevangenes nie strafvermindering moet ontvang nie en word die Goewerneur-generaal se goedkeuring in die verband verlang.**

**Die Direkteur van Gevangenisse rig op 10 Maart 1932 'n skrywe aan alle superintendente en landdroste in bevel van gevangenisse:** *"Hiring out of Short Sentenced Male Non-European Prisoners",* **onder verwysing P.D.47/X.175 (Omsendbrief No. 2 van 1932), waarin die goedkeuring deur die Goewerneur-generaal in die verband vervat is.**

**Op 11 Maart 1932 is die strafvermindering aan eerste-oortreders en gevangenes wat vonnisse van 28 dae gevangenisstraf tot minder as ses maande gevangenisstraf uitdien, per telegram G76 deur die Direkteur van Gevangenisse bekend gemaak en daarvolgens was sodanige gevangenes ook geregtig op sewe dae strafvermindering.**

**Die bekragtiging van strafvermindering aan eerste-oortreders met vonnisse vanaf vier weke tot onder ses maande gevangenisstraf is by geleenthede en per Uitvoerende Raadsminuut soos hieronder vermeld, gedoen:**

(i) **Uitvoerende Raadsminuut No. 51/9104 gedateer 24 Maart 1932 en bekragtig deur Goewerneur-generaal Clarendon. Hierdie bekragtiging is deur die Direkteur van Gevangenisse op 1 April 1932 in 'n skrywe** *"Grant of Remission of Sentence to First Offenders undergoing Sentences of from Four Weeks to under Six Months during period 1st April 1932 to 31st March, 1933 (inclusive)", bekendgemaak.* **Strafvermindering is op daardie stadium soos volg toegeken op 'n vonnis van:**

| | | |
|---|---|---|
| **4 weke** | **-** | **7 dae** |
| **1 maand** | **-** | **7 dae** |
| **6 weke** | **-** | **10 dae** |
| **2 maande** | **-** | **15 dae** |
| **3 maande** | **-** | **22 dae** |
| **4 maande** | **-** | **30 dae** |
| **5 maande** | **-** | **37 dae** |

(ii) **Na aanleiding van Uitvoerende Raadsminuut No. 116 gedateer 25 Maart 1933 en onderteken deur Minister J.B.M. Hertzog is die toekenning van strafvermindering soos vervat in "(i)" hierbo weer eens bekragtig vir die tydperk 1 April 1933 tot 31 Maart 1934. Hierdie bekragtiging is per Uitvoerende Raadsminuut No. 51/9104 op 28 Maart 1933 deur die Goewerneur-generaal gedoen.**

(iii) **Strafvermindering op die grondslag soos hierbo vermeld is op 15 Maart 1934 per Uitvoerende Raadsminuut No. 93 deur Minister J.B.M. Hertzog vir die tydperk 1 April 1934 tot 31 Maart 1935 voorgestel. Op 19 Maart 1934 keur die Goewerneur-generaal die aanbeveling per Uitvoerende Raadsminuut No. 51/9104 goed en op 3 April 1934 maak die Direkteur die goedkeuring in 'n skrywe onder verwysing PD 47/X175, bekend.**
**Gevangenes in die kategorie wat aan boere uitverhuur word, is deur middel van Uitvoerende Raadsminuut 377 en 51/9104 gedateer onderskeidelik 12 Oktober 1934 en 15 Oktober 1934, uitgesluit.**

(iv) **Die vermelde grondslag van die toekenning van strafvermindering (paragraaf (i)) is op 7 Maart 1935 vir die tydperk 1 April 1935 tot 31 Maart 1936 in 'n Uitvoerende Raadsminuut aanbeveel en is op 11 Maart 1935 deur die Goewerneur-generaal goedgekeur. Hierdie goedkeuring is op 1 April 1935 deur die Direkteur van Gevangenisse in 'n skrywe onder verwysing PD 1/555/30/1 bekend gemaak vir die nodige toepassing.**

(v) **Die aanbeveling vir die toekenning van strafvermindering (paragraaf (i)), vir die tydperk 1 April 1936 tot 31 Maart 1937, is op 10 Maart 1936 per Uitvoerende Raadsminuut No 475 deur Minister J.B.M. Hertzog aanbeveel en op 23 Maart 1936 keur die Uitvoerende Raad die aanbeveling goed. Hierdie goedkeuring is op 1 April 1936 deur die Direkteur van Gevangenisse in 'n skrywe PD 1/555/30/1 bekend gemaak vir die nodige toepassing in die praktyk.**

(vi) **Die status quo met betrekking tot die toekenning van strafvermindering aan eerste-oortreders vir die tydperk 1 April 1938 tot 31 Maart 1939 is op 7 Maart 1938 deur generaal J.B.M. Hertzog per Uitvoerende Raadsminuut No. 756 aanbeveel en op 12 April 1938 keur die Uitvoerende Raad die aanbeveling goed. Die Direkteur van Gevangenisse het die goedkeuring reeds op 1 April 1938 aan die praktyk bekend gemaak in 'n skrywe onder verwysing PD 1/555/30/1/**

(vii) **Die voorgestelde strafvermindering aan eerste-oortreders (paragraaf (i)) is op 23 Maart 1939 deur Minister J.B.M. Hertzog vir die tydperk 1 April 1939 tot 31 Maart 1940 per Uitvoerende Raadsminuut No. 646, aanbeveel en is hierdie aanbeveling op 30 Maart 1939 deur die Uitvoerende Raad goedgekeur. Die Direkteur van Gevangenisse het hierdie goedkeuring op 1 April 1939 aan persone in beheer van gevangenisse per skrywe 1/555/30/1, bekend gemaak.**

**(viii)** **In 'n Uitvoerende Raadsminuut No. 1140 gedateer 11 Maart 1940 wys Minister J.C. Smuts op die sukses wat met die bestaande prosedure van toepassing op die toekenning van strafvermindering aan eerste-oortreders behaal is en beveel hy in Uitvoerende Raadsminuut No. 1140 aan dat dié prosedure vir die tydperk 1 April 1940 tot 31 Maart 1941, verleng moet word. Hierdie aanbeveling is op 3 April 1940 deur die Uitvoerende Raad goedgekeur en is reeds op 1 April 1940 deur die Direkteur van Gevangenisse aan persone in bevel van gevangenisse, in 'n skrywe onder verwysing P.D. 1/555/30/1, bekend gemaak.**

### 4.4.2 STRAFVERMINDERING AAN EERSTE-OORTREDERS: 1941 - 1952

**Vanaf 1941 tot en met 1952 is die status quo gehandhaaf met betrekking tot die toekenning van strafvermindering aan eerste-oortreders met vonnisse van vier weke tot onder ses maande gevangenisstraf. Die betrokke jare, Uitvoerende Raadsminute en opstellers word hieronder voorgehou:**

| JAAR | UITVOERENDE RAADSMINUUT NOMMER/DATUM | | MINISTER WAT AANBEVELING GEMAAK HET | DATUM GOEDGEKEUR | SKRYWE DEUR DIREKTEUR |
|---|---|---|---|---|---|
| 1941 | - | 7.3.1941 | Reitz | 7.3.1941 | 1 April 1941 onder verwysing 1/555/30/1 |
| 1942 | 1559 | 30.3.1942 | J.C. Smuts | 30.3.1942 | 1 April 1942 onder verwysing 1/555/30/1 |
| 1943 | - | 16.4.1943 | J.C. Smuts | 20.4.1943 | 1 April 1943 onder verwysing O/B 1/555/30/1 |
| 1944 | 1000 | 29.3.1944 | J.C. Smuts | 6.4.1944 | 1 April 1944 onder verwysing 1/555/30/1 |
| 1945 | 930 | 20.3.1945 | J.C. Smuts | 21.3.1945 | 31 Maart 1945 onder verwysing 1/555/30/1 |
| 1946 | 740 | 10.4.1946 | J.C. Smuts | 13.5.1946 | 1 April 1946 onder verwysing 1/555/30/1 |
| 1947 | 895 | 27.3.1947 | J.C. Smuts | 27.3.1947 | 1 April 1947: Omsendbrief No. 6 van 1947 |
| 1948 | 2426 | 5.5.1948 | J.C. Smuts | 5.5.1948 | 21 April 1948: Omsendbrief No. 4 van 1948 |
| 1949 | - | 3.5.1949 | Havenga | 3.5.1949 | 10 Mei 1949: Omsendbrief No. 6 van 1949 |

| JAAR | UITVOERENDE RAADSMINUUT NOMMER/DATUM | MINISTER WAT AANBEVELING GEMAAK HET | DATUM GOED-GEKEUR | SKRYWE DEUR DIREKTEUR |
|---|---|---|---|---|
| 1950 | - 27.2.1950 | D.F. Malan | 27.2.1950 | 1 April 1950: Omsendbrief No. 9 van 1950 |
| 1951 | 478 6.3.1951 | D.F. Malan | 6.3.1951 | 2 April 1951: Omsendbrief No. 4 van 1951 |
| 1951 | 1406 3.6.1951 | D.F. Malan | 6.3.1951 | 2 Julie 1951: Omsendbrief No 13 van 1951 |
| 1952 | 441 6.3.1952 | D.F. Malan | 6.3.1952 | 1 April 1952: Omsendbrief No 7 van 1952 |

### 4.4.3 TOEKENNING VAN STRAFVERMINDERING BY BOETE VONNISSE: 1937

**Gedurende 1937 het beamptes in bevel van gevangenisse probleme ondervind met die toekenning van strafvermindering in die geval van boete vonnisse, aangesien daar nie beleidsriglyne neergelê was met betrekking tot die berekening van strafvermindering in gevalle waar 'n gedeeltelike boete betaal word nie.**

**Hierdie toedrag van sake het die Direkteur van Gevangenisse gedwing om riglyne in die verband te voorsien en is daar in 'n Gevangenis Diensorder van Augustus 1937 bepaal dat strafvermindering op die volle vonnis bereken moet word ongeag of 'n gedeelte van die boete betaal is, al dan nie. Enige vermindering van die vonnis as gevolg van 'n gedeeltelike betaling van boete, moet dus geïgnoreer word.**

**Die voorwaarde vir die toekenning van strafvermindering was egter dat 'n gevangene goeie gedrag moet openbaar en mag dit nie toegeken word alvorens 'n gevangene nie ten minste die helfte van sy vonnis gedien het nie.**

### 4.4.4 EENVORMIGE TOEKENNING VAN STRAFVERMINDERING: 1945

**Tot en met 1945 is strafvermindering van een-twaalfde (1/12) ten opsigte van gevangenes wat vonnisse van ses maande tot en met twee jaar gevangenisstraf uitgedien het, toegeken. Op 1 Augustus 1945 gee die Direkteur van Gevangenisse in 'n Gevangenis Diensorder opdrag dat**

**een- kwart (1/4) strafvermindering aan sodanige gevangenes toegeken moet word op die totale vonnis ongeag daarvan of die gevangene 'n eerste-oortreder of 'n residivis is.**

**Aangesien die opdrag van krag was vanaf 1 Julie 1945 is rade van toesig versoek om alle gevalle wat vanaf die datum op 'n een-twaalfde (1/12) grondslag oorweeg is, in heroorweging te neem.**

**Regulasie 506 uitgevaardig kragtens die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten is in die verband soos volg gewysig:**
*"A convict with a sentence of from six months to two years imprisonment may be granted by the Minister under any conditions he may think fit, a maximum remission of one-fourth of his court sentence or total sentences ........... "*

### 4.4.5 TOEKENNING VAN STRAFVERMINDERING: 1952

**Minister D.F. Malan rig op 20 Mei 1952 'n Uitvoerende Raadsminuut No. 1184 waarin voorgestel word dat strafvermindering, met die uitsondering van gevangenes wat onbepaalde vonnisse dien, op die volgende grondslag aan gevangenes toegeken word:**

**(a) Een-kwart strafvermindering aan alle eerste oortreders;**
**(b) Een-agste strafvermindering aan residiviste in die algemeen; en**
**(c) Een-twaalfde strafvermindering aan daardie residiviste wat weens diefstal, roof of huisbraak met die opset om te steel en diefstal gevonnis is en wat reeds drie of meer vorige veroordelings het.**

**Die reël op daardie stadium was dat 'n gevangene wat 'n onbepaalde vonnis uitdien, ten minste sewe jaar gevangenisstraf moet uitdien. Strafvermindering was dus nie op dié kategorie gevangenes van toepassing nie.**

**Die aanbeveling deur Minister Malan het voortgespruit uit die feit dat statistieke getoon het dat 'n groot aantal residiviste wat op proef vrygelaat is, heropgeneem is om hul proeftydperk uit te dien vanweë misdaadpleging gedurende hul proeftydperke.**

**Die aanbeveling deur Minister Malan is op 20 Mei 1952 deur die Uitvoerende Raad goedgekeur en het meneer V.R. Verster, Direkteur van Gevangenisse, op 25 Julie 1952 per Omsendbrief No. 15 van 1952 die goedkeuring bekend gemaak.**

### 4.4.6 STRAFVERMINDERING 1953 - 1959

#### 4.4.6.1 NUWE STRAFVERMINDERINGSTELSEL: 1953

**Gedurende 1953 is streekhowe ingestel met 'n verhoogde jurisdiksie en is die howe gesanksioneer om langer vonnisse as in die geval van landdroshowe, op te lê. Hierdie strawwe is gesanksioneer deur die Wet op Spesiale Strawwe, 1952 (Wet 33 van 1952) en het langer vonnisse afgedwing vir misdade met onbepaalde vonnisse waar derde oortredings hom sou voordoen.**

**As gevolg van die voormelde en die verhoogde jurisdiksie deur streekhowe rig Minister D.F. Malan 'n Uitvoerende Raadsminuut No. 2166 op 4 September 1953 waarin 'n nuwe vrylatingsbeleid voorgestel word. Minister Malan sê in die verband:** ***"In die verlede was die hoofdoel aanhouding van gevangenes, terwyl die nuwe filosofie van hervorming van gevangenes in die laaste paar jare deur die wêreld inslag begin neem het. So ver moontlik word gepoog om met hierdie nuwe rigting tred te hou en as gevolg van opleiding en onderrig verskaf aan gevangenes, word dit gevind dat hulle in baie gevalle tot so 'n mate hervorm dat hulle op 'n vroeër tydstip ontslaan kan word."***

**Minister Malan het die volgende basis van strafvermindering, vir goedkeuring deur die Goewerneur-generaal, aanbeveel:**

(i) <u>Gevangenes met vonnisse van agt-en-twintig (28) dae tot ses (6) maande</u>

Een-kwart strafvermindering aan eerste-oortreders sowel as residiviste van alle rasse.

(ii) <u>Alle gevangenes (behalwe Blanke eerste-oortreders) met vonnisse van meer as ses (6) maande tot en met twee (2) jaar</u>

- Nie-Blanke eerste-oortreders: Strafvermindering van een-kwart.
- Alle rasse residiviste: Een-agste strafvermindering.

(iii) <u>Blanke eerste-oortreders met vonnisse van meer as ses (6) maande tot en met twee (2) jaar</u>

Na voltooiing van twee-derdes van die vonnis, sal gevangenes wat in hierdie groep ressorteer voorwaardelik vrygelaat word en die onverstreke tydperk, dit wil sê een-derde, sal opgeskort word vir 'n proeftydperk van ten minste drie (3) jaar en op sodanige voorwaardes as wat die Direkteur van Gevangenisse mag goeddink om te bepaal.

Die toekenning van strafvermindering was onderhewig daaraan dat 'n gevangene dit slegs kan verdien nadat hy die helfte van sy vonnis uitgedien het en sy optrede in die gevangenis van goeie gedrag getuig. In die geval van 'n gevangenisoortreding, word strafvermindering met drie (3) dae vir elke oortreding verminder.

Hierdie aanbeveling is op 4 September 1953 deur die Uitvoerende Raad goedgekeur en op 21 September 1953 maak die Direkteur van Gevangenisse die goedkeuring in 'n Omsendbrief No. 28 van 1953, bekend.

#### 4.4.6.2 GEEN STRAFVERMINDERING OP 'N VONNIS VAN ONTVLUGTING NIE

Strafvermindering het toepassing gevind op alle vonnisse wat gevangenes uitdien, buiten in die geval waar onbepaalde vonnisse uitgedien word. Op 27 November 1954 is die toekenning van strafvermindering op 'n vonnis weens ontvlugting egter deur die Direkteur van Gevangenisse gestaak.

In Omsendbrief No. 53 van 1954, gedateer 27 November 1954, gee die Direkteur opdrag aan alle bestuurders en magistrate in bevel van gevangenisse en tronke, om nie strafvermindering aan gevangenes toe te ken op vonnisse weens ontvlugting uit 'n gevangenis/tronk, of hulptronk of uit polisie-bewaring nie.

Die verbeuring van strafvermindering deur gevangenes met vonnisse van agt-en-twintig (28) dae tot en met twee (2) jaar gevangenisstraf weens ontvlugting of 'n poging tot ontvlugting, op vonnisse wat hulle besig was om te dien ten tye van die ontvlugting of poging tot ontvlugting, is voorts op 10 Desember 1954 deur Minister Strijdom in Uitvoerende Raadsminuut 3298 voorgestel.

Hierdie aanbeveling is op 10 Desember 1954 deur die Uitvoerende Raad goedgekeur en is op 14 Desember 1954 per Omsendbrief 58 van 1954 deur die Direkteur bekend gemaak. In 'n skrywe onder verwysing 1/555/30 van 17 Desember 1954 het die Direkteur die verbeuring van strafvermindering soos hierbo vermeld, ook van toepassing gemaak op gevangenes met vonnisse van langer as twee (2) jaar gevangenisstraf.

### 4.4.6.3 VERBEURING VAN STRAFVERMINDERING: DROS/ONTVLUG OF 'N POGING DAARTOE UIT WERKKOLONIE OF VERBETERINGSKOOL: 1956

Die Minister van Justisie, meneer C.R. Swart rig op 3 April 1956 'n memorandum aan die Goewerneur-generaal: "*Verbeuring van Strafvermindering: Gevangenes wat ontvlug of poog om te ontvlug met vonnisse van agt-en-twintig (28) dae tot en met twee (2) jaar.*", waarin aanbeveel word dat hierdie kategorie gevangenes strafvermindering moet verbeur op onder andere alle vonnisse wat:

- opgelê mag word vir ontvlugting of 'n poging daartoe uit bewaring vanuit 'n gevangenis/tronk, polisie-bewaring of hulptronk;
- opgelê is vir 'n oortreding wat gepleeg is terwyl die gevangene voortvlugtend was;
- opgelê mag word vir enige oortreding gepleeg voor of op dié datum waarvoor die gevangene besig was om 'n vonnistermyn uit te dien tydens die ontvlugting of

poging daartoe, mits sodanige vonnistermyn samelopend is met die vonnis wat die gevangene besig was om te dien.

Die aanbeveling was voorts dat die voormelde bepalings ook van toepassing sal wees op oortredings weens dros/ontvlugting of 'n poging daartoe vanuit 'n werkkolonie of verbeteringskool.

Op 25 April 1956 keur die Uitvoerende Raad die aanbevelings goed per Uitvoerende Raadsminuut No. 875.

### 4.4.6.4 STRAFVERMINDERING: GEVANGENES MET VONNISSE VAN AGT-EN-TWINTIG DAE TOT EN MET VIER JAAR

Op 1 Julie 1956 het die gewysigde artikel 48 en regulasies 505 tot 509 soos uitgevaardig kragtens die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet 13 van 1911) in werking getree en het die volgende groepe gevangenes, ingevolge artikel 48, as raadsake bekend gestaan:

- Alle gevangenes wat die onbepaalde vonnis dien;
- Alle gevangenes wat tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis is;
- Alle gevangenes wat 'n totale vonnis van meer as vier jaar dien.

Dit het dus meegebring dat die berekening en toekenning van strafvermindering ten opsigte van alle gevangenes met vonnisse van 28 dae tot en met vier jaar by die betrokke gevangenis gedoen moet word.

Die voormelde is in Omsendbrief No. 52 van 1956 deur die Direkteur vervat en versoek hy dat sodanige gevangenes, nadat strafvermindering toegeken is, onvoorwaardelik vrygelaat moet word.

**Strafvermindering is op die volgende grondslag toegeken:**

**<u>Een-kwart</u> strafvermindering van die totale vonnis van alle gevangenes, blank en nie-blank, eerste-oortreders sowel as residiviste, met vonnise van 28 dae tot en met ses maande.**

**<u>Een-derde</u> strafvermindering van die totale vonnis van alle eerste-oortreders met vonnisse van langer as ses maande tot en met vier jaar.**

**<u>Een-agste</u> van vonnis aan alle residiviste met vonnisse van langer as ses maande tot en met vier jaar.**

## 4.5 STRAFVERMINDERING: 1959 TOT 1993

### 4.5.1 DIE WET OP GEVANGENISSE, 1959 (WET 8 VAN 1959)

**Op 20 Maart 1959 keur die Goewerneur-generaal die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959), goed en is hierdie Wet opgestel aan die hand van, onder andere, die Standaard Minimum Reëls vir die Aanhouding en Behandeling van oortreders.**

**Hierdie Reëls is gedurende 1955, tydens die eerste kongres van die** *"United Nations on the Prevention of Crime and the Treatment of Offenders",* **opgestel en deur Suid-Afrika aanvaar.**

**Die Standaard Minimum Reëls het nie ten doel gehad om in detail 'n model ten opsigte van gevangenisse voor te hou nie, maar om 'n algehele konsensus te verkry met betrekking tot daardie beginsels wat belangrik is in die behandeling van die oortreder en die bestuur van gevangenisse. Die Standaard Minimum Reëls is dus van toepassing gemaak ooreenkomstig juridiese-, sosiale-, ekonomiese- en geografiese omstandighede in Suid-Afrika.**

**Steyn (1961:1) wys daarop dat die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) op 1 September 1959 in werking getree het en dat die opstel daarvan nie 'n arbitrêre besluit was nie en het internasionale faktore tesame met nasionale faktore daartoe bygedra.**

## 4.5.2 BASIS VAN STRAFVERMINDERING: 1959

**Reeds voordat die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) in werking getree het, het die Direkteur van Gevangenisse 'n memorandum onder verwysing 1/555/39 op 21 Augustus 1959 aan die Minister gerig waarin die basis waarop strafvermindering goedgekeur moet word, aanbeveel is.**

**Die Direkteur het strafvermindering op die volgende grondslag ten opsigte van gevangenes wat vonnisse van minder as twee jaar gevangenisstraf uitdien, aanbeveel:**

- **persone gevonnis tot gevangenisstraf van op tot en met ses maande - een-derde;**
- **persone gevonnis tot meer as ses maande en minder as twee jaar - een-kwart.**

**Die Gevangenisraad het ten opsigte van gevangenes met vonnisse van twee jaar en langer gevangenisstraf, aanbevelings met betrekking tot sodanige gevangenes se vrylating aan die Minister van Justisie gemaak en in die verband meld die Direkteur die volgende in sy Jaarverslag (1953 tot 1954):**

*"Die Voorsitter is belas met die taak om die werksaamhede van die drie gevangenisrade te koördineer en om voor te sit by alle raadvergaderings ten einde eenvormigheid te bewerkstellig met betrekking tot gevangenisraadaangeleenthede en aanbevelings by die Minister van Justisie betreffende vermindering van vonnis in die geval van gevangenes wat vonnisse van meer as twee jaar gevangenisstraf uitdien."*

**Alhoewel artikel 5 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) voorsiening gemaak het vir die aanstelling van een of meer gevangenisrade, het die voorsitter van so 'n gevangenisraad steeds aanbevelings gemaak met betrekking tot die vrylating van onder andere gevangenes met vonnisse van twee jaar en langer.**

**Die Direkteur het voorts in bogenoemde memorandum aanbeveel dat 'n gevangenisraad strafvermindering op die volgende grondslag aan gevangenes met bepaalde vonnisse van twee jaar en langer toeken:**

- een-kwart van die totale vonnis aan eerste-oortreders; en
- een-agste aan residiviste.

Daar is ook aanbeveel dat, ongeag daarvan dat gevangenisrade oor die inherente bevoegdheid beskik om op enige stadium van 'n gevangene se vonnis 'n aanbeveling met betrekking tot sy vrylating te maak, dit slegs gedoen moet word nadat die volgende minimum tydperke van vonnis uitgedien is:

(a) <u>Vrylating op proef</u>

(i) <u>Bepaalde vonnisse</u>

Nadat 'n gevangene minstens twee-derdes van sy vonnis gedien het.

(ii) <u>Onbepaalde vonnisse</u>

- 'n Gevangene wat tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis is kan gedurende die laaste drie jaar van sy aanhouding, wat na aanleiding van 'n aanduiding deur die Uitvoerende Raad of die hof wat die vonnis opgelê het, of administratief volgens besonderhede van die geval en die gevangene se gedrag, as die minimum vrylatingstydperk vir die besondere misdaad bepaal word.
- 'n gevangene wat tot 'n gewoontemisdadiger verklaar is voor 1 September 1959, kan op proef vrygelaat word nadat hy ten minste sewe jaar gedien het en indien hy na vermelde datum tot 'n gewoontemisdadiger verklaar is, moet hy ten minste nege jaar van sy vonnis gedien het.
- 'n Gevangene wat vir korrektiewe opleiding of ter voorkoming van misdaad gevonnis is, kan slegs oorweeg word nadat twee of vyf jaar onderskeidelik gedien is.

(b) <u>Vrylating op parool</u>

(i) <u>Bepaalde vonnisse</u>

- Gevangenes gevonnis tot gevangenisstraf van op tot vier maande gevangenisstraf - enige tyd na opname in die gevangenis.

- 'n Gevangene gevonnis tot meer as vier maande - nadat hy die helfte van sy vonnis uitgedien het.

(ii) <u>Onbepaalde vonnisse</u>

In die verband het die Direkteur aanbeveel dat die bepalings van toepassing op die vrylating van 'n gevangene op proef, ook van toepassing moet wees op 'n gevangene wat tot 'n gewoontemisdadiger verklaar is, 'n lewenslange vonnis uitdien, tot korrektiewe opleiding of voorkoming van misdaad gevonnis is. Hierdie aanbeveling deur die Direkteur is op 22 Augustus 1959 deur Minister C.R. Swart goedgekeur.

### 4.5.3 GEEN STRAFVERMINDERING AAN SEKERE KATEGORIEë GEVANGENES NIE

Noodtoestand-regulasies en onrus en geweld in Suid-Afrika gedurende 1960 het meegebring dat daar 'n toename was aan gevangenes wat gevonnis is ingevolge die bepalings van:

- Die Wet op Openbare Veiligheid, 1953 (Wet 3 van 1953).
- Noodtoestand-regulasies afgekondig by Proklamasie No. 91 van 30 Maart 1960.
- Noodtoestand-regulasies afgekondig by Proklamasie No. 93 van 1 April 1960.
- Noodtoestand-regulasies afgekondig by Proklamasie No. 124 van 11 April 1960 en Proklamasie 139 van 28 April 1960.
- Die Wet op Openbare Byeenkomste, 1956 (Wet 17 van 1956).

Die Kommissaris van Gevangenisse het op 13 Mei 1960 in 'n Omsendbrief No. 41 van 1960 aan alle bevelvoerende offisiere, bepaal dat gevangenes wat ingevolge vermelde wetgewing of weens openbare geweld of weens 'n oortreding wat saamgelees is met die bepalings van die Strafwysigingswet, 1953 (Wet 8 van 1953) gevonnis is, nie strafvermindering mag verdien nie. Sodanige persone mag ook nie sonder die Kommissaris se goedkeuring op parool vrygelaat

word nie. Persone wat 'n vonnis uitdien weens 'n oortreding van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet 44 van 1950) is gedurende Julie 1961 in 'n skrywe 1/555/30 deur die Kommissaris by die groep aan wie strafvermindering nie toegeken mag word nie, ingesluit.

### 4.5.4 GEEN STRAFVERMINDERING TEN OPSIGTE VAN VONNISSE WEENS VEEDIEFSTAL

In 'n memorandum 1/8/11 gedateer 11 Desember 1967 vestig die Kommissaris die Minister se aandag daarop dat veeboere van mening is dat geen strafvermindering aan gevangenes wat vonnisse uitdien weens veediefstal, toegeken moet word nie. Sodanige gevangenes moet ook nie op parool vrygelaat word nie en moet hulle hul vonnisse ten volle uitdien.

Die Kommissaris is egter van mening dat die voorstelle deur die veeboere van toepassing gemaak kan word, maar dan moet gevangenes wat skuldig bevind is aan die diefstal van 'n geringe aantal pluimvee, nie daarby ingesluit word nie en behoort sodanige gevalle na Hoofkwartier verwys te word vir oorweging van die toekenning van normale strafvermindering en vrylating op parool.

Op 12 Desember 1967 keur die Minister die Kommissaris se aanbeveling goed en in 'n Algemene Gevangenisdiensorder No. 19 van 22 Desember 1967 word bepaal dat geen strafvermindering aan gevangenes wat gevonnis is weens 'n oortreding van die Veediefstalwet, 1959 (Wet 57 van 1959) toegeken mag word nie en die gevangene mag ook nie voorwaardelik vrygelaat word nie. In die geval waar enkele pluimvee gesteel is, sowel as enige ander verdienstelike geval, moet dit na die Kommissaris verwys word vir oorweging.

Met ingang van 1 Januarie 1972 is strafvermindering aan gevangenes wat weens veediefstal tot bepaalde vonnisse gevonnis is, weer toegeken. Sodanige gevangenes en gevangenes wat gevonnis is tot bepaalde vonnisse weens oortredings wat in verband met wildbewaring staan, mag egter nie op parool vrygelaat word nie.

Die Kommissaris wys egter in 'n skrywe 1/8/11 gedateer 1 Desember 1971 daarop dat sodanige gevangenes wat gevonnis is tot gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding, voorkoming van misdaad of wat tot 'n gewoontemisdadiger verklaar is, na die voltooiing van twee jaar, vyf jaar en nege jaar onderskeidelik, vir parool oorweeg kan word.

### 4.5.5 VRYLATING OP PAROOL: RAADSAAKGEVANGENES

Gedurende 1972 en ooreenkomstig 'n memorandum 1/8/11 gedateer 10 Mei 1972 deur die Kommissaris aan die Minister is strafvermindering steeds op die volgende basis aan gevangenes met bepaalde vonnisse, toegeken:

- Een-derde aan gevangenes met vonnisse tot en met ses maande gevangenisstraf;
- Een-kwart aan gevangenes met vonnisse bo ses maande tot onder twee jaar gevangenisstraf;
- Een-kwart aan eerste-oortreders met vonnisse van twee jaar gevangenisstraf en langer;
- Een-agste aan residiviste met vonnisse van twee jaar gevangenisstraf en langer.

Die beleid was ook dat uitplasing op parool ten opsigte van gevangenes met onbepaalde vonnisse op die volgende wyse hanteer is:

(a) Gevangenes met vonnisse van gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding en gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad is op parool geplaas tot op die datum waarop die maksimum aanhoudingstydperk van vonnis sal verstryk (vier en agt jaar onderskeidelik). Amnestie toegestaan verminder hierdie tydperk. Indien die tydperk langer as drie jaar is, word die gevangene op parool uitgeplaas vir 'n tydperk van drie jaar.

(b) Gevangenes wat tot gewoontemisdadigers verklaar is of 'n lewenslange vonnis uitdien, is vir 'n tydperk van drie jaar, ongeag van amnestie, op parool uitgeplaas.

**Die Kommissaris beveel in sy memorandum aan dat die status quo gehandhaaf moet word ten opsigte van die uitplasing op parool van hierdie kategorieë gevangenes en dat die tydperke van hergevangesetting weens die verbreking van paroolvoorwaardes ook onveranderd moet bly soos hieronder aangedui:**

- **gevangenes gevonnis tot gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding en tot gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad word hergevangegeset vir die volle onverstreke gedeelte van hul vonnisse minus amnestie.**
- **gevangenes wat gevonnis is tot lewenslange gevangenisstraf en wat tot gewoontemisdadigers verklaar is word hergevangegeset asof hulle nie voorheen vrygelaat is nie.**

**Hierdie aanbevelings deur die Kommissaris is op 23 Mei 1972 deur die Minister goedgekeur.**

### 4.5.6 NUWE MAATREëLS: TOEKENNING VAN STRAFVERMINDERING

**Die toekenning van strafvermindering is by verskeie geleenthede deur die jare gewysig en aangepas ten einde tred te hou met veranderde omstandighede op die regsplegende- en penologiese gebied. Op 27 Januarie 1975 is 'n nuwe beleid met betrekking tot die toekenning van strafvermindering deur die Kommissaris in 'n skrywe onder verwysing 1/8/B, daargestel. Hierdie beleid is op 23 Januarie 1975 deur die Minister goedgekeur en bepaal dat strafvermindering aan gevangenes met ingang van 23 Januarie 1975 op die volgende basis geskied:**

**(a) een-derde (1/3) aan gevangenes met vonnisse tot onder twee (2) jaar gevangenisstraf; en**

**(b) aan gevangenes met bepaalde vonnisse van twee (2) jaar en langer gevangenisstraf, een-derde (1/3) strafvermindering aan <u>suiwer eerste-oortreders</u> en een-kwart (1/4) in die geval van gevangenes met vorige veroordelings.**

Gevangenes wat weens die ondervermelde oortredings gevonnis is, het egter geen strafvermindering ontvang nie:

(i) Wet op Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet 44 van 1950);

(ii) Wet op Openbare Veiligheid, 1953 (Wet 3 van 1953);

(iii) Regswysigingswet, 1962 (Wet 76 van 1962) (Sabotasie);

(iv) Wet op Oproerige Byeenkomste, 1956 (Wet 17 van 1956);

(v) Openbare Geweldpleging, slegs oortredings gemik teen die veiligheid of gesag van die Staat;

(vi) Die bepalings van enige wet wat saamgelees is met die Strafwysigingswet, 1953 (Wet 8 van 1953);

(vii) Noodtoestand-regulasies wat kragtens die Wet op Openbare Veiligheid, 1953 (Wet 3 van 1953) opgestel is;

(viii) Enige regulasie wat kragtens die bogenoemde Wette uitgevaardig is;

(ix) Enige bepaling wat daarop gemik is om die gesag of veiligheid van die Staat te ondermyn;

(x) Landsverlating met die doel om ondermyning teen die Republiek van Suid-Afrika of Suidwes-Afrika te bevorder;

(xi) Enige oortreding waarvoor 'n vonnis van gevangenisstraf opgelê word en wat gepleeg is terwyl sodanige gevangene in wettige bewaring was; en

(xii) Indien 'n gevangene ontvlug, poog om te ontvlug, hulp verleen of 'n ander gevangene aanhits tot ontvlugting, ontvang hy geen strafvermindering ten opsigte van enige tydperk vir hierdie oortreding, asook enige tydperk van gevangenisstraf wat hy besig was om uit te dien nie.

### 4.5.7 GEEN STRAFVERMINDERING AAN GEVANGENES GEVONNIS WEENS WEIERING OM TE GETUIG NIE

Op 13 Mei 1976 wys die Kommissaris in 'n skrywe onder verwysing 1/8/11 dat dit al hoe meer voorkom dat gevangenes in die verband ingevolge die bepalings van artikel 212 van die Strafproseswet, 1955 (Wet 56 van 1955), gevonnis word.

Die Kommissaris bepaal dus dat geen sodanige gevangene op parool vrygelaat mag word nie en mag daar ook nie enige strafvermindering aan hom toegeken word nie, alvorens die spesifieke geval nie aan die Kommissaris vir oorweging voorgelê is nie.

### 4.5.8 STRAFVERMINDERING EN PAROOL: VALUTA- OORTREDERS

Die Minister van Gevangenisse het volgens 'n memorandum gedateer 12 Junie 1979 onder verwysing 1/8/B, op 8 Augustus 1977 beslis dat geen strafvermindering toegestaan word aan gevangenes wat gevonnis is weens 'n oortreding van die valutabeheerregulasies en dat hulle ook nie in aanmerking geneem moet word vir uitplasing op parool nie.

In aansluiting by die voormelde het die Minister op 4 Julie 1978 beslis dat 'n gevangene wat gevonnis is weens bedrog, diefstal, vervalsing of enige ander misdaad met die bedoeling om die valutabeheerregulasies te oortree of oogluikend te laat oortree, nie vir enige strafvermindering of parool oorweeg mag word nie.

Die Kommissaris vestig ook in die memorandum die Minister se aandag op hul gesprekvoering op 12 Junie 1979 waartydens die Minister aangedui het dat hy die aangeleentheid met die Minister van Finansies bespreek het en wat op sy beurt aangedui het dat dié oortreding in die huidige ekonomiese klimaat nie meer in so 'n ernstige lig beskou word nie.

Vervolgens het die Kommissaris aanbeveel dat die toekenning van strafvermindering en die oorweging vir uitplasing op parool, weer op gevangenes wat gevonnis is weens 'n oortreding van die valutabeheerregulasies, van toepassing gemaak word. Hierdie aanbeveling deur die Kommissaris is op 14 Junie 1979 deur Minister Kruger goedgekeur.

Ten einde uitvoering aan die Minister se goedkeuring te verleen, rig die Kommissaris op 29 Junie 1979 'n Algemene Rondskrywe 63/79 onder verwysing 1/8/B aan alle bevelvoerende offisiere waarin bepaal word dat gevangenes wat weens oortredings van die valutabeheerregulasies gevonnis is, vir strafvermindering en parool in aanmerking geneem moet word.

### 4.5.9 TOEKENNING EN BEREKENING VAN STRAFVERMINDERING: WYSIGING VAN REGULASIES 119 EN 131

Die wysiging van Gevangenisregulasies 119(1) en 131(1) soos afgekondig in Goewermentskennisgewing No. 2091 in Staatskoerant No. 6665 van 21 September 1979, het meegebring dat strafvermindering op die volgende grondslag bereken is:

- Gevangenes met vonnisse van minder as twee jaar gevangenisstraf (nie-raadgevangenes) asook gevangenes met bepaalde vonnisse van twee jaar gevangenisstraf en langer (raadgevangenes), kan hoogstens een-derde (1/3) strafvermindering verdien, <u>mits</u> sodanige gevangenes geen vorige veroordelings teen hulle aangeteken het nie.

Dit impliseer dus dat aan <u>eerste-oortreders</u> met <u>bepaalde</u> vonnisse, een-derde strafvermindering toegeken kan word indien hulle aan die daargestelde vereistes voldoen.

- Gevangenes met vorige veroordelings en wat vonnisse van twee jaar gevangenisstraf en langer uitdien (bepaalde vonnisse), kan hoogstens een-kwart (1/4) strafvermindering verdien.

Die Kommissaris stel dit in 'n Algemene Rondskrywe 103/79 van 5 Oktober 1979 dat vonnisse nie na dae herlei moet word by die berekening van strafvermindering nie en sal 1/3 van 1 jaar = 4 maande; van 1 maand = 11 dae; van 2 maande = 21 dae; 1/4 van 1 jaar = 3 maande; van 1 maand = 8 dae; van 2 maande = 16 dae en van 3 maande = 23 dae. Indien 'n vonnis uit jare, maande en dae bestaan, word die vonnis nie na dae herlei nie, maar moet die aantal jare, maande en dae <u>afsonderlik</u> deur 3 of 4, na gelang van die geval, gedeel word.

In die geval van 'n vonnis wat deels of in die geheel uit dae bestaan, word 'n breukdeel van 'n dag by die berekening van 1/3 of 1/4 strafvermindering as 'n volle dag gereken.

**Die Kommissaris het ter illustrasie van die wyse waarop strafvermindering bereken moet word, bepaalde voorbeelde aan bevelvoerende offisiere voorgehou. Hierdie metode het meegebring dat onsekerheid in die berekening van strafvermindering deur praktykfunksionarisse, tot die minimum beperk was.**

**Hierdie metode waarvolgens strafvermindering toegeken is, is toegepas tot 1994 waarna dit op 1 Maart 1994 vervang is deur 'n stelsel van krediete wat 'n gevangene op meriete kan verdien.**

**Die krediete stelsel het voortgespruit uit die Kommissaris se Witskrif van 11 Maart 1993 (1993:3). Die regverdiging van 'n krediete stelsel is aldus die Kommissaris daarin geleë dat strafvermindering by vonnisopleggers die persepsie laat ontstaan het dat daar op 'n administratiewe wyse ingemeng word by die vonnis wat deur die hof opgelê is. Strafvermindering het die opgelegde vonnis verkort, terwyl krediete geen verkorting van die vonnis tot gevolg het nie, maar slegs 'n invloed het op die oorwegingsdatum vir die uitplasing van 'n gevangene op parool.**

## 4.6 SAMEVATTING

**Die toekenning van strafvermindering is daarop gerig om 'n gevangene tydens gevangesetting aan te spoor om goeie gedrag te openbaar en kom dit daarop neer dat 'n gevangene se vonnis met 'n bepaalde tydperk verkort kan word.**

**Strafvermindering gedurende die Uniale tydperk het sy beslag gevind in 'n puntestelsel wat van toepassing gemaak is op 'n gevangene se vlyt, ywer en gedrag. Deur positiewe aanpassing en gedrag tydens gevangesetting kon 'n gevangene punte verdien wat dan bepalend is met betrekking tot die strafvermindering wat verdien kan word.**

**Die puntestelsel is reeds op 20 September 1909 gevestig en het ook voorsiening gemaak dat 'n gevangene wat hom aan wangedrag skuldig gemaak het, punte verbeur en is dit duidelik dat 'n gevangene se gedrag en werksywer bepalend was ten opsigte van die toekenning of verbeuring van strafvermindering.**

**Strafvermindering is sedert 1911 op die volgende grondslag toegeken:**

- **een-kwart (1/4) aan eerste-oortreders met vonnisse van een maand tot onder ses maande gevangenisstraf**
- **een-twaalfde (1/12) aan residiviste met vonnisse van ses maande tot en met twee jaar gevangenisstraf**

**Op 1 Augustus 1945 het die Direkteur van Gevangenisse die eenvormige toekenning van strafvermindering bekend gemaak en is bepaal dat een-kwart (1/4) strafvermindering toegeken moet word op die totale vonnis ongeag daarvan of die gevangene 'n eerste-oortreder of 'n residivis is.**

**Gedurende 1952 is beleid met betrekking tot die toekenning van strafvermindering weer eens gewysig en is die volgende in die verband bepaal:**

**(i) Een-kwart strafvermindering aan alle eerste-oortreders;**
**(ii) Een-agste strafvermindering aan residiviste; en**
**(iii) Een-twaalfde strafvermindering aan daardie residiviste wat weens diefstal, roof of huisbraak met die opset om te steel en diefstal gevonnis is en wat reeds drie of meer vorige veroordelings het.**

**Die aandag word daarop gevestig dat strafvermindering nie aan gevangenes wat 'n onbepaalde vonnis uitdien, toegeken is nie.**

**Gedurende 1953 is die volgende beleid met betrekking tot die toekenning van strafvermindering bekend gemaak:**

**(i) Gevangenes met vonnisse van agt-en-twintig (28) dae tot ses (6) maande**

**Een-kwart strafvermindering aan eerste-oortreders sowel as residiviste van alle rasse.**

**(ii) Alle gevangenes (behalwe Blanke eerste-oortreders) met vonnisse van meer as ses (6) maande tot en met twee (2) jaar**

- **Nie-Blanke eerste-oortreders: Strafvermindering van een-kwart.**
- **Alle residiviste: Een-agste strafvermindering.**

**(iii) Blanke eerste-oortreders met vonnisse van meer as ses (6) maande tot en met twee (2) jaar**

**Na voltooiing van twee-derdes van die vonnis, word gevangenes wat in hierdie groep resorteer voorwaardelik vrygelaat en die onverstreke tydperk, dit wil sê een-derde is opgeskort vir 'n proeftydperk op bepaalde voorwaardes.**

**Beleid met betrekking tot die toekenning van strafvermindering het ook voorsiening gemaak vir die verbeuring daarvan weens byvoorbeeld ontvlugting.**

**Gedurende 1959 is die beleid met betrekking tot die toekenning van strafvermindering aan gevangenes wat vonnisse van minder as twee jaar gevangenisstraf uitdien, weer eens gewysig en het die noodtoestand in die Republiek van Suid-Afrika gedurende 1960 meegebring dat gevangenes wat onder andere skuldig bevind en gevonnis is weens 'n oortreding van die Noodtoestand-regulasies, nie op strafvermindering geregtig is nie.**

**Die wysiging van die beleid met betrekking tot die toekenning van strafvermindering is by verskeie geleenthede na 1960 gewysig en gedurende 1979 is 'n sisteem gevestig waarvolgens strafvermindering op die volgende grondslag bereken is:**

- Gevangenes met vonnisse van minder as 2 jaar gevangenisstraf asook gevangenes met bepaalde vonnisse van 2 jaar gevangenisstraf en langer, kan hoogstens een-derde (1/3) strafvermindering verdien, mits sodanige gevangenes geen vorige veroordelings teen hulle aangeteken het nie.

- Gevangenes met vorige veroordelings en wat vonnisse van twee jaar en langer gevangenisstraf uitdien (bepaalde vonnisse), kan hoogstens een-kwart (1/4) strafvermindering verdien.

Die toekenning van strafvermindering op die voormelde wyse is toegepas tot 1994 en op 1 Maart 1994 is daarmee weggedoen en is strafvermindering vervang deur 'n stelsel van krediete wat op meriete aan 'n gevangene toegeken word.

# HOOFSTUK 5

# UITPLASING ONDER GEKONTROLEERDE OMSTANDIGHEDE

## 5.1 KORREKTIEWE TOESIG

### 5.1.1 INLEIDING

**Straf het 'n wye betekenis en kan beoordeel word in die lig van ouerlike tug tot strafregtelike optrede, byvoorbeeld 'n boete, gevangenisstraf, die doodstraf, ensovoorts. Die oplegging en toepassing van straf het bepaalde oogmerke ten doel. Juis om dié rede moet by die evaluering van strafregtelike optrede bepaal word welke oogmerke ten doel gestel word en of daar enige regverdiging vir sodanige oogmerke gevind kan word.**

**Rabie en Strauss (1985:6) sê dat daar in die algemeen akkoord gegaan word dat die kenmerkende eienskappe van straf die volgende is:**

**(i) die doelbewuste toepassing van leed (lyding) op 'n oortreder, en**

**(ii) die wyse waarop die gemeenskap sy afkeur toon in die oortreder en sy handeling, wat te begrype in stryd is met die algemeen aanvaarde gedragsnorme van dié in 'n gemeenskap.**

**In die gemeenskap kom daar, soos reeds vermeld, afwykende sowel as konformerende gedrag voor. Afwykende en/of immorele gedrag deur individue in die gemeenskap bring mee dat die gemeenskap sodanige gedrag veroordeel en afkeur en deur straf poog om harmonie in die gemeenskap te bewerkstellig. In die verband sê Grupp (1971:119)** *"Let us consult the human heart and we shall find there the basic principles to the true right of the sovereign to punish crimes."*

**Indien 'n persoon tot gevangenisstraf gevonnis word, word hy uit die gemeenskap verwyder en in 'n gevangenis opgeneem. So 'n persoon is dan in die sorg en onder die beheer van die Departement van Korrektiewe Dienste. Die gemeenskap het geen verdere betrokkenheid in**

**straftoemeting nie.**

**Elke opname in 'n gevangenis bring te begrype 'n toename in 'n steeds groeiende gevangenisbevolking mee. Neser (1993:417) wys daarop dat die Minister van Justisie die Krugelkomitee aangestel het om oorbevolking in gevangenisse te ondersoek. Die Krugelkomitee se ondersoek was gerig op** *"Proefdienste en ondertoesigstelling as 'n lewensvatbare beskikkingsmoontlikheid by vonnisoplegging in die Suid-Afrikaanse regspleging."* **Die taak is op 23 Julie 1990 aangepak by wyse van 'n loodsvergadering waarheen departemente en instansies wat op die betrokke terrein werksaam, is hulle afgevaardiges gestuur het. (Krugel (1991:1).**

**Die resultaat was dat wetwysigings vir die oplegging en uitvoering van korrektiewe toesig in die Strafproseswet (Wet 51 van 1977) en die Wet op Gevangenisse (Wet 8 van 1959), gedurende die parlementsitting in 1991 goedgekeur is. Die wysigingswetsontwerp op aangeleenthede rakende Korrektiewe Dienste en Toesig (Wet 122) is op 14 Augustus 1991 deur die Staatspresident goedgekeur. (Neser 1993: 417-418).**

**Korrektiewe toesig is dus as 'n vonnisopsie aan howe voorgehou en kan 'n oortreder ingevolge die bepalings van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) gevonnis word tot korrektiewe toesig. Dit impliseer dat die oortreder sy vonnis in geheel of gedeeltelik in die gemeenskap onder gekontroleerde omstandighede kan uitdien. Die persoon dien dan sy vonnis ooreenkomstig die voorwaardes deur die hof gestel, uit.**

**Die Departement van Korrektiewe Dienste kan egter verdere voorwaardes stel soos:**

- **Monitering**
- **Gemeenskapsdiens**
- **Indiensplasing**
- **Slagoffervergoeding**
- **Bywoning van programme.**

### 5.1.2 DIE ONTWIKKELING VAN KORREKTIEWE TOESIG

Op 28 November 1990 het die Departement van Korrektiewe Dienste, aldus sy Witskrif wat op 6 Mei 1991 gepubliseer is, voortspruitend uit die geïdentifiseerde koersverandering deur die Departement en soos dit vergestalt is in die missie en strategieë van die Departement van Korrektiewe Dienste, bepaalde aanbevelings aan die Regering voorgehou (1990:10).

Die Regering het besluit dat spesifieke aspekte ter operasionalisering van die missie en strategieë van die Departement ondersoek en afgehandel moet word en sluit dit onder andere in die vermindering van die aantal gevonniste gevangenes deur die instelling van 'n stelsel van korrektiewe toesig.

Die Departement van Korrektiewe Dienste sê ook in die Witskrif (1991:10) dat korrektiewe toesig slegs suksesvol bedryf sal kan word indien die volgende tot sy reg kom:

(a) Gesentraliseerde beheer oor die stelsel met aanspreeklikheid vir die bedryf daarvan deur die Departement.

(b) Die nut en toepassingswaarde moet deur regsprekende beamptes besef en toegepas word.

(c) Vertroue in en aktiewe deelname aan die stelsel deur die gemeenskap.

(d) Doeltreffende beheer en bestuur van die stelsel.

Die Kommissaris van die Departement van Korrektiewe Dienste meld in sy Jaarverslag 1 Julie 1990 tot 30 Junie 1991 (1991:9) dat die Minister van Justisie tydens sy begrotingsposdebat gedurende April 1990 aangekondig het dat 'n werkgroep aangestel word om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die lewensvatbaarheid en uitvoerbaarheid van ondertoesigstelling as 'n verdere strafopsie en die beskikbaarheid van proefdienste aan die onderskeie bevolkingsgroepe van die Republiek van Suid-Afrika. Streekhoflanddros W F Krugel is as voorsitter van die werkgroep aangewys.

Hierdie werkgroep het navorsingsmateriaal wêreldwyd verkry, konsepwetgewing bespreek en aangepas. Voorts het 'n Suid-Afrikaanse afvaardiging onder leiding van die Kommissaris, luitenant-generaal W H Willemse, die Agtste VN-Kongres insake Misdaadvoorkoming en die Behandeling van Oortreders in Havana, Kuba, bygewoon en ook verskeie ander lande besoek ten einde inligting met betrekking tot die alternatiewe tot gevangenisstraf te bekom en na te vors.

'n Interdepartementele taakspan is vervolgens saamgestel om alle toepaslike wetgewing op te stel en met mekaar in ooreenstemming te bring, asook om die verdere uitvoering van korrektiewe toesig te reël.

Hierdie taakspan het by twee geleenthede vergader, onderskeidelik op 14 Maart 1991 en 4 April 1991. Tydens die vergadering op 14 Maart 1991 is die volgende doel vir die taakspan se werksaamhede geformuleer en aanvaar:

*"Om wetgewing te ondersoek en konsepwetgewing te formuleer ten einde verdere vonnisopsies, in besonder korrektiewe toesig, te vestig en die tenuitvoerlegging daarvan te reël."*

Generaal-majoor Bruyn is as voorsitter van 'n interdepartementele werkgroep aangestel wie se taak dit was om die Strafproseswet, die Wet op Gevangenisse en die Wet op Proefdienste te evalueer en aan te pas.

Tydens die vergadering op 4 April 1991 is die voorgestelde wetswysigings geëvalueer, aangepas en is daar besluit om die gefinaliseerde wetswysigings aan meneer S G Nel van die Departement van Justisie te voorsien wie dit in oorleg met die Staatsregsadviseurs moet finaliseer.

Die resultaat van hierdie komitee se werksaamhede spreek uit die goedkeuring van wetswysigings vir die oplegging en uitvoering van korrektiewe toesig in die Strafproseswet 1977 (Wet 51 van 1977) en die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959), deur die Parlement gedurende 'n parlementsitting in 1991.

Die Departement van Korrektiewe Dienste dui in 'n begrotingsposnota (1992:1) aan dat korrektiewe toesig op 15 Augustus 1991 geïmplementeer is nadat die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste, 1991 (Wet 122 van 1991) op 14 Augustus 1991 deur die Staatspresident goedgekeur is.

Die Kommissaris van Korrektiewe Dienste, luitenant-generaal W H Willemse dui in die Departement se Jaarverslag 1991/92 (1993:9) aan dat korrektiewe toesig op 15 Augustus 1991 in die Pretoria- en Wonderboomlanddrosdistrikte van krag gemaak is.

Die Kommissaris wys ook daarop dat die korrektiewe toesigstelsel op daardie stadium (aan die einde van die verslagjaar (1993:9)) reeds in 206 landdrosdistrikte landwyd ten volle ontplooi was. Sedert 15 Augustus 1991 tot en met 31 Desember 1992, is 3 046 korrektiewe toesiggevalle gehanteer waarvan 292 reeds hul vonnisse suksesvol voltooi het. Mislukkings het hom ook voorgedoen en is 311 toesiggevalle se vonnisse van korrektiewe toesig weer in gevangenisstraf omskep weens:

- die verbreking van voorwaardes;
- verdere misdaadpleging;
- drosting.

'n Suksessyfer van 89,70% word aangedui (1993:9)

Sedert die implementering van die korrektiewe toesigstelsel op 15 Augustus 1991 tot en met 31 Desember 1993 is daar aldus die Departement van Korrektiewe Dienste se Jaarverslag vir die tydperk 1 Januarie 1993 tot 31 Desember 1993 (1994:13) in totaal 13 440 toesiggevalle in die stelsel hanteer. Hiervan het 4 021 hul vonnisse van korrektiewe toesig suksesvol voltooi terwyl 1 740 gevalle weer gevangenisstraf opgelê is weens herhaalde verbreking van voorwaardes. Dit kom dus neer op 'n suksessyfer van 87,05%.

## 5.1.3 KORREKTIEWE TOESIG AS VONNIS

### 5.1.3.1 ARTIKEL 276(1)(h) VAN DIE STRAFPROSESWET, 1977 (WET 51 VAN 1977)

'n Persoon kan ingevolge die bepalings van artikel 276(1)(h) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) korrektiewe toesig deur 'n hof opgelê word. Artikel 276A van die Strafproseswet,1977 (Wet 51 van 1977) bepaal egter dat korrektiewe toesig ingevolge artikel 276 (1)(h) opgelê, nie 'n tydperk van drie jaar te bowe mag gaan nie. Die oplegging van sodanige vonnis moet egter voorafgegaan word deur 'n verslag deur 'n proefbeampte of korrektiewe beampte ten opsigte van die beskuldigde, aan die hof.

Hierdie vonnis het dus afwending ten doel en word die oortreder nie in die gevangenis opgeneem nie. Die oplegging van korrektiewe toesig ingevolge artikel 276(1)(h) gaan egter gepaard met voorwaardes aan die oortreder deur die hof waaraan hy moet voldoen vir die tydperk van korrektiewe toesig.

Ten einde te verseker dat die oortreder aan die gestelde voorwaardes voldoen is dit die Departement van Korrektiewe Dienste se plig om met behulp van 'n korrektiewe toesigbeampte en deur middel van 'n moniteringsisteem kontrole en beheer oor die toesiggeval uit te oefen.

Die oortreder word dus onder gekontroleerde omstandighede in die gemeenskap vrygelaat en word hy nie blootgestel aan kontaminasie deur geharde misdadigers nie. Deur middel van monitering word terugval in misdaad voorkom en inskakeling by behoeftegerigte programme verseker. Die oortreder word dus in staat gestel om selfversorgend te bly en gesinsdisorganisasie word beperk.

Die toepassing van artikel 276(1)(h) blyk gerig te wees op eerste-oortreders met geringe oortredings en geringe oortredings in die algemeen.

### 5.1.3.2 ARTIKEL 276(1)(i) VAN DIE STRAFPROSESWET, 1977 (WET 51 VAN 1977)

Artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) maak daarvoor voorsiening dat 'n hof 'n persoon tot gevangenisstraf kan vonnis en dat so 'n persoon na goeddunke deur die Kommissaris van Korrektiewe Dienste onder korrektiewe toesig geplaas kan word. Artikel 276 A(1) bepaal dat die straf wat ingevolge artikel 276(1)(i) opgelê word nie 'n tydperk van gevangenisstraf van hoogstens vyf jaar, met of sonder die keuse van 'n boete te bowe mag gaan nie.

Dit impliseer dus dat die persoon in 'n gevangenis opgeneem word om sy vonnis uit te dien. Die Kommissaris kan hom egter vir 'n deel van sy vonnis onder korrektiewe toesig plaas. Korrektiewe Dienste Order - B VI(1) bepaal dat 'n gevangene wie ingevolge artikel 276(1)(i) gevonnis is, vir uitplasing onder korrektiewe toesig deur die paroolraad oorweeg kan word:

- na die voltooiing van 1/6 van die effektiewe vonnis(se). Die 1/6 word bereken op die totale vonnis minus amnestie en spesiale afslag van vonnis wat onvoorwaardelik toegeken is;

- indien 'n vonnis/vonnisse van gevangenisstraf van 5 jaar en minder met die keuse van 'n boete <u>saam met</u> vonnisse van gevangenisstraf wat ingevolge artikel 276(1)(i) opgelê is, uitgedien word, kan die gevangene na voltooiing van 1/6 van die effektiewe vonnisse wat ingevolge artikel 276(1)(i) opgelê is, deur die paroolraad vir uitplasing onder korrektiewe toesig oorweeg word. Weer eens word die 1/6 bereken op die totale vonnis minus amnestie en spesiale afslag van vonnis wat onvoorwaardelik toegeken is.

- na die voltooiing van 1/4 van die effektiewe vonnis, nadat amnestie en spesiale afslag van vonnis wat onvoorwaardelik toegeken is, van die effektiewe vonnis afgetrek is in gevalle waar:

- *"Vonnis(se) van gewone gevangenisstraf van 5 jaar en minder samelopend al dan nie, saam met vonnis(se) opgelê onder artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet, 1977 uitgedien word;*

- *behoudens die bepalings van Artikel 276 A(3)(a)(iii) saamgelees met Artikel 63(b)(i) van die Wet op Korrektiewe Dienste, vonnis(se) van gevangenisstraf, __langer__ as 5 jaar met die keuse van 'n boete saam met vonnisse van gevangenisstraf opgelê ingevolge Artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet, 1977, uitgedien word."* **Dit impliseer dus dat die Kommissaris by die hof __a quo__ aansoek kan doen vir verskyning van die gevangene voor die hof met die doel om korrektiewe toesig te oorweeg, indien die Kommissaris van mening is dat die gevangene 'n geskikte kandidaat vir korrektiewe toesig is.**

### 5.1.3.3 ARTIKEL 276A(3) VAN DIE STRAFPROSESWET, 1977 (WET 51 VAN 1977)

**Artikel 276 A(3) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) reël dat ten opsigte van iemand wat deur 'n hof gevonnis is tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van -**

*"(i) hoogstens vyf jaar; of*

*(ii) meer as vyf jaar, maar sy vrylatingsdatum ingevolge die bepalings van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959), en die regulasies daarkragtens uitgevaardig hoogstens vyf jaar in die toekoms is, kan die Kommissaris, indien hy van oordeel is dat so iemand geskik is om aan korrektiewe toesig onderwerp te word, by die klerk van die hof aansoek doen dat daardie persoon voor die hof __a quo__ verskyn ten einde genoemde vonnis te heroorweeg."*

**Dit kom dus daarop neer dat artikel 276 A(3) slegs toepassing vind ten opsigte van gevangenisstraf van vyf jaar of minder en gevangenisstraf van meer as vyf jaar __met die voorbehoud__ dat die restant van gevangenisstraf hoogstens vyf jaar mag wees.**

**Die Kommissaris is nie statutêr gesanksioneer om die restant van die vonnis in korrektiewe toesig te omskep nie en berus dit uitsluitlik by die hof a quo. Ingevolge die bepalings van artikel 276 A(3)(e) kan die hof die oorspronklike vonnis bekragtig, omskep in korrektiewe toesig of enige ander gepaste vonnis oplê met dien verstande dat laasgenoemde vonnis, in gevangenisstraf, nie die onverstreke gedeelte van die vonnis wat nog uitgedien moet word, oorskry nie. Die Kommissaris se aansoek aan die hof a quo moet ten alle tye vergesel word van 'n gemotiveerde aanbeveling.**

**Korrektiewe Dienste Order - B VI bepaal dat die aansoek om omskepping van 'n vonnis in korrektiewe toesig oorweeg kan word vir verwysing na die hof a quo nadat 'n gevangene 1/4 van sy vonnis gedien het. Berekening van 1/4 word gedoen nadat amnestie en spesiale afslag van vonnis wat onvoorwaardelik toegeken is, van die effektiewe vonnis afgetrek is. Indien die restant van die vonnis langer as vyf jaar is, kwalifiseer die gevangene nie vir omskepping van die vonnis in korrektiewe toesig deur die hof a quo nie.**

### 5.1.3.4 ARTIKEL 287(4) VAN DIE STRAFPROSESWET, 1977 (WET 51 VAN 1977)

**Vermelde artikel is van toepassing op 'n tydperk van gevangenisstraf as alternatief vir 'n boete. In sodanige geval (boetevonnis) kan die Kommissaris by wanbetaling van die boete en op aanbeveling deur die paroolraad:**

- **optree asof die persoon gevonnis is tot gevangenisstraf soos bedoel in artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), met die voorwaarde dat die vonnis van gevangenisstraf nie vyf jaar oorskry nie. Die bepalings vervat in paragraaf 5.1.3.2 hierbo is dus van toepassing.**

- **in 'n geval waar die vonnis langer is as vyf jaar, aansoek doen dat die vonnis deur die hof a quo oorweeg word. Die bepalings vervat in paragraaf 5.1.3.3 hierbo is in die verband van toepassing.**

### 5.1.4 TOEPASSING VAN KORREKTIEWE TOESIG

#### 5.1.4.1 OORWEGINGSKRITERIA

Ten opsigte van artikels 276(1)(i), 276 A(3) en 287(4)(b) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) vind die volgende oorwegingskriteria ingevolge die bepalings van Korrektiewe Dienste Order - B, toepassing:

- Die gevangene mag nie 'n wesenlike gevaar vir die gemeenskap inhou nie. Alhoewel die gevangene as individu vir uitplasing oorweeg word, moet die gemeenskap se belange vooropgestel wees en sal byvoorbeeld herhalende aggressiewe misdade diskwalifiserend dien. Neser (1993:429) wys dan ook daarop dat misdadigers gegrond op hulle gevaarlikheid en gereelde misdaadpatrone in 'n gevangenis aangehou behoort te word.

- 'n Gevangene wat in die maksimum veiligebewakingskategorie is, of 'n gevangene wat nog nie B-groep voorregte geniet nie, moet nie as 'n kandidaat beskou word nie. 'n Gevangene in die maksimum veiligebewakingskategorie het hom te begrype nog nie bewys nie en is dit juis sy gedrag, aanpassing en die aard en omvang van sy misdaad of misdade wat hom in hierdie kategorie plaas. Uitplasing van so 'n gevangene is dieselfde as wannneer iemand vir 'n kind vuurhoutjies gee om daarmee op 'n hooimied te gaan speel. Grupp (1971:265) sê: *"The task of the correctional system is twofold: to protect society from the dangerous criminal and to rehabilitate the same dangerous criminal so that he can return to society as a law-abiding citizen."*

- Die aard en omvang van huidige sowel as vorige oortredings moet nie 'n misdaadloopbaan bevestig nie. In die verband moet daar ook streng gelet word op ontvlugtings, paroolbreuk, verbreking van borg- en korrektiewe toesig voorwaardes sowel as die nie-nakoming van opskortingsvoorwaardes. So 'n ge-

**vangene het reeds getoon dat hy nie sy verantwoordelikheid wat met vrylating meegebring word, kan nakom nie. Eise wat deur die gemeenskap se norme en waardes gestel word hou nie vir hom morele waarde in nie en is sy antwoord daarop asosiale en kriminele gedrag.**

- **In die geval waar aggressiewe en seksuele misdade deel vorm van 'n gevangene se vorige veroordelings, moet dit as verswarende faktore beskou word. Venter (1952:49) is dan ook van mening dat die aantal vorige veroordelings eerstens 'n aanduiding gee van die ernstigheid van die verskynsel en tweedens 'n aanduiding gee van die mate wat 'n persoon op die ingeslane weg van misdaad volhard.**

- **Die gevangene moet na omskepping van sy vonnis in korrektiewe toesig selfversorgend wees, oor voldoende fondse beskik om selfversorgend te wees of oor 'n werk beskik. Dit kom dus daarop neer dat die gemeenskap 'n venoot gemaak moet word in die beplanning van die uitplasing van die gevangene. In die verband sê Carney (1974:389):**
  *"Any crime-fighting or correctional attempt must have the public as an ally. Without public support, the victories will be Pyrrhic victories. Correctionalists in the past have had little interest in arousing public concern. The ignorance of the public could be dismissed with disdain by those who knew the "truth". But corrections must bridge the gap between the community and the criminal."*

- **Die gevangene se gedrag en aanpassing in die gevangenis moet getuig van samewerking en stabiliteit. In dié verband is die paroolraad aangewese op verslae deur kundiges en funksionele personeel.**

- **Die vorige werk- en verblyfrekord moet van verantwoordelikheid getuig.**

- **Die woonplek van die gevangene moet in 'n area geleë wees waar monitering moontlik is en moet hy 'n Suid-Afrikaanse burger wees.**

- 'n Beëdigde verklaring word van die gevangene verlang waarin hy die behoefte uitspreek dat sy vonnis omskep word en moet hy in die verklaring ook die volgende aanspreek:

  * Bekendmaking van berou.
  * Veranderde houding/insigte met betrekking tot misdaadpleging.
  * Verbinding tot 'n verwantwoordelike en misdaadvrye toekoms.
  * Dat hy gebaat/geleer het by vorige gevangesetting.
  * Dat hy korrektiewe toesig as vonnisopsie verstaan en hom sal onderwerp aan die gestelde voorwaardes.

Ten opsigte van artikel 287(4)(a) van die Strafproseswet vind die volgende kriteria toepassing:

- moniteerbare verblyf
- selfversorgendheid

### 5.1.4.2 KORREKTIEWE TOESIG VOORWAARDES

Kragtens artikel 84E van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) is die Kommissaris gesanksioneer om ongeag van voorwaardes wat deur die hof bepaal is, ter toepassing van korrektiewe toesig, 'n toesiggeval in te skakel by enige geskikte rehabilitasie- of ander program wat deur die Kommissaris, 'n maatskaplike welsynsowerheid of enige ander instansie ingestel is om voorsiening te maak vir:

*"(a) die waarneming van en toesig oor toesiggevalle;*

(b) *die verrigting van gemeenskaps- of ander diens deur toesiggevalle;*

(c) *slagoffervergoeding, met inagneming van enige bevel wat die hof in dié verband uitgereik het;*

(d) *die herinskakeling van toesiggevalle by die gemeenskap;*

(e) *die rehabilitasie van toesiggevalle;*

(f) *die invordering van fondse, met inbegrip van die invordering van koste van toesiggevalle ter uitvoering van die straf;*

(g) *enige ander aangeleentheid wat hy nodig of dienstig ag".*

**Ingevolge die bepalings van Korrektiewe Dienste Order - B VII (3)(6) kan die Hoof: Gemeenskapskorreksies die toesiggeval by opname in die gemeenskapskorreksiestelsel verplig tot die volgende voorwaardes:**

- **Maksimum monitering**
- **Huisarres**
- **Slagoffervergoeding**
- **Gemeenskapsdiens**
- **Beperking tot 'n landdrosdistrik(te)**
- **Beperking op alkoholmisbruik.**

**Ongeag van voorwaardes wat gestel mag word, word voorwaardes soos deur die hof gestel, te alle tye geakkommodeer en mag dit nie sonder tussenkoms van die hof gewysig of uitgebrei word nie.**

**'n Toesigkomitee beveel die voorwaardes aan wat na hul mening op die toesiggeval van toepassing moet wees. Buiten die voorwaardes wat deur die hof gestel is, word ander voorwaardes in samewerking met die toesiggeval bepaal.**

**Tydens sitting deur die Toesigkomitee word regsverteenwoordiging ten behoewe van die toesiggeval nie toegelaat nie. 'n Skriftelike vertoë deur 'n regsverteenwoordiger moet egter tydens sitting deur die toesigkomitee in aanmerking geneem word.**

Korrektiewe Dienste Order - B VII(3)(6) bepaal dat die volgende as riglyne kan dien tydens assessering:

"<u>Maksimum intensiewe monitering</u> word normaalweg gereserveer vir daardie kategorie toesiggevalle wat:

* by aanvang van die vonnis in die stelsel opgeneem word
* deur die hof tot maksimum toesig beveel is
* 'n geskiedenis van misdaadpleging/wangedrag het
* 'n onstabiele werks- en verblyfrekord het
* hulle voorheen skuldig gemaak het aan paroolbreuk, ontvlugting, nie-nakoming van borg-/opskortings-/uitstelvoorwaardes
* onstabiele sosiale bindinge het
* vorige mislukkings ten opsigte van korrektiewe toesig het, en/of
* waar aggressiwiteit, impulsiwiteit, alkohol/dwelmmisbruik deel van sy gedragsgeskiedenis/misdaadpleging uitmaak.

<u>Medium intensiewe monitering</u> word normaalweg gereserveer vir daardie kategorie toesiggevalle wat:

* 'n periode van maksimum intensiewe monitering suksesvol deurloop het
* 'n redelik stabiele werks- en/of verblyfgeskiedenis het
* geen, of 'n misdaadrekord/gedragsrekord het wat nie fisiese geweld insluit nie
* redelike stabiele sosiale bindinge het
* oor werk en/of verblyf beskik en finansieel onafhanklik of fisies versorgd is

<u>Minimum monitering</u> word normaalweg gereserveer vir daardie kategorie toesiggevale wat:

* 'n periode van medium intensiewe monitering suksesvol deurloop het
* nie ooglopend 'n wesenlike gevaar vir die samelewing inhou nie
* nie alkohol en/of dwelms misbruik nie
* fisies/finansieel versorgd is."

Aanbevelings deur die Toesigkomitee moet gemaak word ten opsigte van die volgende:

- Graad van toesig.
- Huisarres.
- Gemeenskapsdiens - aantal ure en plek van verrigting.
- Programme waarby ingeskakel moet word.
- Beperking tot landdrosdistrik(te).
- Verbod op gebruik/misbruik van drank.
- Ander toepaslike voorwaardes.

Ongeag van 'n toesiggeval se moniteringskatergorie moet hy aan die volgende voorwaardes onderwerp word:

* oor 'n **werk en verblyf** beskik **of fisies/finansieel versorgd** wees
* **nie** sonder die goedkeuring van die korrektiewe toesigbeampte aan wie hy verantwoordelik is, van werk of verblyf mag **verander** nie
* nie sonder goedkeuring van die korrektiewe toesigbeampte die **landdrosdistrik(te)** waartoe hy beperk is, **mag** verl**aat** nie
* **nie** toegelaat word om enige **alkohol** te misbruik nie
* **nie** toegelaat word om enige afhanklikheidsvormende stowwe of middels (dwelmmiddels) te gebruik nie tensy skriftelike bewys gelewer kan word dat dit deur 'n geneeskundige beampte voorgeskryf is
* **nie** tydens vonnisdiening weer 'n **misdryf pleeg nie.**

Die voorsiene risiko dikteer die graad van monitering waaraan 'n toesiggeval onderwerp kan word en kan dit die vorm aanneem van:

- maksimum intensief, of
- medium intensief, of
- minimum monitering.

### 5.1.4.3 VERBREKING VAN VOORWAARDES DEUR TOESIGGEVALLE

Uit die bespreking hierbo is dit duidelik dat die Departement van Korrektiewe Dienste nie net 'n penitensiêre verantwoordelikheid het nie, maar ook 'n gemeenskapsgerigte verantwoordelikheid het.

In die tenuitvoerlegging van 'n gemeenskapsgebaseerde vonnis is dit noodsaaklik dat daar meganismes bestaan en dat dit verantwoordelik bestuur word ten einde die belange van die toesiggeval en die gemeenskap te dien.

Die belange van die gemeenskap moet egter vooropgestel word, aangesien die toesiggeval deur uitplasing die geleentheid gebied word om verantwoordelikheid te aanvaar, aan die eise van die gemeenskap te voldoen en te betaal vir sy optrede wat harmonie in die gemeenskap geskend het.

Sou 'n toesiggeval dus ongedwonge en willens en wetens sy gestelde voorwaardes verbreek, is ingryping in sy voorsiene vryheid nodig in belang van homself, die regspleging en die gemeenskap.

Korrektiewe Dienste Order - B VII(3) reël regsingryping indien 'n toesiggeval in gebreke bly om gestelde voorwaardes na te kom. Wanneer 'n toesiggeval sy voorwaardes verbreek word korrektiewe toesig nie noodwendig herroep nie, maar word die toesiggeval mondelings, telefonies of skriftelik versoek om voor die Toesigkomitee te verskyn.

Tydens sodanige verskyning word die toesiggeval aangehoor en is die <u>audi alterem partem</u> - beginsel van toepassing. By elke voorwaardeverbreking deur 'n toesiggeval moet 'n beëdigde verklaring/skriftelike erkenning van die toesiggeval verkry word. Die doel van so 'n verklaring/erkenning is om as getuienis te dien indien die hof <u>a quo</u> vir die oplegging van 'n alternatiewe vonnis genader sou word.

Indien 'n toesiggeval herhaaldelik en/of sonder rede sy voorwaardes verbreek of, indien hy nie soos versoek vir 'n konsultasiebesoek by die Toesigkomitee aanmeld nie, kan die volgende stappe teen hom geneem word in terme van die verandering van toesigvoorwaardes:

- Voorwaardes kan aangepas word om in te skakel by veranderde omstandighede.
- Voorwaardes kan ook uitgebrei word.
- Gemeenskapsdiens kan ingestel word of opgeskorte gemeenskapsdiens kan in werking gestel word.
- Huisarres kan verskerp word.
- Addisionele programbywoning kan verplig word.
- Die graad van toesig kan verskerp word. Sou die Toesigkomitee egter van mening wees dat bovermelde maatreëls onvoldoende is, word 'n G306 - lasbrief vir aanhouding in 'n gevangenis uitgereik.

## 5.2 ONVOORWAARDELIKE- EN VOORWAARDELIKE VRYLATING

### 5.2.1 INLEIDING

Gevangenisstraf is die ontneming van 'n persoon se vryheid vanweë die feit dat hy nie die gemeenskap, waarvan hy 'n deel vorm, se normes, waardes en etiese gedragskodes wat in regsnorme vergestalt is, nagekom het nie.

Na die opname van 'n individu in 'n gevangenis tree statutêre maatskaplike sorg binne die raamwerk van 'n korrektiewe sisteem in werking wat onder andere uit prosedures en metodes wat gerig is op die behandeling, opleiding en rehabilitasie van 'n gevangene met die oog op sy uitplasing/vrylating, voortspruit.

Besluitneming met betrekking tot die uitplasing/vrylating van 'n gevangene is dus geen maklike taak nie aangesien nie net die gevangene se belange nagestreef en eerbiedig moet word nie, maar moet die gemeenskap se beskerming vooropgestel word.

Dit is dus aangewese en in belang van die gevangene en die gemeenskap dat hy deur middel van 'n stelsel van gekontroleerde monitering in die gemeenskap vrygelaat word.

Die teendeel is egter ook waar, naamlik dat nie alle gevangenes voor verstryking van hul vonnisse in die gemeenskap uitgeplaas kan word nie vanweë die risiko wat dit vir die gemeenskap mag inhou.

Voorts sal die aanhouding van alle gevangenes tot en met hul vonnisverstrykingsdatums nie versoenbaar wees met die heersende oorbevolkingsprobleem in gevangenisse, die finansiële implikasies wat dit vir die Departement van Korrektiewe Dienste mag inhou, die oogmerke van rehabilitasie en die beskerming van die gemeenskap nie.

### 5.2.2 DIE FILOSOFIE VAN PAROOL

Parool is 'n stelsel of sisteem wat statutêr die Departement van Korrektiewe Dienste in staat stel om 'n gevangene voor die bereiking van sy vonnisverstrykingsdatum, onder gekontroleerde omstandighede, in die gemeenskap uit te plaas.

Dit impliseer nie kwytskelding van vonnis nie en moet die gevangene steeds sy skuld aan die gemeenskap betaal aangesien parool nie 'n vergewensgesinde komponent bevat nie.

Oorweging vir uitplasing op parool is 'n proses wat reeds by die opname van 'n gevangene in 'n gevangenis 'n aanvang neem deur alle behandelings-, opleidings- en rehabilitasiemetodes en prosedures te rig op die uiteindelike suksesvolle herintegrasie van die oortreder in die gemeenskap.

Dit is ook 'n statutêr-maatskaplike beheerstelsel waarvolgens 'n gevangene in 'n stelsel opgeneem word wat sy sosiaal-maatskaplike inskakeling in die gemeenskap reël.

Herinskakeling in die gemeenskap vereis kontrole, beheer en toesig en is parool nie gevestig op 'n onverantwoordbare humanistiese of filantropiese beskouing nie en impliseer dit dat verbreking van voorwaardes hergevangesetting in belang van die regspleging, die gemeenskap en die parolee moet meebring.

Die grondslag van parool is vergestalt in goeie gedrag en 'n effektiewe en verantwoordelike program wat nie net op die beskerming van die gemeenskap gerig is nie, maar ook op die opheffing van die individu en die voorkoming van misdaad.

### 5.2.3 FUNKSIE VAN 'N PAROOLSTELSEL

Parool is 'n internasionaal aanvaarde metode van vrylating en net soos in verskeie ander lande is die basiese funksie van die paroolstelsel die beskerming van die gemeenskap teen gedrag en optrede wat nie net 'n risiko nie, maar ook 'n wesenlike gevaar inhou.

Die versuim om 'n gevangene wat homself bewys het en die geldende norme en waardes van die gemeenskap respekteer en nastreef, op parool uit te plaas, met die wete dat hy oor 'n positiewe misdaadprognose beskik, doen afbreuk aan die doel en funksie van die paroolstelsel.

Die parolee moet nie op enige stadium gedurende parolering net op homself aangewese wees nie en moet die paroolstelsel die nodige ondersteuning bied ten einde sy suksesvolle herintegrasie in die gemeenskap te bewerkstellig en maatreëls, maatstawwe en hulpbronne moet op so 'n wyse aangewend en benut word dat die parolee na verstryking van sy paroolydperk nie 'n <u>absolute</u> afhanklikheid daaraan toon wat sy verdere persoonlike en sosiaal-maatskaplike funksionering strem nie. Toesig en beheer moet dus ooreenkomstig die parolee se vordering aangepas word en moet die voorkoming van die herverval in misdaad een van die doelwitte wees.

**Die paroolstelsel moet ook 'n uitvloeisel wees van 'n verantwoordelike, verantwoordbare en effektiewe behandelingsprogram in gevangenisse wat kristaliseer in 'n stelsel van verskillende grade van toesig en beheer.**

**Killinger (1978:249) sê die volgende ten opsigte van die basiese doel van parool:**

*"Few things about parole evoke consensus, but there is some agreement that one objective and measure of success is reduction of recidivism. Even this concensus quickly becomes less firm when two specific functions are examined:*

*(1) provision of supervision and control to reduce the likelihood of criminal acts while sentence in the community (the "surveillance" function), and (2) provision of assistance and services to the parolee, so that non-criminal behavior becomes possible (the "helping" function."*

### *5.2.4* VOORWAARDES GEKOPPEL AAN PAROOL

- **Voorwaardes moet billik, regverdig, uitvoerbaar en afdwingbaar wees. Carter (1984:141) wys op die volgende:** *"Some conditions may be too burdensome or too unrelated to the rehabilitation of the offender or the protection of the community to be justified in the particular case."* **Dit is dus belangrik dat elke geval op sy eie meriete hanteer moet word met inagneming van spesifieke probleme en behoeftes.**

- **Voorwaardes moet gerig wees op die beskerming van die gemeenskap sowel as die oortreder. Carney (1979:259) sê:** *" The actual mission of parole is not to carry on an experiment in correctional therapy, nor to take the pressure off overcrowded prisons, nor to "mollycodle" dangerous offenders. It is quite simply, to protect society."*

- **Dit is van uiterste belang dat voorwaardes volledig met die parolee bespreek sal word. Voorwaardes wat gestel word moet by die individu se uniekheid, omstandighede, behoeftes en doelwitte aanpas. Dit moet dus plooibaar wees, maar nie te kras of te**

**toegeeflik nie. Dit moet gerig wees op die opheffing van die individu se selfbeeld en selfhandhawende gedrag, met die einddoel die beskerming van die gemeenskap.**

- **Voorwaardes kan ook bemoeienis deur nasorginstansies insluit. In sodanige geval is dit belangrik dat die betrokke voorwaardes in oorleg met dié instansie hanteer word.**

- **In die geval van voorwaardeverbreking moet 'n stelsel in werking tree waarvolgens die parolee voor 'n bevoegde komitee gebring word ten einde sy verdere geskiktheid vir parool te bepaal.**

**Carter (1984:142) wys daarop dat die mees algemene voorwaardes wat aan 'n parolee gestel moet word, die volgende is:**

*"REFORM CONDITIONS*

- *Comply with the laws.*
- *Maintain employment.*
- *Support dependants.*
- *Refrain from the use of drugs.*

*CONTROL CONDITIONS*

- *Report to parole officer upon release and periodicallly thereafter.*
- *Co-operate with the parole officer.*
- *Get permission (or notify) to change employment or residence."*

### *5.2.5 STATUTêRE BEPALINGS WAT DIE UITPLASING OP PAROOL VAN GEVANGENES GEREëL HET TOT 1993*

**Erasmus (1985:272) wys op***"twee hoofsoorte of tipes of wyses waarop 'n gevangene in die Unie vrygelaat kon word, naamlik:*

- *eerstens **onvoorwaardelik** (artikels 47 - 50 en 88(1), Wet 13 van 1911 en artikels 38, 39 en 61 tot 72 van Wet 8 van 1959), en*

- *tweedens, **voorwaardelik**, (artikels 47 tot 50 en 88(1), Wet 13 van 1911, en artikels 38, 39 en 61 tot 72 van Wet 8 van 1959)."*

**Dit is belangrik om daarop te let dat die artikels van toepassing op Wet 13 van 1911 en Wet 8 van 1959, onderskeidelik dieselfde is ten opsigte van onvoorwaardelike en voorwaardelike vrylating.**

**Die artikels van toepassing op Wet 13 van 1911 kom in die grootste mate daarop neer dat die Rade van Toesig 'n aanbevelingsfunksie aan die Minister gehad het met betrekking tot die onvoorwaardelike of voorwaardelike vrylating van gevangenes met vonnisse langer as 2 jaar terwyl Wet 8 van 1959 die volgende soos hieronder aangedui, aanspreek:**

- **Artikel 39: omskryf die minimum en maksimum tydperke van aanhouding van spesifieke vonniskategorieë. Die tydperk van aanhouding word deur die Minister bepaal na ontvangs van 'n aanbeveling deur die Gevangenisraad.**

  **Dit kom daarop neer dat:**

- **'n persoon wat periodieke gevangenisstraf opgelê is, op die regulasievoorgeskrewe wyse in 'n gevangenis aangehou word. Regulasie 140 uitgevaardig kragtens Wet 8 van 1959 bepaal dat so 'n persoon sodanige vonnis in ononderbroke tydperke van minstens vier-en-twintig uur op 'n keer moet uitdien. Die persoon se persoonlike omstandighede soos byvoorbeeld sy werkomstandighede moet in aanmerking geneem word. Hieruit is dit duidelik dat so 'n persoon 'n onderbroke vonnis uitdien wat hom in staat stel om voort te gaan met die onderhoud van sy gesin en ander sosiaal - maatskaplike verpligtings.**

- Korrektiewe opleiding as 'n vonnis vereis die aanhouding van so 'n persoon in 'n gevangenis vir 'n tydperk van minstens twee jaar maar hoogstens vier jaar. Die tydperk van aanhouding word deur die Minister bepaal op aanbeveling van 'n Gevangenisraad.

- Gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad vereis dat so 'n persoon minstens vyf jaar maar hoogstens agt jaar uitdien. Weer eens bepaal die Minister die tydperk van aanhouding na ontvangs van 'n aanbeveling deur die Gevangenisraad.

- **Artikel 61:** omskryf die pligte en werksaamhede van gevangenisrade en bepaal in welke gevalle 'n verslag ten opsigte van 'n gevangene vir sy vrylating aan die Kommissaris voorgelê moet word. In sodanige geval moet aanbevelings gemaak word met betrekking tot die opleiding en behandeling, die tydperk waarvoor en die voorwaardes waarop en toesig waaronder so 'n gevangene op proef of parool vrygelaat moet word en die afslag van vonnis wat nodig geag word.

- **Artikel 62:** bepaal die voorlegging van 'n verslag deur 'n Gevangenisraad met betrekking tot die vrylating van gevangenes gevonnis tot gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding of ter voorkoming van misdaad deur die Kommissaris aan die Minister. Die Minister kan dan die onvoorwaardelike vrylating van die gevangene of vrylating op proef of parool bekragtig.

- **Artikel 63:** bepaal dat die Kommissaris ten opsigte van gevangenes met vonnisse van twee jaar of langer, afslag van vonnis, òf onvoorwaardelik òf voorwaardelik, kan verleen by ontvangs van 'n verslag deur 'n gevangenisraad.

- **Artikel 64:** bepaal die voorlegging van 'n verslag van 'n gevangenisraad deur die Kommissaris aan die Minister ten opsigte van 'n gevangene wat lewenslange gevangenisstraf uitdien. Die Minister lê weer op sy beurt, 'n verslag in die verband aan die Staatspresident voor en kan hy magtiging verleen vir die vrylating van die

gevangene op proef of op parool soos hy mag gelas.

- **Artikel 65:** bepaal dat die Minister 'n gevangene wat in 'n boerderykolonie aangehou word, se vrylating op proef of parool of soos hy mag gelas, kan magtig, na ontvangs van 'n verslag deur 'n gevangenisraad deur die Kommissaris aan hom voorgelê.

- **Artikel 66:** bepaal dat 'n gevangene wat tot 'n gewoontemisdadiger verklaar is, nie vrygelaat mag word alvorens 'n gevangenisraad 'n verslag in die verband aan die Kommissaris voorgelê het nie. Sodanige verslag word aan die Minister en Staatspresident voorgelê en die Staatspresident kan magtiging verleen vir vrylating van die gevangene op proef of op parool of soos hy mag gelas.

- **Artikel 67:** reël die vrylating van 'n gevangene op proef deur die Kommissaris.

- **Artikel 68:** reël die vrylating van 'n gevangene op parool deur die Kommissaris.

- **Artikel 69:** bepaal dat die Staatspresident te eniger tyd die vrylating van 'n gevangene òf op proef òf parool òf onvoorwaardelik kan gelas.

- **Artikel 70:** bepaal dat die Minister op aanbeveling deur die Kommissaris, spesiale afslag van vonnis van hoogstens negentig dae aan 'n gevangene kan verleen, òf onvoorwaardelik òf op sodanige voorwaardes as wat hy mag bepaal.

- **Artikel 71:** bepaal dat die Minister 'n gevangene op aanbeveling van die geneeskundige beampte òf op proef òf parool kan vrylaat indien so 'n gevangene: -

    - aan 'n gevaarlike aansteeklike of besmetlike siekte ly; of

    - se lewe deur verdere aanhouding in 'n gevangenis in gevaar gestel word; of

- se vrylating wenslik is op grond van gevorderde swangerskap.

Dit dien egter gemeld te word dat al die voormelde artikels geskrap is in die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959, (Wet 8 van 1959) en ingevolge die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste, 1993 (Wet 68 van 1993) vervang is deur artikels soos hieronder bespreek.

## 5.2.6 STATUTêRE BEPALINGS MET BETREKKING TOT DIE UITPLASINGS-/VRYLATINGSBELEID: 1993

In die Departement van Korrektiewe Dienste se Witskrif van 11 Maart 1993, word gesê dat die Departement 'n nuwe vrylatingsbeleid beoog wat wesenlik verskil van dit wat tot op hede in Suid-Afrika toegepas is (1993:3)

Hierdie vrylatingsbeleid vind sy beslag in die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste, 1993 (Wet 68 van 1993) en word dit op 1 Maart 1994 in Suid-Afrikaanse gevangenisse geïmplementeer. Die betrokke artikels word hieronder bespreek:

- **Artikel 63:** Hierdie artikel spreek die bevoegdhede, werksaamhede en pligte van paroolrade aan en bepaal dat 'n paroolraad ten opsigte van elke gevangene wat 'n onbepaalde vonnis of 'n vonnis van langer as ses maande gevangenisstraf uitdien:

(1) *"(a) 'n verslag aan die Kommissaris of aan die Minster, na gelang van die geval, voorlê oor, onder andere, die gedrag, aanpassing, opleiding, aanleg, vlyt en fisiese en geestestoestand van sodanige gevangene en die moontlikheid van sy terugval in misdaad;*

*(b) tesame met die verslag oor elke gevangene wat ingevolge paragraaf (a) voorgelê is, aanbevelings aan die Kommissaris doen betreffende-*

*(i) die plasing van sodanige gevangene onder korrektiewe toesig uit hoofde*

*van 'n vonnis in artikel 276(1)(i) of 278(4)(a) van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), beoog of uit hoofde van die omskepping van sodanige gevangene se vonnis in korrektiewe toesig kragtens artikel 276(A)(3)(e)(ii) of 287(4)(b) van genoemde Wet en die tydperk waarvoor en die voorwaardes waarop sodanige gevangene aldus aan korrektiewe toesig onderwerp kan word: Met dien verstande dat vir die doeleindes van sodanige aanbevelings 'n gevangene se vrylatingsdatum beoog in artikel 276A(3)(a)(ii) van die Strafproseswet, 1977, geag word die vroegste datum te wees waarop die gevangene ingevolge hierdie Wet oorweeg kan word vir uitplasing op parool of die datum waarop die gevangene vrygelaat kan word by verstryking van sy vonnis, watter datum ook al eerste kom; of; en*

*(ii)* *die uitplasing van sodanige gevangene op parool ingevolge artikel 65 of op dagparool ingevolge artikel 92A en die tydperk waarvoor, die toesig waaronder en die voorwaardes waarop sodanige gevangene aldus uitgeplaas behoort te word; en*

*(c)* *die ander bevoegdhede uitoefen en die ander werksaamhede en **pligte verrig wat by regulasies voorgeskryf word.***

*(2)* *'n Paroolraad moet ingevolge artikel 286B van die Strafproseswet, 1977 ten opsigte van elke gevangene wat 'n onbepaalde vonnis uitdien na verklaring tot 'n gevaarlike persoon, met inagneming van die aard van die misdaad en enige opmerkings wat ten tyde van die oplegging van vonnis deur die betrokke hof gemaak is, indien dit tot die Departement se beskikking gestel is, op die datum deur die hof bepaal 'n verslag aan die hof voorlê oor, onder andere, die gedrag, aanpassing, opleiding, aanleg vlyt en fisiese- en geestestoestand van sodanige gevangene en die moontlikheid van sy terugval in misdaad."*

**Artikel 64: Bepaal die volgende:**

Die Nasionale Adviesraad kan uit eie beweging, maar moet, wanneer hy aldus deur die Minister aangesê word, die Minister adviseer betreffende:

(a) die algemene beleid wat gevolg behoort te word ten opsigte van:

(i) korrektiewe toesig en aangeleenthede wat daarmee in verband staan;

(ii) die aanhouding en behandeling van gevangenes;

(iii) die uitplasing van gevangenes op parool;

(iv) die vrylating van gevangenes;

(v) die plasing van gevangenes op dagparool;

(vi) die doeltreffende en mees koste-effektiewe bestuur van die Departement:

(b) die vrylating of die uitplasing van 'n gevangene op parool of op dagparool, die plasing van 'n gevangene onder korrektiewe toesig of die omskepping in korrektiewe toesig van 'n gevangene se vonnis, indien 'n besondere geval aan die Minister voorgelê is;

(c) die herinskakeling van gevangenes en toesiggevalle by die gemeenskap;

(d) die opname van gevangenes wat op parool uitgeplaas is, vrygelate gevangenes en toesiggevalle in die arbeidsmag;

(e) die generering van inkomste deur die Departement; en

(f) enige ander aangeleentheid wat in belang is van die doeltreffende bedryf van die Departement.

- **Artikel 65: Bepaal die volgende:**

**(1) 'n Gevangene word vrygelaat by die verstryking van die termyn gevangenisstraf wat hom opgelê is.**

**(2) 'n Gevangene kan na bestudering van 'n verslag voorgelê deur die paroolraad ingevolge artikel 63 voor die verstryking van sy termyn van gevangenisstraf op parool uitgeplaas word ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel indien hy die voorwaardes van sodanige uitplasing aanvaar.**

**(3)(a) 'n Uitplasing in subartikel (2) beoog, is onderworpe aan die voorwaardes in die lasbrief vir sodanige uitplasing vermeld, en strek oor die tydperk tussen die datum van sodanige uitplasing en die verstryking van die termyn gevangenisstraf.**

**(b)(i) Die Kommissaris kan enige voorwaarde ten opsigte van die uitplasing van 'n gevangene op parool, met inbegrip van dié in paragraaf (a) en in artikels 66, 67 en 69 beoog, te eniger tyd wysig of kanselleer of nuwe voorwaardes byvoeg, indien dit in belang van die gevangene se behandeling, rehabilitasie of inskakeling in die gemeenskap of in belang van die gemeenskap is.**

**(ii) Voordat die Kommissaris ingevolge subparagraaf (i) optree, moet hy die redes vir die voorgenome optrede aan die gevangene bekend maak en hom 'n geleentheid bied om in daardie verband aangehoor te word.**

(iii) Indien die gevangene nie die veranderde voorwaardes aanvaar nie, word sy uitplasing op parool gekanselleer, waarna hy in 'n gevangenis aangehou word vir die onverstreke tydperk van sy termyn gevangenisstraf: Met dien verstande dat die Kommissaris sodanige gevangene later weer eens op parool kan uitplaas, sou die gevangene die gewysigde voorwaardes aanvaar.

(c) Indien die Kommissaris oortuig is dat 'n gevangene gedurende die tydperk van parool versuim het om 'n voorwaarde van sodanige uitplasing na te kom, kan hy 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van daardie gevangene uitreik, wat deur 'n vredesbeampte omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), uitgevoer kan word en wat dien as magtiging vir die inhegtenishouding van die gevangene totdat die Kommissaris die gevangene aangehoor het en voldoende geleentheid gehad het om ander getuienis in dié verband aan te hoor, welke inhegtenishouding nie langer as 72 uur mag wees nie.

(d) Indien die Kommissaris, nadat hy hom vergewis het van alle tersaaklike feite, steeds oortuig is dat die gevangene 'n voorwaarde van sy parool verbreek het, kan hy gelas dat die gevangene se uitplasing op parool gedeeltelik of ten volle ingetrek word en dat die gevangene aangehou word vir 'n tydperk wat nie langer mag wees as die oorblywende gedeelte van sy gevangenisstraf nie, bereken vanaf die datum waarop hy die voorwaarde verbreek het.

(4)(a) 'n Gevangene wat 'n bepaalde vonnis of enigeen van die vonnisse beoog in subparagrawe (ii) en (iii) van paragraaf (b) uitdien, mag nie oorweeg word om op parool uitgeplaas te word alvorens hy die helfte van sy vonnistermyn uitgedien het nie: Met dien verstande dat die datum waarop daar oorweeg word of 'n gevangene op parool

uitgeplaas kan word, vervroeg kan word met die getal krediete wat deur die gevangene verdien is.

**(b)** Iemand wat kragtens die een of ander wetsbepaling gevonnis is tot:

**(i)** periodieke gevangenisstraf, word periodiek in 'n gevangenis aangehou op die by regulasie voorgeskrewe wyse;

**(ii)** gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding, word in 'n gevangenis aangehou vir 'n tydperk van vier jaar;

**(iii)** gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad, word in 'n gevangenis aangehou vir 'n tydperk van agt jaar;

**(iv)** 'n onbepaalde vonnis, omdat hy tot 'n gewoontemisdadiger verklaar is, word in 'n gevangenis aangehou totdat hy, na 'n tydperk van minstens sewe jaar, op parool uitgeplaas word.

**(5)** By ontvangs van 'n verslag van 'n paroolraad betreffende 'n gevangene wat gevonnis is tot lewenslange gevangenisstraf, verwys die Minister die geval na die Nasionale Adviesraad, wat na oorweging van die verslag van die paroolraad, en met inagneming van die belange van die gemeenskap, 'n aanbeveling met betrekking tot uitplasing van die gevangene op parool aan die Minister doen.

**(6)** Die Minister kan na oorweging van sodanige aanbeveling magtiging verleen vir die uitplasing van die gevangene op parool onderhewig aan enige voorwaardes wat hy bepaal en vanaf 'n datum deur hom bepaal tot die datum van afsterwe van sodanige gevangene.

(7) Na oorweging van 'n verslag van 'n paroolraad met betrekking tot 'n gevangene wat gevonnis is tot 'n onbepaalde vonnis omdat hy tot 'n gewoontemisdadiger verklaar is, en welke verslag 'n aanbeveling vir die uitplasing op parool van die gevangene bevat waarin vermeld word:

(a) dat na redelike vewagting die gevangene hom in die toekoms van misdaad sal weerhou en 'n nuttige en vlytige lewe sal lei; of

(b) dat die gevangene nie langer in staat is om misdaad te pleeg nie; of

(c) dat dit om enige ander rede wenslik is om sodanige gevangene op parool uit te plaas;

kan die Kommissaris behoudens die bepalings van subartikel (4) magtiging verleen vir die uitplasing van die gevangene op parool vir 'n tydperk van drie jaar onderhewig aan enige voorwaardes wat hy mag bepaal.

(8) Na oorweging van 'n verslag van 'n paroolraad ingevolge artikel 63 voorgelê met betrekking tot 'n gevangene wat gevonnis is tot 'n bepaalde vonnis of tot gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding of ter voorkoming van misdaad, kan die Kommissaris behoudens die bepalings van subartikel (4) die gevangene uitplaas op parool vanaf 'n datum deur hom bepaal.

(9) Sonder oorweging van 'n in artikel beoogde verslag kan die Kommissaris, behoudens die bepalings van subartikel (4), 'n gevangene wat gevonnis is tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, uitplaas op parool vanaf 'n datum deur hom bepaal.

- **Artikel 66: Bepaal dat die Staatspresident te enigertyd magtiging kan verleen vir die uitplasing van 'n gevangene op parool, of vir sy onvoorwaardelike vrylating en kan die Staatspresident aan 'n gevangene afslag van 'n gedeelte van sy vonnis verleen. Hierdie artikel magtig dus ook amnestie deur die Staatspresident en is dit belangrik om daarop te let dat die Wysigingswet, 1993 (Wet 68 van 1993) die eerste statutêre bepaling sedert 1911 is wat verwys na *"uitplasing op parool"* en nie *"vrylating op parool"* nie.**

**Artikel 82(1)(k) van die Grondwet, 1993 (Wet 200 van 1993) verleen ook aan die President die bevoegdheid:**

*"om oortreders te begenadig of aan hulle grasie te verleen, òf onvoorwaardelik òf op die voorwaardes wat hy of sy goedvind, en om boetes, strawwe en verbeurings kwyt te skeld."*

**Die bepalings van artikel 66 hierbo, is dus in lyn met die bepalings van die Grondwet.**

- **Artikel 67: Bepaal dat die Minister, op aanbeveling van die Nasionale Adviesraad die datum van uitplasing van gevangenes op parool, kan vervroeg, onderhewig aan voorwaardes wat hy mag bepaal.**

- **Artikel 68: Magtig die Kommissaris om 'n spesiale afslag van vonnis van hoogstens twee jaar aan 'n gevangene wat hoogs verdienstelike diens gelewer het, te verleen.**

- **Artikel 69: Magtig die uitplasing op parool van 'n gevangene op geneeskundige gronde deur die Kommissaris, indien so 'n gevangene:**
  - **aan 'n gevaarlike, aansteeklike of besmetlike siekte ly;**
  - **se vrylating of uitplasing op parool raadsaam is vanweë sy liggaamlike toestand of, in die geval van 'n vroulike persoon, haar gevorderde swangerskap.**

- **Artikel 92: Deur hierdie artikel word die Kommissaris gemagtig om aan 'n gevangene die vergunning te verleen om die gevangenis tydelik te verlaat, hetsy onder geleide al dan nie, vir doeleindes van:**

  *"(a) menslikheidsverlof;*

  *(b) inskakeling by ontwikkelings- of terapeutiese programme;*

  *(c) die uitbouing van familiebande;*

  *(d) voorbereiding vir ontslag;*

  *(e) enige ander rede wat te doen het met die korrektiewe bemoeienis met so 'n persoon en wat gerig is op sy suksesvolle herinskakeling by die gemeenskap."*

**Bepaalde voorwaardes word vir nakoming aan die gevangene voorgehou en 'n verbreking daarvan, kan meebring dat die Kommissaris die vergunning intrek.**

## 5.2.7 AGTERGROND EN NORM VAN VRYLATING

**In die Jaarverslag van die** *"Natal Board"* **(1928:1) wys die voorsitter, J. W. de Kock op bepaalde voorstelle wat deur dié Raad van Toesig voorgehou is. Voorstelle was onder andere die volgende:**

- **In alle gevalle van veediefstal waar die klaer finansiële verlies gely het, moet die klaer die geleentheid gebied word om van die dienste van die oortreder gebruik te maak ten einde te vergoed vir die verliese wat gely is. 'n Ooreenkoms in die verband kan tussen die klaer en die landdros opgestel word wat ten opsigte van die addisionele vonnis die volgende insluit: Die oortreder moet** *"harde"* **arbeid verrig en gevangenisure werk vir die klaer, hy moet van voldoende voedsel en huisvesting voorsien word;** *"he must be immune from punishment, vindictive treatment and victimization."* ***Voorts meld die Raad dat:*** *"The principle of the labour farms has been adopted by the Government."*

**Uit voormelde is dit duidelik dat 'n gevangene wat 'n vonnis weens veediefstal uitgedien het, vir 'n deel van sy vonnis toegewys is (op parool uitgeplaas is) aan die klaer. Dit blyk ook te wees dat die gevangene se fisiese versorging in soverre dit voeding en verblyf aanbetref, die klaer se verantwoordelikheid was. Dit het dus neergekom op parolering van die oortreder in diens van die persoon wie se vee hy gesteel het.**

**In 'n skrywe gedateer 8 September 1949 (J22/2) deur die Ministerie van Justisie en wat deur die Minister van Justisie, meneer C.R. Swart onderteken is, word vermeld dat vier lêers ten opsigte van** *"roof, diefstal en inbraak, waar die veroordeeldes reeds ook 'n aansienlike aantal vorige veroordelings op hul kerfstok het",* **teruggestuur word met die opdrag dat die betrokkenes hul volle vonnisse moet uitdien. Minister Swart wys ook op kritiek wat deur die Regbank uitgespreek is** *"oor die vervroegde loslating van sodanige residiviste".* **Voorts sê die Minister:** *"Ek is nie bereid om die aanbevelings van die Gevangenisrade in dié besondere gevalle te aanvaar nie en meen dat die persone (sommige waarvan reeds besondere afslag ontvang het) die volle straftydperk moet dien. Die beleid sal ook in die toekoms deur my in derglike gevalle gevolg word, behalwe waar daar uitsonderlike omstandighede bestaan."*

**Uit hierdie skrywe spreek die owerheid se hoë premie wat op die beskerming van die gemeenskap geplaas word baie duidelik en op 27 September 1949 stuur die waarnemende Direkteur van Gevangenisse afskrifte van dié skrywe aan die voorsitters van Gevangenisrade te Pretoria, Bloemfontein en Kaapstad.**

**In 'n diensbrief van 16 Augustus 1968 onder verwysing 1/8/1 wys die Voorsitter van die Suidwes-Afrika Gevangenisraad daarop dat dit beleid is dat persone wat skuldig bevind is aan ontug nie op parool vrygelaat word nie en dat persone wat skuldig bevind word aan verkragting en poging tot verkragting normaalweg ook nie op parool vrygelaat word nie. Sou die Raad egter van mening wees dat so 'n persoon wel op parool vrygelaat moet word, moet 'n gemotiveerde aanbeveling ingedien word. Hieruit is dit dus duidelik dat daar nie 'n verbod op die parolering van sodanige persone geplaas is nie.**

**Op 29 Augustus 1968 meld die Minister dat hy nie parool in die geval van geweld by wyse van messtekery goedkeur nie en sê in 'n memorandum onder verwysing 1/8/5/1:**

*"Ek ag dit nie gerade om toegeeflik te wees by wyse van parool in die gevalle van geweld by wyse van messtekery met die oog op die jongste wetgewing oor gevaarlike wapens."*

**Dit is uit die voormelde duidelik dat die besit van gevaarlike wapens en geweld in die verband, wetgewing genoodsaak het vanweë 'n kommerwekkende toename in messtekery.**

**Op 21 Januarie 1969, bepaal die Minister in 'n memorandum onder verwysing 1/8/1 in die lig van wetgewing met betrekking tot geweldpleging, dat parool in die geval van 'n vonnis tot <u>Voorkoming van Misdaad</u> of <u>Korrektiewe Opleiding</u>, opgelê weens aanranding waarby 'n mes of gevaarlike wapen betrokke is, of in die gevalle van *"alle Roof"* slegs oorweeg sal word nadat die betrokkene 'n drie-kwart van sy vonnis uitgedien het. Dit impliseer dat 6 jaar in die geval van die Voorkoming van Misdaad en 3 jaar in die geval van Korrektiewe Opleiding uitgedien moet word alvorens parool oorweeg sal word.**

**Deur middel van 'n nota op 'n memorandum onder verwysing 1/8/5/2 gedateer 28.8.1968 van die Kommissaris aan die Minister, wys die Minister op 4 September 1969 daarop dat gevalle van dronkbestuur en messtekery nie geparoleer sal word nie. Hieruit is dit dus duidelik dat die gedeelte van die vonnis wat deur die betrokkene gedien is, nie 'n rol gespeel het nie en was die uitdien van die volle vonnis aangewese.**

**Op 13 September 1968 rig die Kommissaris van Gevangenisse egter 'n skrywe aan alle Gevangenisrade waarin vermeld word dat die Minister nie geneë is om paroolvrylating aan gevangenes wat weens messtekery of dronkbestuur gevonnis is, goed te keur nie. Die Rade word versoek om in die geval van 'n aanbeveling vir paroolvrylating ten opsigte van bestuur onder die invloed van drank of verdowingsmiddels en geweldmisdade soos byvoorbeeld moord, strafbare manslag, roof, aanranding, openbare geweld, ensovoorts, 'n gemotiveerde aanbeveling in te dien. Die Kommissaris van Gevangenisse het dus nie 'n verbod geplaas op die parolering**

van sodanige gevangenes nie.

Op 26 Mei 1969 keur die Minister 'n aanbeveling deur die Kommissaris op 'n memorandum onder verwysing 1/8/1 goed, waarvolgens bepaal word dat die minimum tydperk van aanhouding ten opsigte van misdrywe waarby geweld teen 'n ander persoon betrokke was, opgehef word as gevolg van oorbevolkingstoestande in gevangenisse. Dit impliseer dat Gevangenisrade dié gevalle vir vrylating op proef of parool kon oorweeg.

Op 9 Junie 1969 kommunikeer die Kommissaris die Minister se goedkeuring in 'n skrywe onder verwysing 1/8/1 aan gevangenisrade en versoek dat alle gevalle wat vanweë die Minister se vorige besluit agterweë gehou is, opgespoor en op die gewone wyse oorweeg moet word vir voorwaardelike vrylating.

Algemene Gevangenisdiensorder nommer 17 gedateer 27 Junie 1969 magtig die aanbeveling vir vrylating op parool ten opsigte van:

- suiwer eerste-oortreders, nadat hulle een-derde van hulle vonnis uitgedien het;
- residiviste, nadat hulle die helfte van hulle vonnis uitgedien het; en
- buitengewone gevalle kan te enigertyd aanbeveel word ongeag van residivisme al dan nie.

Hieruit word gevind dat vrylating op parool nadat hetsy een-derde of die helfte van 'n vonnis uitgedien is, nie gebiedend was nie en was daar 'n diskresionêre bevoegdheid in die verband by die Kommissaris/Minister.

Op 20 Januarie 1970 beveel die Kommissaris per memorandum 1/8/1 aan dat paroolvrylating ten opsigte van die onwettige besit van vuurwapens en ammunisie deur veral nie-Blankes, nie toegestaan moet word nie. Op 26 Januarie 1970 keur die Minister egter die aansoek af en sê:

*"Ek vind dit egter moeilik om 'n vaste reël neer te lê dat parool nie aan daardie persone toegestaan moet word nie. Na deeglike oorweging blyk dit vir my die wenslikste te wees om elke geval nog soos in die verlede volgens meriete te oorweeg."* **Die aanbeveling aan die Minister het 'n sterk diskriminerende faktor aangesien die klem gelê word op** *"veral nie-Blankes."*

**Op 27 Oktober 1969 rig die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie 'n skrywe aan die Minister waarin versoek word dat parool, soos in die geval van veediefstal, nie aan persone toegeken word wat van diefstal van plaasprodukte skuldig bevind word nie. Die Minister keur egter hierdie versoek in sy skrywe MG5 gedateer 12 Februarie 1970, af.**

**Op 5 April 1973 per memorandum onder verwysing MG2/1, lê die Minister dit as beleid neer dat:** *"Gevangenisrade in die gevalle van vonnisse van korrektiewe opleiding en voorkoming van misdaad, ongeag die soort oortreding waarvoor sulke vonnisse opgelê is, vrylating op parool kan aanbeveel nadat die minimum tydperke, naamlik 2 of 5 jaar onderskeidelik, gedien is. In agneming egter vorige oortredings indien enige, gedrag en aanpassing in die gevangenisse, prognose, ensovoorts kan Gevangenisrade aanbevelings vir vrylating op parool maak vir enige latere datum as die dag na die datum waarop die minimum tydperk gedien is. In die geval van bepaalde vonnisse en waar dit beleid is dat normaalweg as gevolg van die tipe oortreding nie parool toegestaan word nie, bly die posisie onveranderd."*

**'n Nuwe bedeling neem 'n aanvang en op 29 Januarie 1975 kommunikeer die Kommissaris die Minister se goedkeuring in die verband in 'n skrywe onder verwysing 1/8/B aan bevelvoerende offisiere, voorsitters van gevangenisrade en ander belanghebbendes. In hierdie skrywe word onder andere bepaal:**

- **Gevangenes wat vonnis(se) van tot en met 6 maande gevangenisstraf uitdien, moet so spoedig moontlik na opname vir parool aanbeveel word.**

- **Paroolaanbeveling ten opsigte van vonnisse van bo ses maande tot onder twee jaar gevangenisstraf moet op die volgende basis geskied:**

- suiwer eerste-oortreders na voltooiing van een-derde van hul vonnisse;

- gevangenes met vorige oortredings na voltooiing van die helfte van hul vonnisse.

- Gevangenes wat gevonnis is tot korrektiewe opleiding of ter voorkoming van misdaad en wat tot gewoontemisdadigers verklaar is, se aanbeveling vir vrylating op parool moet by voltooiing van die voorgeskrewe minimum tydperk ingedien word.

- Gevangenes wat lewenslange gevangenisstraf uitdien se aanbeveling vir vrylating op parool moet na voltooiing van 10 jaar gevangenisstraf aandag geniet.

- Gevangenes wat gevonnis is weens seksuele oortredings (ontug uitgesluit) en/of gewelddadige oortredings (aanranding (gewoon) uitgesluit), moet die helfte van hul vonnisse dien alvorens hulle op parool vrygelaat kan word.

- Gevangenes wat gevonnis is kragtens 'n oortreding van die volgende wetgewing, mag nie op parool vrygelaat word nie:

- Wet op Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet 44 van 1950);

- Wet op Openbare Veiligheid, 1953 (Wet 3 van 1953);

- Regswysigingswet, 1962 (Wet 76 van 1962) (Sabotasie);

- Wet op Oproerige Byeenkomste, 1956, (Wet 17 van 1956);

- Openbare geweldpleging - slegs oortredings gemik teen die veiligheid of gesag van die Staat;

- Noodtoestand-regulasies wat kragtens die Wet op Openbare Veiligheid (No 3 van 1953) opgestel is; of

- enige regulasie wat kragtens die bogenoemde Wette uitgevaardig is; of

- enige bepaling wat daarop gemik is om die gesag of veiligheid van die Staat te ondermyn.

(Gevangenisdiensorder B.14.9(a) tot (i))

Gevangenes weens die ondervermelde oortredings mag ook nie op parool vrygelaat word nie:

- Landsverlating met die doel om ondermyning teen die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika te bevorder;

- Verbode immigrante en vreemde Bantoes wat van myne dros; en

- die kweek, vervaardig, vervoer of besit van dwelmmiddels met die doel om handel te dryf.

Op 27 September 1979 wysig die Kommissaris weer eens die vrylatingsbeleid deur middel van Algemene Rondskrywe 94 van 1979 en bepaal dat <u>alle</u> gevangenes met uitsondering van dié soos hieronder vermeld word, oorweeg en aanbeveel moet word vir uitplasing op parool:

*<u>"GEVANGENES MAG NIE TEN OPSIGTE VAN VONNISSE VIR DIE ONDERVERMELDE MISDRYWE GEPAROLEER WORD NIE:</u>*

- *Wet op Binnelandse Veiligheid, No 44 van 1950.*

- *Wet op Openbare Veiligheid, No 3 van 1953.*

- *Regswysigingswet, No 76 van 1962 (Sabotasie).*

- *Wet op Oproerige Byeenkomste, No 17 van 1956.*

- *Openbare geweldpleging - slegs oortredings gemik teen die veiligheid of gesag van die Staat.*

- *Die bepalings van enige wet wat saamgelees word met die Strafwysigingswet, No 8 van 1953.*

- *Wet op Terrorisme, No 83 van 1967.*

- *Noodtoestand-regulasies wat kragtens die Wet op Openbare Veiligheid, No 3 van 1953 opgestel is.*

- *Enige regulasie wat kragtens die bogenoemde Wette uitgevaardig is en enige bepaling wat daarop gemik is om die gesag of veiligheid van die Staat te ondermyn.*

- *Landsverlating met die doel om ondermyning teen die Republiek van Suid-Afrika te bevorder (Bevestiging deur die Suid-Afrikaanse Polisie is in elke geval 'n vereiste).*

- *'n Oortreding ingevolge die Gevangenisregulasies.*

- *'n Misdryf ingevolge die Gevangeniswet.*

- *'n Oortreding ingevolge enige ander statutêre bepaling of die gemenereg, wat gepleeg is gedurende enige tydperk wat sodanige gevangene wettig in 'n gevangenis of op 'n ander manier in bewaring was.*

- *Enige ander misdryf of oortreding spesiaal deur die Minister bepaal.*

- *Vonnisskuldenaars gevonnis tot periodieke gevangenisstraf of gevangenisstraf ooreenkomstig artikel 65(F) of 109(4) van die Landdroshowewet.*

- *Persone wat gevonnis is weens die ontduiking of ontwyking van militêre diensplig.*

- *Geen parolering word toegeken aan 'n persoon wat skuldig bevind en gevonnis word ingevolge artikel 51 van die Strafproseswet vir ontvlugting uit bewaring na arrestasie of bevryding van sodanige gearresteerde of 'n persoon wat skuldig bevind en gevonnis word vir ontvlugting uit bewaring terwyl hy deur die militêre owerheid in 'n kamp of elders aangehou of 'n gevangene (kyk omskrywing van gevangene in die Wet) wat, terwyl hy in 'n gevangenis, polisiebewaring, 'n polisiesel of -opsluitplek is, ontvlug, poog om te ontvlug, hulp verleen om te ontvlug of terwyl hy in 'n verbeteringskool of 'n toevlug, rehabilitasiesentrum of gesertifiseerde toevlug aangehou was, gedros/ontvlug, gepoog het om te dros/ontvlug of 'n ander verpleegde aangehits of hulp verleen het om te dros/ontvlug ten opsigte van 'n vonnis wat die gevangene ten tye van die ontvlugting, poging tot ontvlugting of hulpverlening of aanhitsing om te ontvlug, besig was om uit te dien.*

- *Gevangenes wie se huidige vonnis(se) paroolbreuk op 'n vorige vonnis of vonnisse insluit.*

- *Gevangenes wie gevonnis is weens **aanranding** op 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie en/of 'n lid van hierdie Departement.*

- *Gevangenes wie weens dronkbestuur tot gevangenisstraf gevonnis is teen wie daar **meer as een** vorige veroordeling aangeteken **is vir dieselfde misdryf**."*

**Die Departement van Korrektiewe Dienste is dinamies in die formulering, aanpassing en toepassing van sy beleid en is die voormelde 'n sprekende voorbeeld daarvan. Dit is egter ook 'n feit dat die vrylatingsbeleid aangepas moet word ten einde aan eise deur die gemeenskap en**

**ontwikkeling op die penologiese gebied nasionaal, sowel as internasionaal, te voldoen. Voorts dikteer verandering en ontwikkeling op politieke gebied in 'n groot mate die vrylatingsbeleid. Veiligheidswetgewing van die vorige Regering in Suid-Afrika voor 10 Mei 1994 en waarvolgens gevangenes wat in terme van sodanige wetgewing aangehou en nie op parool uitgeplaas mag word nie, is nie noodwendig in lyn met die nuwe Regering se beleid nie.**

**Die oorbevolkingsprobleem in gevangenisse vereis ook alternatiewe ten opsigte van die vrylatingsbeleid. Op 25 Junie 1981 tydens 'n seminaar deur die Departement van Justisie, laat Hooflanddros W F Krugel (1981:33) hom soos volg uit oor die oorbevolkingsprobleem in gevangenisse:**

*"Ons gevangenisse is te vol. Daar is mense daar wie se aanhouding vermy kon gewees het. Onderlinge gesprekvoering tussen en met vonnisopleggers en opleiding in vonnisoplegging behoort die toestand te verlig. Die voorstelle vir wetsaanpassing om sulke mense in vryheid te kan stel wanneer die moment daar is, behoort by te dra."*

**Meneer Krugel (1981:32) was ook van mening dat langer termyne van gevangenisstraf nie die oorbevolkingsprobleem sal oplos nie en sal dit nie noodwendig 'n heilsame effek op die voorkoming van misdaad hê nie. Hy stel dit dat:** *"Vir 'n persoon wat vir die eerste maal gevangenisstraf opgelê word is enige tydperk 'n straf. Lang termyne bring egter langdurige kontak met geharde misdadigers en gevangenes raak vasgevang in die bendes en sub-kulture. Hulle raak inrigtingsgebonde en van die ideale van rehabilitasie kom daar min te reg. Ek bepleit nie strawwe wat te lig is nie."* **Hoofregter Rumpff het in Holder se saak gesê** *"Te lig is net so verkeerd as te swaar. Die gemeenskap self kan in verset kom."* **Hieruit blyk dit te wees dat meneer Krugel, ter oplossing van die gevangenisoorbevolkingsprobleem, van mening was dat daar ongeag van die bestaande metodes wat gerig is op die bekamping van oorbevolking, aandag geskenk moet word aan die termyn van gevangenisstraf wat opgelê word.**

Op 5 April 1984 verleen die Kommissaris per skrywe 1/8/B goedkeuring dat die vrylatingsdatum van alle gevangenes wie se voorwaardelike vrylating reeds goedgekeur is en/of tot 30 April 1984 goedgekeur word, met een (1) maand vervroeg word.

Voorts kan alle gevangenes se voorwaardelike vrylating na voltooiing van een-derde (1/3) van die vonnistermyn, as 'n eenmalige geleentheid oorweeg word met deeglike inagneming van die aard van vonnis, lengte van vonnis(se), vorige veroordelings, gedrag, aanpassing en prognose. Die voormelde is slegs van toepassing op gevangenes wat op 30 April 1984 daarvoor kwalifiseer en is dit nie van toepassing op die volgende nie, wat steeds ooreenkomstig die normale vrylatingsbeleid gehanteer moet word:

- Sekerheidsgevangenes
- Roof van finansiële instellings
- Alle ander gevalle van roof waar die oortreder enige vorige veroordeling(s) van enige aard het, of waar 'n effektiewe vonnis(se) van langer as ses jaar weens roof opgelê is.
- Gevangenes gevonnis weens weiering om te getuig
- Aanranding met die opset om ernstig te beseer waarvoor 'n effektiewe vonnis van langer as 3 jaar opgelê is.
- Verkragting en onsedelike aanranding.
- Moord en strafbare manslag.
- Huisbraak en diefstal waar vonnisse van vyf jaar of langer opgelê is.

- Handel dryf in dwelmmiddels.

- Bestuur onder die invloed van drank.

Hierdie maatreël wat deur die Departement van Korrektiewe Dienste gerig was op die bekamping van die oorbevolkingsprobleem deur die toepassing van *"bursting"*, spreek duidelik van die Departement se nakoming van sy verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap. Gevangenes met ernstige misdrywe en gevangenes met relatiewe lang vonnisse is nie in die gemeenskap vrygelaat nie.

Dit is dan ook belangrik om daarop te let dat memorandum 1/8/B gedateer 1984.10.23 deur 'n lid van die Werkgroep van die Vrylatingsadviesraad, aan die Kommissaris, daarop wys dat daar gedurende 1 Januarie 1984 en 12 Oktober 1985, 4 554 gevangenes uit 'n totaal van 7 902 raadgevangenes (gevangenes met vonnisse van langer as 2 jaar gevangenisstraf) op hul minimum datum geparoleer is - dit kom dus neer op 57,6%.

Ongeag van die Departement se poging om die oorbevolkingsprobleem te verlig, toon die Kommissaris se Jaarverslae van 1983 tot 1985 die volgende daaglikse gemiddelde ten opsigte van gevonniste en ongevonniste gevangenes in bewaring:

| | | |
|---|---|---|
| 1983/84 | - | 107 174 |
| 1984/85 | - | 108 955 |
| 1985/86 | - | 111 401 |

'n Styging in die daaglikse gemiddelde aantal gevangenes in aanhouding van 4% het hom voorgedoen vanaf 1983 tot 1986. Dus 'n toename van 1,781 gevangenes. Die styging in die gevangenisbevolking sedert 1962 tot 1993 spreek duidelik uit die volgende tabel:

**DAAGLIKSE GEMIDDELDES: GEVONNISTE EN ONGEVONNISTE GEVANGENES IN BEWARING (1962 - 1993)**

| | BLANKES | | SWARTES | | ASIëRS | | KLEURLINGE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M* | V* | M* | V* | M* | V* | M* | V* | TOTAAL |
| 1962 /63 | 3065 | 62 | 48393 | 3368 | 388 | 8 | 10741 | 550 | 66575 |
| 1963 /64 | 2930 | 55 | 51696 | 3825 | 413 | 9 | 10791 | 632 | 70351 |
| 1964 /65 | 2993 | 77 | 52684 | 3964 | 425 | 11 | 11805 | 668 | 72627 |
| 1965 /66 | 2815 | 72 | 54151 | 4126 | 417 | 9 | 11760 | 683 | 74033 |
| 1966 /67 | 2801 | 79 | 53407 | 4234 | 401 | 9 | 11374 | 725 | 73030 |
| 1967 /68 | 3078 | 98 | 58415 | 4914 | 433 | 8 | 12745 | 843 | 80534 |
| 1968 /89 | 3225 | 105 | 63852 | 5613 | 462 | 11 | 13921 | 888 | 88077 |
| 1969 /70 | 3183 | 92 | 65203 | 5796 | 482 | 13 | 14799 | 987 | 90555 |
| 1970 /71 | 3134 | 83 | 65440 | 5750 | 452 | 11 | 15223 | 1015 | 91108 |
| 1971 /72 | 3262 | 80 | 65793 | 5488 | 454 | 12 | 15180 | 984 | 91253 |
| 1972 /73 | 3605 | 96 | 67856 | 5457 | 516 | 18 | 16494 | 972 | 95014 |
| 1973 /74 | 3890 | 84 | 70437 | 5255 | 534 | 19 | 17611 | 1021 | 98851 |
| 1974 /75 | 3932 | 90 | 69498 | 5150 | 529 | 15 | 17913 | 921 | 98048 |
| 1975 /76 | 3808 | 86 | 66445 | 5249 | 491 | 17 | 17770 | 995 | 94861 |
| 1976 /77 | 4197 | 121 | 68188 | 5541 | 561 | 21 | 19296 | 1060 | 98985 |
| 1977 /78 | 4143 | 132 | 67850 | 5335 | 589 | 18 | 20169 | 1056 | 99292 |

| | BLANKES | | SWARTES | | ASIëRS | | KLEURLINGE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1978 /79 | 4096 | 133 | 67436 | 5013 | 523 | 16 | 20128 | 947 | 98292 |
| 1979 /80 | 4109 | 116 | 69083 | 4828 | 531 | 20 | 20997 | 993 | 100677 |
| 1980 /81 | 3937 | 102 | 69318 | 4514 | 533 | 17 | 21154 | 958 | 100533 |
| 1981 /82 | 3391 | 118 | 59845 | 3805 | 502 | 15 | 18993 | 870 | 87539 |
| 1983 /84 | 4453 | 160 | 73179 | 4847 | 611 | 24 | 22828 | 1072 | 107174 |
| 1984 /85 | 4720 | 181 | 73621 | 4305 | 692 | 27 | 24281 | 1128 | 108955 |
| 1985 /86 | 5023 | 206 | 75146 | 3539 | 807 | 28 | 25566 | 1086 | 111401 |
| 1986 /87 | 4567 | 180 | 78091 | 3701 | 731 | 30 | 25708 | 1090 | 114098 |
| 1987 /88 | 4489 | 161 | 76546 | 3278 | 688 | 28 | 25295 | 996 | 111481 |
| 1988 /89 | 4462 | 183 | 75724 | 3312 | 732 | 31 | 26156 | 957 | 111557 |
| 1989 /90 | 4529 | 215 | 73930 | 3104 | 710 | 35 | 26755 | 916 | 110194 |
| 1990 /91 | 4344 | 194 | 68842 | 2510 | 638 | 30 | 24475 | 742 | 101775 |
| 1991 /92 | 4045 | 180 | 69301 | 2510 | 694 | 27 | 24800 | 711 | 102268 |
| 1993 | 4117 | 203 | 76088 | 2528 | 677 | 34 | 27402 | 749 | 111798 |

*MANLIK *VROULIK

Die 1991/92 verslagtydperk strek oor 18 maande teenoor die 12 maande van die vorige verslagtydperke en die 1993 verslagjaar.

Die daaglikse gemiddelde gevangenisbevolking teenoor beskikbare akkommodasie sien soos volg daarna uit:

| JAAR | DAAGLIKSE GEMIDDELDE GEVANGENIS-BEVOLKING | BESKIKBARE AKKOMMODASIE | PERSENTASIE BESETTING |
|---|---|---|---|
| 1946 | 25 796 | 25 830 | 99,8% |
| 1951 | 29 275 | 26 073 | 112,3% |
| 1962 | 62 769 | 42 823 | 146,6% |
| 1969/70 | 90 555 | 55 062 | 164,5% |
| 1973/74 | 98 851 | 61 023 | 162,0% |
| 1983/84 | 107 174 | 75 550 | 141,9% |
| 1993/94 | 113 227 | 87 256 | 129,8% |

### 5.2.8 DAGPAROOL

Dagparool kan beskou word as 'n verlengstuk van parool en word gemagtig deur artikel 92A van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959). Dit kom daarop neer dat 'n gevangene vergun word om gedurende die dag die gevangenis te verlaat en gedurende die aand weer in die gevangenis opgeneem te word.

Die gevangene geniet dus geleidelike blootstelling aan die gemeenskap met die oog op sy herinskakeling in die gemeenskap. Dit is ook 'n metode om die gevangene van sy geïnstitusionaliseerde leefwyse te laat afsien en om hom bekend te stel aan die eise deur die gemeenskap en verantwoordelikhede wat op hom wag.

Die stelsel maak ook daarvoor voorsiening dat die gevangene nie in geheel op homself aangewese sal wees nie en kan hy sy gevoelens, vrese, gewaarwordings en behoeftes op 'n deurlopende grondslag verbaliseer en ventileer tydens onderhoudvoering met kundiges.

### 5.2.8.1 DOEL EN FUNKSIE VAN DIE DAGPAROOLSTELSEL

Korrektiewe Dienste Order-B VI(1) meld dat die doel en oogmerke van die dagparoolstelsel is om die gevangene se suksesvolle herinskakeling in die gemeenskap te bewerkstellig in die sin dat:

- die dagparolee geleidelik aan die leefwyse in die vrye samelewing gewoond gemaak word;
- hy geleidelik aan meer verantwoordelikhede blootgestel word;
- daar tydens die dagparooltydperk steeds kontrole en beheer oor hom uitgeoefen word; en
- kriminalisering en institusionalisering van gekeurde gevangenes sodoende teengewerk word.

Viljoen (1976:165) wys daarop dat die taak van hersosialisering van 'n oud- gevangene, verskeie fasette bevat: *"Nie alleenlik moet die gevangene self gehelp word om sy plek in die gemeenskap in te neem en verantwoordelikhede te aanvaar nie, maar sy gesin en vriende moet voorberei word om hom te aanvaar en om hom by te staan in sy pogings om homself aan te pas."*

Pogings tot herinskakeling van 'n gevangene in die gemeenskap moet dus met die gemeenskap as vennoot, bestuur word. Die heersende werkloosheidsyfer maak dit egter nie 'n maklike taak nie.

### 5.2.8.2 STATUS VAN DIE DAGPAROLEE EN KATEGORIEë GEVANGENES VIR INSKAKELING ONDER DAGPAROOL

Die Departement van Korrektiewe Dienste ag 'n dagparolee vir die duur van sy

dagparoolperiode onderhewig te wees aan die Wet op Korrektiewe Dienste en tydens sy verkeer in die gevangenis die status van 'n gevangene te beklee.

Vir die tydperk wat so 'n dagparolee by 'n werkgewer werksaam is, toegelaat word om werk te bekom of sy familie te besoek, sal hy die status van 'n parolee beklee en kan hy net soos in die geval van 'n gewone landsburger kontrakte, ooreenkomste en transaksies aangaan.

Aangesien die uniekheid van elke persoon in terme van sy verlede, die hede en toekomsverwagting wesenlik verskil, moet bepaalde kategorieë ten opsigte van die dagparoolstelsel geld. Die Departement van Korrektiewe Dienste onderskei tussen die volgende kategorieë:

KATEGORIE A: Hier word potensiële paroolkandidate geakkommodeer wat as gevolg van spesifieke penaliserende faktore, nie by die bereiking van hul minimum aanhoudingstydperk op parool uitgeplaas kan word nie.

KATEGORIE B: Gevangenes met praktiese hervestigingsprobleme.

KATEGORIE C: Geïnstitusionaliseerde- en/of gevangenes met aanpassings-/sosialiseringsprobleme.

KATEGORIE D: Gevangenes met 'n twyfelagtige prognose en hoë veiligheidsrisiko.

### 5.2.8.3 KRITERIA VIR OORWEGING VAN DAGPAROOL

Die Kommissaris van Korrektiewe Dienste meld in sy Jaarverslag (1994:10) dat streng kriteria neergelê is om in aanmerking te kom vir die vergunning om 'n gevangenis tydelik te verlaat. Verskeie faktore, soos onder andere, die gevangene se algemene gedrag en aanpassing in die gevangenis, misdaadgeskiedenis, tydperk van vonnis voltooi, ensovoorts, is bepalende faktore wanneer 'n besluit geneem word.

Vanaf 15 Oktober 1993 tot 31 Desember 1993 het 552 gevangenes van die voorreg gebruik gemaak en in slegs 2 gevalle is nie by die voorwaardes gehou nie. (Dit verteenwoordig 99,69% sukses) Teen hierdie oortreders is paslik opgetree.

### 5.2.9 OORWEGING VIR UITPLASING OP DAGPAROOL OF PAROOL DEUR DIE PAROOLRAAD

Die belangrikste faktore wat deur die paroolraad in aanmerking geneem moet word by die oorweging van 'n gevangene se uitplasing op dagparool/parool is volgens Korrektiewe Dienste Order-B VI(1) die volgende:

- Burgerskap;
- Diskwalifikasie/kwalifikasie volgens die uitplasingsbeleid soos gespesifiseer in die Handleiding vir Paroolrade;
- Opmerkings/aanbevelings deur die voorsittende regterlike beampte met spesifieke verwysing na strafoogmerke;
- Misdaadprognose;
- Beskikbaarheid en kwaliteit van gesinsbande;
- Beskikbaarheid van werk en verblyf/versorging;
- Vaste moniteerbare woonadres;
- Beskikbaarheid en kwaliteit van gemeenskapsteunstelsels byvoorbeeld nasorgdienste, toesig, ensovoorts.
- Omringende faktore wat met die misdaad verband hou byvoorbeeld aantal aanklagte, geldbedrae, medepligtiges/groepverband, ensovoorts;
- Ouderdom, mediese aanbeveling, gesondheidstoestand en lewensverwagting van die gevangene.
- Vaste moniteerbare woonadres;
- Beskikbaarheid en kwaliteit van gemeenskapsteunstelsels byvoorbeeld nasorgdienste, toesig, ensovoorts;
- Omringende faktore wat met die misdaad verband hou byvoorbeeld aantal aanklagte, geldbedrae, medepligtiges/groepverband, ensovoorts.
- Ouderdom, mediese aanbeveling, gesondheidstoestand en

**lewensverwagting van die gevangene.**

## 5.2.10 PAROOLTOESIGKATEGORIEë

**Die bepaling van die toesigkategorie waaronder 'n parolee in die gemeenskap uitgeplaas word is primêr gerig op die beskerming van die gemeenskap en word deur die paroolraad hanteer. Die risiko-profiel van 'n gevangene dikteer die toesigmaatreëls wat op hom van toepassing gemaak sal word na sy uitplasing op parool.**

**Aldus die "President's Commission on Law Enforcement and Administration of Justice (1967:29) is dit in die beplanning vir die uitplasing van 'n oortreder in die gemeenskap, belangrik om hom op 'n plek in die gemeenskap te plaas waar hy in die algemeen sukses sal kan behaal. Dit is egter nie altyd uitvoerbaar nie aangesien die meeste gevangenes na hul gesinne terugkeer in die gemeenskap waar hulle vandaan kom. Skakeling met ou vriende en 'n omgewing wat hom tot die pleeg van misdaad leen, is maar een van die faktore wat in aanmerking geneem moet word.**

**Viljoen (1976:160) is van mening dat dit volstrek noodsaaklik is dat behoorlike toesighouding oor parolees sal geskied** *".... indien nie oor alle parolees nie dan ten minste oor diegene wat blyke daarvan gee dat hulle minder standvastig is.* **Hierdie mening deur die Viljoen-kommissie is direk gerig op die belang van die beskerming van die gemeenskap.**

**Die Interdepartementele Komitee se verslag met betrekking tot die Toekenning van Strafvermindering, Vrylating van gevangenes op parool en Verpligte vonnisse (1972:26) spreek ook besorgdheid oor die veiligheid van die gemeenskap uit en sê** *".... dat daar by paroolvrylating deeglik rekening gehou moet word met die Staat se plig om die algemene publiek te beskerm teen veral rowers, huisbrekers, moordenaars en verkragters, en dat gevangenes wat weens hierdie oortrederings gestraf was nie ligtelik op parool losgelaat behoort te word nie".*

Die Kommissaris van Korrektiewe Dienste wys in sy Jaarverslag (1993: 10-12) dat 'n parooltoesigsisteem op 1 Augustus 1991 in werking getree het. Dit impliseer dat gevangenes wat op parool vrygelaat word, vir die duur van hul parooltydperk onder parooltoesig sal verkeer. Hierdie toesigsisteem het as hoofoogmerk die beskerming van die gemeenskap aangesien die gevangene nie ongekontroleerd vrygelaat word nie.

Voorts is die sisteem daarop gerig om die suksesvolle herinskakeling van die geparoleerde in die gemeenskap te bevorder deur hom tydens sy parooltydperk te begelei en die nodige toesig/kontrole oor hom uit te oefen. Toesigmaatreëls word dus so aangepas. Afhangende van die gevangene se risiko-profiel, kan hy onder een van die volgende toesigkategorieë ingedeel word:

**MINIMUMTOESIG**

Dit is normaalweg van toepassing op persone wat korter vonnisse vir ekonomiese misdade uitdien en ten opsigte van wie daar met redelike sekerheid aanvaar kan word dat hulle nie 'n bedreiging vir die gemeenskap inhou nie. Minder intensiewe toesig en kontrole vind hier toepassing en word kontak op minstens 'n maandelikse basis bewerkstellig.

**MEDIUMTOESIG**

Hierdie kategorie parolee vereis meer intensiewe en uitgebreide toesig en kontrole. Mediumtoesig is normaalweg van toepassing op geparoleerdes wat vonnisse van tot en met 10 jaar gevangenisstraf uitdien en wat nie gewelds- of seksuele oortredings van 'n ernstige aard gepleeg het nie, nie 'n geskiedenis van geneigdheid tot misdade van 'n aggressiewe of seksuele aard het nie en moet ook nie 'n ernstige bedreiging vir die gemeenskap inhou nie.

Hierdie kategorie vereis dan ook meer besoeke by hul wonings of werkplekke en kontak vind op 'n maandelikse basis plaas. Verdere vereistes wat aan die parolee gestel word, is verpligte besoeke aan die naaste gevangenis, polisiestasie, ensovoorts.

**<u>MAKSIMUMTOESIG</u>**

Persone wat vonnisse van langer as 10 jaar gevangenisstraf uitdien, misdade van 'n ernstige aard gepleeg het en ook 'n misdaadgeskiedenis het wat 'n potensiële gevaar vir die gemeenskap inhou, word in die maksimumtoesigkategorie geplaas. Toesigmaatreëls van toepassing op die voormelde toesigkategorieë vind ook hier toepassing, maar op 'n meer <u>intensiewe</u> grondslag.

Voorts word verskerpte toesigmaatreëls ingestel en kan dit huisarres insluit. Huisarres kan by vrylating ingestel word en wel vir die tydperke wanneer die parolee nie fisies in diens van sy werkgewer staan nie. Huisarres kom daarop neer dat die geparoleerde verplig word om in sy vrye tyd by sy woning deur te bring en word hy slegs toegelaat om sy woning te verlaat:-

- tydens amptelike werkure en vir die duur van vervoerritte na en van die werk;
- wanneer georganiseerde sport/aktiwiteite beoefen word (bewys hiervan moet gelewer word alvorens toestemming verleen kan word),
- vir kerkbywoning,
- tydens die toegelate inkopieperiode (± 4 uur) per week,
- tydens verpligte inskakeling by nasorgreëlings.

Parooltoesig is dus gerig op die optimale beskerming van die gemeenskap en bied parool ook die geleentheid aan die parolee om van sy geïnstitusionaliseerde leefwyse wat hy in die gevangenis beleef het, af te sien en met sy gesin en die gemeenskap te verening. Onder toesig kry die parolee die geleentheid om eise wat deur die samelewing gestel word, te hanteer en 'n wetsgehoorsame burger te word.

Die Kommissaris wys in sy Jaarverslag (1993:12) daarop dat daar gedurende 1991 'n totaal van 47 356 gevangenes geparoleer is teenoor 38 058 gevangenes vir 1992. Daar

is dus 20% minder gevangenes teenoor 1991 geparoleer.

Ongeag van die afname in parolerings gedurende 1992, is daar meer hergevangesettingslasbriewe weens paroolbreuke gedurende 1992 uitgereik en spreek dit van 'n groter remediërende optrede deur die Departement van Korrektiewe Dienste sedert die opgradering van die parooltoesigsisteem.

Die volgende tabel spreek die aantal hergevangesettingslasbriewe wat gedurende 1991 en 1992 onderskeidelik uitgereik is, aan:

PAROOLBREUKE: GETAL HERGEVANGESETTINGSLASBRIEWE UITGEREIK:

| AARD VAN PAROOLBREUK | 1991.01.01-1991.12.31 | | 1992.01.01-1992.12.31 | |
|---|---|---|---|---|
| | VONNISSE 2 JAAR EN LANGER | VONNISSE MINDER AS 2 JAAR | VONNISSE 2 JAAR EN LANGER | VONNISSE MINDER AS 2 JAAR |
| Drosting | 75 | 1 998 | 517 | 2 039 |
| Misdaad gepleeg | 204 | 174 | 108 | 140 |
| Woonadres verlaat | 1 | 4 | 8 | 17 |
| Werkadres verlaat | 2 | 86 | 25 | 81 |
| Landdrosdistrik verlaat | - | - | 1 | 3 |
| Nie vir nasorg aangemeld | - | 16 | 1 | 5 |
| Nie by vrywilliger aangemeld | - | - | 1 | 1 |
| Nie by gevangenis aangemeld | - | - | 4 | 16 |
| Alkohol/dwelms misbruik | 1 | 5 | 6 | 23 |
| Deur werkgewer teruggebring | - | 148 | 19 | 112 |
| Ander | 3 | 86 | 5 | 55 |
| Totaal | 286 | 2 517 | 695 | 2 492 |

Vir die jaar 1991 is daar 47 356 gevangenes geparoleer en is daar ten opsigte van 2 803

geparoleerdes hergevangesettingslasbriewe uitgereik. Dit kom dus daarop neer dat 5,91% nie hul paroolvoorwaardes nagekom het nie.

Vir die jaar 1992 is 38 058 gevangenes geparoleer (9 298 parolees minder as gedurende 1991) en is daar ten opsigte van 3 187 geparoleerdes hergevangesettingslasbriewe uitgereik. Dit kom dus daarop neer dat 8,3% hulle skuldig gemaak het aan paroolbreuk.

Sedert die parooltoesigsisteem op 1 Augustus 1991 in werking getree het, was 'n totaal van 4 182 parolees op 31 Desember 1992 daarby ingeskakel.

| VONNIS KATEGORIE | TOESIGKATEGORIE | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| | MINIMUM | MEDIUM | MAKSIMUM | |
| Vonnisse 2 jaar en langer | 1 020 | 435 | 168 | 1 623 |
| Vonnisse minder as 2 jaar | 2 115 | 427 | 17 | 2 559 |
| Totaal | 3 315 | 862 | 185 | 4 182 |

Paroolbreuk impliseer dat 'n parolee nie sy gestelde voorwaardes gehoorsaam nie en kan parool opgeskort of ingetrek word, met gevolglike hergevangesetting van die parolee en wysig sy status na die van *"gevangene"*.

- Die Kommissaris meld in sy Jaarverslag van 1 Januarie 1993 tot 31 Desember 1993 (1994:14) dat die parooltoesigsisteem gedurende die verslagjaar in so 'n mate verfyn is deur die instel van 'n tydperk van tuistebeperking op verpligte basis ten opsigte van alle parolees wat onder medium- en maksimumtoesig verkeer.

Voorts is die praktiese toepassing en uitoefening van parooltoesig gedurende die jaar 1993 deur verskeie faktore soos verafgeleë wonings van parolees en onrussituasies in sekere woongebiede, gekortwiek. Ten einde hierdie probleem te ondervang het die Departement van Korrektiewe Dienste die volgende maatreëls ingestel:

- Vrywilligers vanuit die gemeenskap is benut om behulpsaam te wees met die monitering van parolees;

- Parolees is versoek om op sekere tye aan te meld by die gemeenskapskorreksiekantoor, naaste polisiestasie of ander kontrolepunte;


- Ontmoetings met parolees op 'n voorafbestemde tyd en plek is gereël;

- Telefoniese kontak met parolees;

- Besoeke aan parolees by hul werkplekke.

Gedurende 1993 is daar gemiddeld 6 763 parolees op die maandeindes onder onderskeidelik die minimum-, medium- en maksimumtoesigkategorieë uitgeplaas:

**TOESIGKATEGORIEë**




MEDIUMTOESIG

MAKSIMUMTOESIG **TOTAAL: 6763**

**Uit die voormelde is dit duidelik dat die grootste aantal parolees, naamlik 55,71% onder die minimumtoesigkategorie geplaas is terwyl 35,11% en 9,16% onderskeidelik onder die medium- en maksimumtoesigkategorieë uitgeplaas is.**

**Mislukkings het hom ook voorgedoen en is die volgende gemiddelde aantal hergevangesettingslasbriewe per maand gedurende 1993 (1993:14) uitgereik:**

**<u>GEMIDDELDE AANTAL HERGEVANGESETTINGSLASBRIEWE PER MAAND GEDURENDE 1993 UITGEREIK WEENS VOORWAARDEVERBREKING</u>**




DROSTING

TERUGVAL IN MISDAAD

WOONADRES VERANDER SONDER TOESTEMMING

ANDER

**TOTAAL 325**

**Drosting uit die parooltoesigstelsel verteenwoordig dus 61,84% van die gemiddelde aantal**

hergevangesettingslasbriewe wat per maand uitgereik is teenoor:

* 7,07% weens die terugval in misdaad
* 5,23% as gevolg van die verandering van woonadres sonder toestemming
* 25,84% verteenwoordig "Ander".

Die "Ander" het betrekking op parolees wat byvoorbeeld nie die bepalings van toepassing op tuistebeperking nagekom het nie.

### 5.2.11 TYDELIKE VERLATING VAN DIE GEVANGENIS DEUR 'N GEVANGENE

#### 5.2.11.1 INLEIDING

Wanneer 'n persoon tot gevangenisstraf gevonnis word, bevind hy hom daarna in 'n unieke omgewing en moet hy inskakel en aanpas by omstandighede wat voorheen aan hom onbekend was.

Hierdie omgewing met sy eiesoortige prosedures en reëls dikteer dan ook dat die gevangene nie na vrye wil met sy gesin en die gemeenskap mag skakel nie en moet hy in terme van sy gedrag en aanpassing bepaalde vereistes nakom ten einde sekere voorregte te geniet.

Die Departement van Korrektiewe Dienste plaas egter 'n hoë premie op die suksesvolle herintegrasie van die oortreder in die gemeenskap en ongeag van sy korrektiewe- en parooltoesigstelsel, word daar statutêr deur artikel 92 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959, (Wet 8 van 1959), voorsiening gemaak vir die tydelike verlating van 'n gevangenis deur 'n gevangene.

#### 5.2.11.2 STATUTêRE BEPALING

Die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste (Wet No 80 van 1992) wat op 26 Junie 1992 gepromulgeer is verleen aan die Kommissaris die bevoegdheid om op die voorwaardes en vir

die tydperk wat hy bepaal 'n gevangene te vergun om 'n gevangenis met of sonder 'n geleide te verlaat vir doeleindes van:

a) menslikheidsverlof;

b) inskakeling by ontwikkelings- of terapeutiese programme;

c) die uitbouing van familiebande;

d) voorbereiding vir ontslag; of

e) enige ander rede wat te doen het met die korrektiewe bemoeienis met so 'n persoon en wat gerig is op sy suksesvolle herinskakeling by die gemeenskap.

Artikel 92 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) bepaal ook die volgende:

"(2) 'n Vergunning kragtens subartikel (1) kan te eniger tyd deur die Kommissaris ingetrek word.

(3) By 'n intrekking van 'n vergunning in subartikel (2) beoog, moet die Kommissaris die betrokke persoon dienooreenkomstig in kennis stel en, indien hy hom buite 'n gevangenis bevind, op die voorgeskrewe wyse gelas om na 'n gevangenis terug te keer.

(4) Iemand aan wie 'n vergunning kragtens subartikel (1) toegestaan is en wat-

(a) versuim om hom ooreenkomstig die bepaling van die betrokke lasbrief by 'n gevangenis aan te meld; of

(b) nadat hy ingevolge subartikel (3) gelas is om terug te keer, versuim om onverwyld na 'n gevangenis terug te keer, word by die toepassing van artikel 48 geag uit 'n gevangenis te ontvlug het."

Op 3 November 1992 keur die Bestuursraad deur middel van Bestuursraadbesluit 42/92 (1992:25) goed dat:

- "'n gevangene die gevangenis tydelik mag verlaat vir enige ander rede wat te doen het met die korrektiewe bemoeienis van 'n gevangene en wat gerig is op sy

suksesvolle herinskakeling by die gemeenskap volgens die diskresie van die Streekkommissaris gemotiveer deur die Hoof van die Gevangenis vir nie langer as een dag nie.

- die Kommissaris sy beslissings vir die tydelike vrylating van gevangenes uit gevangenisse binne sy bevoegdheid ingevolge artikel 93(3) van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet No 8 van 1959), delegeer aan Streekkommissarisse/Bevelvoerders met of bo die rang van kolonel op aanbeveling van die Inrigtingskomitee."

Ten einde die praktiese uitvoerbaarheid van die vergunning aan gevangenes om die gevangenis tydelik te verlaat, te verseker, het die Departement van Korrektiewe Dienste per skrywe 1/8/B gedateer 28 September 1993 die wysiging aan Korrektiewe Dienste Order B V(3)(f)(iv) aan Streekkommissarisse bekend gemaak.

### 5.2.11.3 TOEPASSING

Uit die bepalings van artikel 92 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) is dit duidelik dat 'n gevangene wat, nadat hy vergun is om die gevangenis tydelik te verlaat en nie na die gevangenis terugkeer nie, as 'n ontvlugter geregistreer word.

Alvorens 'n gevangene vergun word om die gevangenis tydelik te verlaat, word bepaalde voorwaardes waaraan hy tydens tydelike vrylating moet voldoen, aan hom voorgehou. Nie nakoming van die gestelde voorwaardes het tot gevolg dat die vergunning ingetrek word.

### 5.2.11.4 KRITERIA

Korrektiewe Dienste Order B V(3)(f)(iv)(c) bepaal dat vergunning om die gevangenis tydelik te verlaat moet gerig wees op en bydra tot suksesvolle herinskakeling van 'n gevangene in die gemeenskap. Sodanige vergunning mag dus nie op 'n lukrake wyse verleen word nie.

Slegs ten opsigte van 'n gevangene wat reeds bewys het dat hy verantwoordelik kan en wil

optree, moet die vergunning toepassing vind. 'n Gevangene moet dus bewys lewer van sy suksesvolle inskakeling by en gehoorsaming van die reëls wat in die gevangenis geld en moet sy gedrag en aanpassing daarvan getuig dat die norme en waardes wat in die gemeenskap gehandhaaf en eerbiedig word, nagekom sal word. Daar moet dus 'n begeerte en 'n strewe wees om 'n eerbare en wetsgehoorsame lewe na vrylating te lei.

Die vergunning is ook slegs van toepassing op 'n gevangene wat reeds oor 'n goedgekeurde uitplasings-/vrylatingsdatum beskik. In hoogs verdienstelike gevalle kan daar egter 'n uitsondering gemaak word.

'n Gevangene wat 'n hoë risiko vir die gemeenskap inhou vanweë sy herverval in misdaad en/of die moontlikheid dat hy nie die gestelde voorwaardes sal nakom nie, word by die vergunning uitgesluit.

Indien 'n gevangene gevonnis is ingevolge die bepalings van artikel 276(1(i) of artikel 287(4)(a) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) en waarvolgens die Kommissaris die gevangenisstraf in korrektiewe toesig kan omskep, moet sodanige gevangene eers 1/6 van sy opgelegde vonnis voltooi het, alvorens hy vir tydelike verlating van die gevangenis oorweeg kan word.

'n Gevangene wie se vonnis kragtens die bepalings van artikel 276(A)(3) en 287(4)(b) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) in korrektiewe toesig deur die hof a quo omskep kan word, kwalifiseer vir tydelike verlating van die gevangenis nadat die hof a quo 'n datum vir sy uitplasing onder korrektiewe toesig bepaal het.

## 5.2.11.5 FAKTORE WAT IN AG GENEEM MOET WORD

Korrektiewe Dienste Order B V(3)(f)(iv)(d) wys op die volgende faktore wat tydens die oorweging van 'n gevangene vir tydelike verlating van die gevangenis, in ag geneem moet word:

- Die algemene gedrag en aanpassing van die gevangene in die gevangenis.

- **Die gevangene moet in die A-groep kategorie wees, maar is dit nie van toepassing op die bywoon van begrafnisse of 'n ernstige siekbed nie. In sodanige geval kan die vergunning ook van toepassing gemaak word op gevangenes in die B-groep.**

- **Die huidige sowel as vorige misdaadgeskiedenis.**

- **Die gevangene se prognose ten opsigte van sy herverval in misdaad sowel as sy ontvlugtingsrisiko.**

- **Die veiligebewakingsklassifikasie waarin 'n gevangene hom bevind. Gevangenes in die maksimum veiligebewakingskategorie kwalifiseer oor die algemeen nie vir die vergunning nie.**

- **Gemeenskapsverwagtings en siening ten opsigte van sekere misdade byvoorbeeld verkragting en kindermolestering.**

- **Die fisiese toestand van die gevangene.**

- **Geen addisionele kostes mag deur die tydelike verlating van 'n gevangenis vir die Staat meegebring word nie.**

- **Gevangenes met verdere aanklagtes mag nie toegelaat word om die gevangenis tydelik te verlaat nie.**

- **Die vergunning is slegs van toepassing op gevangenes wat aan die vereiste voorwaardes voldoen en moet sodanige gevangenes oor RSA-burgerskap beskik.**

- **Die tydelike verlating van die gevangenis is 'n voorreg en nie 'n reg nie wat slegs toegepas word op daardie gevangenes wat kwalifiseer. Ongeag van enige ander faktore waaraan 'n gevangene wel voldoen, diskwalifiseer negatiewe gedrag hom van die vergunning.**

- Die vergunning is nie van toepassing op terdoodveroordeelde gevangenes nie.

### 5.2.11.6 OMSTANDIGHEDE WAARVOOR DIE VOORREG TOEGESTAAN KAN WORD

#### 5.2.11.6.1 MENSLIKHEIDSVERLOF

Vir die bywoning van 'n begrafnis of 'n ernstige siekbed waar die verwagting is dat die persoon sterwend is, word menslikheidsverlof toegestaan. Die vergunning is slegs van toepassing waar 'n direkte familielid betrokke is en moet dit sover moontlik binne normale werksure en vir die noodsaaklike tydsduur op dieselfde dag realiseer. Dit is dan ook belangrik dat inligting met die betrokke geneesheer of hospitaal geverifieer word.

#### 5.2.11.6.2 INSKAKELING BY ONTWIKKELINGS- OF TERAPEUTIESE PROGRAMME

Die vergunning is hier van toepassing op 'n gevangene wat noodsaaklikerwys by 'n program moet inskakel vir gespesialiseerde opleiding of terapeutiese behandeling wat nie in die gevangenis aangebied kan word nie of waar dit nie wenslik is dat sodanige opleiding of behandeling in 'n gevangenis geskied nie.

#### 5.2.11.6.3 UITBOUING VAN FAMILIEBANDE (NAWEEKVERLOF)

Hierdie vergunning maak daarvoor voorsiening dat 'n gevangene vir 'n naweek (Vrydag 11:00 tot Sondag 15:00) die gevangenis tydelik kan verlaat ten einde gesinsbande te verstewig. Die vergunning mag slegs een naweek elke drie maande verleen word aan 'n gevangene:

- wat reeds oor 'n goedgekeurde uitplasingsdatum beskik of wat reeds 1/6 van sy vonnis uitgedien het (gevonnis ingevolge artikel 276(1)(i) en 287(4)(a) van die Strafproseswet) of ten opsigte van wie die hof <u>a quo</u> die uitplasing onder korrektiewe toesig (artikel 276(A)(3) en 287(4)(b) van die Strafproseswet),

goedgekeur het;

- wat nie weens 'n gewelds-/seksuele misdaad 'n vonnis van gevangenisstraf uitdien nie. Slegs in uitsonderlike verdienstelike gevalle waar daar 'n redelike verwagting en aanduiding is dat die misdaad eenmalig was en die gevangene nie 'n patroon van gewelds-/seksuele misdaad op sy rekord het nie, word die vergunning in oorweging geneem;

- wat in die minimum of medium bewakingsgroep geklassifiseer is; en

- wat nie weens kindermolestering gevonnis is nie.

**5.2.11.6.4 VOORBEREIDING VIR ONTSLAG EN ENIGE ANDER REDE WAT TE DOEN HET MET DIE KORREKTIEWE BEMOEIENIS MET 'N GEVANGENE EN WAT GERIG IS OP SY SUKSESVOLLE HERINSKAKELING BY DIE GEMEENSKAP**

In die bovermelde verband word 'n gevangene slegs toegelaat om nie langer as een dag die gevangenis tydelik te verlaat nie. Ten opsigte van voorbereiding vir ontslag word daar gebruik gemaak van die dagparoolstelsel wat reeds in hierdie studie bespreek is.

Alvorens 'n gevangene toegelaat word om die gevangenis tydelik te verlaat, word sy fisiese en psigiese status deur die Distriksgeneesheer of die plaaslike verpleegkundige bepaal en op die gevangene se mediese lêer aangeteken. Hierdie prosedure is daarop gerig om moontlike eise teen die Staat te voorkom.

'n Gevangene wie se fisiese of psigiese toestand nie na wense is nie se tydelike verlating van die gevangenis word opgeskort. Sodanige besluitneming is nie net in die belang van die gevangene nie, maar ook in belang van die Departement en die gemeenskap aangesien die Departement blootgestel kan word aan siviele eise en die gemeenskap aan aansteeklike siektes en/of 'n

gevangene wat nie rasioneel optree nie.

Die tydelike verlating van die gevangenis deur 'n gevangene word voorafgegaan deur die bereidwilligheid van 'n verantwoordelike persoon om verantwoordelikheid vir die toesig oor die gevangene te aanvaar en ook toe sien dat die gestelde voorwaardes nagekom word. 'n Paslike dokument word in die verband voltooi. Die gevangene word ook toegelaat om die gevangenis in private klere te verlaat. Hierdeur is dit duidelik dat die Departement van Korrektiewe Dienste stigmatisering en etikettering, wat 'n negatiewe invloed op 'n gevangene se herinskakeling in die gemeenskap kan meebring, wil voorkom. By die terugkeer van die gevangene na die gevangenis word hy weer eens aan 'n geneeskundige- of 'n verpleegkundige ondersoek onderwerp ten einde sy gesondheidstatus te bepaal.

### 5.2.11.6.5 STATISTIEK VAN TOEPASSING OP GEVANGENES WAT DIE GEVANGENIS TYDELIK VERLAAT HET

Die navorser het gepoog om die sukses/mislukking van hierdie stelsel te bepaal en word inligting in die verband (sedert die implementering van die stelsel), in die tabel hieronder saamgevat.

| DEPARTEMENT KORREKTIEWE DIENSTE: TYDELIKE VERLATING VAN GEVANGENIS | | | |
|---|---|---|---|
| HOEVEEL GEVANGENES HET VAN ART. 92 GEBRUIK GEMAAK | HOEVEEL HET DIT: i) MISBRUIK; ii) NIE TERUGGEKEER NIE | TEEN HOEVEEL VAN i) IS OPGETREE | HOEVEEL VAN ii) IS HERARRESTEER |
| WES-KAAP 705 | i) 11 ii) 4 | 11 | 2 |
| OOS-KAAP 225 | i) 4 ii) 6 | 4 | geen |
| NOORD EN WES-TVL 810 | i) 7 ii) 6 | 7 | 1 |
| OVS 265 | i) 6 ii) 4 | 3 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SENTRAAL TVL** 692 | i) 7 ii) 12 | 2 | 1 |
| **OOS TRANSVAAL** 226 | i) 2 ii) 3 | 2 | 1 |
| **NATAL** 483 | i) 9 ii) 5 | 7 | 2 |

**In totaal het daar dus 3 406 gevangenes van die vergunning gebruik gemaak terwyl 46 gevangenes die vergunning misbruik het en 40 gevangenes nie na die gevangenis teruggekeer het nie. Dit kom dus daarop neer dat 2,52% van die aantal gevangenes aan wie die vergunning verleen is, nie hul voorwaardes nagekom het nie.**

**Belangrik is om ook daarop te let dat daar teen slegs 36 uit 46 gevangenes opgetree is nadat die voorreg misbruik is. Daar is bevind dat 10 van die gevangenes aanvaarbare redes verstrek het in die verband. (kon nie op die bepaalde tyd by die gevangenis rapporteer as gevolg van**
- **vervoerprobleme**
- **verkeersomstandighede**
- **motorongeluk**
- **fisiese ongesteldheid)**

## 5.2.12 SAMEVATTING

**Korrektiewe toesig het sy beslag in die Suid-Afrikaanse regsplegingstelsel gevind nadat wetgewing in die verband gedurende 1991 deur die Parlement goedgekeur is. Dit het voortgespruit uit, onder andere, aanbevelings deur die Krugelkomitee (1991:43) wat die volgende ten opsigte van korrektiewe toesig bevat:**

- *"Dat die vonnisopsies en beskikkingsmoontlikhede in Suid-Afrika uitgebrei word deur beter voorsiening vir oortrederhantering binne gemeenskapsverband te maak.*

- *Dat korrektiewe toesig so gou moontlik as vonnisopsie in Suid-Afrika gebruik word.*

- *Dat verantwoordelike instansies betyds 'n prosedurehandleiding ter implementering sal opstel en versprei.*

- *Dat hierdie vonnisopsies vir alle geskikte persone sonder onderskeid opgelê moet kan word behalwe vir die onderskeid tussen jeugdiges en volwassenes.*

- *Dat die wyer gemeenskap, in besonder die privaatsektor, by rehabilitasieprogramme betrek word.*

- *Dat voldoende fondse deurgaans beskikbaar gestel word om korrektiewe toesig te bemark, te implementeer en te bevorder.*

- *Dat die ontwikkeling en uitbouing van korrektiewe toesig, proefdienste en ondertoesigstelling 'n geleidelike proses moet wees waarby skakeling met en opleiding van die gemeenskap en vonnisopleggers van die uiterste belang is.*

- *Dat direkte bemoeienis met vrygelate persone behou word ten einde sinvolle inskakeling by die gemeenskap te verseker.*

- *Dat korrektiewe toesig as alternatief oorweeg word indien boetes nie betaal word nie.*

- *Dat elektroniese monitering aangewend word"*

**Die Departement van Korrektiewe Dienste het aan die Krugelkomitee se aanbevelings gehoor gegee deur, onder andere, die geleidelike implementering van korrektiewe toesig te bewerkstellig. Op 15 Augustus 1991 is korrektiewe toesig slegs ten opsigte van die landdrosdistrikte Pretoria en Wonderboom gevestig. Aan die einde van 1992 was korrektiewe toesig reeds in 206 landdrosdristrike landwyd ontplooi.**

**Die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) reël korrektiewe toesig as 'n vonnisopsie en het die Kommissaris van Korrektiewe Dienste voorskrifte uitgevaardig wat die bedryf**

**van en kontrole en beheer oor korrektiewe toesig aanspreek.**

**Korrektiewe- sowel as parooltoesig impliseer dat 'n oortreder vanuit die gevangenis in die gemeenskap uitgeplaas word. Die oortreder word dus die geleentheid gebied om die restant van sy vonnis onder gekontroleerde omstandighede in die gemeenskap uit te dien.**

**'n Formele parooltoesigsisteem het vir die eerste keer op 1 Augustus 1991 in die Departement van Korrektiewe Dienste sy beslag gevind en ooreenkomstig 'n gevangene se risiko-profiel word hy in 'n bepaalde toesigkategorie ingedeel.**

**Dagparool, as 'n verlengstuk van parool, is 'n verdere meganisme waarvolgens 'n oortreder toegelaat word om die gevangenis gedurende die dag te verlaat. Die dagparoolstelsel het penologies beskou, ten doel om bepaalde risiko's van toepassing op die individu wat uitgeplaas word, te bestuur, sy herinskakeling in die gemeenskap geleidelik te bewerkstellig en aan hom blootstelling aan die eise van die gemeenskap te bied. Die oortreder word ook deur middel van die dagparoolstelsel en die vergunning om die gevangenis tydelik te verlaat in staat gestel om van sy geinstitusionaliseerde leefwyse wat deur gevangenisstraf meegebring word, af te sien en verantwoordelikheid vir sy optrede in die gemeenskap, te aanvaar.**

# HOOFSTUK 6

# INRIGTINGSKOMITEES

## 6.1 INLEIDING

By die gevangesetting van 'n persoon weens anti-sosiale gedrag wat in stryd is met die regsnorme van die gemeenskap, moet die gevangene ooreenkomstig daargestelde programme gelei en gemotiveer word tot die positiewe wysiging van insig, selfbeeld, gedragspatrone en waardes en norme. Die gevangene is net soos enige ander mens iemand met fisiese-, psigiese- en geestelike behoeftes en moet die behandelingsprogramme in 'n gevangenis hierdie behoeftes en geïdentifiseerde probleme op so 'n wyse akkommodeer dat dit tot sy opheffing en die beskerming van die gemeenskap sal lei.

Daar moet dus 'n afdeling (komitee) wees wat interaksie tussen gevangenes en dié komitee vestig. Juis om dié rede is inrigtingskomitees gevestig wat die opleiding en behandeling van gevangenes koördineer en deur middel van moniteringsaksies in staat gestel word om op 'n verantwoordelike wyse, verslag oor 'n gevangene se gedrag en aanpassing te lewer.

## 6.2 INSTELLING VAN INRIGTINGSKOMITEES

Die instelling van inrigtingskomitees het voortgespruit uit Omsendbrief No. 57 van 1960 gedateer 13 Julie 1960 waarin die Kommissaris aan voorsitters van gevangenisrade opdrag gegee het om by elke gevangenis, in oorleg met bevelvoerende offisiere, 'n inrigtingskomitee in te stel. Die inrigtingskomitee moet saamgestel word uit die hoof van die gevangenis en lede werksaam in die betrokke gevangenis.

**Die voorsitter van die inrigtingskomitee moet aldus die vermelde omsendbrief, aangewys word uit die beskikbare offisiere by die gevangenis en indien daar nie 'n offisier beskikbaar is nie, moet die hoof van die gevangenis as voorsitter van die inrigtingskomitee optree.**

**Die taak van die inrigtingskomitee was om die gevangenisraad te adviseer met betrekking tot die aard van die opleiding wat 'n gevangene ondergaan het, asook sy vlyt, gedrag en aanpassing en enigiets wat tot die raad se aandag gebring behoort te word.**

**Die Kommissaris bevestig in sy** *"Verslag vir die vier jaar geeindig 30 Junie 1962"* **(1963:10) die instelling van inrigtingskomitees en sê onder andere in die verband:**
*"Die raad berei gekorreleerde vorderingsverslae oor elke gevangene voor, wat dan aan die gevangenisraad voorgelê word wanneer 'n gevangene te woord gestaan of wanneer sy saak behandel word."*

**Inrigtingskomitees het dus op daardie stadium as** *"Inrigtingsrade"* **bekend gestaan en was dit nie 'n statutêre instelling nie. Die Kommissaris gee in sy Algemene Rondskrywe No. 48 van 1980 gedateer 16 Junie 1980, opdrag dat daar by elke gevangenis waar raadgevangenes aangehou word, 'n inrigtingskomitee ingestel moet word en is hierdie instelling gesanksioneer deur die Wysigingswet op Gevangenisse, 1980 (Wet 22 van 1980) wat aan die Kommissaris die bevoegdheid verleen om een of meer komitees aan te stel, wat as inrigtingskomitees bekend staan.**

## 6.3 SAMESTELLING

**Met die instelling van inrigtingskomitees op 13 Julie 1960 (Kommissaris se Algemene Rondskrywe No. 57 van 1960), het die komitee bestaan uit lede van die Departement van Gevangenisse. Die Wysigingswet op Gevangenisse, 1980 (Wet 22 van 1980) het ook bepaal dat:**
*"'n Inrigtingskomitee bestaan uit die aantal lede van die Gevangenisdiens wat die Kommissaris goedvind en van wie een as voorsitter van daardie komitee deur die Kommissaris aangewys word."*

| | | |
|---|---|---|
| **VOORSITTER:** | **Hoof van die gevangenis of 'n ander offisier deur die Kommissaris aangewys.** | |
| **ONDER-VOORSITTER:** | **Assistent-hoof van die gevangenis - Inrigtingsdienste** | |
| **SEKRETARIS:** | **(a)** | **Voltydse sekretaris word deur die bevelvoerende offisier aangewys indien die aantal raadgevangenes meer as 400 beloop.** |
| | **(b)** | **Indien die aantal raadgevangenes minder as 400 is benoem die bevelvoerende offisier 'n lid wat deeltyds die werksaamhede van sekretaris behartig.** |
| **LEDE:** | **-** | **Lid in beheer van die afdeling waar die raadgevangene werksaam is.** |
| | **-** | **Lid in beheer van die afdeling waar die raadgevangene slaap.** |
| | **-** | **Die maatskaplike werker, sielkundige, opvoedkundige en geestelike werker belas met die raadgevangene.** |
| | **-** | **Enige offisier of lid of die distriksgeneesheer wat die voorsitter wens te koöpteer in 'n adviserende hoedanigheid.** |

**Vanaf 1963 tot 1966 het die inrigtingskomitees, aldus die Kommissaris se Jaarverslag vir die tydperk 1963 tot 1966, egter bestaan uit:**

- **bevelvoerende offisier of hoof van die gevangenis (Voorsitter).**
- **Observator.**
- **Lid in beheer van die afdeling waar die gevangene emplojeer word.**
- **Lid in beheer van die afdeling waar die gevangene gehuisves word.**
- **Hoof van die gevangenishospitaal.**
- **Geestelike werker verteenwoordigend van die geloof waartoe die gevangene behoort.**
- **Maatskaplike werker, indien beskikbaar.**
- **Sekretaris.**

**Die samestelling van die inrigtingskomitee is deur die Wysigingswet op Gevangenisse, 1991 (Wet 122 van 1991) gewysig en maak dit daarvoor voorsiening dat 'n inrigtingskomitee uit die aantal lede, wat lede en nie-lede van die Departement kan wees,**

**kan bestaan. Die Kommissaris bepaal die aantal lede wat op die komitee moet dien en wys hy uit daardie lede 'n lid van die Departement as voorsitter aan. Hierdie wysiging het meegebring dat 'n lid uit die gemeenskap vir die eerste keer in die geskiedenis, op 'n inrigtingskomitee kon dien.**

**Die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste, 1993 (Wet 68 van 1993) het weer eens 'n wysiging in die samestelling van inrigtingskomitees meegebring en ingevolge dié wysiging kan slegs lede van die Departement van Korrektiewe Dienste op die inrigtingskomitee dien.**

## 6.4 WERKSAAMHEDE, PLIGTE EN BEVOEGDHEDE

**Met die instelling van inrigtingskomitees op 13 Julie 1960 (Kommissaris se Omsendbrief No. 57 van 1960) was die taak van die komitees om gevangenisrade te adviseer met betrekking tot die aard van die opleiding wat 'n gevangene ondergaan het, asook sy vlyt, gedrag en aanpassing en enigiets wat tot die raad se aandag gebring behoort te word.**

**Die inrigtingskomitee het dus 'n aanbevelingsfunksie gehad en sê die Kommissaris in sy Jaarverslag vir die tydperk 1963 tot 1966 (1967:18):**

*"Om te verseker dat die individuele behandelingsproses suksesvol toegepas word, moet daar kontinuïteit in die waarneming wees. Hierdie funksie word vervul deur inrigtingskomitees by gevangenisse. Vorderingsverslae moet op gesette tye uitgebring word deur die lede in beheer van die werklokaal, afdeling waarin die gevangene gehuisves is en die hospitaal, sowel as geestelike werker."*

**Die Kommissaris wys ook in sy Jaarverslag vir die tydperk 1966 tot 1968 (1969:20) daarop dat die voortgesette klassifiseringsproses ten opsigte van gevangenes nou die verantwoordelikheid van inrigtingskomitees is. Die inrigtingskomitee is dus verantwoordelik vir alle aanbevelings met betrekking tot die herklassifisering, gratifikasie, opleiding van die gevangene en vorderingsverslae in die algemeen. Die Kommissaris wys ook daarop dat die voordeel in die verband geleë is in die feit dat gevangenisrade van die vermelde administratiewe funksies onthef is en hulle onverdeelde**

**aandag aan die oorweging van vrylating en indiensstelling van gevangenes kan skenk.**

**Tot en met 28 Februarie 1993 het die inrigtingskomitee 'n aanbevelingsfunksie gehad. Artikel 61 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) het voortgespruit uit die Wysigingswet op Gevangenisse, 1980 (Wet 22 van 1980) en bepaal dat 'n inrigtingskomitee op 'n ses maandelikse grondslag aan die Kommissaris of die Vrylatingsraad aanbevelings moet doen ten opsigte van die opleiding en behandeling van 'n gevangene.**

**Verslae moet ook voorgelê word oor onder andere die gedrag, aanpassing, opleiding, aanleg, vlyt, fisiese en geestesgesondheidstoestand van 'n gevangene en die moontlikheid van terugval in misdaad. Gevangenes wat deur die inrigtingskomitee hanteer is, is gevangenes:**

- **wat 'n vonnis van gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding opgelê is;**
- **wat 'n vonnis van gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad opgelê is;**
- **wat 'n vonnis van gevangenisstraf van twee jaar of langer opgelê is;**
- **wat lewenslange gevangenisstraf opgelê is;**
- **wat tot gewoontemisdadiger verklaar is;**
- **wat ingevolge die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), verklaar is 'n ledige persoon te wees;**
- **ten aansien van wie 'n spesiale verslag deur die Kommissaris verlang word.**

**Die Kommissaris wys in sy Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1979 tot 30 Junie 1980 (1980:48) ook op die werksaamhede van inrigtingskomitees en sê:**
***"Kragtens artikel 61 van die Wet moet die Inrigtingskomitee nou feitelike verslae oor 'n gevangene se aanpassing, gedrag, opleiding, algemene behandeling en misdaadgeskiedenis aan die Kommissaris en/of Vrylatingsraad voorlê"***

**In sy Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1979 tot 30 Junie 1980 (1980:74) sê die Kommissaris dat belangrike ontwikkeling ten opsigte van inrigtingskomitees plaasgevind het. Inrigtingskomitees het primêr 'n koördinerings- en aanbevelingsfunksie ten opsigte van gevangenes met vonnisse van twee jaar en langer met betrekking tot die volgende:**

- **Die veiligebewakingsklassifikasie van gevangenes;**

- Die oorplasing van gevangenes;
- Die toewysing/hertoewysing met betrekking tot programinskakeling;
- Die toekenning/verlaging/ontneming van gratifikasie;
- Die verbeuring en hertoekenning van strafvermindering;
- Die oorweging van spesiale afslag van vonnis; en
- Aanbevelings met betrekking tot die vrylating van gevangenes.

Verskeie sittings word deur die inrigtingskomitee gehou en word 'n gevangene so spoedig moontlik (binne 7 dae) na opname gespreek waartydens tydelike toewysing geskied, die gevangene georiënteer word met betrekking tot die funksionering van die inrigtingskomitee, die voorregtestelsel, die klassifikasiestelsel en programinskakeling, en 'n verduideliking van vonnisse, strafvermindering en die reëls wat in die gevangenis geld, gegee word.

Drie maande na opname word 'n gevangene tydens 'n sitting deur die inrigtingskomitee permanent toegewys, sy veiligebewakingsklassifikasie heroorweeg en word hy in 'n voorregteklassifikasiegroep geplaas. Sy behoeftes aan opleiding en vakkundige bemoeienis word bepaal en onduidelikhede wat hy mag hê, word opgeklaar.

Ses maandelikse sittings is statutêr gebiedend en tydens hierdie sitting word sy aanpassing in die gevangenis geëvalueer.

Ongeag van die voormelde sittings vind spesiale sittings plaas waartydens die gevangene se vrylating oorweeg en 'n aanbeveling in die verband gemaak word. 'n Gevangene wie se gedrag nie na wense is nie, 'n oorplasing verlang, hertoegewys of degradeer moet word, geniet aandag tydens hierdie sitting.

Die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste, 1993 (Wet 68 van 1993) het aan inrigtingskomitees besluitnemingsbevoegdheid verleen. Alhoewel die inrigtingskomitee reeds 'n aanbevelingsfunksie het, kan hy nou ingevolge artikel 62 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) beslissings maak met betrekking tot die krediete wat aan 'n gevangene toegeken moet word, sy behandeling, opleiding, klassifikasie en

gedragsregulering ooreenkomstig voorgeskrewe programme, klassifikasies en prosedures.

Die inrigtingskomitee moet ook aanbevelings aan die Kommissaris maak met betrekking tot aangeleenthede wat onder die komitee se aandag tydens sittings kom en wat buite die komitee se bevoegdhede val.

Voorts moet die komitee die ander bevoegdhede uitoefen en werksaamhede verrig wat by regulasie voorgeskryf word.

Beslissings deur die inrigtingskomitee spruit voort uit ses maandelikse sittings waartydens gevangenes met vonnisse van langer as ses maande gevangenisstraf op individuele grondslag gespreek en sodanige gevangene se misdaadgeskiedenis, vonnis, persoonlike omstandighede, gedrag en aanpassing asook sy samewerking in die gevangenis oorweeg word.

Hieruit is dit duidelik dat die inrigtingskomitee onder andere 'n beslissing kan neem ten opsigte van 'n gevangene wat negatiewe gedrag openbaar en word die optrede deur die inrigtingskomitee in die verband deur artikel 54 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959), gesanksioneer.

Ingevolge vermelde wetgewing kan 'n inrigtingskomitee by 'n gevangenis of 'n plek wat vir die doel deur die Kommissaris aangewys is, 'n dissiplinêre verhoor teen 'n gevangene instel. By skuldigbevinding kan die inrigtingskomitee die gevangene berispe of hom vir 'n tydperk van hoogstens twee maande een of meer voorregte of vergunnings ontneem.

Die werksaamhede van die inrigtingskomitee is saamgevat in Korrektiewe Dienste Order V(2)(f) en spreek dit van 'n breë verantwoordelikheid en risikobestuur wat aan die komitee opgedra is. Die totale gevangenesopleiding en behandelingsprogram van 'n gevangene met 'n vonnis van langer as ses maande gevangenisstraf word deur die inrigtingskomitee gekoördineer en bestuur:

(i) **Veiligebewakingsklassifikasie**

Sodanige gevangene moet binne sewe (7) dae na opname by 'n opnamesentrum geklassifiseer word. Die inrigtingslêer word aan die voorsitter voorgelê wat in oorleg met die komitee beslis oor die finale klassifikasie.

Na afhandeling van die assesseringsproses by die aanhoudingsentrum verskyn die gevangene voor die inrigtingskomitee waartydens sy evaluering en inskakeling by groep, sub-groep of individuele programme aandag geniet. Op hierdie stadium word sy bewakingsklassifikasie weer eens gekontroleer. Die assesseringsproses wat hierdie sitting voorafgaan, moet binne drie maande geskied.

Tydens elke sitting van die inrigtingskomitee moet 'n gevangene se bewakingsklassifikasie oorweeg word en kan die inrigtingskomitee beslis dat hy, inaggenome die risiko wat hy inhou, herklassifiseer word.

(ii) **Oorplasing**

Die oorplasing van 'n gevangene na 'n geskikte aanhoudingsentrum word skriftelik aan die gedelegeerde voorgelê vir goedkeuring indien daar nie staande magtiging vir sodanige oorplasing bestaan nie.

Die inrigtingskomitee moet ook verseker dat gevangenes wat oor 'n goedgekeurde uitplasings- of vrylatingsdatum beskik, so spoedig moontlik nadat die datum bekend gemaak is, na die gevangenis naaste aan die plek waar die gevangene hom gaan vestig, oorgeplaas word.

(iii) **Voorlopige werktoewysing**

Die inrigtingskomitee moet, binne een week na 'n gevangene se opname by 'n aanhoudingsentrum, die gevangene met inagneming van sy bewakingsklassifikasie, voorlopig aan arbeid toewys.

(iv) **<u>Werktoewysing en hertoewysing</u>**

**Indien 'n gevangene vir bepaalde opleiding of arbeid toegewys word, keur die voorsitter sodanige toewysing goed en mag hierdie werktoewysing nie sonder die skriftelike goedkeuring van die voorsitter van die inrigtingskomitee gewysig word nie.**

**Dit is dan ook belangrik dat gekwalifiseerde vakmanne toegewys word vir arbeid in die vakrigting waarin hy opgelei is indien sodanige werkrigting beskikbaar is.**

**Die inrigtingskomitee kan ook 'n gevangene wat toegewys is vir opleiding in bou-ambagte of werkswinkels, hertoewys indien sy vordering nie na wense is nie. Tydens die verskyning van 'n gevangene voor die komitee, word daar gekontroleer of sy werktoewysing ooreenstem met die arbeid wat hy verrig.**

(v) **<u>Assessering</u>**

**Die assesseringsproses ten opsigte van 'n gevangene moet binne drie (3) maande afgehandel wees en moet die gevangene se spoedig moontlik daarna voor die inrigtingskomitee verskyn. Assessering vind slegs toepassing ten opsigte van gevangenes met vonnisse van langer as twee jaar gevangenisstraf en gevangenes wat onbepaalde vonnisse dien.**

**Tydens die verskyning van die gevangene voor die inrigtingskomitee word die gevangene geëvalueer aan die hand van sy huidige vonnisbesonderhede, vorige veroordelings, beskikbare agtergrondinligting, beskikbare toetsresultate, vakkundige verslae, die gevangene se behoeftes, arbeids- en opleidingsaangeleenthede en geïdentifiseerde probleme.**

**Inaggenome die voormelde, <u>beslis</u> die inrigtingskomitee ten opsigte van die gevangene se:**

- **veiligebewakingsklassifikasie;**

- voorregtegroep;
- plek van aanhouding;
- arbeidstoewysing of opleiding; en
- inskakeling by bepaalde behoeftegerigte programme.

(vi) <u>Voorregte</u>

Die primêre doel van voorregte is om 'n gevangene aan te spoor tot goeie gedrag en berus die bevoegdheid om voorregte toe te ken of te ontneem, by die inrigtingskomitee.

Die opgradering van 'n gevangene na 'n hoër voorregtegroep, berus by die inrigtingskomitee. Sodanige tydperk behoort in die algemeen ses (6) maande te wees en word dit vereis dat 'n gevangene vir die afgelope ses (6) maande hom nie skuldig gemaak het aan tugoortredings of bykomende vonnisse van gevangenisstraf wat weens 'n gevangenisoortreding, hom opgelê is nie.

(vii) <u>Gratifikasie aan gevangenes</u>

Die inrigtingskomitee ken gratifikasie aan 'n gevangene toe ooreenkomstig die tipe werk wat hy verrig en die graad en bedrewenheid wat daarmee gepaard gaan.

Gratifikasie kan ook deur die inrigtingskomitee 'n gevangene ontneem word indien hy lui, argeloos of nalatig in sy werk is of hom herhaaldelik aan wangedrag skuldig maak.

Die toekenning van gratifikasie is dus daarop gerig om 'n sin van verantwoordelikheid by 'n gevangene te vestig sodat hy na vrylating uit die gevangenis, sal besef dat hy die persoon is wat verantwoordelikheid vir sy werk moet aanvaar. Dit is ook 'n meganisme waardeur selfstandigheid en betroubaarheid in die werksituasie bevorder word.

(viii) **Die Krediete stelsel**

Soos reeds vermeld is strafvermindering op grond van positiewe gedrag en aanpassing in die gevangenis, tot 1994 aan 'n gevangene toegeken. Op 1 Maart 1994 is 'n stelsel van krediete wat 'n gevangene op meriete kan verdien, in die plek van strafvermindering daargestel.

Die krediete stelsel het voortgespruit uit die Kommissaris se Witskrif van 11 Maart 1993 (1993:3) waarin gesê is dat die toekenning van strafvermindering klaarblyklik met verloop van tyd die persepsie by vonnisopleggers laat ontstaan het dat daar op 'n administratiewe wyse ingemeng word met die vonnis wat deur die hof opgelê is.

Die Kommissaris wys ook daarop (1993:5) dat 'n belangrike beheerinstrument deur die toepassing van strafvermindering, verlore gaan aangesien geharde misdadigers en die met 'n swak prognose normaalweg nie op parool uitgeplaas word nie. Strafvermindering is op grond van goeie gedrag aan hierdie tipe gevangenes toegeken waarna hulle onvoorwaardelik vrygelaat is.

Die stelsel van krediete wat 'n gevangene op meriete kan verdien vervroeg die datum waarop 'n gevangene deur die paroolraad vir uitplasing oorweeg kan word. Artikel 65(4) van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) is dan ook gebiedend in die bepaling dat 'n gevangene wat 'n bepaalde vonnis uitdien, nie vir uitplasing mag oorweeg word alvorens hy die helfte van sy vonnis uitgedien het nie. Hierdie datum kan egter vervroeg word met die getal krediete wat deur die gevangene verdien word.

Krediete word deur die inrigtingskomitee op 'n ses maandelikse grondslag, ingevolge artikel 62 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) aan gevangenes met vonnisse van langer as ses (6) maande gevangenisstraf, toegeken.

Kragtens die bepalings van artikel 22A van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) kan krediete, wat deur die inrigtingskomitee toegeken word, deur 'n gevangene verdien word deur die reëls wat in die gevangenis geld, na te kom en deur aktief deel te neem aan die aksies wat gerig is op sy behandeling, opleiding en rehabilitasie.

'n Gevangene kan egter nie meer krediete verdien as die helfte van die tydperk wat hy gedien het nie. Dit kom dus daarop neer dat 'n gevangene ten opsigte van 'n oorsigtydperk van ses maande, 'n maksimum van drie maande krediete kan verdien. As 'n verdere voorbeeld kan daarop gewys word dat indien 'n gevangene reeds vier (4) jaar van sy vonnis uitgedien het, kan hy 'n maksimum van twee (2) jaar krediete verdien.

Die voormelde wys dus daarop dat 'n gevangene deur sy gedrag en aanpassing in die gevangenis, sy oorwegingsdatum vir uitplasing op parool bepaal. Indien 'n gevangene deur swak gedrag en aanpassing geen krediete verdien nie, sal hy steeds by voltooiing van die helfte van sy vonnis vir uitplasing oorweeg word aangesien artikel 65(4) van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) in die verband gebiedend is.

'n Gevangene gevonnis tot en met 'n vonnis van ses (6) maande gevangenisstraf, word by opname geag die maksimum krediete te verdien.

Krediete is dus uit 'n penologiese raamwerk 'n meganisme om gedrag en aanpassing in die gevangenis op 'n positiewe wyse te bevorder en dien dit as 'n aansporingsmeganisme vir die gevangene se aktiewe deelname aan die multi-dissiplinêre program en die openbaring van werkywer en produktiwiteit in werksverband.

Deur die krediete stelsel word 'n gevangene se ingesteldheid ten opsigte van die oogmerke van straf gemeet en is dit ook 'n stelsel wat vereis dat die gevangene verantwoordelikheid vir sy optrede moet aanvaar aangesien hy

**moet *"werk"* vir sy oorwegingsdatum vir uitplasing deur die paroolraad.**

**Die Kommissaris meld in sy Witskrif van 11 Maart 1993 (1993:5) die volgende:**

*"Die vonnis van die hof sal geldig bly tot by die verstryking daarvan en sal voortaan in totaliteit uitgedien moet word. Dit beteken egter nie dat die hele vonnis noodwendig in die gevangenis uitgedien sal word nie maar kan 'n gedeelte ook op parool in die gemeenskap uitgedien word."*

**'n Aansporings- en beheerinstrument tot goeie gedrag in die gevangenis bly dus behoue en word die gevangene onder gekontroleerde omstandighede in die gemeenskap uitgeplaas.**

**Dit is ook duidelik dat daar 'n wetlike verpligting op die paroolraad rus om elke raadgevangene na voltooiing van die helfte van sy vonnis vir uitplasing te oorweeg. Hierdie oorwegingsdatum word met toegekende krediete vervroeg. Krediete gee dus vir die paroolraad 'n aanduiding van 'n gevangene se gedrag en aanpassing in die gevangenis, maar is dit nie die enigste faktor of maatstaf wat in aanmerking geneem word by die oorweging van 'n gevangene se uitplasing nie. Faktore soos onder andere die aard en omvang van die huidige misdaad, vorige veroordelings, ensovoorts, word ook in aanmerking geneem.**

**Krediete wat deur 'n gevangene verdien word verkort dus nie, soos in die geval van strafvermindering, die opgelegde vonnis nie en kan krediete nie as 'n reg geëis word nie. Toegekende krediete mag ook nie op 'n latere stadium, na die toekenning daarvan, teruggetrek word nie en bepaal artikel 62 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) dat 'n gevangene, indien hy nie met die beslissing of aanbeveling van die inrigtingskomitee tevrede is nie, 'n klagte of versoek by die Kommissaris kan indien.**

In sy Witskrif van 21 Oktober 1994 (1994:10) sê die Kommissaris dat daar gedurende 1993 statutêre besluitnemingsbevoegdheid aan inrigtingskomitees verleen is met betrekking tot onder andere die veilige aanhouding van gevangenes, hul deelname aan individuele, subgroep- of groepprogramme asook die spoedige beloning van positiewe gedrag en die ontmoediging van negatiewe gedrag.

Positiewe gedrag word dus beloon deur die toekenning van krediete en deur die krediete stelsel is 'n gevangene nou die argitek van sy eie toekoms aangesien hy deur sy gedrag en aanpassing sy oorwegingsdatum vir uitplasing bepaal.

(ix) <u>Die dissipline stelsel</u>

Aangesien gevangenisse 'n unieke subkultuur binne 'n kunsmatige omgewing is waarin maatskaplik- afbrekende persone aangehou word, is dit noodsaaklik dat 'n streng geordende milieu deur middel van bepaalde gedragskodes daargestel en beheer word.

Indien 'n gevangene die gestelde reëls en gedragskodes in 'n gevangenis verbreek moet dit, soos in die geval waar gedragskodes en reëls in die gemeenskap verbreek word, bepaalde gevolge inhou. Hierdie gevolge moet dan ook 'n invloed uitoefen op die oorwegingsdatum van die gevangene vir uitplasing op parool.

Die Kommissaris wys dan ook in sy Witskrif van 11 Maart 1993 (1993:3) daarop dat die Wet op Korrektiewe Dienste en die regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is, die tugkode omskryf sowel as die proses wat gevolg moet word in die geval van die verbreking daarvan, asook die strawwe waarmee sodanige verbreking ontmoet word. Die tugkode het op daardie stadium voorsiening gemaak vir dieetstraf en selfs lyfstraf nadat 'n gevangene verhoor en skuldig bevind is deur 'n offisier wat vir die doel deur die Kommissaris aangewys is.

Die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste, 1993 (Wet 68 van 1993) het meegebring dat aan inrigtingskomitees die bevoegdheid verleen is om dissiplinêre verhore teen gevangenes in te stel. Daar is dus op 1 Maart 1994 weggedoen met die verhoor van 'n gevangene deur 'n offisier en strawwe soos die ontneming van maaltye, dieetstraf en lyfstraf.

Kragtens artikel 54 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) is bevoegdheid aan die inrigtingskomitee verleen om 'n dissiplinêre verhoor teen 'n gevangene in te stel weens 'n beweerde oortreding van die regulasies. Tydens sodanige verhoor word geen regsverteenwoordiging toegelaat nie en kan die inrigtingskomitee by skuldigbevinding die gevangene berispe of hom vir 'n tydperk van hoogstens twee maande van een of meer voorregte of vergunnings ontneem.

Hierdie skuldigbevinding het 'n direkte invloed op die gevangene se oorwegingsdatum vir uitplasing op parool aangesien hy ten opsigte van daardie oorsigtydperk (ses (6) maande), minder krediete deur die inrigtingskomitee toegeken kan word. In die verband bepaal Korrektiewe Dienste Order VI(2) dat 'n gevangene vir 'n minder ernstige oortreding gepenaliseer kan word tot *"'n maksimum van vyf (5) dae krediete per oortreding"* en in die geval van meer ernstige oortredings *"tot 'n maksimum van vyftien (15) dae krediete per oortreding."* Indien 'n gevangene dus op die wyse gepenaliseer word het dit 'n negatiewe invloed op sy oorwegingsdatum vir uitplasing op parool en sê die Kommissaris in sy Jaarverslag vir die tydperk 1 Januarie 1993 tot 31 Desember 1993 (1994:9):

*"Die toekenning van krediete het 'n invloed op die datum waarop 'n gevangene vir uitplasing oorweeg kan word."*

Die dissipline stelsel is dus daarop gerig om vanuit 'n penologiese belangehoek potensiële oortreders van die gedragskode en reëls in die gevangenis, af te skrik aangesien 'n oortreding die oorwegingsdatum vir uitplasing op parool, nadelig beïnvloed. Die individuele oortreder raak ook bewus van die gevolge van sy daad en kan dit hom

weerhou om verdere oortredings te pleeg.

## 6.5 SAMEVATTING

Inrigtingskomitees is gedurende 1960 deur die Kommissaris van Gevangenisse ten opsigte van elke gevangenis in die Republiek van Suid-Afrika in werking gestel. Die inrigtingskomitee se taak was om die gevangenisraad te adviseer met betrekking tot die aard van die opleiding wat 'n gevangene ondergaan het, asook sy vlyt, gedrag en aanpassing in die gevangenis en alle ander aspekte wat dié komitee nodig mag ag om onder die gevangenisraad se aandag te bring.

Die bemoeienis van die inrigtingskomitee met 'n gevangene strek van sy opname tot en met sy vrylating en spreek dit uit die feit dat 'n gevangene binne 7 dae na sy opname voor die inrigtingskomitee moet verskyn en daarna op 'n ses-maandelikse grondslag.

Gedurende 1980 het die Kommissaris in sy jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1987 tot 30 Junie 1988 (1988:74) daarop gewys dat die inrigtingskomitee primêr 'n koördinerings- en aanbevelingsfunksie ten opsigte van gevangenes met vonnisse van 2 jaar en langer met betrekking tot die volgende het:

- Die veiligebewakingsklassifikasie van gevangenes;
- Oorplasing van gevangenes;
- Toewysing en hertoewysing met betrekking tot programinskakeling;
- Toekenning/verlaging/ontneming van gratifikasie;
- Verbeuring en hertoekenning van strafvermindering;
- Oorweging van spesiale afslag van vonnis;

- **Aanbevelings met betrekking tot die vrylating van gevangenes.**

**Voor 1993 het die inrigtingskomitee slegs oor 'n koördinerings- en aanbevelingsfunksie beskik. Die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste, 1993 (Wet 68 van 1993) het egter aan inrigtingskomitees 'n besluitnemingsbevoegdheid verleen en kan die inrigtingskomitee 'n beslissing maak ten opsigte van elke gevangene (ongeag van sy vonnis), met betrekking tot die krediete wat toegeken moet word, sy behandeling, opleiding, klassifikasie en gedragsregulering ooreenkomstig voorgeskrewe programme, klassifikasie en prosedures.**

**Die werksaamhede, bevoegdhede en pligte van die inrigtingskomitee het dus ten doel, die suksesvolle herintegrasie van die oortreder in die gemeenskap en inisieer die inrigtingskomitee aksies wat tot 'n gevangene se verbetering en rehabilitasie mag lei.**

# HOOFSTUK 7

# SLOTBESKOUING

## 7.1 INLEIDING

Hierdie ondersoek het ten doel gehad om die vrylating van gevangenes in die Republiek van Suid-Afrika na te vors en die huidige vrylatingsbeleid van die Departement van Korrektiewe Dienste vanuit 'n penologiese belangehoek te evalueer, bevindings in die verband te maak en om daaruit tot sinvolle gevolgtrekkings te kom.

Alhoewel 1910 as vertrekpunt geneem is, is die klem op die komtemporêre vrylatingsbeleid geplaas en word aanbevelings op bestaande beleid en prosedures gerig wat dan as riglyn vir die Departement van Korrektiewe Dienste in penitensiêre verband kan dien.

Die doelstellings van die studie was enersyds gefundeer op die ontdekking van waarheid en kennis en andersyds funksionaliteit wat 'n inslag het op praktiese uitvoerbaarheid. Die konsepsuele sowel as die operasionele problematiek ten opsigte van die term *"vrylating"* het tydens die ondersoek na vore gekom. Die voormelde spreek uit begrippe soos:

- amnestie
- korrektiewe toesig
- parool
- voorwaardelike- en onvoorwaardelike vrylating

Die primêre doel van die studie is om deur middel van die kennis en insig wat verkry is, 'n beskeie bydrae te lewer tot die penologie en ander voornemende navorsers te stimuleer tot verdere navorsing. Die vrylating van gevangenes het nie net 'n invloed op die gemeenskap en die regsplegingstelsel nie, maar ook op die individu wat vrygelaat word en is dit die ondersoeker se begeerte dat hierdie studie by sal dra tot paslike wysiging en aanpassing van die vrylatingsbeleid.

## 7.2 BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

### 7.2.1 KORREKTIEWE TOESIG

**Die vrylatingsbeleid is by verskeie geleenthede deur die jare heen gewysig en spreek van die dinamiese penologiese benadering deur die korrektiewe bestel in Suid-Afrika. Die Kommissaris sê in sy Witskrif getitel:** *"Wysiging van die Departement van Korrektiewe Dienste se vrylatingsbeleid en 'n voorgestelde nuwe dissipline stelsel vir gevangenes"* **van 11 Maart 1993 (1993:3), die wysigings is gedoen-** *"om by veranderde omstandighede aan te pas en tred te hou met gemeenskapseise en ook internasionale ontwikkeling en toepassing."*

**Korrektiewe toesig het voortgespruit uit 'n parlementsgoedkeuring in die verband gedurende 1991 en die daaropvolgende Wysigingswet op Korrektiewe Dienste, 1991 (Wet 122 van 1991). Die oplegging van korrektiewe toesig berus diskresionêr by die vonnisoplegger en is daar nie enige verpligte oplegging van korrektiewe toesig ten opsigte van 'n spesifieke vonnistydperk nie.**

**<u>VOORSTEL:</u> Die ondersoeker se beskeie mening is dat korrektiewe toesig verpligtend moet wees ten opsigte van vonnisse van minder as twee (2) jaar gevangenisstraf. Gevangenisse behoort voorts slegs ten doel gestel te word om die meer geharde misdadiger te akkommodeer. Deur die vermelde vonnisopsie toe te pas, hou dit die volgende voordele in:**

- **Kontaminasie met geharde misdadigers word voorkom;**

- **Die oortreder bly in die gemeenskap onder gekontroleerde omstandighede en kan steeds sy werk behou en bydra tot die land se ekonomie in die algemeen;**

- **Die enkel-ouer gesin word voorkom en is daar nie 'n vervreemding tussen gesinslede nie;**

- Gevangenisse word oorwegend benut vir die akkommodering van geharde misdadigers;
- Oorbevolking van gevangenisse sal verlig word. Op 31 Desember 1993 was daar aldus die Kommissaris se Jaarverslag vir die tydperk 1 Januarie 1993 tot 31 Desember 1993 die volgende aantal gevangenes met vonnisse van minder as twee (2) jaar gevangenisstraf in aanhouding.

| VONNISTYDPERK | TOTAAL | PERSENTASIE TEN OPSIGTE VAN DIE AANTAL GEVANGENES (VONNISSE MINDER AS TWEE JAAR) | PERSENTASIE TEN OPSIGTE VAN DIE GEVANGENISBEVOLKING |
|---|---|---|---|
| Tot en met 6 maande | 5 123 | 34% | 4,5% |
| Langer as 6 maande tot en met 12 maande | 5 538 | 37% | 4,9% |
| Langer as 12 maande tot minder as 24 maande | 4 420 | 29% | 3,9% |

In totaal was daar dus 15 081 gevangenes met vonnisse van minder as twee (2) jaar gevangenisstraf uit 'n totale gevangenisbevolking van 114 047 in aanhouding en verteenwoordig dit 13% van die gevangenisbevolking op daardie stadium. Vonnisse van minder as twee (2) jaar gevangenisstraf word in die grootste mate vir minder ernstige oortredings opgelê en gelet op die totale hierbo, sal die Departement van Korrektiewe Dienste sy korrektiewe toesig personeel moet aanvul indien verpligte korrektiewe toesig van toepassing gemaak word op vonnisse van minder as twee (2) jaar gevangenisstraf.

### 7.2.2 PAROOLTOESIG

Parooltoesig is 'n betreklike nuwe konsep in Suid-Afrika en het sy beslag gevind op 1 Augustus 1991. Hiervolgens is parolees ooreenkomstig hul risiko-profiel in terme van toesig gekategoriseer in:

- minimumtoesig;
- mediumtoesig;
- maksimumtoesig.

**Ten opsigte van die sukses wat met parooltoesig behaal is, meld die Kommissaris in sy Jaarverslag vir die tydperk 1 Januarie 1993 tot 31 Desember 1993 (1994:15) die volgende:**

*"Teenoor die gemiddelde totaal van 6 763 parolees wat per maand onder parooltoesig verkeer het, dui die aantal hergevangesettingslasbriewe wat weens voorwaardeverbrekings uitgereik is, op 'n suksessyfer van 95,4%."*

**Die ondersoeker het egter aan die hand van 'n bedryfsversoek wat op 8 Desember 1994 ingedien is, deur middel van 'n rekenaargenereerde verslag wat uit die versoek voortgespruit het, bevind dat 3 936 parolees nie in die gemeenskapskorreksiestelsel opgeneem is nie.**

**Die voormelde 3 936 parolees blyk dus nie verreken te wees in bepaling van die gerapporteerde suksessyfer nie. Diegene wat vrygelaat is op voorwaarde dat hulle binne sekere tydsbepalings by gemeenskapskorreksiekantore moes rapporteer, het nagelaat om hierdie gestelde voorwaardes na te kom en behoort na die navorser se mening dus nie verreken te word as deel van die suksessyfers nie. Indien gemelde syfers dan sodanig in berekening gebring word, verlaag die suksessyfer na 60,3%.**

**<u>VOORSTEL</u>: Ter verhoging van die aanvaarbaarheidsvlak van suksessyfers, kan gemelde 3 936 geparoleerdes deur korrektiewe beamptes besoek en oorreed word tot deelname aan parooltoesig.**

### 7.2.3 PAROOLRAAD

#### 7.2.3.1 SAMESTELLING VAN PAROOLRADE

**Die geskiedenis van die korrektiewe bestel in Suid-Afrika spreek van die betrokkenheid deur vrylatingsbeheerliggame by die oorweging van die vrylating van 'n gevangene. Oorweging vir vrylating is dus 'n kollektiewe besluitnemingsproses en is dit nie aan die diskresie van 'n enkele persoon oorgelaat nie. Verskeie faktore soos 'n gevangene se**

**gedrag en aanpassing in die gevangenis, risiko vir die gemeenskap, vonnistermyn en prognose word in die oorwegingsproses in aanmerking geneem.**

**Die huidige paroolraad bestaan slegs uit lede van die Departement van Korrektiewe Dienste (Twee voorsitters het voorheen op die Sentrale Vrylatingsraad gedien). Die samestelling van paroolrade getuig dus nie van verteenwoordiging deur die gemeenskap nie, ongeag daarvan dat artikel 5C van die Wet op Korrektiewe Dienste (Wet 8 van 1959) voorsiening maak vir verteenwoordiging deur die gemeenskap.**

**Die ondersoeker is van mening dat die geloofwaardigheid van die paroolraad as gevolg van die huidige samestelling, geskaad word aangesien dieselfde organisasie (departement) wat vir die veilige bewaring van gevangenes verantwoordelik is, hulle vrylating oorweeg en kan kritiek in die verband dus direk op die Departement van Korrektiewe Dienste gerig word. Deur 'n departementele administratiewe ingryping deur die paroolraad, is daar dus betrokkenheid deur slegs die personeel van die Departement by die vonnis wat deur die vonnisoplegger aan 'n gevangene opgelê is. Daar was ook op 31 Desember 1994 slegs Blanke voorsitters van paroolrade en spreek dit nie van verteenwoordiging deur die bevolking in die algemeen nie.**

**VOORSTEL: Ten einde gevolg te gee aan artikel 5C van die Wet op Korrektiewe Dienste (Wet 8 van 1959) behoort gemeenskapsbetrokkenheid op paroolrade hoë prioriteit te geniet. Inspraak deur die gemeenskap ten opsigte van die uitplasing van 'n gevangene is noodsaaklik aangesien die gevangene na sy uitplasing deel sal vorm van die gemeenskap en bied dit vertroue aan die gemeenskap dat die gevangene se risiko-profiel, deeglik verreken is tydens die oorwegingsproses.**

**Oorweging behoort ook geskenk te word aan 'n kursus deur die Universiteit van Suid-Afrika wat deur lede van paroolrade deurloop en geslaag moet word ten einde te verseker dat lede van die gemeenskap wat op paroolrade dien, onderlê is om hul taak te vervul. Hierdie kursus kan in oorleg met die Departement van Korrektiewe Dienste opgestel word en behoort die suksesvolle student 'n diploma te verwerf.**

### 7.2.3.2 PENALISERINGSFAKTORE

Voorts is ook bevind dat die penaliseringsfaktore wat deur 'n paroolraad ten opsigte van 'n gevangene se oorwegingsdatum vir uitplasing onder korrektiewe toesig, in werking gestel kan word, 'n ongeregverdigde diskresie aan die paroolraad toelaat. Die paroolraadhandleiding maak voorsiening dat die volgende faktore 'n rol kan speel en penalisering meebring soos hieronder aangedui:

- Ten opsigte van elke vorige veroordeling teen hom aangeteken, moet 'n gevangene met ± 1 maand gepenaliseer word.

- Indien 'n gevangene se rekord getuig van nie-nakoming van opgeskorte of uitgestelde vonnisse, ontvlugtings, drostings of voorwaarde verbreking van korrektiewe toesig, parool of borg, moet die gevangene vir elk van sodanige verbreking of oortreding met ± 3 maande gepenaliseer word.

- Ten opsigte van gevangenisoortredings moet die oorwegingstydperk van 1/6 of 1/4 met ± 3 maande verleng word vir elke gevangenisoortreding waarvoor gevangenisstraf opgelê is.

Die voormelde dui daarop dat daar nie 'n vaste penaliseringstydperk op alle sodanige gevangenes van toepassing is nie en bring dit mee dat penalisering nie eenvormig deur die onderskeie paroolrade toegepas word nie.

**VOORSTEL**: 'n Eenvormige penaliseringstydperk moet bepaal word wat regverdige hantering van gevangenes sal verseker.

### 7.2.4 OORWEGING VIR UITPLASING OP PAROOL

### 7.2.4.1 PENALISERINGSFAKTORE

Ook in die geval van die oorweging van 'n gevangene vir uitplasing op parool, het paroolrade 'n wye diskresie in gevalle waar penaliseringsfaktore 'n rol speel. Die volgende word as voorbeelde voorgehou:

- In die geval waar medepligtiges by die pleeg van die misdaad betrokke was, word die gevangene vir ± 1 maand gepenaliseer vir elke medepligtige afhangende van die erns van die misdaad.

- In die geval waar 'n gevangene 'n vonnis van langer as 5 jaar gevangenisstraf uitdien, moet hy ten opsigte van elke vorige paroolbreuk vir minstens 6 maande gepenaliseer word.

- Die paroolraad kan ook die aanhoudingstydperk vir uitplasing verleng met ± 3 maande vir elke kriminele oortreding wat tydens gevangesetting gepleeg is en waarvoor gevangenisstraf opgelê is.

Die voormelde konstateer weer eens beleid wat die geloofwaardigheid van die vrylatingstelsel kan bevraagteken. Dit vestig ook die moontlikheid van die misbruik van die stelsel en kan penaliseringstydperke deur die paroolrade gemanipuleer word.

**VOORSTEL:** In die geval waar penaliseringsfaktore 'n rol speel ten opsigte van 'n gevangene se oorwegingsdatum vir uitplasing op parool, moet 'n eenvormige stelsel van toepassing wees met spesifieke penaliseringstydperke.

### 7.2.4.2 DISKRESIE DEUR PAROOLRADE

Paroolrade het ook 'n wye diskresie ten opsigte van tydperke wat 'n gevangene moet dien voor uitplasing op parool realiseer met gevolglike dispariteite tussen paroolrade. Aanbevelings vir uitplasing deur paroolrade ten opsigte van dieselfde tipe misdaad geskied nie ooreenkomstig 'n bepaalde minimumtydperk van aanhouding van toepassing op sodanige misdaad nie. Ten einde perspektief en duidelikheid ten opsigte van die voormelde te verleen word daarop gewys dat daar nie voorskriftelik bepaal word dat byvoorbeeld seksuele oortreders ten minste 2/3 van hul vonnis moet dien nie.

Die toekenning van strafvermindering voor 1 Maart 1994 aan gevangenes, het meegebring dat 'n gevangene hetsy 1/3 of 1/4 strafvermindering op sy vonnis kon verdien. Eerste-oortreders en gevangenes met vonnisse van minder as 2 jaar

**gevangenisstraf kon 1/3 strafvermindering verdien terwyl gevangenes met vorige veroordelings 1/4 strafvermindering verdien het. Dit kom dus daarop neer dat 'n gevangene aan wie 1/3 strafvermindering toegeken is, 66,66% van sy vonnis dien terwyl 'n gevangene aan wie 1/4 strafvermindering toegeken is, 75% van sy vonnis dien. Indien strafvermindering toegeken is, kon 'n gevangene vir 'n maksimumtydperk van 75% van sy vonnis aangehou word.**

**Die navorser het egter bevind dat sommige gevangenes se persentasie uitdiening van vonnis voor vrylating, sedert die implementering van die nuwe vrylatingsbeleid op 1 Maart 1994, meer as 75% is. Vrylatings oor 'n tydperk van vier maande is vir berekeningsdoeleindes gebruik ten opsigte van gevangenisse soos hieronder aangedui:**

| MAART 1994 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| A | B | C | D | E |
| GEVANGENIS | AANTAL IN BEWARING | AANTAL VRYGELAAT IN DIE MAAND | % IN KOLOM C GEMEET TEENOOR KOLOM B | GEM % VAN VONNIS DEUR C VOOR VRYLATING |
| BARBERTON | 3 662 | 24 | 1% | 72% |
| BAVIAANSPOORT | 1 612 | - | - | - |
| GROOTVLEI | 2 268 | 2 | - | 82% |
| DURBAN | 6 291 | 262 | 4% | 77% |
| LEEUWKOP | 5 560 | 78 | 1% | 72% |
| PIETERMARITZBURG | 1 176 | 9 | 1% | 70% |
| POLLSMOOR | 3 192 | - | - | - |
| ST ALBANS | 3 753 | 28 | 1% | 89% |
| PRETORIA | 3 652 | 37 | 1% | 74% |
| ZONDERWATER | 1 923 | 23 | 1% | 70% |
| | TOTAAL: 33 089 | TOTAAL: 463 | GEMID %: 1% | GEMID%: 76% |

| APRIL 1994 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| A | B | C | D | E |
| GEVANGENIS | AANTAL IN BEWARING | AANTAL VRYGELAAT IN DIE MAAND | % IN KOLOM C GEMEET TEENOOR KOLOM B | GEM % VAN VONNIS DEUR C VOOR VRYLATING |
| BARBERTON | 3 684 | 11 | - | 72% |
| BAVIAANSPOORT | 1 638 | - | - | - |
| GROOTVLEI | 2 258 | 5 | - | 63% |
| DURBAN | 6 234 | 238 | 4% | 82% |
| LEEUWKOP | 5 423 | 76 | 1% | 72% |
| PIETERMARITZBURG | 1 206 | 6 | - | 66% |
| POLLSMOOR | 3 376 | - | - | - |
| ST ALBANS | 3 709 | 20 | 1% | 83% |
| PRETORIA | 3 691 | 40 | 1% | 86% |
| ZONDERWATER | 1 899 | 35 | 2% | 60% |
| | TOTAAL: 33 118 | TOTAAL: 431 | GEMID %: 1% | GEMID%: 73% |

| MEI 1994 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| A | B | C | D | E |
| GEVANGENIS | AANTAL IN BEWARING | AANTAL VRYGELAAT IN DIE MAAND | % IN KOLOM C GEMEET TEENOOR KOLOM B | GEM % VAN VONNIS DEUR C VOOR VRYLATING |
| BARBERTON | 3 447 | 12 | - | 74% |
| BAVIAANSPOORT | 1 660 | - | - | - |
| GROOTVLEI | 2 206 | 5 | - | 72% |
| DURBAN | 5 851 | 248 | 4% | 84% |
| LEEUWKOP | 5 366 | 81 | 2% | 69% |
| PIETERMARITZBURG | 1 188 | 9 | 1% | 77% |
| POLLSMOOR | 3 732 | - | - | - |
| ST ALBANS | 3 656 | 5 | - | 89% |
| PRETORIA | 3 778 | 35 | 1% | 86% |
| ZONDERWATER | 1 882 | 29 | 2% | 77% |
| | TOTAAL: 32 766 | TOTAAL: 424 | GEMID %: 1% | GEMID%: 79% |

| JUNIE 1994 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| A | B | C | D | E |
| GEVANGENIS | AANTAL IN BEWARING | AANTAL VRYGELAAT IN DIE MAAND | % IN KOLOM C GEMEET TEENOOR KOLOM B | GEM % VAN VONNIS DEUR C VOOR VRYLATING |
| BARBERTON | 3 154 | 94 | 3% | 71% |
| BAVIAANSPOORT | 1 692 | - | - | - |
| GROOTVLEI | 1 975 | 17 | 1% | 74% |
| DURBAN | 5 128 | 937 | 18% | 77% |
| LEEUWKOP | 4 940 | 446 | 9% | 63% |
| PIETERMARITZBURG | 1 065 | 41 | 4% | 66% |
| POLLSMOOR | 4 177 | - | - | - |
| ST ALBANS | 3 280 | 183 | 6% | 63% |
| PRETORIA | 3 728 | 211 | 6% | 75% |
| ZONDERWATER | 1 756 | 160 | 9% | 70% |
| | TOTAAL: 30 895 | TOTAAL: 2 089 | GEMID %: 7% | GEMID%: 70% |

**Uit die inligting hierbo verstrek, is die gemiddelde persentasie uitdiening van vonnis voor vrylating, ten opsigte van die onderskeie gevangenisse soos volg:**

**Barberton - 72%**
**Durban - 80%**
**Grootvlei - 72%**
**Leeuwkop - 69%**
**Pietermartizburg - 69%**
**Pretoria - 80%**
**St Albans - 81%**
**Zonderwater - 69%**

**<u>VOORSTEL:</u> Dit word as noodsaaklik beskou dat 'n bepaalde minimumtydperk wat gedien moet word ten opsigte van spesifieke misdade in oorweging geneem word. Sodanige sisteem sal nie net eenvormigheid ten opsigte van die tyd waarop aanbevelings vir uitplasing deur paroolrade gemaak moet word, bewerkstellig nie, maar sal daar vir gevangenes duidelikheid wees met betrekking tot die minimumtydperk van aanhouding.**

Alternatiewelik kan oorweging daaraan geskenk word dat vonnisopleggers tydens uitspraak en by vonnisoplegging 'n minimum sowel as 'n maksimumtydperk van aanhouding bepaal. Hierdie prosedure sal kritiek teenoor die Departement van Korrektiewe Dienste voorkom aangesien daar nie op 'n administratiewe wyse ingemeng kan word met die minimumtydperk van aanhouding soos deur die vonnisoplegger bepaal is nie.

#### 7.2.4.3 BESLUITNEMING MET BETREKKING TOT UITPLASING OP PAROOL

Die paroolraad het 'n aanbevelingsfunksie met betrekking tot die uitplasing van 'n gevangene aan die gedelegeerde wat op sy beurt sodanige aanbeveling af- of goedkeur. Besluitneming met betrekking tot die uitplasing is dus nie demokraties nie en outoritêr aangesien 'n enkele persoon oor die uitplasing of vrylating van 'n gevangene beslis.

VOORSTEL: Die mening is dat die status quo ten opsigte van paroolrade op plaaslike vlak gehandhaaf moet word, maar dat oorweging geskenk word aan quasi- judisiële paroolrade op provinsiale vlak met besluitnemingsbevoegdheid ten opsigte van 'n gevangene se datum van uitplasing of vrylating.

Die teenwoordigheid van paroolrade op plaaslike vlak maak onder andere voorsiening dat daar persoonlike bemoeienis met 'n gevangene is, aangesien 'n gevangene tydens die oorweging van sy uitplasing en aanbevelings in die verband, fisies voor die paroolraad verskyn. Die mening word ook gehuldig dat paroolrade op plaaslike vlak oor besluitnemingsbevoegdheid moet beskik ten opsigte van die uitplasing van gevangenes met 'n spesifieke vonnistermyn.

### 7.2.5 INRIGTINGSKOMITEE: WERKSAAMHEDE

Inrigtingskomitees is onder andere daarvoor verantwoordelik dat gevangenes:

- geklassifiseer word ooreenkomstig die bestaande veiligebewakingsklassifikasiestel.

- aan 'n spesifieke werk toegewys word.

- met vonnisse van twee jaar en langer aan assessering onderwerp word.

- voorregte ontvang ooreenkomstig hul voorregte groepe. Indien 'n gevangene nie die reëls wat in die gevangenis geld nakom nie, kan die inrigtingskomitee voorregte ontneem.

- gratifikasie ontvang ooreenkomstig hul werkywer.

- krediete ontvang volgens hul gedrag, aanpassing en inskakeling by programme.

- inskakel by individuele, subgroep- of groepprogramme.

- op 'n ses maandelikse grondslag voor die inrigtingskomitee verskyn ten einde op 'n individuele grondslag krediete toe te ken, onderskraging te verleen, voorligting te bied en evaluering van die gevangene se vordering te maak.

Die werksaamhede van die inrigtingskomitee vind dus toepassing vanaf die opname van 'n gevangene tot en met sy uitplasing of vrylating. Alle deur die inrigtingskomitee is gerig op die suksesvolle herintegrasie van die oortreder in die gemeenskap. Die gevangene moet dus geleer word om verantwoordelikheid vir sy optrede te aanvaar, sy ou waardes en norme af te sterf en die gemeenskap se waardes en norme te handhaaf en te eerbiedig.

Die inrigtingskomitee het geen maklike taak nie aangesien gevangenisse, wat lewensruimte aanbetref, die mees geïnstitusionaliseerde omgewing is waarin mense uit die aard van die saak, nie uit vrye wil nie, saamleef. Daarmee gepaardgaande is 'n gevangene se gedrag oor die algemeen nie natuurlik nie, vanweë die onnatuurlike omstandighede en omgewing waarin hy hom bevind en is daar van persoonlike vryheid

**van keuse min sprake aangesien sy daaglikse doen en late in 'n baie groot mate vir hom gereël word. Bartoll (1986:77) wys dan ook daarop dat om misdadige gedrag te verstaan, alle individue, hetsy hulle die gemeenskap se reëls oortree het aldan nie, beskou moet word as aktiewe probleemoplossers wat op hul omgewing reageer en hul omgewing beleef en interpreteer.**

**Dit moet ook in gedagte gehou word dat 'n oortreder na 'n gevangenis verwys word as straf vir die misdaad wat gepleeg is en nie vir straf nie. Rabie (1981:1) wys daarop dat die basiese beginsels van die Strafreg misdaad en straf is en dat die voormelde 'n baie noue onderlinge verband het in die sin dat misdaad gedrag is wat straf tot gevolg het.**

**Die inrigtingskomitee is ook instrumenteel in die beloning van positiewe gedrag en bestrawwing van negatiewe gedrag. Die dissiplinêre kode het gedragsregulering ten doel en vorm die krediete stelsel 'n integrale deel daarvan. Die primêre doel van die inrigtingskomitee is om die nodige ondersteuning aan 'n gevangene te verleen met die oog op sy uitplasing of vrylating.**

**Viljoen (1976:163) sê:** *"Sommige gevangenes tob soveel oor die vryheid wat hul deel sal wees by beëindiging van hul vonnisse en tower sulke pragtige droombeelde van daardie vryheid voort dat wanneer hul vrygelaat word en die werklikheid in die vorm van verantwoordelikhede, pligte en verpligtinge wat hulle as vrye burgers moet dra en nakom, toeslaan, hulle volkome onvoorbereid daarvoor is."*

**Krediete wat aan 'n gevangene toegeken word, vervroeg sy oorwegingsdatum vir uitplasing. Toegekende krediete bepaal dus nie 'n uitplasingsdatum nie. Kragtens die bepalings van artikel 22A van die Wet op Korrektiewe Dienste 1959, (Wet 8 van 1959) kan 'n gevangene krediete verdien deur die reëls wat in die gevangenis geld, na te kom en deur aktief deel te neem aan die aksies wat gerig is op sy behandeling, opleiding en rehabilitasie. Krediete is dus daarop gerig om 'n gevangene se gedrag en aanpassing in die gevangenis op 'n positiewe wyse te bevorder en dien dit as 'n aansporings-meganisme vir die gevangene se aktiewe deelname aan die multi-dissiplinêre program.**

**Die waarde wat krediete vir 'n gevangene inhou moet egter teen die volgende gemeet word:**

- **Krediete vervroeg slegs die <u>oorwegingsdatum</u> vir uitplasing.**

- **By bereiking van 'n oorwegingsdatum kan die paroolraad beslis dat geen aanbeveling aan die gedelegeerde gemaak word ten opsigte van 'n gevangene se uitplasing nie en 'n latere datum vir die verskyning van die gevangene voor die paroolraad, bepaal. Krediete het in so 'n geval min of geen motivering tot verdere goeie gedrag nie.**

- **Die Departement van Korrektiewe Dienste het op 31 Desember 1994 aldus die onderskeie direktorate oor die dienste van die volgende vakkundiges beskik:**

| | | |
|---|---|---|
| - **Maatskaplike werkers** | - | **182** |
| - **Sielkundiges** | - | **39** |
| - **Opvoedkundiges** | - | **129** |

**Gelet op 'n gemiddelde daaglikse gevangenisbevolking van 112 716 op 31 Desember 1994 en die volgende kundige- gevangene ratio blyk dit nie te wees dat krediete 'n beduidende rol kan speel in terme van deelname aan die multi-dissiplinêre program nie, aangesien alle gevangenes nie daarby kan inskakel vanweë 'n tekort aan dienste deur kundiges.**

| | | |
|---|---|---|
| - **Maatskaplike werkers** | - | **1: 619** |
| - **Sielkundiges** | - | **1: 2 890** |
| - **Opvoedkundiges** | - | **1: 874** |

- **Werksgeleenthede is ook nie vir alle gevonniste gevangenes beskikbaar nie en het die navorser bevind dat in terme van die daaglikse gemiddelde arbeidsbenutting vir die tydperk 1 Januarie 1994 tot 31 Desember 1994 die gemiddelde aantal gevangenes wat geskik is vir arbeid, maar nie werk nie as gevolg van onvoldoende werksgeleenthede en toesigpersoneel, op 22% (17**

743) te staan gekom het.

Die voormelde het tot gevolg dat volle krediete van toepassing op deelname aan die multi-dissiplinêre program noodgedwonge aan gevangenes wat vanweë faktore soos aangedui, nie aan dié program (waarby arbeidsbenutting ingesluit is), kan deel neem nie, toegeken word. Op hierdie wyse kan die geloofwaardigheid van die krediete stelsel bevraagteken word en ontstaan die vraag of toegekende krediete wel 'n rol speel tydens die oorweging van 'n gevangene vir uitplasing.

**VOORSTEL:** Gelet op die werksaamhede van en bevoegdhede deur die inrigtingskomitee met spesifieke verwysing na die dissipline stelsel waarvolgens artikel 54 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) bepaal dat 'n gevangene nie die reg tot regsverteenwoordiging het tydens 'n dissiplinêre verhoor nie, ontstaan die vraag of dit in lyn is met die bepalings van die Grondwet, 1993 (Wet 200 van 1993). 'n Skuldigbevinding aan 'n dissiplinêre oortreding het 'n direkte invloed op die oorwegingsdatum vir die uitplasing van 'n gevangene aangesien hy ten opsigte van daardie spesifieke oorsigtydperk minder krediete toegeken word. Artikel 24 (a) en (b) van die Grondwet 1993, (Wet 200 van 1993) bepaal:

*"Elke persoon het die reg-*

*(a) op regsgeldige administratiewe optrede waar enige van sy of haar regte of belange geraak of bedreig word;*

*(b) op prosedureel billike administratiewe optrede waar enige van sy of haar regte of regmatige verwagtings geraak of bedreig word."*

**VOORSTEL:** Die navorser is van mening dat 'n gevangene die reg het tot regsverteenwoordiging tydens 'n dissiplinêre verhoor en beveel aan dat regsverteenwoordiging op versoek van 'n gevangene toegestaan word.

Wat die krediete stelsel betref is hersiening van die stelsel aangewese ten einde dit meer sigbaar vir gevangenes te maak. Die invloed van krediete is dat die oorwegingsdatum vir uitplasing (1/2 van vonnis) asook die vonnisverstrykingsdatum daarmee vervroeg

**word - dit verkort egter nie die opgelegde vonnis nie. Oorweging kan moontlik geskenk word aan die volgende alternatiewe:**

- **Ken strafvermindering soos in die verlede aan gevangenes op 'n ses-maandelikse grondslag toe vir goeie gedrag, aanpassing in die gevangenis en vordering in die algemeen.**

- **Ken krediete op 'n <u>voorwaardelike</u> grondslag toe en wel op so 'n wyse dat die vonnisverstrykingsdatum daardeur vervroeg word. Dit impliseer dus dat die vonnis deur die toegekende krediete verkort word. Aangesien krediete <u>voorwaardelik</u> toegeken word kan dit verbeur word as gevolg van wangedrag.**

- **Pas krediete op so 'n wyse toe dat 'n persentasie daarvan strafvermindering verteenwoordig. 'n Persentasie van die krediete word dus <u>voorwaardelik</u> en die oorblywende krediete <u>onvoorwaardelik</u> toegeken. Krediete wat onvoorwaardelik toegeken word, verteenwoordig strafvermindering.**

- **Pas die krediete stelsel op so 'n wyse toe dat <u>voorwaardelike</u> toegekende krediete 'n verpligte uitplasingsdatum bepaal. Dit sal daarop neerkom dat die vonnisverstrykingsdatum minus krediete 'n <u>verpligte uitplasingsdatum</u> sal bepaal.**

- **Skaf die krediete stelsel af en bepaal 'n minimum datum van vonnis wat gedien moet word (bepaalde vonnisse) voor oorweging vir uitplasing. Die datum waarop die <u>helfte</u> van die vonnis gedien is, kan as oorwegingsdatum dien.**

**Die voormelde is baie simplisties gestel en behoef verdere navorsing, maar word dit as belangrik beskou dat die werking van krediete 'n <u>verpligte uitplasingsdatum</u> sal bepaal wat aan 'n gevangene voorgehou kan word. Die gevangene sal egter deeglik moet kennis neem dat alhoewel dit sy datum van uitplasing is, dit as gevolg van wangedrag ('n**

spesifieke kriteria is nodig), verder in die toekoms gestel kan word. 'n Gevangene het 'n behoefte daaraan om kennis te dra van die datum waarop hy uitgeplaas sal word, maar dit is egter ook so dat 'n sekere persentasie hul volle vonnis sal dien vanweë bepaalde risiko-faktore wat sy uitplasing in die gemeenskap verhoed.

Die regte van gevangenes is ook nie in 'n artikel in die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959) vervat nie en is dit die navorser se mening dat die Wet op so 'n wyse aangepas behoort te word dat dit vir die regte van gevangenes voorsiening maak.

**BIBLIOGRAFIE**


**Algemene Gevangenisdiensorder *kyk* Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Korrespondensie. (Algemene Gevangenisdiensorder).**

**Algemene Omsendbrief *kyk* Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Korrespondensie. (Algemene Omsendbrief)**

**Algemene Rondskrywe *kyk* Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Korrespondensie. (Algemene Rondskrywe).**

**Bartol, C. R. & Bartol, A. M. 1986.** *Criminal behavior: A psychosocial approach.* **Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.**

**Begrotingsposnota *kyk* Suid-Afrika. 1992. Departement van Korrektiewe Dienste. Korrespondensie. Begrotingsposnota. (Memorandum: Begrotingsposnota).**

**Bestuursraadbesluit *kyk* Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1993. Korrespondensie. Bestuursraadbesluit. (Memorandum).**

**Binder, A. & Geis, G. 1983.** *Methods of Research in Criminology and Criminal Justice.* **New York: McGraw-Hill.**

**Bothma, R. G. P. 1993.** *Die Regverdiging van Deurgangshuise vir die Herintegrasie van die Oortreder in die Gemeenskap.* **BA-Honneursskripsie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.**

**Burger, M. 1992.** *Verwysings Tegnieke. 8ste Uitgawe.* **Pretoria: Universiteit van S.A.**

**Callison, H. G. 1983.** *Introduction to Community based Corrections.* **New York: McGraw-Hill.**

**Cape Times** ***kyk*** **Judge's reproof to Prison Boards. 1928.**

**Carney, L. P. 1974.** *Introduction to correctional science.* **New York: McGraw-Hill.**

**Carney, L. P. 1979.** *Corrections and the community.* **Englewood Cliffs: Prentice-Hall.**

**Carter, R. M., Glazer, D. & Wilkens, L. T. 1984.** *Probation, Parole and Community corrections.* **New York: Wiley.**

**Cilliers, C. H. 1984.** *'n Penologiese Studie Rakende die Vergoeding van die Slagoffers van misdaad.* **D. Litt. et Phil-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika. Pretoria.**

**Circular Minute** ***kyk*** **Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Korrespondensie. (Algemene Omsendbrief).**

**Diensbrief** ***kyk*** **Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Korrespondensie. (Skrywe).**

**Eerste stappe Gedoen vir Paroolstelsel. 1959.** *Die Burger,* **27 Oktober 1959.**

**Eerste stap vir instelling van Paroolstelsel. 1959.** *Volksblad,* **27 Oktober 1959.**

**Erasmus, W. P. 1985.** *Die Vestiging en Ontwikkeling van die Kriminologie in Suid-Afrika met spesiale verwysing na die Penitensiêre inligting tussen 1910 - 1961.* **MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.**

**First Step Taken Towards New parole System. 1959.** *Natal Witness,* **27 October 1959.**

**First step in parole plan. 1959.** *Cape Argus,* **26 October 1959.**

**Fox, V. 1977.** *Community based Corrections.* **Engle Wood Cliffs: Prentice-Hall.**

**Gevangenisdiensorder** *kyk* **Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Gevangenisdiensorder.**

**Gevangenisdienste Regulasies** *kyk* **Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1911. Algemene Regulasies vir die beheer van bandietetronke en tronke.**

**Gevangenisregulasie** *kyk* **Suid-Afrika. 1959. Gevangenisdienste Regulasie.**

**Goewermentskennisgewing** *kyk* **Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing.**

**Groote Schuur Minuut** *kyk* **Suid-Afrika. 1990.** *Groote Schuur Minuut.*

*Grondwet kyk* **Suid-Afrika. 1993. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993.**

**Grupp, S. E. 1971.** *Theories of punishment.* **London: Indiana University Press.**

**Inspeksieverslag** *kyk* **Suid-Afrika. 1935. Departement van Korrektiewe Dienste. Korrespondensie. Inspeksieverslag: Staatsdienskommissie. (Skrywe).**

**Interdepartementele komitee** *kyk* **Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Verslag (1972): Interdepartementele komitee met betrekking tot aspekte soos strafvermindering, parool, en verpligte vonnisse. 1972.**

**Jaarverslag** *kyk* **Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Jaarverslag.**

**Judge's reproof to Prison Boards. 1928.** *Cape Times,* **12 October 1928.**

**Kabinetsmemorandum** *kyk* **Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Korrespondensie. Kabinetsmemorandum.**

**Killinger, G. G. & Cromwell, P. F. 1978.** *Corrections in the community: Alternatives to imprisonment: Selected readings.* **St. Paul: West.**

**Kirkpatrick, B. 1993.** *Cassel Giant Paperback Dictionary.* **Great Britain: Bath Press.**

**Korrektiewe Dienste Order** *kyk* **Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Staande Korrektiewe Dienste Orders.**

**Korrektiewe Dienste Regulasies** *kyk* **Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1965. Gekonsolideerde Korrektiewe Dienste Regulasies.**

**Krugel** *kyk* **Suid-Afrika. Ondersoek na Proefdienste en Ondertoesigstelling as Lewensvatbare Beskikkingsmoontlikheid by Vonnisoplegging in die Suid-Afrikaanse strafregpleging. (Krugel-komitee). 1991.**

**Lansdown-kommissie** *kyk* **Suid-Afrika. Kommissie van Ondersoek na Straf en Gevangenishervorming. (Lansdown-kommissie). 1947.**

**Leedy, P. D. 1980.** *Practical Research Planning and Design.* **New York: Macmillan.**

**Memorandum** *kyk* **Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Korrespondensie. (Memorandum).**

**Mouton, J. & Marais, H. C. 1989.** *Metodologie van die Geesteswetenskappe: Basiese begrippe.* **Pretoria. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.**

**Neser, J. J. 1993.** *Penitensiêre Penologie. 2e uitgawe.* **Johannesburg: Lexicon.**

**New Prison men to Run Parole Plan. 1959.** *Cape Times,* **21 October 1959.**

**No Amnesties for Fouche's investiture. 1968.** *Rand Daily Mail,* **3 April 1968.**

Omsendbrief *kyk* Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Korrespondensie. (Algemene Omsendbrief).

Persverklaring *kyk* Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1971. Korrespondensie. Persverklaring deur sy Edele P. C. Pelser, Minister van Gevangenisse.

Presidentsminuut *kyk* Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Korrespondensie. Presidentsminuut.

Pretoria Minuut *kyk* Suid-Afrika. 1990. Pretoria Minuut.

President's commission on Law enforcement and Administration of Justice *kyk* United States of America. 1967. The challenge of crime in a free society.

Raadsminuut *kyk* Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Korrespondensie. Uitvoerende Raadsminuut.

Rabie, M. A. & Strauss, S. A. 1981. *Punishment: An Introduction to Principles.* Kaapstad: Lex Patria.

Rabie, M.A. & Strauss, S. A. 1985. *Punishment: An Introduction to Principles.* Kaapstad: Lex Patria.

Rand Daily Mail *kyk* New Prison men to Run parole Plan.

Regulasie uitgevaardig kragtens die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten *kyk* Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1911. Algemene Regulasies vir die beheer van bandietetronke en tronke.

Regulasie *kyk* Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1965. Gekonsolideerde Korrektiewe Dienste Regulasies.

Reid, S. T. 1981. *The Correctional System: An Introduction.* New York: Holt, Rinehart & Winston.

Seminaar *kyk* Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1981. Korrespondensie. Oorbevolkingsprobleem in gevangenisse. 25 Junie, Pretoria. (Skrywe: Seminaar).

Skrywe *kyk* Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Korrespondensie. (Skrywe).

Smit, G. J. 1983. *Navorsingsmetodes in die Gedragswetenskappe.* Pretoria: HAUM.

Staatspresidentsminuut *kyk* Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Korrespondensie. Staatspresidentsminuut.

Standaard Minimum Reëls *kyk* United Nations. 1955. The Standard Minimum Rules for the Treatment of offenders.

Steyn, J. C. 1961. *Die nuwe Wet op Gevangenisse.* MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Strafproseswet *kyk* Suid-Afrika. 1956. Strafproseswet 55 van 1956.

Strafproseswet *kyk* Suid-Afrika. 1977. Strafproseswet no 51 van 1977.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1911. *Algemene Regulasies vir die beheer van bandietetronke en tronke.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1965. *Gekonsolideerde Korrektiewe Dienste Regulasies.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1959. *Gevangenisdienste Regulasies.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1937. *Gevangenisdiensorder.* Pretoria. Kommissaris van Korrektiewe Dienste.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1972. *Interdepartementele Komitee se Ondersoek met betrekking tot Strafvermindering, Parool en Verpligte Vonnisse.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1963. *Jaarlikse statistieke deur die Departement van Gevangenisse vir die vier jaar geeïndig 30 Junie 1962.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1991. [S.a.]. *Staande Korrektiewe Dienste Orders, Afdeling B.* Pretoria: Kommissaris van Korrektiewe Dienste.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1965. *Jaarlikse statistieke vir die tydperk 1 Julie 1963 tot 30 Junie 1964.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1966. *Jaarlikse statistieke vir die tydperk 1 Julie 1964 tot 30 Junie 1965.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1928. *Jaarverslag: Natalse Raad van Toesig.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1955. *Jaarverslag 1 Januarie 1953 - 31 Desember 1954.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1964. *Jaarverslag vir die jaar geeïndig 30 Junie 1963.* Pretoria: Staatsdrukker.

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1967.** *Jaarverslag 1 Julie 1963 - 30 Junie 1966.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1969.** *Jaarverslag 1 Julie 1966 - 30 Junie 1968.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1970.** *Jaarverslag 1 Julie 1968 - 30 Junie 1969.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1971.** *Jaarverslag 1 Julie 1970 - 30 Junie 1971.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1976.** *Jaarverslag 1 Julie 1974 - 30 Junie 1975.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1977.** *Jaarverslag 1 Julie 1975 - 30 Junie 1976.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1978.** *Jaarverslag 1 Julie 1976 - 30 Junie 1977.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1979.** *Jaarverslag 1 Julie 1977 - 30 Junie 1978.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1980.** *Jaarverslag 1 Julie 1979 - 30 Junie 1980.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1980.** *Jaarverslag 1 Julie 1978 - 30 Junie 1979.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1981.** *Jaarverslag 1 Julie 1980 - 30 Junie 1981.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1982. *Jaarverslag 1 Julie 1981 - 30 Junie 1982.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1983. *Jaarverslag 1 Julie 1982 - 30 Junie 1983.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1984. *Jaarverslag 1 Julie 1983 - 30 Junie 1984.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1985. *Jaarverslag 1 Julie 1984 - 30 Junie 1985.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1986. *Jaarverslag 1 Julie 1985 - 30 Junie 1986.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1987. *Jaarverslag 1 Julie 1986 - 30 Junie 1987.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1988. *Jaarverslag 1 Julie 1987 - 30 Junie 1988.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1989. *Jaarverslag 1 Julie 1988 - 30 Junie 1989.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1990. *Jaarverslag 1 Julie 1989 - 30 Junie 1990.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1991. *Jaarverslag 1 Julie 1990 - 30 Junie 1991.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1993. *Jaarverslag 1 Julie 1991 - 31 Desember 1992.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1994. *Jaarverslag 1 Januarie 1993 - 31 Desember 1993.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1967. Korrespondensie. *Strafvermindering en Paroolvrylating ten opsigte van gevangenes gevonnis weens Veediefstal.* Pretoria. (Algemene Gevangenisdiensorder 19/67).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1969. Korrespondensie. *Paroolvrylatings.* 27 Junie, Pretoria. (Algemene Gevangenisdiensorder 17 van 1969).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1909. Korrespondensie. *Mark System.* Pretoria. (Algemene Omsendbrief 54/09)

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1925. Korrespondensie. *Special Remission.* 18 April, Pretoria. (Algemene Omsendbrief P.D. 47/R280).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1928. Korrespondensie. *Coming into force of the Flag Bill and Hoisting of the new National Flag: Grant of Special Remission of Sentence to Prisoners on 30th May 1928.* 16 Mei, Pretoria. (Algemene Omsendbrief P.D. 47/U.250).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1931. Korrespondensie. *Grant of Remission of Sentence to First Offenders undergoing Sentences of from one month to under six months.* Pretoria. (Algemene Omsendbrief P.D. 47/X.175).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1932. Korrespondensie. *Hiring out of Short sentenced Male Non-European Prisoners.* Pretoria. (Algemene Omsendbrief 2/32).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1937. Korrespondensie. *Coronation Remmission.* Pretoria. (Algemene Omsendbrief 1/555/30).

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1938. Korrespondensie.** *Amnestie by geleentheid van Voortrekkereeufeesviering.* **1 Desember, Pretoria. (Algemene Omsendbrief 8/38).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1945. Korrespondensie.** *Grant of Special Remmission of Sentence to Prisoners on Cessation of Hostilities with Germany.* **4 Mei, Pretoria. (Algemene Omsendbrief 1/13/45).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1945. Korrespondensie.** *Grant of Special Remission of Sentence to Prisoners on Cessation of Hostilities.* **20 Augustus, Pretoria. (Algemene Omsendbrief 1/13/45).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1947. Korrespondensie.** *Occasion of the Royal Visit.* **12 Februarie, Pretoria. (Algemene Omsendbrief 1/29/47).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1947. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan Eerste Oortreders wat gedurende die tydperk 1 April 1947 tot en met 31 Maart 1948 Vonnisse van Vier Weke tot minder as Ses maande ondergaan.* **Pretoria. (Algemene Omsendbrief 6/47).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1948. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan Eerste Oortreders wat gedurende die tydperk 1 April 1948 tot en met 31 Maart 1949 Vonnisse van vier Weke tot minder as Ses maande ondergaan.* **Pretoria. (Algemene Omsendbrief 4/48).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1949. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan Eerste Oortreders wat gedurende die tydperk 1 April 1949 tot en met 31 Maart 1950 Vonnisse van vier Weke tot minder as Ses maande ondergaan.* **Pretoria. (Algemene Omsendbrief 6/49).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1950. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan Eerste Oortreders wat gedurende die tydperk 1 April 1950 tot en met 31 Maart 1951 Vonnisse van vier Weke tot minder as Ses maande ondergaan.* **Pretoria. (Algemene Omsendbrief 9/50).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1951. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan Eerste Oortreders wat gedurende die tydperk 1 April 1951 tot en met 31 Maart 1952 Vonnisse van vier Weke tot minder as Ses maande ondergaan.* **Pretoria. (Algemene Omsendbrief 4/51).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1951. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan Eerste Oortreders wat gedurende die tydperk 1 April 1951 tot en met 31 Maart 1952 Vonnisse van vier Weke tot minder as Ses maande ondergaan.* **Pretoria. (Algemene Omsendbrief 13/51).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1952. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan Eerste Oortreders wat gedurende die tydperk 1 April 1952 tot en met 31 Maart 1953 Vonnisse van vier Weke tot minder as Ses maande ondergaan.* **Pretoria. (Algemene Omsendbrief 7/52).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1952. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan alle Gevangenes wat Vonnisse van agt-en-twintig dae tot minder as Ses maande ondergaan.* **Pretoria. (Algemene Omsendbrief 15/52).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1953. Korrespondensie.** *Strafvermindering aan alle Gevangenes wat Vonnisse van agt-en -twintig (28) dae tot en met twee (2) jaar ondergaan.* **Pretoria. (Algemene Omsendbrief 28/53).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1954. Korrespondensie.** *Gevangenisraadaangeleenthede.* **20 Maart, Pretoria. (Algemene Omsendbrief 12/54).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1954. Korrespondensie.** *Strafvermindering.* **Pretoria. (Algemene Omsendbrief 53/54).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1954. Korrespondensie.** *Verbeuring van Strafvermindering vir Ontsnapping en Pogings tot Ontsnapping.* **Pretoria. (Algemene Omsendbrief 58/54).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1956. Korrespondensie.** *Strafvermindering: Gevangenes met Vonnisse van agt-en-twintig dae tot en met vier jaar.* **Pretoria. (Algemene Omsendbrief 52/56).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1960. Korrespondensie.** *Spesiale afslag van vonnis met Unie-Feesjaar.* **Pretoria. (Algemene Omsendbrief 37/60).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1960. Korrespondensie.** *Strafvermindering.* **Pretoria. (Algemene Omsendbrief 41/60).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1960. Korrespondensie.** *Samestelling, Pligte en Werksaamhede van Gevangenisrade.* **13 Julie, Pretoria. (Algemene Omsendbrief No. 57/60).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1961. Korrespondensie.** *Amnestie aan Gevangenes by die aanvaarding van 'n Republiekeinse Staatsvorm.* **Pretoria. (Algemene Omsendbrief 32/61).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1966. Korrespondensie.** *Spesiale Strafversagting aan Gevangenes.* **Pretoria. (Algemene Omsendbrief B2/66).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1971. Korrespondensie.** *Spesiale afslag van Vonnis.* **15 April, Pretoria. (Algemene Omsendbrief 1/8/11).**

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1979. *Strafvermindering: Valuta-Oortreders.* 29 Junie, Pretoria. (Algemene Rondskrywe 63/79).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1979. Korrespondensie. *Delegasie van bevoegdhede: Vrylating van gevangenes met vonnisse van bo ses (6) maande tot en met vonnisse van onder twee (2) jaar gevangenisstraf.* 27 September, Pretoria. (Algemene Rondskrywe 94/79).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1979. Korrespondensie. *Toekenning en Berekening van Strafvermindering.* 5 Oktober, Pretoria. (Algemene Rondskrywe 103/79).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1980. Korrespondensie. *Instelling van Vrylatingsrade en Inrigtingskomitees: Prosedure-organisasie.* 16 Junie, Pretoria. (Algemene Rondskrywe No 48/80).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1981. Korrespondensie. *Afslag van Vonnis aan Gevonniste gevangenes: Republiekfees 1981.* Pretoria. (Algemene Rondskrywe 35/81).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1985. Korrespondensie. *Voorwaardelike vrylating van gevangenes.* Pretoria. (Algemene Rondskrywe 1/85).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1985. Korrespondensie. *Voorwaardelike vrylating van gevangenes.* Pretoria. (Algemene Rondskrywe 13/85).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1986. Korrespondensie. *Toekenning van Afslag van Vonnis aan Gevonniste gevangenes ter Herdenking van die 25-jarige bestaansjaar van die Republiek van Suid-Afrika.* Pretoria. (Algemene Rondskrywe 25/86).

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1981. Korrespondensie.** *Kabinetsmemorandum: Afslag van vonnis aan gevonniste gevangenes: Republiekfees 1981.* **14 April, Pretoria. (Memorandum 1/8/11).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1984. Korrespondensie.** *Kabinetsmemorandum: Vrylating van gevangenes: Oorbevolkingsmaatreëls.* **27 April, Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1990. Korrespondensie.** *Kabinetsmemorandum: Vrylating van Gevangenes.* **30 Maart, Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1990. Korrespondensie.** *Kabinetsmemorandum: Spesiale afslag van vonnis aan gevangenes.* **28 November, Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1926. Korrespondensie.** *Constitution and scope of Prison Board.* **23 Oktober, Pretoria. (Memorandum 230).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1928. Korrespondensie.** *Critisism by Judge.* **22 Oktober, Pretoria. (Memorandum 2791).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1937. Korrespondensie.** *Kroningsfeestelikhede in die Unie.* **6 Januarie, Pretoria. (Memorandum 1/555/30).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1937. Korrespondensie.** *State of Prisoners released on 12th May, 1937.* **1 Junie, Pretoria. (Memorandum 1/555/30).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1939. Korrespondensie.** *Amnestie Voortrekkereeufeesviering.* **26 Januarie, Pretoria. (Memorandum 1/555/30).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1944. Korrespondensie.** *Releases from Prison: Amnesty.* **11 Februarie, Pretoria. (Memorandum).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1945. Korrespondensie.** *Remission of Sentences: Cessation of Hostilities.* **15 Augustus, Pretoria. (Memorandum 1/13/45).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1953. Korrespondensie.** *Gevangenisraadaangeleenthede.* **12 Junie, Pretoria. (Memorandum 4/19/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1956. Korrespondensie.** *Verbeuring van Strafvermindering: Gevangenes wat ontvlug of poog om te ontvlug met vonnisse van agt-en-twintig (28) dae tot en met twee (2) jaar.* **3 April, Pretoria. (Memorandum 1/555/30).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1956. Korrespondensie.** *Opgawe van alle Raadsake.* **28 April, Pretoria. (Memorandum 1/524/30).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1959. Korrespondensie.** *Basis van Strafvermindering.* **21 Augustus, Pretoria. (Memorandum 1/555/39).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1960. Korrespondensie.** *Amnestie aan Gevangenes met Unie-Feesjaar.* **28 Maart, Pretoria. (Memorandum C.T. 4/60).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1961. Korrespondensie.** *Oorbevolking van gevangenisse: Witwatersrand en Pretoria.* **20 Oktober, Pretoria. (Memorandum 1/277/31).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1962. Korrespondensie.** *Aanstelling van Gevangenisraad vir Vroue Gevangenes in die Kaapprovinsie.* **10 Mei, Pretoria. (Memorandum G3/1/62).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1967. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan gevangenes gevonnis weens Veediefstal.* **11 Desember, Pretoria. (Memorandum 1/8/11).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1968. Korrespondensie.** *Vrylating op parool: Gevangenes gevonnis tot bepaalde vonnisse.* **3 Augustus, Pretoria. (Memorandum 1/8/5/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1968. Korrespondensie.** *Vrylating op parool: Gevangenes gevonnis weens geweldpleging.* **28 Augustus, Pretoria. (Memorandum 1/8/5/2).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1968. Korrespondensie.** *Vrylating op parool: Gevangenes gevonnis tot bepaalde vonnisse.* **29 Augustus, Pretoria. (Memorandum 1/8/5/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1969. Korrespondensie.** *Vrylating op parool: Gevangenes gevonnis weens geweldpleging.* **21 Januarie, Pretoria. (Memorandum 1/8/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1969. Korrespondensie.** *Vrylating van gevangenes gevonnis weens misdrywe waarby geweld betrokke is.* **26 Mei, Pretoria. (Memorandum 1/8/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1969. Korrespondensie.** *Vrylating op parool: Gevangenes gevonnis weens geweldpleging.* **4 September, Pretoria. (Memorandum 1/8/5/2).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1970. Korrespondensie.** *Vrylating op parool: Gevangenes gevonnis tot bepaalde vonnisse.* **20 Januarie, Pretoria. (Memorandum 1/8/1).**

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1970. Korrespondensie. *Desentralisering van Gevangenisrade.* 30 Januarie, Pretoria. (Memorandum 1/9/1).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1970. Korrespondensie. *Desentralisering van gevangenisrade.* 18 September, Pretoria. (Memorandum 1/9/1).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1972. Korrespondensie. *Interdepartementele komitee met betrekking tot aspekte soos strafvermindering, parool, en verpligte vonnisse.* Pretoria. Voorsitter: J. C. Steyn. (Memorandum).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1972. Korrespondensie. *Vrylating op parool: Raadsaak gevangenes.* 10 Mei, Pretoria. (Memorandum 1/8/1).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1973. Korrespondensie. *Vrylating van gevangenes gevonnis tot gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding en gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad.* 5 April, Pretoria. (Memorandum MG2/1).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1975. Korrespondensie. *Amnestie: Nuwe Staatspresident.* 8 April, Pretoria. (Memorandum 1/8/B oor 1/8/11).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1975. Korrespondensie. *Amnestie: Inhuldiging van Staatspresident.* 14 April, Pretoria. (Memorandum 1/8/B oor 1/8/11).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1976. Korrespondensie. *Afslag van vonnis en vrylating van sekere kategorieë gevangenes.* 16 Augustus, Pretoria. (Memorandum 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1979. Korrespondensie. *Strafvermindering en Parool: Valuta-Oortreders.* 12 Junie, Pretoria. (Memorandum 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1979. Korrespondensie. *Herindeling en Ontbinding van die Transvaal Gevangenisraad.* 11 Desember, Pretoria. (Memorandum 1/9/1).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1981. Korrespondensie. *Kabinetsmemorandum: Amnestie aan gevangenes met Presidentsinhuldiging.* 14 April, Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1984. Korrespondensie. *Kabinetsmemorandum: Vrylating van gevangenes: Oorbevolkingsmaatreëls.* 6 Julie, Pretoria. (Memorandum 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1984. Korrespondensie. *Die vrylatingsbeleid van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens: Bekendmaking van.* 23 Oktober, Pretoria. (Memorandum 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1986. Korrespondensie. *Oorbevolking in Gevangenisse.* 6 Maart, Pretoria. (Memorandum 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1986. Korrespondensie. *Toekenning van Afslag van Vonnis aan Gevonniste gevangenes ter herdenking van die 25-jarige bestaansjaar van die Republiek van Suid-Afrika.* 6 Maart, Pretoria. (Memorandum 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1987. Korrespondensie. *Toekenning van Afslag van Vonnis aan Gevonniste gevangenes ter herdenking van die 75ste Bestaansjaar van die Suid-Afrikaanse Weermag.* 14 Augustus, Pretoria. (Memorandum 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1989. Korrespondensie. *Kabinetsmemorandum: Voorwaardelike Vrylating van Gevangenes.* 6 November, Pretoria. (Memorandum 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1990. Korrespondensie. *Aangewese Strategie en Beleid ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens.* Pretoria. (Memorandum).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1992. Korrespondensie. *Begrotingsposnota.* Pretoria. (Memorandum: Begrotingsposnota).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1992. Korrespondensie. *Kabinetsmemorandum: Toename in gevangenisbevolking.* 3 September, Pretoria. (Memorandum 1/2/31).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1993. Korrespondensie. *Bestuursraadbesluit 42/92.* 3 November, Pretoria. (Memorandum).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1994. Korrespondensie. *Six (6) months special remission of sentence, 10 May 1994: Sentenced Prisoners.* 14 Mei, Pretoria. (Memorandum 1/8/11 oor 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1994. Korrespondensie. *Re: Granting of special remission of sentence: Aged prisoners.* 14 Oktober, Pretoria. (Memorandum 1/8/11).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1971. Korrespondensie. *Persverklaring deur sy Edele P. C. Pelser, Minister van Gevangenisse.* Pretoria. (Persverklaring).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1994. Korrespondensie. *Presidentsminuut 0017.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1994. Korrespondensie. *Presidentsminuut 0204.* Pretoria.

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1986. Korrespondensie.** *Staatspresidentsminuut 0443.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1987. Korrespondensie.** *Staatspresidentsminuut 575.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1987. Korrespondensie.** *Staatspresidentsminuut 721.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1991. Korrespondensie.** *Staatspresidentsminuut 805.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1992. Korrespondensie.** *Staatspresidentsminuut 761.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1916. Korrespondensie.** *re: Native Convicts.* **12 Januarie, Pretoria. (Skrywe)**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1923. Korrespondensie.** *Constitution and Scope of Prison Board.* **21 Februarie, Pretoria. (Skrywe 7903/21).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1932. Korrespondensie.** *Grant of Remission of Sentence to First Offenders undergoing Sentences of from Four Weeks to under Six Months during period 1st April, 1932 to 31st, March 1933 (inclusive).* **1 April, Pretoria. (Skrywe P.D. 1/555/30/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1934. Korrespondensie.** *Prince George Amnesty.* **21 Februarie, Pretoria. (Skrywe C.T. 164).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1934. Korrespondensie.** *Grant of Remission of Sentence to First Offenders undergoing Sentences of from Four Weeks to under Six Months during period 1st April 1934, to 31st, March 1935 (inclusive).* **3 April,**

**Pretoria. (Skrywe P.D. 47/X175).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1935. Korrespondensie.** *Grant of Remission of Sentence to First Offenders undergoing Sentences of from Four Weeks to under Six Months during period 1st April 1935, to 31st, March 1936 (inclusive).* **1 April, Pretoria. (Skrywe P.D. 1/555/30/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1935. Korrespondensie.** *Special Remmission of Sentence.* **26 April, Pretoria. (Skrywe P.D. 47/B).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1935. Korrespondensie.** *Inspeksieverslag: Staatsdienskommissie.* **3 Julie, Pretoria. (Skrywe)**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1936. Korrespondensie.** *Grant of Remission of Sentence to First Offenders undergoing Sentences of from Four Weeks to under Six months during period 1st April, 1936 to 31st March, 1937 (inclusive).* **1 April, Pretoria. (Skrywe P.D. 1/555/30).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1937. Korrespondensie.** *Coronation Remmission.* **3 Mei, Pretoria. (Skrywe 1/555/30).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1938. Korrespondensie.** *Grant of Remission of Sentence to First Offenders undergoing Sentences of from Four Weeks to under Six Months during period 1st April 1938 to 31st March, 1939 (inclusice).* **1 April, Pretoria. (Skrywe PD1/555/30/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1938. Korrespondensie.** *Straf-vermindering.* **4 Mei, Pretoria. (Skrywe 1/555/30).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1939. Korrespondensie.** *Grant of Remission of Sentence to First Offenders undergoing Sentences of from Four Weeks to under Six Months during period 1st April, 1939 to 31st March 1940 (inclusive).* **1 April,**

**Pretoria. (Skrywe P.D. 1/555/30/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1940. Korrespondensie.** *Grant of Remission of Sentence to First Offenders undergoing Sentences of from Four Weeks to under Six Months during period 1st April, 1940 to 31st March 1941 (inclusive).* **1 April, Pretoria. (Skrywe 1/555/30/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1941. Korrespondensie.** *Grant of Remission of Sentence to First Offenders undergoing Sentences of from Four Weeks to under Six Months during period 1st April, 1941 to 31st March, 1942 (inclusive).* **7 Maart, Pretoria. (Skrywe P.D. 1/555/30/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1941. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan Eerste Oortreders wat gedurende die Tydperk 1 April 1941 tot en met 31 Maart 1942 Vonnisse van Vier Weke tot minder as Ses Maande ondergaan.* **1 April, Pretoria. (Skrywe 1/555/30/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1942. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan Eerste Oortreders wat gedurende die Tydperk 1 April 1942 tot en met 31 Maart 1943 Vonnisse van Vier Weke tot minder as Ses Maande ondergaan.* **1 April, Pretoria. (Skrywe 1/555/30/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1943. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan Eerste Oortreders wat gedurende die Tydperk 1 April 1943 tot en met 31 Maart 1944 Vonnisse van Vier Weke tot minder as Ses Maande ondergaan.* **1 April, Pretoria. (Skrywe OB1/555/30/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1944. Korrespondensie.** *Special remission of sentence to prisoners with original sentences up to and including three months.* **14 Januarie, Pretoria. (Skrywe 1/1/44).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1944. Korrespondensie.** *Prison population.* **19 Januarie, Pretoria. (Skrywe).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1944. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan Eerste Oortreders wat gedurende die Tydperk 1 April 1944 tot en met 31 Maart 1945 Vonnisse van Vier Weke tot minder as Ses Maande ondergaan.* **1 April, Pretoria. (Skrywe 1/555/30/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1945. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan Eerste Oortreders wat gedurende die tydperk 1 April 1945 tot en met 31 Maart 1946 Vonnisse van Vier Weke tot minder as Ses Maande ondergaan.* **1 Maart, Pretoria. (Skrywe 1/555/30/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1945. Korrespondensie.** *Grant of Special Remission of Sentence to Prisoners on Cessation of Hostilities with Germany.* **4 Mei, Pretoria. (Skrywe 1/13/45).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1945. Korrespondensie.** *Grant of Special Remission of Sentence to Prisoners on Cessation of Hostilities with Germany.* **5 Mei, Pretoria. (Skrywe 1/13/45).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1945. Korrespondensie.** *Special Remission of Sentences to Prisoners and Farm Colony Inmates on Cessation of Hostilities.* **15 Augustus, Pretoria. (Skrywe 1/13/45).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1945. Korrespondensie.** *Grant of Special Remission of Sentence to Prisoners on Cessation of Hostilities with Germany.* **20 Augustus, Pretoria. (Skrywe 1/13/45).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1945. Korrespondensie.** *Remission of Sentences.* **25 Augustus, Pretoria. (Skrywe 1374).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1945. Korrespondensie.** *Amnesty to Prisoners.* **27 Augustus, Pretoria. (Skrywe 973).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1945. Korrespondensie.** *Amnesty to Prisoners.* **3 September, Pretoria. (Skrywe 1/13/45).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1946. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan Eerste Oortreders wat gedurende die tydperk 1 April 1946 tot en met 31 Maart 1947 Vonnisse van Vier Weke tot minder as Ses Maande ondergaan.* **1 April, Pretoria. (Skrywe 1/555/30/1).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1947. Korrespondensie.** *Occasion of the Royal Visit.* **12 Februarie, Pretoria. (Skrywe 1/29/47).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1949. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan Residiviste.* **3 September, Pretoria. (Skrywe 1/555/30).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1949. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan Residiviste.* **8 September, Pretoria. (Skrywe J22/2).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1949. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering aan Residiviste.* **27 September, Pretoria. (Skrywe 1/555/30).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1952. Korrespondensie.** *Toekenning van Strafvermindering.* **23 Junie, Pretoria. (Skrywe 1/555/30).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1952. Korrespondensie.** *Daarstelling van 'n Sentrale Gevangenisraad.* **19 Augustus, Pretoria. (Skrywe 39/525).**

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1952. Korrespondensie. *Gevangenisraadaangeleenthede.* 6 Desember, Pretoria. (Skrywe 4/19/1).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1954. Korrespondensie. *Verbeuring van Strafvermindering vir Ontsnapping en Pogings tot Ontsnapping.* 17 Desember, Pretoria. (Skrywe 1/555/30).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1959. Korrespondensie. *Aanstelling en Werksaamhede van Gevangenisrade.* 1 September, Pretoria. (Skrywe 1/924/30).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1961. Korrespondensie. *Verlening van Amnestie aan Gevangenes by die aanvaarding van 'n Republiekeinse Staatsvorm.* 12 April, Pretoria. (Skrywe).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1961. Korrespondensie. *Wysiging van Algemene Omsendbrief 32/61.* 13 April, Pretoria. (Skrywe 1/1/44).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1961. Korrespondensie. *Strafvermindering.* 1 Julie, Pretoria. (Skrywe 1/555/30).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1962. Korrespondensie. *Oorbevolking: Modderbeegevangenis.* 27 Mei, Pretoria. (Skrywe 1/620/30).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1968. Korrespondensie. *Vrylating op Parool.* 16 Augustus, Pretoria. (Skrywe 1/8/1).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1968. Korrespondensie. *Aanbevelings van gevangenes gevonnis weens geweldadige oortredings.* 13 September, Pretoria. (Skrywe 1/8/1).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1969. Korrespondensie. *Aanbevelings vir vrylating van gevangenes gevonnis weens geweldadige oortredings.* 9 Junie, Pretoria. (Skrywe 1/8/1).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1969. Korrespondensie. *Diefstal van plaasprodukte.* 27 Oktober, Pretoria. (Skrywe Ls. 2/0/4).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1970. Korrespondensie. *Diefstal van plaasprodukte.* 12 Februarie, Pretoria. (Skrywe MG5).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1970. Korrespondensie. *Desentralisering van Gevangenisrade.* 18 September, Pretoria. (Skrywe 1/9/1).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1971. Korrespondensie. *Spesiale Afslag van Vonnis.* 15 April, Pretoria. (Skrywe 1/8/11).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1971. Korrespondensie. *Strafvermindering en Paroolvrylating ten opsigte van gevangenes gevonnis weens Veediefstal en oortredings wat in verband met Wildbewaring staan.* 1 Desember, Pretoria. (Skrywe 1/8/11).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1975. Korrespondensie. *Toekenning van Strafvermindering.* 27 Januarie, Pretoria. (Skrywe 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1975. Korrespondensie. *Vrylating van gevangenes op parool.* 29 Januarie, Pretoria. (Skrywe 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1976. Korrespondensie. *Toekenning van Strafvermindering en Vrylating op Parool: Gevangenes gevonnis weens Artikel 212 van die Strafproseswet 1955 (Wet Nommer 56 van 1955).* 13 Mei, Pretoria. (Skrywe 1/8/11).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1981. Korrespondensie. *Oorbevolkingsprobleem in gevangenisse.* 25 Junie, Pretoria. (Skrywe: Seminaar 1/8/1).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1984. Korrespondensie. *Vrylating van sekere kategorieë gevangenes.* 5 April, Pretoria. (Skrywe 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1984. Korrespondensie. *Vrylating van gevangenes.* 15 Mei, Pretoria. (Skrywe 6/106(10)(4)).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1984. Korrespondensie. *Kabinetsmemorandum: Vrylating van gevangenes: Oorbevolkingsmaatreëls.* 30 Julie, Pretoria. (Skrywe 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1987. Korrespondensie. *Toekenning van Afslag van Vonnis aan Gevonniste gevangenes met die oog op die Feesgety gedurende Desember 1987.* 11 September, Pretoria. (Skrywe 1/8/11 oor 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1987. Korrespondensie. *Toekenning van Afslag van Vonnis aan Gevonniste gevangenes met die oog op die Feesgety gedurende Desember 1987.* 6 November, Pretoria. (Skrywe 1/8/11 oor 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1989. Korrespondensie. *Voorwaardelike Vrylating van Gevangenes.* 6 November, Pretoria. (Skrywe 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1989. Korrespondensie. *Voorwaardelike Vrylating van Gevangenes.* 23 November, Pretoria. (Skrywe 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1990. Korrespondensie. *Voorwaardelike vrylating van gevangenes.* 17 April, Pretoria. (Skrywe 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1990. Korrespondensie. *Toekenning van Afslag van Vonnis aan Gevonniste gevangenes: 10 Desember 1990:* 3 Desember, Pretoria. (Skrywe 1/8/11 oor 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1991. Korrespondensie. *Toekenning van Afslag van Vonnis aan Gevonniste gevangenes: 30 April 1991.* 26 April, Pretoria. (Skrywe 1/8/11 oor 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1991. Korrespondensie. *Toekenning van Afslag van Vonnis aan Gevonniste gevangenes: 1 Julie 1991.* 2 Julie, Pretoria. (Skrywe 1/8/11 oor 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1992. Korrespondensie. *Vervroeging van goedgekeurde vrylatingsdatums.* 22 Desember, Pretoria. (Skrywe 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1993. Korrespondensie. *Vergunning aan gevangenes om die gevangenis tydelik te verlaat.* 28 September, Pretoria. (Skrywe 1/8/B).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1994. Korrespondensie. *Granting of six (6) months special remission of sentence: Sentenced prisoners/probationers (correctional supervision)/day parolees/parolees.* 13 Junie, Pretoria. (Skrywe 1/8/11).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1994. Korrespondensie. *Special Remission of Sentence.* 24 Junie, Pretoria. (Skrywe 1/8/11).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1994. Korrespondensie. *Granting of special remission of sentence: Certain categories of sentenced prisoners: 10 May 1994.* 18 Julie, Pretoria. (Skrywe 1/8/11).

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1994. Korrespondensie.** *Toekenning van spesiale afslag van vonnis: Sekere kategorieë gevonniste gevangenes: 10 Mei 1994.* **15 November, Pretoria. (Skrywe 1/8/11).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1995. Korrespondensie.** *Vraelys: NIACRO, Ierland.* **13 Januarie, Pretoria. (Skrywe).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1932. Korrespondensie.** *Remission of Sentences.* **11 Maart, Pretoria. (Telegram G76).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1944. Korrespondensie.** *Special remission of sentence to prisoners with original sentences up to and including three months.* **25 Januarie, Pretoria. (Telegram)**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1945. Korrespondensie.** *Remission of Sentences: Cessation of Hostilities.* **15 Augustus, Pretoria. (Telegram 1/13/45).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1961. Korrespondensie.** *Amnestie aan Gevangenes.* **12 April, Pretoria. (Teleks).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1927. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 971,* **29 Maart, Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1931. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 119.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1931. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 232.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1931. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 51/8907.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1932. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 60.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1932. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 51/9104.* **24 Maart, Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1933. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 116.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1933. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 51/9104.* **28 Maart, Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1934. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 93.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1934. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 224.* **19 Januarie, Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1934. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut.* **22 Februarie, Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1934. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 51/9104.* **19 Maart, Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1934. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 377.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1934. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 51/9104.* **15 Oktober, Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1935. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut.* **7 Maart, Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1936. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 475.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1937. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut.* **27 April, Pretoria. (1/555/30).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1938. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 756.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1938. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 3211.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1939. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 646.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1940. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 1140.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1941. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut.* **7 Maart, Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1942. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 1559.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1942. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut.* **23 Desember, Pretoria. (1/555/30).**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1943. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 579.* **25 Maart, Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1943. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut.* **16 April, Pretoria.**

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1944. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut.* 25 Januarie, Pretoria. (1/1/44).

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1944. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut 1000.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1945. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut.* 22 Februarie, Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1945. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut 930.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1945. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut.* 5 Mei, Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1945. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut.* 15 Augustus, Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1946. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut 740.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1947. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut 895.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1948. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut 2426.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1949. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut.* 3 Mei, Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1950. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut.* 27 Februarie, Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1951. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut 478.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1951. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut 1406.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1952. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut 441.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1952. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut 1184.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1953. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut 2166.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1954. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut 3298.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1956. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut 875.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1960. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut 1105.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1961. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut 434.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1966. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut 830.* Pretoria.

Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1971. Korrespondensie. *Uitvoerende Raadsminuut 531.* Pretoria.

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1976. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 1050.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1981. Korrespondensie.** *Uitvoerende Raadsminuut 0573.* **Pretoria.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1970.** *Statistiese verslag 1 Julie 1969 - 30 Junie 1970.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1972.** *Statistiese verslag 1 Julie 1971 - 30 Junie 1972.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1973.** *Statistiese verslag 1 Julie 1972 - 30 Junie 1973.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1975.** *Statistiese verslag 1 Julie 1973 - 30 Junie 1974.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1979.** *Goewermentskennisgewing 2091.* **21 September, Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1979.** *Goewermentskennisgewing 6665.* **21 September, Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1990.** *Goewermentskennisgewing 123834.* **7 November, Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1993.** *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1990.** *Groote Schuur Minuut.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika.** *Kommissie van Ondersoek na die Strafstelsel van die Republiek van Suid-*

*Afrika. (Viljoen-kommissie).* 1976. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. *Kommissie van Ondersoek na Straf en Gevangenishervorming (Lansdown-kommissie).* 1947. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. *Ondersoek na Proefdienste en Ondertoesigstelling as Lewensvatbare Beskikkingsmoontlikheid by Vonnisoplegging in die Suid-Afrikaanse Strafregpleging (Krugel-komitee).* 1991. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1990. *Pretoria Minuut.* Pretoria: Staatsdrukker. (Goewerments-kennisgewing No 12834).

Suid-Afrika. Parlement: Volksraad. 1936. Debatte. Kaapstad: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1962. *Regswysigingswet no. 76 van 1962 (Sabotasie).* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1953. *Strafregswysigingswet no. 8 van 1953.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1956. *Strafproseswet no. 55 van 1956.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1977. *Strafproseswet no. 51 van 1977 (soos gewysig).* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1913. *Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten 11 van 1913.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1959. *Wet op Gevangenisse no 8 van 1959.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1959. *Wet op Korrektiewe Dienste 8 van 1959.* Pretoria: Staatsdrukker.

**Suid-Afrika. 1950.** *Wet op Onderdrukking van Kommunisme no. 44 van 1950.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1952.** *Wet op Spesiale Strawwe no. 33 van 1952.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1953.** *Wet op Openbare Veiligheid no. 3 van 1953.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1956.** *Wet op Oproerige Byeenkomste no. 17 van 1956.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1967.** *Wet op Terrorisme no. 83 van 1967.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1990.** *Wet op Vrywarring no. 35 van 1990.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1992.** *Wet op verdere Vrywarring no. 151 van 1992.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1991.** *Witskrif oor die Uitbreiding van die missie van die Departement van Korrektiewe Dienste en die instelling van korrektiewe toesig as 'n alternatiewe Vonnisopsie.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1993.** *Witskrif oor die wysiging van die Departement van Korrektiewe Dienste se Vrylatingsbeleid en 'n voorgestelde nuwe Dissiplinestelsel vir Gevangenes.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1994.** *Witskrif oor die Beleid van die Departement van Korrektiewe Dienste in die Nuwe Suid-Afrika.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1980.** *Wysigingswet op Gevangenisse 22 van 1980.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1982.** *Wysigingswet op Gevangenisse 65 van 1982.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1991.** *Wysigingswet op Gevangenisse 122 van 1991.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1992.** *Wysigingswet op Korrektiewe Dienste 80 van 1992.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Suid-Afrika. 1993.** *Wysigingswet op Korrektiewe Dienste 68 van 1993.* **Pretoria: Staatsdrukker.**

**Telegram** *kyk* **Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Korrespondensie. (Telegram).**

**Teleksboodskap** *kyk* **Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. 1961. Korrespondensie. Amnestie aan Gevangenes. 12 April, Pretoria. (Teleks).**

**Three nominated to Prison Board. 1959.** *Evening Post,* **26 October 1959.**

**Uitvoerende Raadsminuut** *kyk* **Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Korrespondensie. Uitvoerende Raadsminuut.**

**United Nations, 1955.** *The Standard Minimum Rules for the Treatment of offenders.* **Geneve: United Nations.**

**United States of America. 1967.** *The Challenge of crime in a free society: A report by the President's commission on Law enforcement and Administration of Justice.* **Washington, DC: United States Government Printing Office.**

**Van der Westhuizen, J. 1980.** *Inleiding tot Kriminologiese navorsing.* **Pretoria: UNISA.**

Van Zyl Smit. D. 1992. *Prison Law and practice.* Durban: Butterworths.

Venter, H. J. 1952. *Residivisme.* Pretoria. HAUM.

Venter, H. J. 1959. *Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Gevangenisstelsel (1952 - 1958).* Kaapstad: HAUM.

Versoek van Regter Heath *kyk* Suid-Afrika. Departement van Korrektiewe Dienste. Vraelys: NIACRO, Ierland. (Skrywe).

Viljoenkommissie *kyk* Suid-Afrika. Kommissie van Ondersoek na die Strafstelsel van die Republiek van Suid-Afrika. (Viljoen-kommissie). 1976.

Viljoen *kyk* Suid-Afrika. Kommissie van Ondersoek na die Strafstelsel van die Republiek van Suid-Afrika. (Viljoen-kommissie). 1976.

Volksraadsitting *kyk* Suid-Afrika. Parlement: Volksraad. 1936. Debatte.

Wet op Gevangenisse *kyk* Suid-Afrika. 1959 Wet op Gevangenisse no 8 van 1959.

Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten *kyk* Suid-Afrika. 1913. Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten 11 van 1913.

Witskrif *kyk* Suid-Afrika. Witskrif.

Wysigingswet *kyk* Suid-Afrika. Wysigingswet.

**ADDENDUM A**

**SENTRAAL TRANSVAAL: PAROOLRADE**

| SETEL | | GEVALLE-LADING | VOORSITTER | |
|---|---|---|---|---|
| | | | RANG | VAN |
| 1. | **BOKSBURG** | | Majoor | Ueckermann J P |
| | Boksburg | 1 973 | | |
| | Heidelberg | 40 | | |
| | Nigel | 66 | | |
| | | 2 079 | | |
| 2. | **JOHANNESBURG** | | Majoor | Lesch P G |
| | Johannesburg Medium A | 498 | | |
| | Johannesburg Medium B | 2 115 | | |
| | Johannesburg Medium C | 311 | | |
| | Johannesburg Vroue | 181 | | |
| | | 3 105 | | |
| 3. | **KRUGERSDORP** | 1 800 | Luitenant | Botha W J |
| | Krugersdorp | | | |
| 4. | **LEEUWKOP** | | Kommandoor | Niewoudt J J |
| | Leeuwkop Maksimum | 1 135 | | |
| | Leeuwkop Medium A | 1 158 | | |
| | Leeuwkop Medium B | 738 | | |
| | Leeuwkop Medium C | 1 055 | | |
| | | 4 086 | | |
| 5. | **MODDERBEE** | | Luitenant-kolonel | De Klerk S |
| | Modderbee | 3 333 | | |
| 6. | **VEREENIGING** | | Luitenant-kolonel | Swanepoel M M J |
| | Vereeniging | 24 | | |

**OVS EN NOORD-KAAP : PAROOLRADE**

| SETEL | | GEVALLE-LADING | VOORSITTER | |
|---|---|---|---|---|
| | | | RANG | VAN |
| 1. | **KROONSTAD-STREEK** | | Kaptein | G J Barnard |
| | Bethlehem | 199 | | |
| | Parys | 55 | | |
| | Lindley | 37 | | |
| | Harrismith | 131 | | |
| | Senekal | 137 | | |
| | Virginia | 319 | | |
| | Odendaalsrus | 52 | | |
| | Hennenman | 217 | | |
| | Hoopstad | 56 | | |
| | Ventersburg | 135 | | |
| | | 1 338 | | |
| 2. | **KROONSTAD** | | Luitenant-kolonel | A S J Bothma |
| | Kroonstad Medium A | 1 178 | | |
| | Kroonstad Medium B | 524 | | |
| | Kroonstad Medium C | 175 | | |
| | | 1 877 | | |
| 3. | **BLOEMFONTEIN** | | Adjudant-offisier | C F Kotze |
| | Grootvlei Medium | 320 | | |
| | Bloemfontein | 450 | | |
| | Wepener | 35 | | |
| | Ladybrand | 26 | | |
| | Ficksburg | 55 | | |
| | Edenburg | 24 | | |
| | Fauresmith | 26 | | |
| | Winburg | 136 | | |
| | | 1 212 | | |
| 4. | **GROOTVLEI** | | Luitenant-kolonel | J M Nel |
| | Grootvlei Maksimum | 1 239 | | |
| | | 1 239 | | |
| 5. | **GROENPUNT** | | Majoor | J Muller |
| | Frankfort | 56 | | |
| | Groenpunt Medium | 1 199 | | |
| | Groenpunt Maksimum | 1 122 | | |
| | Heilbron | 47 | | |
| | Sasolburg | 139 | | |
| | | 2 617 | | |
| 6. | **KIMBERLEY** | | Kaptein | Marais D R |
| | Barkley-Wes | 40 | | |
| | Boshof | 66 | | |
| | Christiana | 38 | | |
| | Douglas | 309 | | |
| | Hopetown | 41 | | |
| | Kimberley | 830 | | |
| | Kuruman | 336 | | |
| | Upington | 580 | | |
| | | 2 240 | | |

**OOS-TRANSVAAL : PAROOLRADE**

| SETEL | | GEVALLE-LADING | VOORSITTER | |
|---|---|---|---|---|
| | | | RANG | VAN |
| 1. | **BARBERTON** | | Luitenant-kolonel | Roets P G |
| | Barberton Maksimum | 919 | | |
| | Barberton Dorp | 500 | | |
| | Barberton Medium A | 172 | | |
| | Barberton Medium B | 785 | | |
| | Nelspruit | 277 | | |
| | Lydenburg | 20 | | |
| | | 2 673 | | |
| 2. | **BETHAL** | | Majoor | Van Zyl N |
| | Bethal | 600 | | |
| | Geluk | 200 | | |
| | Ermelo | 400 | | |
| | Piet Retief | 250 | | |
| | Standerton | 600 | | |
| | Volksrust | 250 | | |
| | | 2 300 | | |
| 3. | **WATERVAL** | | Luitenant-kolonel | Potgieter W J |
| | Waterval Medium A | 948 | | |
| | Waterval Medium B | 1 035 | | |
| | Utrecht | 21 | | |
| | Newcastle | 118 | | |
| | Vryheid | 104 | | |
| | | 2 226 | | |
| 4. | **WITBANK** | | Luitenant-kolonel | Botha P P J |
| | Belfast | 30 | | |
| | Carolina | 80 | | |
| | Middelburg | 100 | | |
| | Witbank | 1411 | | |
| | | 1621 | | |

## NATAL : PAROOLRADE

| SETEL | | GEVALLE-LADING | VOORSITTER | |
|---|---|---|---|---|
| | | | RANG | VAN |
| 1. | **GLENCOE** | | Majoor | Ackerman |
| | Glencoe | 58 | | |
| | Dundee | 3 | | |
| | Pomeroy | 7 | | |
| | Ladysmith | 25 | | |
| | Bergville | 2 | | |
| | Estcourt | 9 | | |
| | | **104** | | |
| 2. | **DURBAN** | | Luitenant-kolonel | Vorstman J H J |
| | Durban Medium A | 581 | | |
| | Durban Medium B | 2 578 | | |
| | Durban Medium C | 591 | | |
| | Durban Medium D | 245 | | |
| | Durban Vroue | 164 | | |
| | Port Shepstone | 88 | | |
| | Umzinto | 25 | | |
| | Verulam | 10 | | |
| | Stanger | 12 | | |
| | Eshowe | 202 | | |
| | Mtunzini | 56 | | |
| | Melmoth | 22 | | |
| | Empangeni | 136 | | |
| | | **4 708** | | |
| 3. | **PIETERMARTIZBURG** | | Majoor | Kleyn W A |
| | Pietermaritzburg | 1 800 | | |
| | Sevontein | 950 | | |
| | Ixopo | 4 | | |
| | Bulwer | 4 | | |
| | Kokstad | 6 | | |
| | Matatiële | 2 | | |
| | New Hanover | 30 | | |
| | Greytown | 15 | | |
| | Kranskop | 3 | | |
| | | **2 814** | | |

## NOORD- EN WES TRANSVAAL: PAROOLRADE

| SETEL | | GEVALLE-LADING | VOORSITTER | |
|---|---|---|---|---|
| | | | RANG | VAN |
| 1. | **ZONDERWATER**<br>Zonderwater Medium A<br>Zonderwater Medium B | <br>786<br>832<br>**1 618** | Majoor | Steyn D |
| 2. | **BAVIAANSPOORT**<br>Baviaanspoort Medium<br>Baviaanspoort Maksimum | <br>1 077<br>539<br>**3 234** | Kolonel | Van Gerve H P |
| 3. | **PRETORIA**<br>Pretoria Vroue<br>Pretoria Sentraal<br>Pretoria Maksimum<br>Voortrekkerhoogte | <br>47<br>905<br>28<br>428<br>**1 408** | Brigadier | Scheffer C J |
| 4. | **PRETORIA**<br>Pretoria Lokaal | <br>1 966 | Kolonel | Cronje I |
| 5. | **KLERKSDORP**<br>Klerksdorp<br>Potchefstroom<br>Wolmaranstad | <br>1 202<br>757<br>32<br>**1 991** | Majoor | Roux L |
| 6. | **RUSTENBURG**<br>Rustenburg | <br>472 | Majoor | Swanepoel B P |
| 7. | **NYLSTROOM**<br>Nylstroom | <br>552 | Kaptein | Botha F |
| 8. | **LOUIS TRICHARDT**<br>Louis Trichardt | <br>180 | Luitenant | Van der Westhuizen E J |
| 9. | **LICHTENBURG**<br>Lichtenburg<br>Zeerust | <br>162<br>24<br>**186** | Kaptein | Brand S J |
| 10. | **PIETERSBURG**<br>Pietersburg<br>Tzaneen | <br>407<br>105<br>**512** | Kaptein | Pretorius W W |
| 11. | **LOSPERFONTEIN**<br>Losperfontein<br>Brits | <br>1 170<br>300<br>**1 470** | Majoor<br><br>Luitenant-kolonel | Theunissen W C<br><br>Smith H A |

## WES- EN SUID KAAP: PAROOLRADE

| SETEL | | GEVALLE-LADING | VOORSITTER | |
|---|---|---|---|---|
| | | | RANG | VAN |
| 1 en 2. | **POLLSMOOR** | | Luitenant-kolonel | Gresse L C |
| | Pollsmoor Opnamesentrum | 1 698 | | |
| | Pollsmoor Medium A | 1 507 | | |
| | Pollsmoor Medium B | 690 | Majoor | Kirsten D H |
| | Pollsmoor Maksimum | 319 | | |
| | Pollsmoor Vroue | 171 | | |
| | | 4 385 | | |
| 3. | **VOORBERG** | | Kaptein | Olckers P D |
| | Calvinia | 27 | | |
| | Obiqua | 263 | | |
| | Springbok | 35 | | |
| | Van Rhynsdorp | 149 | | |
| | Voorberg | 868 | | |
| | | 1 342 | | |
| 4. | **WORCESTER** | | Luitenant-kolonel | Lombard A C |
| | Worcester Mans | 457 | | |
| | Worcester Vroue | 148 | | |
| | Robertson | 270 | | |
| | Swellendam | 50 | | |
| | Buffeljagsrivier | 309 | | |
| | Dwarsrivier | 339 | | |
| | Warmbokveld | 312 | | |
| | | 1 885 | | |
| 5. | **OUDTSHOORN** | | Majoor | Petzer J C |
| | George | 563 | | |
| | Mosselbaai | 491 | | |
| | Uniondale | 36 | | |
| | Beaufort-Wes | 76 | | |
| | Ladismith | 58 | | |
| | Prins Albert | 49 | | |
| | Victoria-Wes | 78 | | |
| | Knysna | 238 | | |
| | Oudtshoorn | 405 | | |
| | | 1 994 | | |
| 6. | **ROBBENEILAND** | 745 | Luitenant | Kruger A B |
| | Robbeneiland | | | |
| 7. | **BRANDVLEI** | | Luitenant-kolonel | Van Sittert F P |
| | Brandvlei Maksimum | 1 171 | | |
| | Brandvlei Medium | 1 070 | | |
| | | 2 241 | | |
| 8. | **ALLANDALE** | | Majoor | Groenewald J J P |
| | Allandale | 596 | | |
| | Paarl | 16 | | |
| | Klein Drakenstein | 65 | Majoor | Kapp T |
| | Hawequa | 254 | | J(Waarnemend) |
| | Paardeberg | 345 | | |
| | Malmesbury | 181 | | |
| | Riebeeck-Wes | 369 | | |
| | | 1 825 | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 9. | **VICTOR VERSTER**<br>Stellenbosch<br>Victor Verster Maksimum<br>Victor Verster Medium A<br>Victor Verster Medium B | <br>60<br>674<br>794<br>12<br>**1 651** | Majoor | Reinders H J |
| 10. | **HELDERSTROOM**<br>Helderstroom Maksimum<br>Helderstroom Medium<br>Caledon | 1 000<br>1 300<br>250<br>**2 550** | Majoor | Du Plessis G L |

## OOS-KAAP: PAROOLRADE

| SETEL | | GEVALLE-LADING | VOORSITTER | |
|---|---|---|---|---|
| | | | RANG | VAN |
| 1. | **ST ALBANS** | | Luitenant-kolonel | Olivier T |
| | St Albans Medium A | 581 | | |
| | St Albans Medium B | 1 061 | | |
| | St Albans Maksimum | 1 109 | | |
| | Port Elizabeth | 533 | | |
| | | 3 284 | | |
| 2. | **GENERAAL J C STEYN** | | Luitenant | Buys J E W |
| | Generaal J C Steyn | | | |
| | Patensie | 1 116 | | |
| | Grahamstad | 564 | | |
| | Graaff-Reinet | 528 | | |
| | Jansenville | 120 | | |
| | | 36 | | |
| | | 2 364 | | |
| 3. | **OOS-LONDEN** | | Luitenant | Koegelenberg A P |
| | Oos-Londen Medium A | 1 920 | | |
| | Oos-Londen Medium B | 60 | | |
| | Oos-Londen Medium C | 300 | | |
| | Queenstown | 144 | | |
| | Stutterheim | 84 | | |
| | King William's Town | 276 | | |
| | Fort Beaufort | 204 | | |
| | | 1988 | | |
| 4. | **MIDDELBURG** | | Luitenant | Van Vuuren P A |
| | Middelburg KP | 200 | | |
| | Richmond | 30 | | |
| | De Aar | 250 | | |
| | Colesberg | 150 | | |
| | Burgersdorp | 100 | | |
| | Cradock | 213 | | |
| | Somerset-Oos | 58 | | |
| | | 1 201 | | |
| 5. | **GOEDEMOED** | | Kaptein | Venter C P |
| | Bethulie | 24 | | |
| | Goedemoed (A en B) | 1 786 | | |
| | Barkley-Oos | 29 | | |
| | Dordrecht | 28 | | |
| | Zastron | 14 | | |
| | | 1 881 | | |